

**VERBY KOMATIPOORT?
RASSEPROBLEMATIEK IN DIE
PORTUGEES-AFRIKAANSE
REISVERHALE VAN ELSA
JOUBERT.**

LIZETTE GROBLER



**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad van Magister in die
Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van
Stellenbosch.**

**Studieleier
Prof. Siegfried Huigen**

Desember 2005

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening:

Datum: 1 September 2005

Bedankings

My opregte dank aan:

- My promotor, professor Siegfried Huigen, vir sy lankmoedigheid en skerpsinnige kommentaar
- My eksaminatore, professor Louise Viljoen en professor Ena Jansen, vir hul insiggewende terugvoer
- My eggenoot, Kobus Grobler, vir sy geduld, liefde, aanmoediging en ondersteuning
- My ouers Albé en Suzie Bakker, vir hul gebede, taktvolle onderskraging en liefde
- My skoonouers, Kobus en Jessie Grobler, my familie en ander pleitbesorgers vir hul ondersteuning, liefde en gebede
- My vriendinne Retha Schoeman, Naomi Bruwer en Jihie Moon vir hul inspirasie en aanmoediging
- My oupa, Freddie Bakker, wat my voorgraadse studie moontlik gemaak het
- Al die dosente van die Departement Afrikaans en Nederlands, veral dr. Ronel Foster, vir hul hulp en belangstelling.
- Mev. Hannie van der Merwe en mnr. Trevor Crowley wat gehelp het met die manuskrip se voorbereiding
- My Hemelse Vader vir sy ruim oorskulp en groot genade.

Erkennings

Hiermee word erkenning verleen aan die volgende instansies wat finansiële bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie:

- Die Universiteit van Stellenbosch (Stellenbosch 2000-beurs, Nagraadse Merietebeurs, DP de Klerk-beurs)
- Die Harry Crossley Foundation (Harry Crossley Foundation-beurs)
- Die Rapport Hulpfonds (Rapport Hulpfondsbeurs)
- Die Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten (Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten-beurs)

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE	1
HOOFSTUK 1	3
INLEIDING	3
HOOFSTUK 2	11
DIE BEREIDWILLIGHEID TOT GETUIENIS: ELSA JOUBERT EN RASSEVERHOUDINGE IN SUID-AFRIKA	11
HOOFSTUK 3	29
DIE RESEPSIE VAN <i>DIE STAF VAN MONOMOTAPA</i> EN <i>DIE NUWE AFRIKAAN</i>: 'N SINCHRONIESE EN DIACHRONIESE ONDERSOEK NA VERSKUIWENDE WAARDE-OORDELE	29
3.1 Inleiding	29
3.2 Teoretiese onderbou: resepsie-analise volgens H.T. Boonstra	30
3.3. Aanvanklike resepsie	35
3.3.1 Aanvanklike resepsie van Die staf van Monomotapa	35
3.3.2 Aanvanklike resepsie van <i>Die nuwe Afrikaan</i>	40
3.3.3 Interpretasie van resultate en relevante parallelle ontwikkelings	45
3.4 Latere Resepsie	54
3.4.1 Latere Resepsie in Literatuurgeskiedenis	54
3.4.2 Gevolgtrekking oor latere resepsie	62
3.5 Gevolgtrekking	64
HOOFSTUK 4	66
HISTORIESE KONTEKSTUALISERING VAN DIE PORTUGESE KOLONISERING IN AFRIKA	66
4.1. Inleiding	66

4.2. Kolonialisering van Mosambiek en die onafhanklikheidstryd	66
4.3 Kolonialisering van Angola en die onafhanklikheidstryd	74
HOOFSTUK 5	79
Vergelykende bespreking: die representasie van enkele aktueel relevante temas in <i>Die staf van Monomotapa</i> en <i>Die nuwe Afrikaan</i>	79
5. Inleidend	79
5.1. Koloniale geskiedenis	80
5.1.1. Koloniale geskiedenis in <i>Die staf van Monomotapa</i>	80
5.1.2 Koloniale geskiedenis in <i>Die nuwe Afrikaan</i>	93
5.1.3 Gevolgtrekking	97
5.2. Kulturele assimilasië	98
5.2.1 Kulturele assimilasië in <i>Die staf van Monomotapa</i>	98
5.2.2 Kulturele assimilasië in <i>Die nuwe Afrikaan</i>	105
5.2.3 Gevolgtrekking	111
5.3. Manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidstryd	112
5.3.1 Manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidstryd in <i>Die staf van Monomotapa</i>	113
5.3.2 Manifestasie en bewustheid van Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidstryd in <i>Die nuwe Afrikaan</i>	124
5.3.3 Gevolgtrekking	144
5.4 Gevolgtrekking	145
HOOFSTUK 6	147
GEVOLGTREKKINGS	147
BIBLIOGRAFIE	154

Hoofstuk 1

Inleiding

Elsa Joubert se status as gekanoniseerde skrywer is die afgelope vyf dekades deurlopend bevestig deur literêre toekennings vir haar prosa: vanaf die Eugène Marais-prys wat sy in 1964 ontvang het vir *Ons wag op die kaptein* (Kannemeyer, 1983: 315) tot en met president Mbeki se toekenning van die Orde van Ikhamanga wat sy op 29 Oktober 2004 ontvang het vir “haar letterkundige bydrae en haar vroeë betrokkenheid as skrywer by die Afrikaproblematiek” (Williamson, 2004: 2). Ook die buiteland het erkenning verleen aan haar werk met die toekenning van die Winifred Holtby-prys van die British Royal Society in 1981 (Kannemeyer, 1983: 315), die Laurence Olivier-toekenning vir die beste toneelstuk in 1984 en die Obi-toekenning vir die beste draaiboek (Redakteur, s.a.). Haar bekendste werk, *Die swerfjare van Poppie Nongena*, is selfs benoem as een van Afrika se honderd beste boeke van die eeu (*Cape Librarian*, 2002: 8).

Ten spyte van al hierdie toekennings en erkenning wat sy ontvang het vir haar prosa, en die feit dat sy in literatuurgeskiedenis bestempel word as een van die beste reisboekskrywers in Afrikaans, het sy nie op literêre gebied erkenning ontvang wat haar omvangryke bydrae tot hierdie genre uitsonder nie. Vanuit die nie-literêre geleedere tóg wel: Charles Fryer skryf in ’n huldeblyk aan haar (1999: 8) dat die eertydse president, Nelson Mandela, haar en haar man Klaas Steytler vir ete genooi het gedurende sy ampstermyn laat in die negentigerjare. Mandela het een van haar minder bekende reisboeke, *Die staf van Monomptapa*, gelees terwyl hy sy tronkstraf uitgedien het op Robbeneiland en die indruk wat dit op hom gemaak het, het gelei tot dié uitnodiging na ’n private ete. Met haar tagtigste verjaarsdag, 38 jaar na die verskyning van *Die staf van Monomotapa*, “verneem sy van Mandela dat die boek vir hom ’n baken van hoop was. Dit was die eerste keer dat hy kennis geneem het van ’n Afrikaner ‘wat die moontlikheid in die oë staar van ’n gedeelde swart-wit regering in Suid-Afrika’” (Botha, 2002: 28).

Gesien teen die agtergrond van die beskouings oor reisliteratuur in Suid-Afrika gedurende die twintigste eeu, waarvolgens hierdie genre nie juis gewig gedra het teenoor die fiksionele prosa nie en akademies afgeskeep is tot en met die introduksie van postkoloniale studie (sien ook Viljoen, 1998: 7), is dit seker nie onverklaarbaar nie. Oor die reisverhaal in Afrikaans het daar

net een omvattende studie getiteld *Die reisverhaal in Afrikaans* (1979) van M.C.A. Seyffert verskyn.¹

Joubert se reisverhale was nog nooit die afsonderlike onderwerp van 'n magistertesis of doktrale proefskrif nie, alhoewel Beukes al in 1982 as onderdeel van haar tesis *Die skryfkuns van Elsa Joubert* onder andere die tekstuele samehang en Afrikagerigtheid van *Die nuwe Afrikaan* bespreek het en Viljoen in haar artikel “Die vroue-reisiger: Elsa Joubert se reisverhale *Water en woestyn* en *Die verste reis* en haar roman *Die reise van Isobelle*” (1998: 7-28) hoofsaaklik Karen Lawrence (1994) en Sara Mills (1991) se reisteorie benut om *Water en woestyn* en *Die verste reis* te verken. Sy verwys ook vlugtig na die representasie van die reiservaring in *Die nuwe Afrikaan* wat moontlik gelees sou kon word as “postkoloniale diskoers”. Binne Joubert se oeuvre beklee die reisliteratuur 'n belangrike posisie en Viljoen konstateer ook dat “die reisbeskrywing – ook dié van Elsa Joubert – ondersoek in eie reg verdien” (1998: 11). As in ag geneem word dat sy die eerste Afrikaanse reisboekskrywer was wat na die Tweede Wêreldoorlog oor Afrika geskryf het (sien ook hier Seyffert, 1979) en dat die kwessies wat sy veral in haar latere reisboeke ondersoek het, van aktuele belang was binne die intellektuele diskoers van haar tyd, is hierdie gebrek aan erkenning opvallend.

Die twee reisverhale, *Die staf van Monomotapa* (1964) en *Die nuwe Afrikaan* (1974) het die reise van die verteller² in die twee Portugees-Afrikaanse kolonies as onderwerp en ondersoek spesifiek die Portugese “oplossing” vir koloniale rasseproblematiek binne 'n konteks van toenemende Afrikanasionalisme. As inwoner van 'n gedeeltelik “gedekolonialiseerde” republiek, wil die verteller nagaan of die heel spesifieke beleid van “kulturele assimilasië” binne 'n koloniale opset die antwoord kan bied op rassekonflik en ook of dit uiteindelik die verblyf van Europeërs in Afrika sal verseker (1964: 9). Die tema van hierdie twee boeke vorm die sentrale vraagstuk van hierdie tesis: die representasie van rasseverhoudinge in die Portugees-Afrikaanse reisverhale van Elsa Joubert.

Die Suid- en Suider-Afrikaanse rasseproblematiek was 'n kwessie wat die Suid-Afrikaanse intellektuele debat veral sedert die dertigerjare oorheers het, onder andere in aansluiting by die

¹ Dit is ook nie my bedoeling om binne die bestek van hierdie tesis 'n literatuuroorsig van die teoretiese perspektiewe op reisliteratuur te gee nie, aangesien ek die analise van die representasie van rasseproblematiek as oogmerk het en nie die tekste as gevallestudies wat reisteorie illustreer, wil hanteer nie.

² Philippe Lejeune se “outobiografiese pakt” soos wat dit gedefinieer het in *On Autobiography* (1989: 14) as “the affirmation in the text of this identity, referring back in the final analysis to the *name* of the author on the cover” laat volgens Paul John Eakin ruimte vir fiksionalisering: “In effect, the autobiographical pact is a form of contract between author and reader in which the autobiographer explicitly commits himself or herself not to some impossible historical exactitude but rather to the sincere effort to come to terms with and to understand his or her own life” (ix). Ek verkies om hier die begrip ‘verteller’ te gebruik om juis ruimte te laat vir fiksionalisering, seleksie en manipulasie van die tekste.

idees van Alfred Hoernlé. Hy was een van die mees uitstaande Engelse liberale intellektuele in die dertiger- en veertigerjare (Giliomee, 2003: 448) en lewer in Mei 1939 'n lesing by die Universiteit van Kaapstad (Sanders, 1998: 201). Die voordrag het deel gevorm van die Phelps-Stokes lesings wat later gepubliseer is in *South African Native Policy and the Liberal Spirit* (Hoernlé, 1939). In sy vierde lesing bespreek Hoernlé liberale ideale binne die Suid-Afrikaanse konteks en identifiseer drie teoretiese opsies vir die toekoms in hierdie verband: parallelisme, assimilasië en skeiding (1939: 149-168). In sy bespreking wys hy die eerste twee opsies af – nog voordat daar in Suid-Afrika duidelikheid oor die kwessie was.³ Joubert verwys nie na Hoernlé nie, maar raak egter die tweede opsie, naamlik assimilasië, aan in haar twee Portugees-Afrikaanse reisboeke wat in respektiewelik 1964 en 1974 verskyn: dus om en by 'n kwarteeu na Hoernlé se afwysing.

In die era waarin Joubert se twee Portugees-Afrikaanse reisverhale verskyn, het die Afrikaner intellektuele voortdurend gedebatteer oor “oplossings” vir die rasseproblematiek. Giliomee beskryf hierdie diskoers in sy artikel “Critical Afrikaner Intellectuals and Apartheid, 1943-1958”: “Apartheid dominated the political thinking of two generations of Afrikaner intellectuals from its first conceptualizations in the early 1940s to its disintegration as an ideology during the 1980s” (2000: 321).

Joubert staan met haar belangstelling in die assimilasiëbeleid buite die Afrikaner diskoers van die tyd, aangesien dit nie werklik meer as alternatief oorweeg is nie. In haar laaste Portugees-Afrikaanse reisboek verwys sy eksplisiet na die tydgenootlike intellektuele diskoers wanneer sy die beleid van sosiale bevordering, verwant aan die kwessie van ‘mentalisasië van die swartman’, koppel aan die gedagtes wat gelug is by 'n colloquium wat gedurende die tyd gehou is by die Universiteit van die Noorde. Sy haal selfs die woorde van die betrokke anonieme kongresganger aan: die proses van mentalisasië kom daarop neer om die swartman “te motiveer en om te skep tot 'n mens met dryfkrag, ambisie en 'n wil om na 'n beter lewe te strewe” (1974: 27).

Joubert soek na 'n tydgenootlike *Suider-Afrikaanse* alternatief as 'n moontlike oplossing, waardeur sy ook poog om die plaaslike werklikheid en spesifiek die hantering van die rasseproblematiek aan te spreek (vergeelyk ook Beukes, 1982 en Viljoen, 1998: 15). Met haar twee Portugees-Afrikaanse reistekste wil sy bydra tot opinievorming rondom die Suid-

³ In 'n brief van 25 Julie 1939 skryf N.P. van Wyk Louw aan sy broer Gladstone dat daar ten opsigte van die “naturelle [Louw se term – L.G.]-vraagstuk “*vaagweg* praatjies [is] van nie onderdruk en ontwikkeling langs eie nasionale lyne”[my kursivering – L.G.] (Kannemeyer, 2004: 290). Teen die draai van die vierde dekade was daar dus nog nie uitsluitel oor die saak nie.

Afrikaanse rasseproblematiek. Juis hierdeur word hierdie twee reistekste deel van die korpus tekste wat as “aktueel” of “betrokke” beskryf is – die klassifisering egter onderworpe aan die leser se definisie van die terme tussen aanhalingstekens.

Alhoewel haar twee reistekste teoreties as “betrokke” gekarakteriseer kan word (sien Brink se definisie, 1992: 39 en vgl. Beukes se interpretasie, 1982), toon die resepsie van haar twee Portugees-Afrikaanse reisverhale dat hulle in die sestiger- en sewentigerjare nie deur resensente so vertolk is nie. As Roman Jakobson se kommunikasie-model as uitgangspunt gebruik word, word die diskrepansie tussen haar beoogde enkodering van ’n meningsvormende boodskap in die twee reistekste, en die resensente se dekodering van die boodskap ook duidelik. In hierdie tesis ondersoek ek die representasie van rasseproblematiek as tematiek waarop hierdie diskrepancies berus.

In hoofstuk twee sal ek die beoogde enkodering van die tema ondersoek vanuit die sender se perspektief as reële outeur wat haarself as toenemend bewuste skrywer representeer aan die media. Uit onderhoude, outobiografiese essays en haar chronologiese aanpak van bepaalde temas, rekonstrueer ek die sender se representasie van haarself teen die agtergrond van die institutionalisering van apartheid en die beëindiging daarvan. In hoofstuk drie verskuif ek my perspektief na die resepsie van die twee tekste en toon ek aan hoe resensente die twee reisverhale wel as aktuele tekste gelees het, maar dit nie as betrokke tekste beskou het nie.

Vir die doeleindes van die resepsie-analise in hoofstuk drie, wil ek ’n oomblik stilstaan by hierdie twee problematiese begrippe, “aktueel” en “betrokke”, wat gewoonlik nie duidelik onderskei word nie,⁴ maar vir die doeleindes van hierdie studie, en veral vir die gevolgtrekkings wat ek in hoofstuk drie bereik, deeglik gedefinieer moet word. Van Zyl (1977: 101) en Brink (1992: 39)⁵ wys beide daarop dat begripsomskrywing bemoeilik word deur die losse gebruik van

⁴ Opvallend is dat daar selfs in die mees resente gepubliseerde literatuurgeskiedenis, *Perspektief en Profiel*, nie ’n duidelike onderskeid getref word nie. Henriette Roos verwys in die rubriek “Littérature engagée” se subafdeling “Betrokke letterkunde” na Botha se geïmpliseerde afkeur van betrokke werk deur te noem dat werke waarin so ’n tendens bemerk is ook bekend gestaan het as versetliteratuur en aktualiteitsliteratuur (1998: 77). Deur nie krities om te gaan met hierdie alternatiewe benamings nie, word Brink se stelling bevestig. Waar genoem word dat Elsa Joubert en John Miles dikwels gekarakteriseer word as “by uitstek betrokke prosaïste” word die stelling beaam deur die daaropvolgende konstatering: “In hulle uitbeelding van sosiopolitieke realiteite, die byna uitsluitlike fokus op swart/wit-verhoudings in ’n Afrikakonteks, die afwysing van ’n eksklusiewe Afrikanernasionalisme en die ontginning van bestaande dokumentêre materiaal, is hulle werk beslis aktuele letterkunde” (80). Laasgenoemde stelling illustreer dus verder hierdie losse gebruik van terminologie.

⁵ Volgens Brink kom die losse gebruik van die terme daarop neer dat kritici nie ’n deeglike onderskeid tref tussen betrokke literatuur en twee ander begrippe naamlik tendensliteratuur en aktualiteitsliteratuur nie. Alhoewel Brink in sy rubriek eintlik meer gemeoid is met die onderskeid tussen betrokke literatuur en tendensliteratuur en in sy afbakening van betrokke literatuur slegs die begrip tendensliteratuur eksplisiet aan bod stel, kan afgelei word dat hy aktualiteitsliteratuur beskou as literêre tekste waarin ’n “herkenbare stuk aktualiteit” bloot herskep word. Dit is nie die stof wat herskep word, wat die betrokkenheid van die teks bepaal nie, maar eerder die “gerigtheid van die teks” (Brink, 1992: 39). Brink oefen skynbaar ’n implisiete waardeoordeel ten gunste van betrokke literatuur uit.

die terme en soms, soos in die geval van Weideman (1982: 2) en Meyer (1993: 8) word die terme selfs gelyk gestel⁶.

In haar proefskrif *Betrokkenheid as literêre perspektief* (1979) bring Deudney 'n voorlopige onderskeid tussen die twee begrippe aan. Haar onderskeid (27) is gebaseer op die definisie in die *Moderne Encyclopedie der Wereldliteratuur* en 'n aantal artikels in die tydskrif *Kentering*. Volgens Deudney is betrokkenheid 'n kritiese bewustheid van veral politieke tydgenootlikheid wat uiting vind in 'n breë spektrum van kontestatie (“aanklag teen maghebbers, uittarting, en dergelike”) en 'n wil om die status quo te verander. Sy definieer aktualiteit daarenteen as 'n bewustheid van tydgenootlikheid teen 'n groter tydsdoek, wat volgens haar nie vereensydig het tot politieke bewustheid nie en wat moontlik krities kan wees (indien wel, word daar “perspektief aan die kritiese ingesteldheid gegee”), maar nie 'n wil tot verandering insluit nie (27). Die deurslaggewende onderskeidende faktor blyk dus die “wil tot verandering” te wees wat uitsluitend verbind word met die term betrokkenheid. Met haar waarneming oor hierdie maatstaf, lewer sy soos Meyer (1993: 7) ook opmerk, kritiek teen 'n definisie van Muller waarin hy betrokkenheid slegs verbind met die oogmerk om 'n bewuswording van die teenswoordige sosio-politieke situasie te bevorder, terwyl dit vir Deudney juis gaan oor die “beïnvloeding of oorreding” (1979: 39).

Ek wil in hierdie hoofstuk reeds onderskei tussen die twee terme betrokkenheid en aktualiteit en wil krities gebruik maak van die laaste aspek van Deudney se definisie van betrokkenheid, naamlik “'n wil om die bestaande toedrag te verander” (27). Dit het vir die resensente wat Joubert se werk gedurende die sestiger- en sewentigerjare geresenseer het, op méér neergekom as “'n wil om die bestaande toedrag te verander” (27). Ek konstateer dat resensente 'n *eksplisiet* en ondubbelsinnige betoog *sonder blyke van medepligtigheid* met die maghebber vereis het, om die leser te oortuig dat die Suid-Afrikaanse hantering van die rasseproblematiek deur maghebbers gewysig moet word. Verder wil ek nog 'n kriterium tot Deudney se definisie van betrokkenheid toevoeg: die *markering van die verteller se posisie as subjektief* sonder die skans van 'n skynbaar neutrale rol as joernalis, wat werklike standpuntinname verberg. Die keuse vir hierdie uitbreiding grond ek in die aktualiteitsargumente wat die resensente aanvoer en die motivering wat Brink aanbied vir sy negatiewe waarde-oordeel

⁶ Weideman (1982: 2) stel die begrippe aktualiteitsprosa en betrokke prosa gelyk en Meyer skaar haar ook in 'n voetnota by die kritici wat die term betrokke prosa gelyk stel aan aktualiteitsprosa nadat sy in haar teks die keuse uitgeoefen het om nie “op die meriete van die verskillende terme in te gaan [nie]”, maar haar stem eerder toe te voeg aan diégene wat hulle hou by die gangbare definisie van betrokkenheid as “literatuur wat aanduiding gee dat dit bewus is van die probleme van sy tyd”(1993: 8). Soos wat ek reeds geïllustreer het in die derde voetnota in hierdie hoofstuk, word die gelykstelling van die terme ook in die nuutste gepubliseerde literatuurgeskiedenis aangetref, en bestaan daar dus nie konsensus oor die noodsaak om te onderskei tussen aktualiteitsprosa en

in sy belangwekkende resensie in *Rapport* (1974: 19). In die loop van my betoog in hoofstuk drie sal ek hierdie keuse in meer besonderhede motiveer. Met hierdie uitbreiding van die definisie van betrokkenheid, is dit moontlik om die tekste, wat met die vaer onderskeid wat Deudney (en ook Brink) tref wél as betrokke tekste kwalifiseer, eerder as aktuele tekste te klassifiseer, omdat die politieke standpuntinname tog tekens van medepligtigheid toon en nie nadruklik die lesers probeer oorreed dat 'n wysiging van die status quo in Suid-Afrika onontbeerlik en dringend is nie.

Ná 'n kort historiese kontekstualisering in hoofstuk vier wat die vergelyking van die historiografiese diskoers en die representasie in die reisverhale in hoofstuk vyf situeer, verskuif my fokus in hoofstuk vyf na die hooftema van hierdie tesis: die analise van die representasie van rasseproblematiek. Hier is 'n begripsverklaring en stellinginname ten aansien van die konsep representasie nodig.

Daar bestaan oor die algemeen twee benaderings van representasie.⁷ Volgens De Lange behels die eerste denkrigting dat die “skrywer se interpretasie van die werklikheid” in literatuur nageboots, voorgestel of daargestel word: “*Representasie* word dan gesien as die proses waardeur die werklikheid op esteties-suggestiewe wyse deur taal teenwoordig gestel word”. Die logiese konsekwensie van hierdie benadering is dat “'n skrywer se *representasie*, sy ‘manier van kyk’ na die werklikheid, op sy eie ideologiese voorveronderstellings berus en [...] dit wat gerepresenteer word 'n beklemtoning van sy ideologiese uitgangspunte [is]”. Volgens die tweede denkwysie wat deur poststrukturalistiese denkers aangehang word, is dit onmoontlik dat taal die werklikheid kan representeer. Taal en literatuur is eerder “'n sisteem van tekens waarin die tekens na ander tekens verwys en waarin daar geen direkte referensie na die werklikheid is nie” (De Lange, 1992: 428). De Lange betrek egter nie die rol van representasie binne die postkoloniale diskoers nie. Hier verwys ek na Huigen wat binne hierdie konteks gepleit het vir 'n meer genuanseerde benadering in *De weg naar Monomotapa. Nederlandstalige representasies van geografiese, historiese en sosiale werklikhede in Zuid-Afrika* (1996). Hy oefen 'n voorkeur uit vir die eerste denkrigting (19), en staan juis krities teenoor die absolutisme van die tweede benadering aangesien die werklikheid volgens hom wel in bepaalde omstandighede in 'n (beperkte) mate by representasie in aanmerking geneem word soos hy dan ook in die eerste hoofstuk van sy werk bewys. Die mag van die diskoers om gekleurde representasies se voortbestaan

betrokke prosa nie.

⁷ Hall identifiseer naas die reflektiewe benadering (ekwivalent aan De Lange se eerste denkrigting) en die konstruktiewe benadering (ekwivalent aan De Lange se tweede denkrigting) ook 'n intensionele benadering: “It holds that it is the speaker, the author, who imposes his or her unique meaning on the world through language. Words mean what the author intends they should mean” (1997: 25).

te verseker, moet egter intussen nie onderskat word nie. Huigen identifiseer drie veranderlikes wat die veranderlikheid van representasies beïnvloed, naamlik die krag van representasie, die mate waarin dit uit komponente bestaan wat empiries weerlê kan word en die verlange na feitelike kennis by die representeerder (58). Jordaan (2000) skaar haar by die refleksiewe denkrigting, maar relativeer haar standpunt deur daarop te wys dat die werklikheid nie direk of volledig weergegee of gerepresenteer kan word nie (26). Volgens Jordaan kan literatuur 'n vorm van werklikheidskonstruering wees: “Die rol van literatuur binne die voortdurende konstruering van 'n veelvoud van werklikhede kan beskryf word as dié van mede-tekste binne 'n voortdurende onvoltooide proses van werklikheidskonstruering en geskiedskrywing” (27). Ek wil my aansluit by hierdie opvatting, aangesien die werklikheid nooit volkome objektief of volledig voorgestel kan word nie en representasie dus subjektief en onvolledig is. In hoofstuk drie sal ek met hierdie uitgangspunt die representasie van drie subtemas wat onlosmaaklik verbind is aan die rasseproblematiek, naamlik (1) die uitbeelding van koloniale geskiedenis, (2) kulturele assimilasië en (3) die manifestasie en bewustheid van Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd, analiseer na aanleiding van enkele representasies wat tuishoort binne die historiografiese diskoers.

Dit is my intensie om die implikasies van die verteller se selektiewe representasie te bespreek ten einde te bepaal hoe haar ideologiese raamwerk daardeur gereflekteer word. Ek sal aantoon hoe die ambivalensie in haar representasie die tekste kompliseer en tot gevolg het dat resensente Joubert se twee Portugees-Afrikaanse reisverhale as aktueel klassifiseer. As gevolg van hierdie klassifikasie het die tekste die tydgenootlike diskoers oor rasseproblematiek nouliks beïnvloed.

Uit my ondersoek na Joubert se representasie sal eerstens blyk dat die verteller nie werklik daarin slaag om haarself te dissosieer van die Portugees-koloniale uitgangspunt nie. Hierdie onvermoë om haarself te dissosieer, word gemanifesteer in 'n opvallende ambivalensie wat uit haar afwisselende identifikasie met Afrika en Europa voortspruit. Tweedens is dit my intensie om aan te toon dat alhoewel die verteller deur implisiete verwysing ook aangedring het op rigtingwysiging in Suid-Afrika, soos wat Beukes (1982: 63) aangetoon het,⁸ die verteller nie werklik daarin slaag om 'n eksplisiete uitspraak te maak oor die Suid-Afrikaanse werklikheid nie. Vandaar ook my keuse vir die titel: *Verby Komatipoort? Rasseproblematiek in die Portugees-Afrikaanse reisverhale van Elsa Joubert*. Die titel is ontleen aan 'n uitspraak van die skrywer wat aantoon dat sy huiwerig was om die grens oor te steek: “Ek self peuter op die

⁸ Beukes se gevolgtrekking oor die meningsvormende invloed van die tekste is nie genuanseerd genoeg nie, omdat sy nie die ambivalensies in dié representasies van rasseproblematiek genoeg beklemtoon nie.

kantlyn rond met my Afrikareisboeke, probeer inniglik ‘saamleefpatrone’ uitspel, maar kom ook nie nader as Komatipoort⁹ nie” (1985: 203).

In die slothoofstuk vat ek my bevindinge saam en brei uit oor ’n faktor wat lig kan werp op ambivalensie in die tekste, naamlik die verteller se ooreenkomste met die politieke pelgrim, ’n konsep wat Paul Hollander in sy *Political Pilgrims. Travels of Western Intellectuals to the Soviet Union, China, and Cuba 1928-1978* (1981) ondersoek.

⁹ Komatipoort verwys natuurlik na die Suid-Afrikaanse grenspos tussen Mosambiek en Suid-Afrika. *Die staf van Monomotapa* begin dan ook met ’n verwysing na dié grenspos wat gejuksaponeer word met Ressano Garcia, die Portugese grenspos vyfhonderd tree daarvandaan waar gemaklike interaksie tussen verskillende bevolkingsgroepe ooglopend is (Joubert, 1964: 9).

Hoofstuk 2

Die bereidwilligheid tot getuienis: Elsa Joubert en rasseverhoudinge in Suid-Afrika

In haar boek *Breyten Breytenbach as openbare figuur* (1990) gee Francis Galloway 'n oorsigtelike historiese blik op die apartheidsstelsel waarbinne sy die digter inbed. Haar ondersoek bied 'n nuttige raamwerk wat as basis kan dien om Elsa Joubert se politieke bewuswording te karteer. Galloway neem as bakens die klemverskuiwings binne die apartheidsideologie en toon parallel met die politieke aksentverleggings Breytenbach se ontwikkeling aan (7-15).

Die eerste baken wat prominent uitstaan in die geskiedenis van geïnstitusionele¹⁰ apartheid is die jaar waarin dr. D.F. Malan as kandidaat vir die Afrikanernasionaliste¹¹ 'n meerderheid behaal het in die algemene verkiesing¹² (7). Met die ingang van Malan se termyn as eerste minister tot en met 1961 het nuwe wette en regulasies rakende rasse-klassifikasie, gemengde huwelike, geslagsverkeer oor die kleurskeidslyn, aparte openbare geriewe, groepsgebiede, sport, ontspanning, kultuurorganisasies en opvoedkundige en kerklike instansies die lig gesien (Galloway, 1990: 8 en Coetzer, 1991: 278). Die tydperk sou later bekend staan as die era van “baasskapapartheid” (Galloway, 1990: 8).

Met verwysing na hierdie tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, beskryf Elsa Joubert haarself in 'n onderhoud met Annari van der Merwe wat as 'n artikel in die *De Kat* van November 1988 verskyn het, as 'n skrywer wat behoort tot die “groep ... [wat] hul opvoeding en beslag gekry [het] voor '48”. Met hierdie tipering tref sy sterk onderskeid tussen haarself en die Sestigers wat, omdat hulle ná die oorwinning van die Nasionale Party in 1948, maar vóór 1961

¹⁰Galloway beskryf in navolging van die werk van André du Toit (1975), F.A. van Jaarsveld (1971) en J.C. Steyn (1980) hoe die beginsels van die ou segregasie-era deur wetgewing geïnstitusioneel en konsekwent toegepas is in die apartheidsbeleid (Sien ook Giliomee, 2003: 503). Die “omvattende apparaat van wette, regulasies en burokrasieë” was daarop gemik om Afrikaner-eenheid, -identiteit, -voortbestaan en belange te bevorder (Galloway, 1990: 8). Vergelyk ook in dié verband die uitspraak van Eben Dönges, minister van Binnelandse sake, wat die meeste van die apartheidswette geïmplimenteer het, en Giliomee se interpretasie van Malan se toespraak by die tweede ekonomiese volkskongres wat in 1950 gehou is (2003: 489). Dönges het teenoor 'n buitelandse joernalis te kenne gegee dat hy en sy kollegas die apartheidsbeleid beskou het as 'n meganisme om drie generasies blankes teen die bedreiging wat die groeiende bruin en swart bevolking ingehou het, te beskerm (Giliomee, 2003: 485)

¹¹Die Afrikanerparty en die Nasionale Party het vir die verkiesing van 1948 'n bondgenootskap aangegaan teen die Verenigde Party en die Arbeidersparty (Pretorius: 1965: 66; 81)

¹²Die verkiesing het plaasgevind op 26 Mei 1948 (Pretorius, 1965: 80). Die Nasionale Party, in alliansie met die Afrikaner Party, het slegs 'n meerderheid van 5% behaal en slegs 40% van die stemme in totaal getrek

gevorm is (dit wil sê gedurende die era van baasskapapartheid), hulle teen die geslote gemeenskap, teen aanvaarde beskouings oor godsdiens en seks en veral uitdruklik teen apartheid kon verset. Die geslag skrywers waarvan Joubert deel was, het hulle, volgens haar, vereenselwig met die stryd om die Nasionale Party oorwinning te verweselik en het dit moeilik gevind om los te breek uit die “emosionele harnas van Afrikaans, van Afrikaner wees” waarmee hulle grootgeword het (1988: 37).

Ten spyte van die feit dat dit haas ondenkbaar was om soos die generasie van ná 1948 te rebelleer teen die status quo, is Joubert van jongs af bewus van die vir haar onnatuurlike segregasie binne haar leefruimte. In ’n onderhoud wat deel vorm van ’n televisieprogram oor die skrywer, onthou sy ’n insident wat gedurende haar jeugjare plaasgevind het in ’n plaaskombuis en tekenend was van die tweespalt in haarself. Sy is deur die boervrou gevra om huisgodsdiens waar te neem vir die kombuiswerkers en het as fynsinnige kind die verwydering tussen haar en haar gehoor aangevoel. Die voorlesing uit Psalms is met merkbare onbegrip begroet, wat Joubert genoop het om die handeling binne die konteks van die outoriteitsverhouding waarin sy geplaas is as gesagsfiguur, te bevraagteken. Die verwydering tussen haar en haar gehoor was van so ’n aard dat sy hulle en haarself as “twee aparte soorte Paarliete” beskryf wat nie kontak gehad het nie. Haar onvermoë om die kommunikasiegaping te oorbrug, veral in haar tuisdorp, het haar magteloos laat voel en kon slegs oorkom word in die vreemde, buite die “vasgelegde paadjies” waar sy “vryer kon verkeer” (Theunissen & Van den Heever, 1988).

Die verwydering tussen haar en haar mede-Paarliete was nie net beperk tot die jong geslag wat Malan se sege in 1948 ywerig in die hand gewerk het nie, maar het ook die interaksie van die ouer garde gekenmerk. In dieselfde televisieprogram word daar melding gemaak van Joubert se kritiese ingesteldheid jeens die mentaliteit wat haar vader se geslag gehandhaaf het. Sy merk op hoe politiek verwydering gebring het en bely haar verset teen die voorskrifte van haar vader se geslag – teen die onregverdigbare moraliteit wat die vervreemding veroorsaak het. Waar Joubert se vader slegs die statigheid en waardigheid van sy wit tydgenote belangrik geag het, het sy dit vergelyk met die situasie van die ander bevolkingsgroepe in haar midde: “Vir myself het ek gevra: ‘Is die gedwonge trek van die bruin mense uit die Paarl oorkant na die Rug, waardigheid? Watter soort statigheid was die kunsmatige skeiding met ewe-Paarliete?’” (Theunissen & Van den Heever, 1988).

(Giliomee, 2003: 487).

Alhoewel Joubert as jongeling reeds die beleid van segregasie¹³ persoonlik bevraagteken het, kon sy nog nie oorgaan tot openlike verset nie. Ná haar studiejare aan die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad,¹⁴ gee sy aanvanklik onderwys en werk twee jaar lank by *Die Huisgenoot* (Kannemeyer, 1983: 315). Hierna onderneem sy 'n uitgebreide reis “langs die Ooskus van Afrika, al met die Nyl langs, tot waar hierdie rivier uitmond in Kairo” (Van Coller, 1998: 58), omdat sy 'n behoefte ondervind om weg te breek van haar rol as “marionet”. Met hierdie beeld lig sy eintlik die sluier oor haar afhanklikheid van die voorskriftelike gesegregeerde gemeenskap waarbinne sy gefunksioneer het, en die eng atmosfeer waar daar nie ruimte gelaat is vir die toets van grense binne die konvensies waaraan sy moes voldoen nie. Veral wou sy die vreemde in waar sy die beweegruimte gegun sou word tot selfontdekking sonder die merkers van identiteit, om haarself te onderwerp aan 'n stropingsproses waarin die gewaande sekerhede van die Suid-Afrikaanse samelewingspatrone opgehef sou word, waar sy “totaal niks [kon] word” (Theunissen & Van den Heever, 1988).

Dit is juis tydens die eerste fase van haar wegbreekproses op die oewer van die Victoria-meer dat Joubert besef dat sy “nou iets het om te sê, iets wat 'n boek regverdig, nie net artikels in tydskrifte en berigte in koerante nie” (Van der Merwe, 1988: 37). Soos blyk uit haar viering van die Nasionale Party se 1948-sege saam met die Arabiere en twee Sweedse passasiers tydens hul vaart op 'n Nylboot, skaar Joubert haar nog op hierdie stadium by die Malan-ondersteuners (37). Joubert wei in 'n referaat wat sy in 1984 lewer, uit oor die Afrikaner se onvermoë om gedurende die tydperk wat ingelui is met Malan se oorwinning krities te staan teenoor die Nasionalistiese bewind en die apartheidswette (1985: 201):

En indien hy self nie betrokke was by die maak van die wette nie, het die wit Afrikaner nie die konflik wat hieruit ontstaan het, op hom geneem nie; hy is deur die vreemde alchemie van wat ek noem die “Kent gij dat volk”-sindroom, wat hom nog van daardie vreemde Ossewatrek-jare bygebly het, daarvan verhoed om te protesteer, om gemene sake te maak met dié deel van die bevolking, hoofsaaklik Engelse en Jode, wat wel beswaar gemaak het. [...] In die Afrikaanse literatuur is daar, met enkele uitsondering, geswyg oor die narighede van die vyftigerjare. Onthou, die konflik was nog nie aan die lyf gevoel nie, net aan die gees of gewete, net tweedehands, ter wille van mense wat nog in ware aard ongekend was, teen die onsigbaarheid van die wet.

Ook Joubert se eerste reisboek getiteld *Water en Woestyn* wat in 1956 verskyn en handel oor 'n reis deur Oos- en Noord-Afrika, toon geen blyke van 'n kritiese ingesteldheid teenoor die Malan-

¹³ Ek gebruik hier die term segregasie om 'n onderskeid te tref tussen die era waarna Joubert hier verwys, naamlik die jare 1922 tot die middel veertigerjare (haar jeugjare, universiteitsjare en eerste jare as joernalis) en die “baasskapperperiode” wat vanaf 1948 'n aanvang geneem het.

¹⁴ Joubert het 'n B.A.-graad en 'n Senior Onderwys Diploma verwerf aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy verwerf later 'n M.A.-graad aan die Universiteit van Kaapstad (Steenberg, 1998: 58).

regering nie. Alhoewel sy dus haar debuut as skrywer gedurende die periode van baasskapapartheid maak en voel dat sy wel 'n boodskap het om oor te dra, is ook sy nog vasgevang in die web van die “Kent gij dat volk”-sindroom.

Volgens Galloway was die volgende baken in apartheidsontwikkeling die era van dr. H.F. Verwoerd (1990: 9)¹⁵ van 1958-1966 (Giliomee, 2003: 519 en 534). Onder Verwoerd word totale grondgebiedlike skeiding die oogmerk. Waar die veronderstelling van blanke meerderwaardigheid en die gepaardgaande idee dat die res van die bevolking voortdurend onder die voogdyskap van laasgenoemde moet staan vroeër hoogty gevier het, word die gelykheid van alle bevolkingsgroepe en hul reg tot selfbeskikking nou erken. Hierdie paradigmaskuif is prakties geïmplimenter deur die beleid van afsonderlike ontwikkeling, soos vergestalt in parallelle en tuislandontwikkeling, deur te voer (Galloway, 1990: 9).

Gedurende die Verwoerd-era publiseer Elsa Joubert drie reisjoernale: *Die verste reis* (1959), *Suid van die wind* (1962) en *Die staf van Monomotapa* (1964). Die eerste, *Die verste reis* (1959), volg op *Water en woestyn* (1956), en handel oor haar reis deur Italië, Portugal en Spanje. Ook *Die verste reis* skram weg van politieke bevraagtekening. Tog het die reise in die buiteland Joubert nie onaangeraak gelaat nie. Sy beskou haar en ander skrywers se ervaring in die buiteland as van wesentlike belang en sluit in dié opsig aan by die Sestigters André P. Brink en Jan Rabie en selfs Breyten Breytenbach (wat homself nie as deel van die groepering beskou het nie) (Joubert, 1985: 201):

Ek dink dis Oscar Wolheim wat op 'n keer in die *Argus* geskryf het: “South Africans seem to undergo this strange sea change overseas.” Miskien moes dit destyds verpligtend gewees het vir Afrikaners om in 'n dakkamertjie in Parys te gaan sit. 'n Paar jaar lank. Miskien was ons vandag anders.

Veral van deurslaggewende belang was die wyse waarop Joubert direk met die kleurvraagstuk gekonfronteer is in die buiteland (Joubert, 1985: 201):

In my persoonlike geval het dit gekos dat ek pens en pootjies uit Suid-Afrika verwyder word, dat ek buite die grense van die land, buite die stamverband met anderskleuriges kennis maak op gelyke vlak, van mens tot mens, om hierdie spinnedrade wat my van kleinsaf (sic) toegespinn het, te kan afskeur. Eintlik was ek nie die agent van afskeur nie, ek het dit ondergaan. Skubbe het van my oë afgeval¹⁶. Soos 'n professor van Unisa vir my geskryf het nadat hy *Poppie* gelees het: die bevolking van die wêreld was

¹⁵ Alhoewel J.G. Strijdom H.F. Verwoerd se voorganger was, het daar nie 'n noemenswaardige klemverskuiwing in die apartheidsbeleid plaasgevind gedurende sy bewind nie.

¹⁶ Dit is opvallend dat Joubert hier indirek gebruik maak van die beeld van Saulus se bekering. In Handeling 9: 18 word vermeld dat “iets soos skille van Saulus se oë afgeval [het]”. Hierna kon hy weer sien. Volgens Wil Vosloo en Fika J. van Rensburg (1993: 1671-1672) het daar waarskynlik tyd verloop voordat Saulus voltyds tot die bediening toegetree het, soos wat afgelei uit Galasiërs 1: 17-18. 'n Interessante parallel kan hier getrek word met Joubert se politieke ontwaking wat tydens haar jare in die buiteland plaasgevind het en eers gemanifesteer het in haar skryfwerk vanaf die sestigerjare.

skielik vir my verdubbel.

Na 'n paar jaar se verblyf in Afrika en Europa was dit moeilik om terug te kom en aan te pas in die eendimensionele samelewing in Suid-Afrika.

Hervestiging in Suid-Afrika was 'n aanpassing. As gevolg van die apartheidswetgewing is sosiale verkeer met nuutgevonde vriende oor die kleurgrens (wat sy in die buiteland ontmoet het), gekompliseer. As vriende sou hulle nie eens saam gebruik kon maak van openbare vervoer nie. Die realiteit van hierdie persoonlike dilemma word enigszins onder die soeklig geplaas in *Suid van die wind* (1962), haar tweede reisjoernaal uit die Verwoerd-era. Dit is die verslag van Joubert se reis na Mauritius, Réunion en Madagaskar en toon die eerste tekens van politieke bewussyn rondom die kleurskeidingsvraagstuk.

Joubert self werp lig op hierdie wending in haar werk in 'n outobiografiese uittreksel wat verskyn in *Momentum: On Recent South African Writing* (1984: 58-59): Net soos in die televisieonderhoud, verwys sy na die beperkings wat die laat-Victoriaanse Kaapse opvoeding, huislike agtergrond en studiejare aan die Universiteit van Stellenbosch aan haar opgelê het. Binne die enklave van 'n beskutte lewe in Suid-Afrika was sy ook relatief onaangeraak deur die Tweede Wêreldoorlog. Die ervaring in die buiteland het nie net soos alreeds vermeld, 'n nuwe bewustheid by haar gekweek nie, maar 'n daadwerklike begeerte by haar geskep om die verontrusting, groeiende gevoel van groepsinsulariteit en selfbedrog te verwoord. Pogings om tekste met literêre meriete uit hierdie gewaarwordinge te skep, het egter misluk en hoogstens ontaard in verloopte melodrama of seepkissieretoriek.

Die keerpunt was die Sharpeville-slagting van 1960¹⁷. Joubert se eggenoot, Klaas Steytler, wat as joernalis op nagskof verslag moes doen oor die gebeure, het die effek van die insident as onomkeerbaar beskryf: Suid-Afrika sou volgens hom, ná die sterfte van 57 swart mense in 'n skietvoorval met die polisie, nooit weer dieselfde wees nie. Om getuie te wees van die Suid-Afrikaanse werklikheid het die behoefte om ander temas te verken, verdring: “Limited as my capabilities were, I felt it vital, in the words of Eliot in *Murder in the Cathedral*, to “bear witness”. The words ‘bearing witness’ were key words in our conversations during those days. It was important to me that I should make the attempt”.¹⁸

¹⁷In 'n onderhoud met Annari van der Merwe bevestig sy weer eens die impak van Sharpeville: “Toe Sharpeville gebeur, toe was dit vir my 'n vreeslike skok. Toe dog ek: nou moet ek regtig 'n direkte metafoor kry, nie net praat deur reisverhale nie.” (1988: 38).

¹⁸Volgens Felman en Laub (1992: 263) bring 'n getuie getuienis voort: “which is inadvertently no longer in the control or possession” of its author(s), which exceeds the testifier’s own awareness, to bring forward a complexity of truth which, paradoxically, is not available as such to the very speaker who pronounces it...[the reader is urged] not simply to see the testimony, but to see through it: ‘see – throughout the testimony – the deception and self-deception which it unwittingly displays, and to which it unintentionally testifies’.

Joubert se reise het dus by haar die behoefte geskep om haar eens vae ongemak jeens die politieke situasie in Suid-Afrika te artikuleer. Die posisie waaruit sy vorm sou gee aan hierdie selfopgelegte taak het egter eers duidelik geword binne die konteks van die eertyds heersende diskoers¹⁹ van getuienisaflegging.

Hennie Aucamp bevestig die klemverskuiwing in Joubert se reisverhale in 'n onderhoud wat hy met die skryfster voer en wat later in *Gesprekke met Skrywers 2* verskyn. Hy verwys na Joubert se “sintuiglike vermoëns” wat volgens hom in *Suid van die wind* “meer ingetoom geraak het” – hy gebruik selfs die metafoor van 'n klimaatsverandering (1972: 49). Joubert brei in haar reaksie op sy stelling meer uit op die aksentverlegging wat noodwendig ook met 'n stilistiese verandering gepaard gegaan het. Vir haar het die optekening van haar eie persoonlike reaksies nie meer die kern van die reisverhaal gevorm nie, eerder die dokumentering van die saamleefpatrone op Mauritius, Réunion en Madagaskar. Die noodsaak om Suid-Afrikaanse lesers bewus te maak van hul bure [veral die hantering van die rassekwessie op die eilande – L.G.] en hul geskiedenis het selfs veroorsaak dat Joubert op stilistiese vlak geneig het na die dokumentêre en die swaartillende, soos wat sy dit terugskouend beoordeel, maar selfs al sou die feitlik-gesatureerde teks lesers vervreem, was dit bysaak (Aucamp, 1972: 50).

Na *Suid van die wind*, wat duidelik 'n breuk met haar vorige bydraes tot die genre getoon het, wend sy haar tot die romanvorm en publiseer sy die roman *Ons wag op die kaptein* (1963). Dis opvallend dat Joubert haar juis gedurende die Verwoerd-era begin besig hou met die apartheidsvraagstuk. *Ons wag op die kaptein* was die eerste roman waarin sy 'n poging aanwend om haar selfopgelegde taak as getuie deur te voer. Tog slaag sy nog nie daarin om direk as getuie van die Suid-Afrikaanse problematiek op te tree nie. 'n Berig in *Die Transvaler* van 15 Maart 1961²⁰ het as katalisator gedien vir die roman. Volgens die berig is twaalf wit Angolese op 'n

Hierdie “complexity of truth” kom ook in Joubert se reisverhale voor. Die ambivalensie tussen haar Afrika-verbondenheid en haar Europese wortels in haar twee reistekste ontbloot byvoorbeeld vir die leser ook die onderliggende ideologiese voorkeure van die verteller en dien dus as veelseggende “getuienis”. Joubert was teleurgesteld met die ontvangs van die twee reisverhale – hierdie reaksie toon juis aan dat haar “getuienis” ook anders deur lesers vertolk is. Paul Gready het Joubert se “getuienis” in *Die swerffare van Poppie Nongena* ondersoek in “The Witness: Rian Malan’s *My Traitor’s Heart* and Elsa Joubert’s *Poppie*” (1995: 88-103). Die artikel word ook later as materiaal gebruik vir *Writing as Resistance: Life Stories of Imprisonment, Exile, and Homecoming from Apartheid South Africa* (2003).

¹⁹ Vergelyk ook hier Anna M. Louw se werk *20 Days That Autumn* (1963) waarin sy in romanvorm verslag doen oor die tydperk 21 tot 9 April 1960 uit die perspektief van wit, bruin en swart Suid-Afrikane. Die skryfproses wat oorspronklik gemotiveer is deur verontregting het 'n ommekeer bewerkstellig: “The actual writing of the book, however, turned into a process of agonised self-education: the plumbing of the inner reality of the race and language groups that share the country...” (Louw, 1963: flapteks)

²⁰ Kannemeyer haal dié berig aan in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur Band 2* (1983: 317): “'n Portugese ingenieur het gister vertel hoedat 'n swart bende van ongeveer 350 'n plaas in Noord-Angola aangeval het. Die bende het die 12 blankes op die plaas verhoor en hulle almal ter dood veroordeel. Voor die verhoor is die blankes aangerand en mans, vrouens en kinders is oor die grond rondgesleep. Die leiers van die bende het Frans gepraat. Die ‘verhoor’ is 'n hele paar keer uitgestel, omdat die bende gewag het op die aankoms van 'n leier per vliegtuig

plaas onderwerp aan 'n verhoor waartydens 'n swart moordbende hulle ter dood veroordeel het. Joubert het die drie geleenthede waartydens die verhoor uitgestel is, omdat die bende gewag het op die koms van hul leier, geïnterpreteer as geleenthede vir die gevangenes om in hulself te delf en om getuienis af te lê, al is dit dan net teenoor hulle self (1984: 59):

I felt I could use these people to put into words my own frustration, my feelings of being of Africa but not truly African, part of this continent, but still, in so many ways, alien; my feeling of guilt, of helplessness, my awareness of cruelty and suffering”.

Hennie Aucamp konstateer dat Joubert 'n “soort distansiëringstegniek” in die roman gebruik – dat haar “romans doelbewus buite Suid-Afrika [...] afspeel” (1972: 42). Joubert skryf die keuse van 'n buitelandse milieu toe aan 'n onvermoë om die gebeure uit die koerantberig te transponeer op die Bosveld. Die poging tot 'n Suid-Afrikaanse inkleding van die situasie het by haar die effek geskep van 'n “dwangbuis” en dié weergawe van die teks het 'n prekerige toon gehad. Gevolglik merk sy op dat die keuse van die buiteland as ruimte in die gepubliseerde versie haar toegelaat het om met minder inhibisies te skryf. Joubert sonder egter nie haarself uit as slagoffer van die skrywersprobleem nie – sy is van mening dat heelwat Suid-Afrikaanse skrywers gebuk gaan onder 'n onvermoë om die kleurkwestie te verwoord wat gebore is uit hul “kondisionering” en nie uit eksterne sensuur of “politieke beleide” nie (Aucamp, 1972: 43):

Dit is moeilik vir ons om natuurlik oor die kleur-ding te skryf, mens word te maklik opsetlik of anders didakties. Of miskien is dit die woorde. Woorde wat met kleuromstandighede te doen het, het in ons Suid-Afrikaanse verband so 'n sterk emosionele konnotasie – dit verongeluk 'n stuk skryfwerk. Hulle is nie ‘skoon’ woorde waaraan jy jou eie emosionele betekenis kan gee nie. Hulle is soms so verdraaid-gelade; hulle prik 'n stuk totdat daar niks van oorbly nie.

Die artikulasie van die rasseproblematiek op eie bodem plaas dus stilistiese beperkinge op die outeur weens die lading wat die woordvelde dra waarmee dié milieu ingeklee moet word en lei tot die doelbewuste ontwyking van die Suid-Afrikaanse ruimte in haar eerste roman.

Joubert vind naas die gelade taalgebruik ook 'n moralistiese strekking in haar prosa problematies. Sy werk nie net die komplikasies teen deur haar verhaal te situeer in die buiteland nie, maar ook deur haar karakters uit te beeld as Portugese. Sy neem die figure en hul name uit 'n *pensao* in Lissabon waar sy in 1949 vir drie maande gewerk het (Aucamp, 1972: 42 en Van der Merwe, 1988: 38) en merk teenoor Aucamp op dat sy selfs emosioneel beter kon identifiseer met die Portugese hoofkarakter, al was die Europese figuur se ervaringswêreld vreemd (1972: 43).

In retrospek skryf Joubert dertien jaar later met verwysing na *Ons wag op die kaptein* : “[E]k [was] nie emosioneel in staat, miskien eerder artistiek in staat om ’n direkte stelling te maak nie. Ek het prooi geword van die skuinsverwysing²¹ wat die betrokke Afrikaanse literatuur so lank aan bande gehou het. [...] [Die verhaal was] nog steeds die konflik by benadering, tweedehands, en ontwyking” (1985: 202).

In 1964 publiseer Elsa Joubert *Die staf van Monomotapa*, haar derde reisjoernaal wat geskryf is gedurende die Verwoerd-era en haar tweede reisboek oor Afrika. Dit is die eerste in ’n “tweeluik” wat handel oor die Portugese kolonies in Afrika (as dit gelees word saam met *Die nuwe Afrikaan* [1974]), en van aktuele belang vir Suid-Afrika omdat dit fokus op die saamleefpatrone in die “bufferkolonie” Mosambiek. Oor hierdie twee reisboeke laat Joubert haar later as volg uit: “Ek self peuter op die kantlyn rond met my Afrikareisboeke, probeer inniglik ‘saamleefpatrone’ uitspel, maar kom ook nie nader as Komatipoort nie” (1985: 203). *Die staf van Monomotapa* lê haar veral na aan die hart en sy betreur die kwynende lesersgetalle in verhouding tot *Suid van die wind*, haar vorige boek, omdat sy in die teks probeer het om Suid-Afrikaners in te lig oor die Portugese ervaring in Afrika en hul hantering van rasseverhoudinge – ’n kwessie wat veral relevant sou wees in die toekoms wanneer alternatiewe opgeweeg moes word vir die hantering van die probleem op eie bodem (Aucamp, 1972: 50). Later weeg sy ook dié twee Afrika reisjoernale op teen die res van haar reisliteratuur aanbod: “[E]k bly maar voel dat ek belangriker dinge te sê gehad het in *Suid van die wind* en, veral *Die staf van Monomotapa* (Aucamp, 1972: 53).

Twee jaar na die publikasie van *Die staf van Monomotapa* kom die Verwoerd-era tot ’n einde met die dood van die premier in 1966, wat gevolg is deur ’n skeuring in die Nasionale Party. ’n Groot geskilpunt was die toenadering tussen Engelssprekendes en Afrikaners. Vanaf 1970 is daar ’n merkbare beweging vanaf Afrikanereksklusiwiteit na ’n minder behoudende benadering. Advokaat B.J. Vorster was die nuwe Eerste Minister²². Hy dring nog steeds aan op afsonderlike ontwikkeling, maar handhaaf ’n “uitwaartse beleid” ten opsigte van sport- en diplomatieke betrekkinge. Sy beleid was die gevolg van buitelandse druk, toenemende isolasie en die krisissituasie wat sedert 1972/73 ontstaan het ten opsigte van die Afrikanermagsbasis

²¹ Die term ‘skuinsverwysing’ is ontleen aan Sartre. Hy het dit gebruik om te verwys na ’n bepaalde vorm van betrokkenheid wat Brink in sy artikel “Op soek na Afrika” (1973) na aanleiding van Karel Schoeman se *Fakkellig* verduidelik. Dit kom daarop neer dat ’n bepaalde situasie verplaas word na ’n ander ruimte en/of historiese tydperk, maar tog wél in sekere opsigte identies is aan die situasie waarop dit ’n toespeling is. Die skuinsverwysing verhoed volgens Brink dat “die oppervlakkige herkenbaarheid van gegewens dikwels ’n groter patroon bederf” (1973: 7).

²² B.J. Vorster volg H.F. Verwoerd in 1966 op en lei die Nasionale Party tot en met 1978 (Giliomee, 2003: 550, 587)

weens die toenemende verzet van die onderdrukte swart bevolking. Vorster het verzet onderdruk deur middel van sensuur, vervolging en selfs tronkstraf (Galloway, 1990: 10).

Joubert publiseer gedurende die Vorster-era naas reisboeke en 'n roman oor Europa, ook 'n Afrikaroman, *Bonga* (1971), waarin sy liefde oor die kleurgrens ondersoek en 'n verdere reisverhaal oor haar reis in Angola.

Eerste aan die beurt was *Swerwer in die herfsland* (1968), 'n reisjoernaal oor haar omswerwinge in Wes-Duitsland, Wenen, Istanbul, Griekeland en Kreta. In dié reisverhaal fokus sy net soos in *Die verste reis* (1959) op menslike verhoudings en probleme. Sy self voel egter dat *Swerwer in die herfsland* die temas meer deurdringend ondersoek (Aucamp, 1972: 53). Sy verwerk ook die ruimtelike indrukke van hierdie reise in die roman *Die Wahlerbrug* (1969) waarin sy “weg [beweeg] van die lokale aktualiteit van die rasseproblematiek en fokus [...] op die universele identiteitsprobleem” (Steenberg, 1998: 531). Die roman speel af in Duitsland (Aucamp, 1972: 42) waar Lottie Holme, 'n buitelandersfiguur, ontvoer word en van al haar persoonlike dokumente, klere en handsak gestroop word sodat 'n ander vrou haar identiteit kan aanneem. Joubert verduidelik in 'n onderhoud met Hennie Aucamp dat sy op haar eie na München gegaan het nadat die Suid-Afrikaanse regering haar met 'n kabelgram by die Oos-Duitse grens voorgekeer het. Die geheime diens het inligting ontvang dat Suid-Afrikaners moontlik gevange geneem kon word in die Oos-Blok om geruil te word vir Loginov die spioen wat in Suid-Afrika gevang is. In München het sy die atmosfeer ervaar “van mense wat weggevat word: 'n baie kritieke Oos-Wesspanning”(1972: 42). As katalisator vir die roman roep sy 'n oomblik in herinnering in München se Residensie-museum toe sy op 'n bank gaan sit het en 'n opsigter 'n paneel in die muur sien oopskuif het (54). In die roman word Lottie dan ook deur 'n paleiswag beduie om hom deur 'n geheime opening in 'n versierde muur te volg nadat 'n vergulde paneel daarin oopgeskuif is. Hierdie stap lei tot Lottie se verlies aan identiteit (Joubert, 1969: 16). Die roman sluit by Joubert se Afrikatekste aan deurdat sy die aktuele sfeer soos wat sy dit inderdaad waargeneem het op haar reise, tekstualiseer en fiksionaliseer.

Joubert keer ná *Swerwer in die herfsland* en *Die Wahlerbrug* wat beide afspeel in Europa, terug na die Afrikaproblematiek in *Bonga* (1971). Dit is gesitueer in die negentiende-eeuse Tete (7) en Joubert beskou dit as 'n allegorie vir die omstandighede in Suid-Afrika (1984: 59). Dié roman is geïnspireer deur 'n ou geskrif waarin Joubert ná haar reis na Mosambiek gelees het van die *prazeros*.²³

²³ 'n *Prazero* was 'n avonturier, handelaar of soldaat wat grond van die Portugese koningshuis ontvang het. Die *prazeros* het die plaaslike bevolking wat reeds op hul grond woonagtig was, met geweld onderwerp.

Die figuur van 'n halfbloed²⁴ wat as buitestander die begeerte ervaar het om opgeneem te word in die Portugese gemeenskap, en verwerp is omdat hy 'n poging aangewend het om hul kulturele goedere toe te eien en uiteindelik na sy opstand ten gronde gegaan het, het haar ontroer (Aucamp, 1972: 54).

Bonga begin met 'n probleemstelling – iets wat deur die kritikus P.D. van der Walt as 'n “kreatiewe fonds” bestempel is (Aucamp, 1972: 58). In hierdie opsig, bring dit dus iets nuuts in die Afrikaanse romankuns. Wat tematiek betref, het Joubert haar hier weer tot aktuele materiaal gewend, maar dit nie direk op die Suid-Afrikaanse konteks geprojekteer nie – in dié opsig is dit dus nie juis 'n innoverende bydrae tot haar oeuvre nie. Sy tipeer *Bonga* dan ook as 'n skuinsverwysingsroman omdat dit met die metafoor werk van die halfbloed wat nie aanvaar word nie, maar te ver verwyderd is van die Suid-Afrikaanse ervaringswêreld om indruk te maak (Joubert, 1985: 204). In die roman belig sy fiktiewe rassekonflik in die eertydse nedersettings van Tete en Massangano in die omgewing van die Zambezi-vallei in Mosambiek. Die konflik en die uiteindelige uitwissing van die Massangano aringa spruit voort uit die huwelik tussen die halfbloedleier, Bonga, en die dogter van 'n Portugese verstoteling, Inacia Maria. Beide hoofkarakters vind in mekaar elemente waartoe hulle toegang verlang en aangetrokke voel – Inacia Maria smag na Bonga se aardsheid en hy vind in haar 'n sleutel tot die blanke kultuur en die Christelike religie (Kannemeyer, 1983: 318 en Steenberg, 1998: 533).

Met haar volgende reisjoernaal, *Die Nuwe Afrikaan* (1974), wat in Angola gesitueer is, “dwaal [sy] nog by die grense van die land [Suid-Afrika – L.G.] rond, nog steeds aan die beskou en aanprys van saamleefpatrone buitekant ons land” (Joubert, 1985: 204). Joubert gebruik dus nog steeds die skuinsverwysingstegniek om aan te dui dat daar wel ander gekonstrueerde saamleefpatrone is wat sy onder die aandag van die Suid-Afrikaanse leser met sy eng verwysingsraamwerk van apartheid wil bring. Sy vertel hoe sy later deur die tydskrif *Sarie* na die noordelike grens van Suidwes²⁵ gestuur is om verslag te doen oor die Portugese vlugtelinge wat Angola met al hul besittings verlaat het. Hierdie grootskaalse uittoeg was die gevolg van die staatsgreep in Portugal na die verskyning van De Spinoza se *Portugal et la Futura*. Die gebeure

²⁴ Die term ‘halfbloed’ is 'n kwetsende benaming wat vroeër gedurende die apartheidsjare gebruik is vir die nakomeling van 'n blanke en 'n nie-blanke. Ek gebruik hier die term aangesien dit wél deur die skrywer benut is in haar onderhoud.

²⁵ ‘Suidwes’ was 'n algemene en informele benaming wat veral gedurende die tydperk waartydens Suidwes-Afrika onder die beheer van Suid-Afrika was (1915-1989), gebruik is (Grotper, 1994: 473). In 1969 het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies verklaar dat Suidwes-Afrika voortaan Namibië sou heet (Grotper, 1994: 473), maar daar is nie deur Suid-Afrika gehoor gegee aan hierdie besluit nie. In 1972 het Kurt Waldheim, die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies en die Suid-Afrikaanse premier 'n verklaring uitgereik dat die land tot en met onafhanklikheid SWA/Namibië sou heet. Wit inwoners (van Suid-Afrika en SWA/Namibië) het in die algemene omgangstaal egter steeds van “Suidwes” gepraat (Engelbrecht, 1984: 8)

was vir haar ontstellend, omdat sy tot en met die val van die Portugese regering in Angola nog optimisties was oor die ywer waarmee die Portugese volhard het in hul poging om Afrika toe te eien ten spyte van dertien jaar van grensoorloë. In hul uithou vermoë het sy 'n verbondenheid met Afrika gelees wat haar beïndruk het en wat haar geloof in saamleefpatrone bevestig het (Joubert, 1985: 204). Hierdie “optimisme” het dan ook haar reisboek oor Angola gekenmerk, iets waarvoor sy haarself terugskouend verwyt het. Sy het die tekens verkeerd gelees en nie “diep genoeg onder die oppervlak gekyk nie” (Van der Merwe, 1988: 38-39). Die traumatiese gebeure in Suidwes was vir haar 'n “oomblik van waarheid” (Joubert, 1985: 204) wat haar met die voorneme gelaat het om 'n “reisverhaal” oor Suid-Afrika te skryf omdat fiksie nie meer direk genoeg was nie (Van der Merwe, 1988: 39).

Die verwickelinge wat plaasgevind het in Angola na die publikasie van *Die Nuwe Afrikaan* was dus die katalisator vir die situering van haar werk in Suid-Afrika en vier jaar na die traumatiese gebeure wat sy beleef het in Namibië, verskyn *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978). Dit was nie 'n reisverhaal soos sy dit aanvanklik beplan het nie, maar 'n boek waardeur sy in die eerste plek vir haarself antwoorde wou vind, waardeur sy Suid-Afrika wou probeer verstaan sodat sy nie weer onkant gevang word nie. Sodat sy nie weer sou hoef toe te gee: “Ek het nie diep genoeg onder die oppervlak gekyk nie” (Van der Merwe, 1988: 39). Dit kom uit hierdie uitsprake van Joubert voor asof die dryfveer agter die fokuspuntverskuiwing na Suid-Afrika eintlik méér as bloot die begeerte was om “getuie” te wees en wesentlik ook gesetel was in haar joernalistieke “ydelheid”: in die noodsaak om te bewys dat haar interpretasie van politieke omstandighede nie as naiëf afgemaak kon word nie.

In 'n referaat wat sy vir die Skrywersgilde gelewer het, wei sy uit oor die tydperk wat verloop het voordat *Die swerfjare van Poppie Nongena* die lig gesien het. Sy het vier jaar lank gereis deur Suid-Afrika: tuislande en staatsinstellings soos skole, klinieke, howe en poskantore besoek en selfs toordokters. Sy het die omstandighede in die tuislande en die stede vergelyk en die gebied wat sy in haar skryfwerk wou verken, afgebaken: die swart woonbuurtes, “die onkenbare wat roep om geken te word, wat dwingend geken moet word”²⁶ (Joubert, 1985: 204-205).

²⁶ Joubert het aanvanklik beoog om 'n reisboek te skryf, en dus het sy navorsing gedoen deur die tuislande en verskeie “institusies” te besoek – die navorsing het egter neerslag gevind in 'n ander vorm: as agtergrondkennis waarmee sy die wêreld van Poppie Nongena verder realisties kon inkleef. Soos Joubert dit self stel (1984: 60):

I did not know where my search would lead me, but I started to gather facts. I wanted to know more, not about distant places, but about what was happening in my backyard, in the black townships, in the homelands, in the Pass Offices, in the law courts, in the witchdoctors' huts, in Groote Schuur Hospital waiting rooms. I went to the Transkei, attended gatherings of the old men of the clan, visited schools, the *ilalis* or small settlements. In Soweto I spoke to many people, in Nyanga, Guguletu and Langa I visited

Nie net beweeg Joubert nou na 'n Suid-Afrikaanse konteks nie, maar daar vind ook 'n inhoudelike klemverskuiwing in haar werk plaas – sy wil nou fokus op die ervaring van die Ander, 'n ervaringswêreld vreemd aan die wit Suid-Afrikaner wat deur die apartheidswetgewing geïsoleer van sy landgenote geleef het. Ook het die stilistiese en genrenorme bysaak geword. Die materiaal is haar as 't ware in die skoot gewerp deurdat die Afrikaanstalige vrou wat sy later sou herskep as Poppie Nongena, op die tweede Kersdag van 1976 na die gewelddadige opstande by Nyanga-Oos, by haar opgedaag het en haar verhaal aangebied het. Joubert se verwerking van die materiaal het nie voldoen aan die konvensionele genrevereistes of literêre taalkode nie (Joubert, 1985: 205):

Ek het nie omgee nie. Die begrip Literatuur was weggespoel in die dwingendheid van die waarheid wat moes vertel word.

Vir die eerste keer in my skrywende lewe het ek werklik nie omgee oor literatuur nie, ek wou net die lewe van die een swart vrou probeer werklikheid maak [...] Wat ook al vir of teen *Poppie* gesê kan word, wat sy tekortkominge ook al mag wees, dit was 'n strewe na die waarheid. Dit was vir altyd verby met skuinsverwysings en metafoor van *Kaptein of Bonga* of reisverhale. Dit was die rou, onverbloemde materiaal om ons.

Ek dink die tyd was ryp vir die boek²⁷, daar was geen teenstand nie, geen haatbriewe of haatproepe nie, ek dink die leser het ook besef dis die waarheid wat sy lees, want sy of hy ken dit uit hulle eie agterplaas.

Die skryf daarvan het vir my 'n groot rus of bevryding gebring.

Gedurende die voorbereidings- en skryftyd van *Poppie* het die streeksituasie in Suidelike Afrika aansienlik verander. Die bufferstrook wat Suid-Afrika beskerm het teen die Marxisties-georiënteerde noordelike state het verbrokkel, omdat die Portugese kolonies onafhanklikheid verkry het. Mosambiek verkry onafhanklikheid in 1975 na 'n lang vryheidstryd deur *Frelimo* om die Portugese koloniale bewind omver te werp (Bossema, 1995: 5), Angola word na 11 November 1975 beheer deur die MPLA (Bossema, 1988: 22). Saam met die ommekeer in die bufferkolonies het die magsbasis van die dominante groep in Suid-Afrika in gedrang gekom. Daar het ook onderlinge verdeling geheers – aan die een kant het sekere faksies die hervorming gesteun van sommige apartheidinstellings, aan die ander kant was daar onbuigsame weerstand teen die idee van enige hervorming omdat dit die prysgee van bepaalde voorregte sou inhou (Galloway, 1990: 10).

crèches, churches, homes, had a session with a witch-doctor. I went north to Venda where I attended the rites and watched the dancing. I did not know where it was leading me, perhaps towards a travelogue through my own country; I think that was closest to my mind

²⁷ In sy artikel “Die resepsie van *Die swerffare van Poppie Nongena*” in *Standpunte* (1982: 41) bevestig Gerrit Olivier die aanname deur daarop te wys dat *Poppie Nongena* 'n buitengewone hoë verkoopsyfer gehad het (volgens dr. Annari van der Merwe 14 481 teenoor die normale oplaag vir romans wat wissel van 1500 tot 3000 [51]) en dat gunstige reaksies uit verskillende lae van die bevolking ontvang is.

Die volgende baken in die ideologiese klemverskuiwings van die apartheidsera was P.W. Botha se verkiesing tot Eerste Minister (as opvolger vir Vorster) gedurende 1978. Die Botha-bewind fokus op 'n "ideologie van oorlewing" en die regering het die "totale strategie" geïmplimenteer. Om die "voortbestaan" van die blanke minderheidsregering te verseker, is daar gepoog om gematigde wit en swart sektore saam te snoer teen "militante, radikale Marxiste", deur die doelstelling van "politieke magsdeling voor te hou. Die behoud van groepsidentiteit was egter nie onderhandelbaar nie en het nog steeds die ruggraat van die beleid gevorm (10-11).

Nadat die wit kieserskorps in 1983 deur middel van die verkiesing laat blyk het dat hulle 'n proses van politieke rekonstruksie sou steun, word "gesonde magsdeling" tussen blankes, "kleurlinge" en Indiërs moontlik gemaak deur middel van 'n nuwe grondwet. Die grondwet het voorsiening gemaak vir drie huise²⁸ in die Parlement en wat onderskei tussen "eie" en "algemene" sake. Alhoewel die meerderheid blankes die Nasionale Party gesteun het in sy hervormingsinisiatiewe, het behoudende blankes die proses verwerp op grond van die bedreiging wat dit ingehou het vir hul belange en bevoorregting. Die Liberale opposisie het daarop gewys dat die uiteindelijke doelwit van die hervormingsproses tog maar die versekering van die voortbestaan van die kapitalistiese sisteem onder die Nasionale Party-bewind, en dus die blanke minderheidsmagsmonopolie was. Teen die middel van die tagtigerjare verloor al hoe meer aanhangers van die hervormingsbeleid hul vertroue in die leiding van die Nasionale Party ten opsigte van sy vermoë om "ware hervorming" te weeg te bring. So ontstaan daar mettertyd individuele inisiatiewe vir "onderhandeling" met buite-parlementêre groepe (11).

Gedurende die era van "hervorming" onder P.W. Botha, is Joubert se eerste kortverhaalbundel, *Melk*, in 1980 gepubliseer. Die tien verhale in *Melk* is volgens Joubert (1985: 205) reeds voor *Poppie* geskryf en werk ook met die probleem van etniese verhoudings in Suid-Afrika en ander Afrikalande. Dit hou dus verband met haar vorige romans en reisverhale waarin sy haar ook met sosio-politieke aspekte bemoei (Kannemeyer, 1998: 145). Steenberg meld dat die "krisisse in die revolusiesituasie in Afrikakonteks beslag [kry] met 'n sterk appèl om verandering" (1998: 538).

In 1983 volg *Die laaste Sondag* wat Joubert tipeer as "'n poging om die aktualiteit verder te verken, om strominge binne ons volksverband te identifiseer en 'n aktualiteit wat ook binne die kerk staan, prakties te bekyk" (1985: 205). In hierdie roman beeld sy die skrynende gevolge van geweld in 'n fiktiewe grenssituasie uit en lewer kommentaar op die standpunt ten opsigte van vergelding soos wat dit enersyds vergestalt word in die Christelike leer en andersyds

²⁸ Die drie huise staan bekend as die Huis van Verteenwoordigers (vir bruin kiesers), die Huis van Afgevaardigdes (vir Indiër-kiesers) en die Volksraad (vir wit kiesers).

geperverteer word om ruimte te skep vir blanke wraak. Ook in hierdie opset neem sekere karakters 'n “verligte” standpunt in wat sterk gekontrasteer word met die rassistiese perspektiewe wat op hierdie stadium in Suid-Afrika algemeen sigbaar was (Steenberg, 1998: 534).

In haar onderhoud met Annari van der Merwe meld Joubert dat sy haar ná *Poppie* “versmoor gevoel (het) in emosie en betrokkenheid. Dit was of sy 'n stuk ondergrond oopgeploeg het en stadig besig was om daarin vas te val” (1988: 39). Haar dogter Henriëtte wat by die SA Biblioteek historiese navorsing gedoen het, het haar aangemoedig om daar 'n geskiedkundige tema te gaan soek. Sy het gedurende hierdie soektog in die reisbeskrywings van Lichtenstein afgekom op die figuur van Aart van der Lingen, 'n sendeling van wie sy as kind reeds bewus was. Rondom hierdie figuur bou sy die roman *Missionaris* (1988), eintlik in 'n poging om te ontsnap van die Suid-Afrikaanse politieke problematiek. Hoe langer sy haar egter met Van der Lingen besig gehou het, hoe meer het hy haar teruggelei na haar huidige situasie, “[w]ant hy, soos sy, het gesoek om te verstaan; vir hom, soos vir haar was Afrika ‘my aambeeld [...] waarop ek gehamer word’”. As gebrekkige man is die historiese figuur van Van der Lingen deur die toestande in Afrika beproef – nogtans het hy hoofsaaklik alleen deur Afrika getrek en so getuie geword van “die botsing tussen patroniserende ideale en rou werklikheid, tussen Staat en Sending, tussen Sending en Kerk. Iemand wat eerlik sin probeer vind (het) in die verwarring en teenstrydigheid deur dit neer te skryf” (Van der Merwe, 1988: 39).

Missionaris was die laaste roman wat verskyn het gedurende die bewind van P.W. Botha. Hy bedank in 1989 en is opgevolg deur F.W. de Klerk.²⁹ As president werk De Klerk saam met Nelson Mandela van die ANC om die transformasie na 'n demokrasie te bewerkstellig. Om hierdie oorgang egter grondwetlik te bekragtig was 'n lang proses: die ontbanning van die ANC, die vrylating van hul ikoniese leiersfiguur na 27 jaar in die tronk, die inisiëring van onderhandeling, 'n referendum waarin die blanke kieserskorps die regering 'n mandaat gegee het vir die voortsetting van die hervormingsproses, en die instelling van 'n tussentydse regering (Giliomee, 2003: 628-648).

Ná die publikasie van *Missionaris* spits Joubert haar gedurende die politieke oorgangstydperk weer toe op kortverhale en publiseer die bundel *Dansmaat* in 1993. Kannemeyer merk op dat hierdie bundel 'n nog nouer verband toon met haar reisverhale en romans “in besonder met die uitbeelding van die ‘smartgeskiedenis’ wat sy in *Die swerfjare van*

²⁹Galloway se boek is in 1990 gepubliseer en toon gevolglik nie die volgende baken in die klemverskuiwingsproses in die apartheidsideologie aan nie – na analogie van haar raamwerk, kan egter aangetoon word dat De Klerk se hervormingsbeleid die volgende punt op die kontinuum was.

Poppie Nongena vergestalt en waarmee sy 'n onvergeetlike Mutter Courage van Afrika skep" (1998: 145). As agtergrond vir 'n groot aantal van die verhale kies Joubert die maatskaplike en politieke onrus van die jare sewentig en tagtig in Suid-Afrika. In die bundel wend sy haar, net soos in die geval van *Poppie*, tot "die sosiale realisme" van die "New Journalism". Joubert is in hierdie tydperk nog besig om deur haar fiksie op te tree as getuie van die laaste stuiptrekkings van geïnstitutionaliseerde apartheid en die eskalerende rass spanning wat daarmee gepaard gegaan het.

Op 27 April 1994 vind die eerste demokratiese verkiesing plaas en die ANC behaal 'n oorwinning met 62,7% van die stemme. Met die amptelike inhuldiging van Nelson Mandela as president van die Republiek van Suid-Afrika, kom geïnstitutionaliseerde apartheid tot 'n einde. Die nuwe regering stel die Waarheids-en Versoeningskommissie saam om die menseregteskendings te ondersoek wat plaasgevind het nadat die ANC en ander buite-parlementêre organisasies in 1960 verban is. Hierdie platform vir getuie nis bied die ruimte vir slagoffers om hul saak te stel en verleen amnestie aan dié wat hul menseregteskendings bely.

Met *Die reise van Isobelle* (1995) betree Joubert die wêreld van die genealogiese roman alhoewel sy nie op die paternalistiese familielyn fokus nie, maar eerder op die ervaring van vier geslagte vroue wat as sterk karakters uitgebeeld word en wie se verhale ingebed word teen 'n politieke agtergrond. Deur hierdie aktuele verbondenheid sluit die teks dus aan by haar romans, reisverhale en kortverhale (Kannemeyer, 1998: 150). Daar word veral gefokus op die karakters se persoonlike lyding (148). In hierdie sin, sluit die boek as getuie nis van lyding ook aan by die verhale van lyding wat die media se dekking van die WVK se bedrywighede gedurende hierdie tydperk oorheers het.

Joubert se nuutste reisverhaal, *Gordel van smarag*, verskyn in 1997. In hierdie reisverhaal spreek Joubert haar tot nog toe indirekte kritiek teen die eertydse apartheidbeleid eksplisiet uit deur haar vereenselwiging, maar ook haar teleurstelling te toon met haar persoonlike rolmodel, C. Louis Leipoldt, wat nie daarin geslaag het om sy kritiek teen kleurpolitiek in Afrikaans te verwoord nie. Hierdeur het Leipoldt volgens Joubert sy potensiaal as leiersfiguur wat die Afrikanergemeenskap tot ander insigte kon bring jeens hul beleid van segregasie, onontgin gelaat en het hy nie die Multatuli van die Afrikaanse letterkunde geword nie (Joubert, 1997: 35; 36; 38; 85; 87). Leipoldt se huiwering om hom direk in Afrikaans uit te spreek oor kontensieuse sake soos sendingwerk, godsdiens en die kleurkwessie dwing Joubert ook tot bestekopname oor die Afrikaanse skrywer se posisie binne sy gemeenskap: "Ek besef nou weer eens in hoe 'n geweldige mate ons skrywers en denkers geborstrok was, en hoe die oop gesprek, veral oor godsdiens en die kleurlyn nie net as volksvreemd nie, maar ook as volksverraad beskou is. In

1932 oogklappe, vanaf 1948 gemuilband?” (Joubert, 1997: 128). Joubert se fassinatie met en haar subjektiewe uitlatings oor Leipoldt wat dié reisjoernaal ook stilisties laat afwyk van haar ander werke in hierdie genre, spruit uit haar identifikasie met sy tussenlanderskap: “[E]k weet dat ek op hierdie reis groter duidelikheid gekry het. My eie tussenlanderskap was, soos dié van Leipoldt, aanvanklik ’n verdeeldheid tussen my eie groep en ander wyer, meer humane lojaliteite. Die afgelope paar jaar het dit van klem verander en geword ’n gespletenheid tussen Afrika en Europa” (Joubert, 1997: 148). Tydens die apartheidstryd het Joubert haar dus gedistansieer van die heersende norme – tog net soos Leipoldt het daar by haar ook nie die eksplisiete teregwysing teenoor die Laer-mentaliteit gematerialiseer nie – en hierin lê miskien ook haar skerp teregwysing teenoor haar mentor waardeur sy indirek haarself ook kritiseer omdat sy so indringend met hom geïdentifiseer het as tussenlander.

Benewens haar reisverhale, romans en kortverhaalbundels het daar ook verspreide tekste van Joubert verskyn in ’n aantal bloemlesings³⁰. Ek wil slegs ’n paar opmerkings maak oor die tekste vir soverre rasseproblematiek as aktuele tema daarin aangeraak word. Dit is opvallend dat “Die sendeling se dood” vier maal opgeneem is in bloemlesings (1973, 1986, 1991 en 1996). Dit is ’n verhaal wat Joubert duidelik tipeer as skrywer wat kommentaar lewer op die samelewingspatrone in die eertyds apartheidsgesinde Suid-Afrika, spesifiek op die wisselwerking tussen rassisme en religie. Ook “Melk” (twee maal in bloemlesings opgeneem: 1989, 1992), “In memoriam Johanna” (verskyn slegs in ’n bloemlesing), “Agterplaas” (naas Joubert se kortverhaalbundel, is dit ook opgeneem in twee ander bundels [1986 en 1996]) en “Telefoon” (ook in twee ander bloemlesings [1994 en 1996]) toon ’n duidelike politieke bewustheid. Laasgenoemde drie verhale fokus op die relasie tussen die blanke werkgewer en die bruin of swart huiswerker. “In memoriam Johanna” wys op die rol van ’n huiswerker as tweede moedersfiguur en soms ook as surrogaatmoeder. Weens hierdie rol ondervind die verteller ook

³⁰ In chronologiese volgorde: “Die vriendelike begin” in *Son op die land: sketse en vertellinge* (1967), “Herfsdag in Oostenryk” in *Dames XVII: vertellinge van vroue* (1969), *Trekvoëls: ’n Keur uit Afrikaanse Reisverhale* (1969), “Die sendeling se dood” in *Bolder: Verspreide Prosatekste* (1973), “Musiek in Berlyn” in *Kompas: reissketse* (1975), “Kaïro” in *Stad en Stedelig: Sketse en Vertellinge deur vyf-en-twintig Afrikaanse skrywers* (1977), “Eli” in *Blommetjie gedenk aan my* (1978), “Pêrelse kinderdae” in *Klein Koninkryk: vertellings uit die jeugland* (1980), “Die sendeling se dood (herskryf met gewysigde slot)” en “Agterplaas” (gewysig sedert dit in *Melk* verskyn het) in *Die Afrikaanse Kortverhaalboek* (derde uitgawe 1986), “Melk” in *Koker* (1989), “Oorlog”, “Die geskenk” en “Ateljee” in *Kort-kort: 75 ongebundelde kortkortverhale* (1990), “Melk” en “Die sendeling se dood (herskryfde weergawe)” in *Vertellers 2: Die tweede groot verhaalboek* (1991) “In memoriam Johanna” in *Vrou: Mens: verhale deur vroue oor vroue* (1992), “Telefoon” in *Vrouvertellers: 1843-1993* (1994), “Je ne mange pas de porc” in *Sewe sondes, nee meer: verhale en essays oor dood- en ander hoofsondes* (1995), “Die sendeling se dood” (gewysigde weergawe), “Agterplaas” (gewysigde weergawe) en “Telefoon” in *Eeu: Honderd jaar van Afrikaanse kortverhale* (1996) “Dogters van Afrika” en “In memoriam Johanna (herskryf – hoofsaaklik stilistiese wysigings)” in *Dogters van Afrika* (1997), ’n uittreksel uit *Ons wag op die kaptein*, “Vuur” en ’n fragment uit *Suid van die wind* in *Wys my waar is Timboektoe* (1997), en ’n uittreksel uit *Die laaste Sondag in Borde, Borde Boordevol* (1998). Ek neem slegs die bloemlesings op wat ek in hierdie hoofstuk bespreek en lys hulle onder die

ambivalente gevoelens jeens die sisteem wat hierdie moedersfiguur benadeel het, en soveel te meer skuldgevoelens en gedeelde verantwoordelikheid vir die gevolge van die apartheidsbeleid. Die verwydering wat hierdie beleid veroorsaak, word oorbrug op die begrafnis van die moedersfiguur Johanna, waar haar dogter Katie en die verteller, Miss Amy, versoen word. “Agterplaas” is eksemplaries van die ongemaklike simbiose wat daar bestaan het tussen die inwonende huishulp en die blanke werkgewer. Die kamer wat deur die huiswerker en sporadies deur haar netwerk van vriende, kennisse en plaasvervangers ingeneem word, word ’n misterieuse onbetreembare ruimte wat die verteller haar nie veroorloof om binne te dring nie. Haar omgang met die ruimte word ook tekenend van haar omgang met haar huiswerker en haar ongeduld met en onbewustheid van haar werknemer se lewenskrisisse in die algemeen. Die verhaal word afgesluit met dieselfde stelling waarmee dit begin: “Ek leef op die periferie van ’n bestaan wat ek nie ken nie”. “Telefoon” integreer die gegewe van die huiswerker en die ambivalente affiniteit wat die verteller jeens haar openbaar gedurende ’n krisissituasie in die plakkerskampe, met die uitbeelding van gesinsgeweld. Die verteller se eggenoot verhinder haar deur geweld om hulp te verleen aan haar eertydse huishulp wat skuiling probeer reël vir haar twee seuns (wat self in lewensgevaar verkeer) en motiveer op ’n hoogs ironiese wyse sy aksie: “Die geweld wil ek nie op my werf hê nie, jy weet dit mos, ek kan nie die geweld in my huis laat kom nie”.

Die verhale wat dus herhaaldelik opgeneem is in bloemlesings, fokus op die Suid-Afrikaanse aktualiteit en bevestig Joubert se preokkupasie met die rasseproblematiek van haar tuiste. Dit beklemtoon ook dat haar bloemlesers haar as skrywer assosieer met die tema van rasseverhoudinge. Ook op grond van haar gebundelde fiksie in versamelwerke kan Joubert dus gekategoriseer word as betrokke skrywer. Ten opsigte van die res van die gebloemleeste materiaal kan gesê word dat daar nie uittreksels uit haar Afrikareisverhale ingesluit is wat ’n politieke bewustheid toon nie, maar dat die seleksie fokus op die toeristiese: Kaïro, Oostenryk en Berlyn. Die enigste uittreksel wat wel wegbeweeg van die sketsmatige is die uittreksel uit *Suid van die wind* wat in *Trekvoëls* verskyn het. Hierdie spesifieke uittreksel is nie van so ’n aard dat dit wel die Suid-Afrikaanse leser sal noop tot kritiese selfondersoek nie. Die reisfragmente wat dus gebloemlees is, skep dus ’n ander beeld van Joubert.

Na die eeuwisseling het daar nog net een prosabydrae van Joubert verskyn, naamlik die novellebundel *Twee Vroue*. Die eerste novelle, *Pampas*, is geskryf na aanleiding van ’n reis wat sy en haar man Klaas Steytler na Suid-Amerika onderneem het in 1985. Hulle is genooi na ’n internasionale boekefees in Buenos Aires en het na afloop van die byeenkoms na Comodore

Rivadavia, in Patagonië, gevlieg. Hulle wou die afstammeling van die groep Suid-Afrikane wat in 1903 geëmigreer het na Suid-Amerika, ontmoet (Smith, 2002: 3 en Van der Merwe, 2002: 72).

Pampas speel af in Argentinië gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu en ondersoek die dilemma van 'n Suid-Afrikaanse rykmansdogter wat haar deur trots en die aantrekkingskrag van die vreemde laat beweeg om met 'n Boer te trou wat grond op die Pampas besit. In Patagonië voer sy 'n primitiewe bestaan as verbitterde vrou wat nie daarin slaag om 'n seun te baar sodat sy van haar huwelikspelig verlos kan word om terug te keer na die beskaving nie. Ook in die tweede novelle, *Klooster*, word 'n buitelandersfiguur uitgebeeld wat in die vreemde landskap van die woestyn uitgesluit voel tussen haar manlike medereisigers en aanvanklik suspisies en afkerig staan teenoor die nomades en pelgrims wat sy teenkom – sy ondergaan egter 'n spirituele verdieping en deurbreek haar isolasie deur kontak met die pelgrimsvroue en 'n intieme ervaring met 'n Bedoeïen.

Klooster is gebaseer op 'n besoek aan die Santa Katerina-klooster in die Sinai-woestyn (Van Niekerk, 2002: 11 en Smith, 2002: 3). Joubert het opgemerk hoe 'n busgroep daar aandoen en 'n geselskap van vier wat op die mure van die klooster rondgeloop het, het haar aandag getrek. Twee karakters het haar gefassineer: “'n dikkerige fotograaf en 'n mooi vrou”. Waar die man gewerk het was die vrou “heelttemal afgeslote, [sy kon] nie vashaak nie” (Smith, 2002: 3). Met *Twee Vroue* keer Joubert dus weer terug na die tema van menseverhoudinge alhoewel die reismotief nie agterweë bly nie. Dit kom voor asof die Suid-Afrikaanse rasseproblematiek voorlopig op die agtergrond geskuif is.

Hoofstuk 3

Die resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan*: 'n sinchroniese en diachroniese ondersoek na verskuiwende waardeoordele

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk kom die resepsie van *Die staf van Monomotapa* (1964) en *Die nuwe Afrikaan* (1974) aan bod deur middel van 'n empiriese ondersoek na die primêre en die sekondêre resepsiemateriaal. Die primêre resepsiemateriaal bestaan hoofsaaklik uit resensies in populêre koerante, tydskrifte en vaktydskrifte en die inleiding tot 'n onderhoud, terwyl die sekondêre resepsiemateriaal bestaan uit besprekings in literatuurgeskiedenis. In die ondersoek maak ek gebruik van 'n model van H.T. Boonstra waarvolgens die uitsprake van kritici in kategorieë verdeel word met die doel om resensies met mekaar te vergelyk. Boonstra se model stel die navorser in staat om gevolgtrekkings te formuleer oor die argumente in resensies wat kwantitatief die resepsie van tekste oorheers.

Ek sal die meeste aandag gee aan die aanvanklike resepsie, maar ook die latere resepsie betrek in 'n poging om aan te toon hoe die verwagtingshorison van literêr-geskoolde lesers mettertyd verander het. Hierdie verandering is veral merkbaar in die erkenning wat die lesers in retrospek aan Joubert gegee het vir haar vernuwende bydrae tot die Afrikaanse reisliteratuur.

Hierdie resepsie-ondersoek bied slegs beperkte insig in die veranderinge in die verwagtingshorison³¹ van lesers. Soos wat Gerrit Olivier in sy resepsie-ondersoek oor *Die swerfjare van Poppie Nongena* aangetoon het (1982: 35-53), is die rekonstruksie van die verwagtingshorison binne 'n bepaalde periode 'n onbegonne taak aangesien die beskikbare resepsiemateriaal slegs die resepsie van tekste by enkele literêr-geskoolde lesers verteenwoordig en daar dus geensins betroubare veralgemenings gemaak kan word oor die ontvangs of die redes vir die populariteit

³¹ Olivier maak in sy artikel krities gebruik van Jauss se definisie van die begrip verwagtingshorison. Nadat Jauss die term gemunt het, is daar uitvoerig geteoretiseer daaroor soos wat aangetoon word in byvoorbeeld Segers se werk *Lezen en laten lezen: Recent receptie-onderzoek in Nederland en België* (1981). Alhoewel De Jongh in haar lemma-inskrywing oor die term in *Literêre Terme en Teorieë* (1992: 568-569) verwys na Holub, Malan en Gadamer, Segers, Suleiman en Crossman, wys sy nie eksplisiet op die verfyning van die begrip nie. Ek volstaan egter hier met haar definisie van die term, omdat ek nie vir die doeleindes van hierdie ondersoek 'n meer genuanseerde werksdefinisie benodig nie. Haar definisie lui: “*Verwagtingshorison* is die literatuurwetenskaplike term wat die literêre en historiese kulturele agtergrond beskryf waarmee lesers tekste benader” (De Jong, 1992:

van 'n bepaalde teks by die breë leserspubliek nie. 'n Studie in hierdie rigting kan dus hoogstens die literêre norme van toonaangewende resensente binne 'n bepaalde periode uitlig. Hieruit kan versigtig enkele gevolgtrekkings gemaak word oor heersende literêre evaluasieprinsipes en kanoniseringskriteria.

3.2 Teoretiese onderbou: resepsie-analise volgens H.T. Boonstra

Voordat ek die analise van die aanvanklike resepsie van Elsa Joubert se reisverslae aanpak, sal ek eers 'n uiteensetting verskaf van die model waarvolgens die argumente in elke resensie deur my gekategoriseer is. Om 'n greep te kry op die resepsie van Joubert se reisverhale het ek H.T. Boonstra se opstel getiteld "Van waardeoordeel tot literatuuropvatting" (1979: 243-253) as uitgangspunt geneem. In hierdie artikel ontwikkel Boonstra 'n model waarin sy die gebreke van J.J.A. Mooij se kategorisering van waardeoordele in sy opstel "Problemen rondom literaire waardeoordelen" probeer ondervang. Boonstra wys in haar artikel op die gebrek aan intersubjektiwiteit en sistematiek in Mooij se model en met haar nuwe, minder subjektiewe benadering tot die samestelling van literatuurgeskiedenis, wil sy 'n meer deursigtige metode daarstel vir die beoordeling van literêre kritiek.


Boonstra se uitgangspunt is dat literêre norme nagespeur kan word aan die hand van die argumente wat kritici aanvoer om hul waarde-oordele te staaf. Deur genoeg waarde-oordele van 'n spesifieke kritikus deur middel van 'n analise van die onderliggende argumente in sy/haar resensies onder oë te neem, kan sy/haar literaturopvatting gerekonstrueer word: die oorheersende argumente kan herlei word tot literêre norme. Om te verhoed dat so 'n ondersoek egter vervlak tot blote inventarisasie, moet die navorser ordeningsbeginsels gebruik. Laasgenoemde stel die navorser in staat om kritici onderling te vergelyk en ook hul literêre norme komparatief na te gaan (Boonstra, 1979: 243-244).

Boonstra stel 'n model op wat gebaseer is op die inleiding van M.H. Abrams se *The Mirror and the Lamp: Romantic theory and the critical tradition* waarvan die eerste uitgawe uit 1953 dateer.³² In 'n poging om estetiese teorieë te vergelyk, skep Abrams 'n verwysingsraamwerk waarvolgens daar altyd sprake is van vier elemente in alle kunsteorieë, naamlik die werklikheid, die werk, die kunstenaar en die gehoor (1958: 6). By elke kunsteorie verskuif die fokus na een van die aspekte. Na aanleiding van die gerigtheid van die verskillende teorieë, onderskei Abrams vier oriëntasies oor kuns, naamlik die mimetiese, pragmatiese, ekspressiewe en objektiewe oriëntasies/teorieë (1958: 8, 14, 21, 26). By mimetiese teorieë lê die klem op die verhouding tussen

568).

³² Ek maak gebruik van die 1958 uitgawe.


die kunswerk en die sintuiglik waarneembare en die ideale werklikheid (Boonstra, 1979: 245).³³ Volgens die mimetiese oriëntasie, is kuns in wese 'n nabootsing van aspekte van die werklikheid (Abrams, 1958: 8). Pragmatiese teorieë sentreer rondom die verhouding tussen die kunswerk en die publiek (Boonstra, 1979: 245) en beskou die kunswerk as 'n middel of instrument waardeur 'n bepaalde doelwit bereik word (Abrams, 1958: 15). Ekspressiewe teorieë stel die relasie tussen die kunswerk en die kunstenaar voorop (Boonstra, 1979: 245) en daarvolgens is die kunswerk die eksterne resultaat van die kunstenaar se persepsies, gedagtes en gevoelens (Abrams, 1958: 22). By objektiewe teorieë word die kunswerk as selfstandige geheel beskou en staan dit nie in verhouding tot iets daar buite nie (Abrams, 1958: 26). Abrams illustreer sy indeling deur middel van die volgende diagram (1958: 6):



Volgens Abrams vorm elkeen van die elemente in die diagram die essensiële kenmerk van een van die teorieë, alhoewel 'n teorie nie beperk is tot een element nie en al vier elemente eintlik 'n rol speel. Abrams konstateer ook dat 'n kritikus na analogie van sy teorieë-model verskillende perspektiewe op 'n kunswerk sal hê alhoewel sy persoonlike kriteria tog sal fokus op 'n bepaalde element (Boonstra, 1979: 245).

Boonstra neem Abrams se model en pas dit aan om die argumente waardeur kritici hul waardeoordele rugsteun, te kategoriseer. Sy onderskei dan vier hoofgroepe *argumente* (1-4), maar voeg nog 'n vyfde kategorie (5) by: (1) argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word in verhouding tot die waarneembare of ideale werklikheid, (2) argumente waarvolgens die literêre kunswerk beoordeel word in verhouding tot die outeur, (3) argumente waardeur die literêre werk beoordeel word as selfstandige geheel, (4) argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word in relasie tot die leser en (5) argumente waardeur die literêre werk beoordeel word in verhouding tot ander literêre werke. Sy wysig dus Abrams se diagram as volg:

³³ Boonstra gebruik hier die term *universum* as vertaling vir Abrams se “universe” om die twee dimensies van werklikheid te omskryf.



Omdat dit hier gaan oor 'n waarde-oordeel, mag die terme in die skema nie verabsoluteer word nie – die elemente word slegs beskou deur die perspektief van die kritikus wat die literêre werk lees en beoordeel – daar is dus nie sprake van *die* werklikheid, *die* ander literêre werke, *die* outeur of *die* leser nie. Boonstra beklemtoon die subjektiwiteit van die skema deur die leser se perspektief sentraal te stel: dit is die leser perspektief op al vyf elemente wat van belang is.

Binne die vyf hoofkategorieë argumente (argumente waar [1] die relasie tussen die literêre werk en die werklikheid sentraal staan, [2] argumente waar die relasie tussen die outeur en die literêre werk prominent is, [3] argumente waar die werk as outonome eenheid beoordeel word, [4] argumente waar die verhouding tussen die werk en die leser die brandpunt is en [5] argumente waar die werk se verhouding tot ander literêre werke die fokuspunt vorm) onderskei Boonstra verdere subgroepe (1979: 246-249). Ten opsigte van argumente waar die relasie tussen die literêre werk en die werklikheid sentraal staan, word daar verder onderskei tussen afspieëlingsargumente, abstraheringsargumente, *engagements*argumente en morele argumente. Waar die verhouding tussen die outeur en die literêre werk prominent is, word die volgende subkategorieë geskep: ekspressiewe argumente, intensionele argumente en outeurspoëtikaargumente. In die geval waar kritici die werk as outonome eenheid benader, figureer stilistiese en kompositoriese argumente as subkategorieë. Indien die relasie tussen die werk en die teikenleser sentraal staan, word emosionele, identifikasie- en didaktiese argumente onderskei. En ten slotte, in gevalle waar die verhouding tussen die werk en ander literêre werke die fokuspunt is, word onderskeid getref tussen oorspronklikheids-, tradisie- en relativiteitsargumente. In die volgende tabel word 'n beknopte uiteensetting gegee van die onderskeie subkategorieë en die kriteria waaraan argumente moet voldoen om geklassifiseer te word as behorende tot 'n bepaalde subkategorie.

Hoofkategorie	Subkategorie	Omskrywing
relasie tot die waarneembare en ideale werklikheid	afspieëlingsargument	Hoe waarheidsgetrou werklikheid weergegee word.
	abstraheringsargument	Die mate waarin die outeur afstand neem van werklikheid.
	<i>engagements</i> argument	Die werk se betrokkenheid by die sosiale of politieke aktualiteit. ³⁴
	morele argument	Die lesers se goedkeuring van die morele strekking van die boek (soos weerspieël in die elemente uit werklikheid wat beskryf word).
relasie outeur	ekspressiewe argument	Boek word geprys as die persoonlikheid van die outeur daarin tot uiting kom óf as die outeur 'n egte persoonlikheid is.
	Intensionele argument	As die outeur daarin slaag om sy bedoelinge te realiseer.

³⁴ Volgens Boonstra lê die essensie van die argument “niet zo zeer in de actualiteit als wel in de betrokkenheid, het gaat vooral om het geëngageerde karakter van een literaire tekst [...] [M]en [kan] een boek afwijzen omdat de auteur weigert stelling te nemen en zich vrijblijvend opstelt”. Uit hierdie beskrywing en voorbeeld sou afgelei kon word dat *engagement* hier eerder verstaan moet word as verwant aan die begrip betrokkenheid soos wat dit deur Brink en Deudney gedefinieer is. Die meningsvormende invloed en die wil om die status quo te verander, vorm egter nie deel van Boonstra se beskrywing nie. Die ander voorbeeld wat die skrywer noem, toon egter dat hier ook 'n losse gebruik van die term *engagement* voorkom: “Wanneer men gebruik maakt van een engagementsargument waardeert men het boek bijvoorbeeld omdat men er de problematiek van een tijd in herkent, dit kan die van de eigen tijd zijn, maar ook die van het verleden” (Boonstra, 1979: 247). Die herkenning van die tydgenootlike problematiek, is een van die kenmerke wat Deudney aan aktuele literatuur heg, maar nie as wesentlike kenmerk van betrokke literatuur beskou nie. Ek vind *engagement* dus hier 'n dubbelsinnige en onbevredigende kategorie en stel voor dat die kategorie eksplisiet herbenoem moet word as die “aktualiteits- en betrokkenheidsargument”. Ek vind 'n duideliker onderskeid veral nodig vir die beoordeling van die argumente wat resensente rondom Joubert se reisverhale geformuleer het. Vervolgens verwys ek dan na aktualiteits- en betrokkenheidsargumente. In my bespreking van hierdie kategorie sal ek ook aantoon watter resensente aktualiteitsargumente aanvoer en of daar enigsins na betrokkenheidsargumente verwys word.

	Outeurspoëtika-argument	Boek word gewaardeer as dit voldoen aan die literêre norme van die outeur. Boek kan gekritiseer word weens gebrek aan eienskappe wat outeur self na waarde skat.
werk outonoom	kompositoriese argument	Boek word hoog aangeslaan vanweë goeie struktuur.
	stilistiese argument	Hierdie argument het altyd betrekking op styl, taalgebruik, sinswendinge, woordgebruik ensovoorts.
relasie leser	emosionele argument	Die mate waarin die boek die leser roer en die leser hom inleef in die lotgevalle van 'n karakter.
	Identifikasie argument	Die mate waarin die leser homself in die boek herken.
	didaktiese argument	Die mate waarin die boek die leser se ervaringswêreld of kennis verryk of die leser tot nadenke stem en lei tot bepaalde insigte.
relasie ander werke	oorspronklikheids-argument	Die mate waarin die boek daarin slaag om hom deur oorspronklikheid van ander boeke ten opsigte van die onderwerp of visie te onderskei.

	tradisie argument	Boek sit bepaalde tradisie voort. Daar word veronderstel dat 'n literêre werk 'n nabootsing is van die ideale literêre werk en daar word vergelykings getref tussen die onderskeie nabootsings.
	relativiteitsargument	Die waarde van die boek binne die kader van 'n bepaalde reeks boeke, byvoorbeeld binne die oeuvre van 'n outeur of binne 'n bepaalde genre.

Alhoewel Boonstra haar model skep as hulpmiddel vir die evaluering van waarde-oordele rondom romans en verhale, kan haar skema ook gebruik word vir die kategorisering van argumente wat resesente aanvoer om waardeoordele oor reisverhale te staaf.

Vervolgens sal ek in die eerste plek die primêre resepsiemateriaal³⁵ van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* met behulp van Boonstra se model analiseer en verklaar. Hierdie verklarings behoort ook lig te werp op kritici se literatuuropvattings oor die reisliteratuur gedurende die sestiger- en sewentigerjare.

In die tweede plek sal ek die latere resepsie analiseer. My bespreking van hierdie sekondêre resepsiemateriaal³⁶ sal die verskuiwing in literêre opvattings ten opsigte van Elsa Joubert se reisverhale aantoon.

3.3. Aanvanklike resepsie

3.3.1 Aanvanklike resepsie van Die staf van Monomotapa

Gedurende die periode November 1964 tot Augustus 1965 het daar agt³⁷ verskillende resensies oor *Die staf van Monomotapa* verskyn. Uit die verskeidenheid resensies blyk dit dat daar 'n min of meer ewewigtige dekking van Joubert se werk in akademiese kringe en in die populêre media was.

³⁵ In die inleiding tot hierdie hoofstuk het ek uiteengesit watter bronne ek beskou as primêre resepsiemateriaal en gebruik vir die analise van die aanvanklike resepsie.

³⁶ In die inleiding tot hierdie hoofstuk het ek verduidelik watter bronne ek as sekondêre resepsiemateriaal beskou en benut vir die ondersoek na die latere resepsie.

³⁷ Die bespreking van P.D. van der Walt wat in Maart 1965 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het, verskyn ook in die *Taalgenoot* van Januarie 1965, en word later weer ingesluit in sy bundel *Mené Tekél. Letterkundige studies en kritieke* (1969).

Wanneer Boonstra se analise-model toegepas word op die beskikbare materiaal en die tipe argumente kwantitatief vergelyk word, kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word. Dit val byvoorbeeld op dat die estetiese aspekte³⁸ en didaktiese potensiaal³⁹ van die reisverslag as prominente norme figureer. Didaktiese argumente word byna net so dikwels aangevoer as stilistiese argumente en gevolg deur kompositoriese argumente en afspieëlingsargumente⁴⁰ – wat aantoon dat die mimetiese kwaliteit van die reisverslag ’n belangrike oorweging was by die beoordeling van die werk. Ook verdieping of abstrahering⁴¹ word as kriterium gestel – juis omdat die reisbeskrywing so maklik kan ontaard in ’n bloot joernalistieke verslag. Indien die verspreiding van die argumente in die primêre resepsiemateriaal van die onderskeie outeurs onder die loep geneem word, is dit duidelik dat didaktiese argumente deur almal aangevoer word en afspieëlingsargumente by sewe uit die agt. Stilistiese argumente word deur ses uit die agt outeurs aangevoer en emosionele⁴², kompositoriese, abstraherings- en aktualiteits- en betrokkenheidsargumente⁴³ deur vyf uit die agt outeurs. Relativiteitsargumente⁴⁴ word deur die helfte van die outeurs gebruik – dus is die posisie wat die werk ten opsigte van die subgenre en die oeuvre van die skrywer beklee ook redelik belangrik. Argumente wat egter betrekking het op die werk in relasie tot die skrywer self is opvallend in die minderheid: slegs drie van die outeurs gebruik ekspressiewe argumente⁴⁵ en een ’n intensionele argument⁴⁶.

Soos reeds vermeld in die tweede hoofstuk, was veral die aktuele karakter van die werk vir Joubert self van belang; tog is dit duidelik dat dit nie die oorwegende argument is wat aangevoer is nie. Alhoewel vyf uit die agt dit het oor aktualiteit, kom die tipe argument maar ses keer voor teenoor die agtien stilistiese argumente en sewentien didaktiese argumente wat geïdentifiseer word uit die korpus primêre resepsiemateriaal. Gevolglik kan ook afgelei word dat dit nie die vernaamste aspek van die teks was wat inhoudelik tot die lesers gespreek het nie. Die reisverslag as outonome geheel en die reisverslag as didaktiese instrument blyk die belangrikste oorwegings

³⁸ Dit kan afgelei word uit die frekwensie van kompositoriese [betreffend die struktuur en samehang] en stilistiese [sintaktiese wendinge sowel as taal- en woordgebruik] argumente.

³⁹ Hierdie bevinding word gesteun deur die voorkoms van argumente wat aantoon dat die teks die leser se ervaringsveld en kennis verryk, die leser tot nadenke stem en selfs tot bepaalde insigte kan bring.

⁴⁰ Afspieëlingsargumente stel die boek as waarheidsgetrou voor en prys die outeur vir eienskappe wat hierdie indruk versterk.

⁴¹ Abstraheringsargumente is gebaseer op die afstand wat die outeur van die werk neem en die wyse waarop stof verwerk word totdat dit algemene of simboliese waarde verkry.

⁴² Emosionele argumente betrek die inlewing van die leser in die lotgevalle van die verteller en die wyse waarop teks boei.

⁴³ Aktualiteits- en betrokkenheidsargumente betrek die teks se betrokkenheid by die sosiale of politieke aktualiteit. Hier gebruik ek dit as een kategorie met twee tipes subargumente, maar ek sal later in my beskrywing van die argumente met my werksdefinisie in hoofstuk een as uitgangspunt, aandui watter subkategorie van toepassing is by die resepsie van Joubert se werk.

⁴⁴ Hierdie argumente betrek die waarde van die boek ten opsigte van ’n bepaalde reeks boeke.

⁴⁵ Ekspressiewe argumente fokus op die boek as uiting van die persoonlikheid van die outeur.

te wees by die outeurs. Vervolgens word die stilistiese, didaktiese, kompositoriese, afspieëlings-, abstraherings-, aktualiteits- en betrokkenheids-, emosionele, ekspressiewe en intensionele argumente in meer besonderhede bespreek in volgorde van frekwensie.

Wanneer **stilistiese argumente** ter sprake kom, word *Die staf van Monomotapa* veral geprys vanweë die afwisseling ten opsigte van inhoud en vertelstyl (Schutte, 1965: 51, Bekker, 1965: 23) waar sy die oorgange sonder ernstige hindernis hanteer het, die wyse waarop die gewaarwordings “natuurlik” raak (Schutte, 1965: 51, Van der Walt, 1965: 154), “lewendig en met humor en gemoedelikheid” (Blignault, 1964: 125) neergepen is. Die skrywer word ook geprys vir haar sterk terughoudendheid (Van der Walt, 1965: 153, Bekker, 1965: 22, 23) wat as gepas bestempel word – haar keuse om die reisigers nie te veel op die voorgrond te plaas nie, maar ook omdat sy tog daarin slaag om nie droog en feitelik met die materiaal om te gaan nie (“Oor boeke”, 1965: 32, vgl. ook Van der Walt, 1965: 154). Haar objektiewe styl (Bekker, 1965: 23) en die verantwoordelike ingetoënheid (Bekker, 1965: 23) wat haar kommentaar kenmerk, word veral genoem waar die situasie in die Portugese kolonie die moontlikheid van parallelle scenarios in die Republiek oproep. Alhoewel daar ook enkele taalkundige besware ingebring word teen haar werk, veral deur Pirow Bekker (1965: 23-24, vgl. ook Van der Walt, 1965: 154 – hierteenoor Minnaar, 1965: 61), domineer die positiewe waardeoordele.

Didaktiese argumente sluit in die klem op die wetenskaplike (Van der Walt, 1965: 153, vgl. ook “Oor boeke”, 1965: 32 en Minnaar, 1965), veral die geskiedkundig-boeiende ryk van Monomotapa (Schutte, 1965: 50), wat Joubert belig in haar relaas. Die wyse waarop Joubert die onbekende toeganklik maak vir die meeste Afrikaanse lesers, word ook betrek, veral omdat dit hier gaan oor ’n buurland (Marc, 1964: 38, Schutte, 1965: 50, H.L.A., 1964: 80, Blignault, 1964: 125). Dat sy die huidige politieke, ekonomiese en sosiale toestande in Mosambiek verhelder deur middel van die geskiedenis, word ook as prysenswaardig beskou (Blignault, 1964: 125, Schutte, 1965: 50, 51, “Oor boeke”, 1965: 32). ’n Enkele outeur verwys ook na die kennis wat die leser opdoen van die inwoners en die rasseprobleem (Marc, 1964: 38) – wat dan by implikasie ook natuurlik relevant is vir die Suid-Afrikaanse situasie.

Kompositoriese argumente sluit in die hegte bou wat die verhaal verkry deur middel van die legende en die swart-wit probleem wat deurgekomponeer word (Schutte, 1965: 50, vgl. ook “Oor Boeke”, 1965: 32). *Die staf van Monomotapa* word ook beskou as ’n sorgvuldig-opgestelde en afgeronde vertelling waarin gestreef word na integrasie van stof en kontinuïteit van aanbod (Schutte, 1965: 51), nie ’n opstapeling van boekefeite nie (H.L.A., 1964: 80). Die afwisseling

⁴⁶ Intensionele argumente plaas die klem op die bedoelinge van outeur soos dit gerealiseer word in teks.

binne die eenheid, onder meer van stof en stemming, word ook hoog aangeslaan (Van der Walt, 1965: 153, vgl. ook Schutte, 1965: 51). Daar word verwys na die perspektiefwisseling, ooreenkomste en kontraste (Van der Walt, 1965: 154), die invulling van die agtergrond ter wille van grond en groeipunte van die huidige gebeurtenisse en gedragslyne (Bekker, 1965: 23). Negatiewe kommentaar word slegs gelewer deur een outeur – weer Pirow Bekker – wat opmerk dat die statistieke “tot oorgewig [kan] neig” (1965: 23).

Afspieëlingsargumente fokus nie net op die aard van die representasie van Mosambiek nie, maar ook op die eienskappe wat die skrywer in staat stel om ’n geloofwaardige beeld van die buurland te gee. Sy het ’n “rykdom aan voorkennis en ervaring” (Bekker, 1965: 22) en is “goed op hoogte van feite” (Schutte, 1965: 51), sy beskik oor ’n “skerp waarnemingsvermoë” (H.L.A., 1964: 80), sy “sien alles raak” (Blignault, 1964: 125). Haar “gemoed is oop en ontvanklik”, sy “boesem vertrouwe in as ’n geloofwaardige gids” (Van der Walt, 1965: 153) en “haar joernaal is hoogs betroubaar” (Van der Walt, 1965: 153). Sy “besit die vermoë om wat sy ervaar het vir die leser werklikheid te maak” (“Oor Boeke”, 1965: 32). Ook die wyse waarmee sy die rasseproblematiek benader spreek van “eerlikheid” en “onbevangeheid” (“Oor Boeke”, 1965: 32). Sy het ’n “openhartige benadering van vraagstukke” (Minnaar, 1965: 61).

Die **abstraheringsargumente** fokus veral op die kwaliteite van die werk wat dit onderskei van die joernalistieke verslag. Joubert word gesien as ’n skrywer wat “uiterlike belewenisse” verwerk “tot nadenke en bespieëling” (Schutte, 1965: 51) en ook ’n gelyksoortige reaksie by die leser ontlok: die leser word tot “nadenke en ondersoek geprikkel” (Schutte, 1965: 52). Sy “probeer [...] om [...] onder die oppervlakte van die konkrete werklikheid in te kyk: om iets te laat spreek van [...] die ‘gees’ of ‘siel’ [...] van die bepaalde plek of land” (Van der Walt, 1965: 153-154). Die universaliteit van die reisverslag word beklemtoon wanneer daar opgemerk word dat *Die staf van Monomotapa* lig werp op die mens en die menslike situasie” (Blignault, 1964: 125). “Gewone feite kry dikwels iets simbolies” (“Oor Boeke”, 1965: 32), maar Schutte is van mening dat die staf van Monomotapa as ‘simbool’ van die skat van Monomotapa effens geforseerd voorkom (1965: 51).

Naas hierdie argumente wat kwantitatief oorheers, is dit nodig om te let op die **aktualiteits- en betrokkenheidsargumente** wat wél genoem word, veral aangesien aktualiteit volgens Joubert een van haar vernaamste oogmerke met die teks was (sien hoofstuk 2). Daar blyk tog ’n bewustheid te wees van die aktuele waarde van die reisverslag, al word dit in ’n groot mate verdring deur die stilistiese, didaktiese en kompositoriese argumente. Schutte wys byvoorbeeld daarop dat Joubert “[v]anuit haar Suid-Afrikaanse agtergrond [...] haar eie, heeltemal persoonlike gedagtes en bevindings” formuleer oor die sentraal gestelde probleem

(hoe die Portugese se eenstroombeleid in die praktyk werk) (1965: 51). Blignault stel dit meer eksplisiet: “die Portugese rassebeleid is ’n saak van aktuele belang in ons tyd” (1964: 125).

Naas Blignault wys Van der Walt (1965: 154) en Bekker (1965: 23, 24) ook op dieselfde punt, terwyl die berig in die *Naweekpos* (1965: 32) Joubert se bewustheid van “politieke omwentelinge en strome van die moderne tyd” in die algemeen belig. Dat die situasie dus belangwekkend is, veral ten opsigte van ’n gemeenskaplike “probleem”, word wel erken. Daar word egter nêrens pertinent gewys op die noodsaak om in Suid-Afrika te soek na ’n alternatief nie. Outeurs toon ook nie aan hoe die skryf van die reisverslag as verkennende stap rigtinggewend kan wees nie. Binne die kategorie aktualiteits- en betrokkenheidsargumente word dus net aktualiteitsargumente onderskei.

Wanneer *Die staf van Monomotapa* gestel word teenoor die ander reisboeke in Joubert se oeuvre en dié van mede-skrywers (dit wil sê as outeurs van die primêre resepsiemateriaal **relativistiese argumente** gebruik), is die uitslag opvallend positief: Rocco Marc (1964: 38) bestempel dit as “[e]en van die lewendigste en blinkste in die Afrikaanse taal”. Ook H.L.A. (1964: 80) beskou dit as “’n belangrike toevoeging tot ’n genre wat lank nie die nodige aandag gekry het nie”. Hiermee word dan ook erken dat die reisverslag ressorteer onder die afgeskepte genres in die Afrikaans. Blignault is van mening dat dit ’n “waardige werk” is wat die reisliteratuur verryk (1964: 125). Van der Walt beskou *Die staf van Monomotapa* as “haar beste reisverslag tot dusver, soos ander lesers seker geredelik sal toegee – en ’n glanspunt in hierdie prosagenre in ons taal” (1965: 153).

Verdere argumente wat aangevoer word, is emosionele en ekspressiewe argumente terwyl daar slegs een intensionele argument voorkom. **Emosionele argumente** fokus veral op die mate waarin die skryfster daarin slaag om die leser mee te voer. Deur die bemiddeling van Joubert, ervaar die leser “’n opwindende reis” (Marc, 1964: 38) en “voel dit asof ons werklik saam met hulle sien” (Blignault, 1964: 125). Volgens Van der Walt besit Elsa Joubert “(en demonstreer hier) ongetwyfeld die vermoë om ons te boei met haar seleksie, siening en weergawe (dus ook interpretasie) van wat sy waarneem” (1965: 153). Bekker wys daarop dat die ervaring saam met die skrywer “lewendig en genotvol” bly (1965: 23).

Ekspressiewe argumente toon onder meer aan hoe die persoonlikheid van die skrywer dinge releveer (Schutte, 1965: 52), dat sy “prikkelende nuuskierigheid” (H.L.A., 1964: 80) en “geesdrif” (Blignault, 1964: 125) openbaar en dat haar werk “die stempel van die skrywer se persoonlikheid” dra (Blignault, 1964: 125).

Schutte (1965: 50) is die enigste outeur wat verwys na die doel van haar reis wat aan die begin van die boek eksplisiet gestel word, deurlopend tot nadenke en bespieëling lei en ook

bydra tot die eenheid in die teks. Hier is dus sprake van 'n **intensionele argument** alhoewel dit ook hier verweef word met 'n kompositoriese argument.

Uit bogaande analise blyk dit dat die boek veral geprys is vanweë die estetiese bevrediging wat dit verskaf het en die geleentheid wat dit gebied het aan lesers om hul kennis van Mosambiek as buurland uit te brei. Verder kan ook genoem word die dieptegang naas mimetiese geslaagdheid –aktualiteit en betrokkenheid blyk bysaak te wees by die bepaling van die waarde van die teks. Vervolgens word die aanvanklike resepsie van *Die nuwe Afrikaan* ondersoek in 'n poging om na te gaan hoe die ontvangs van 'n reisverslag binne die bestek van tien jaar verander het.

3.3.2 Aanvanklike resepsie van *Die nuwe Afrikaan*

Die nuwe Afrikaan het opvallend meer aandag as sy voorganger gekry. Teenoor die agt besprekings wat gedurende 1964 en 1965 gepubliseer is oor *Die staf van Monomotapa*, verskyn daar nou agtien besprekings in die pers, wat twee Engelse berigte insluit. Naas die aktuele aard van die werk wat natuurlik belangstelling geprikkel het, is die toename in die aantal besprekings miskien ook te danke aan die feit dat Joubert haarself teen 1974 reeds as gekanoniseerde skrywer gevestig het: sy het intussen ook 'n bydrae tot die Afrikaanse fiksie gemaak deur die eweneens aktuele en kontensieuse *Ons wag op die kaptein* wat met die Eugène Marais-prys bekroon is en *Bonga* wat met die CNA-prys bekroon is in 1971 (Steenberg, 1998: 539).

Wanneer daar samevattend na die resepsie van *Die nuwe Afrikaan* gekyk word, kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word. Dit is byvoorbeeld opmerklik dat stilistiese argumente en aktualiteits- en betrokkenheidsargumente saam die outeurs se waarde-oordeel oor *Die nuwe Afrikaan* boetseer. Afspieëlingsargumente word slegs sestien keer aangetref teenoor die 31 stilistiese en dertig aktualiteits- en betrokkenheidsargumente, terwyl emosionele en didaktiese argumente kwantitatief verder die diskoers bepaal.

Al die outeurs is dit eens dat die werk as aktuele bydrae, besonder relevant is en maak dus gebruik van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente. Hierdie verskuiwing hou duidelik verband met die staatsgreep in Portugal in 1974 en die gevolglike onttrekking van Portugese burgers uit Angola wat die dagblaai oorheers het en die verbeelding van die Suid-Afrikaanse gemeenskap aangegryp het. Dit is egter te betwyfel of die gemiddelde Suid-Afrikaanse leser werklik deur hierdie reisteks tot selfondersoek, tot 'n herbesinning oor die apartheidswetgewing, gedwing is – daarvoor is die korrelasie tussen didaktiese en aktuele en betrokkenheidsargumente te swak. Die estetiese waarde van die werk is nog steeds as primêre kriterium belangrik en toon ook aan dat die verwagtingshorison van die literêre leser nog nie aangepas is sodat laasgenoemde die

reisverslag allereers as implisiete intellektuele teregwyding lees nie. Slegs Brink se bespreking (1974: 19) toon aan dat hy in die verband méér eis van die teks – ook tekenend van die rigting waarin sy eie *fiksionele* werk in die tyd beweeg. As mede-Sestiger is Abraham de Vries se oordeel oor die teks oorwegend negatief, maar hy baseer sy uitsprake op die genrevereistes wat hy aan die reisverslag stel. Vervolgens word die argumente in besonderhede bespreek in volgorde van frekwensie.

Wat **aktualiteits en betrokkenheidsargumente** betref, wys Amanda Botha reeds in haar berig daarop dat *Die nuwe Afrikaan* algemeen beskou word as die aktueelste literêre werk wat gedurende 1974 verskyn het (1974: 12). Ook die *Koers* (D.H.S., 1974: 247), die *Volksblad* van 31 Oktober 1974 (Van Zyl, 1974: 11), *Die Burger* van 19 November 1974 (Rossouw, 1974: 6), *The Friend* van 27 November 1974 (P.C.T., 1974: 7), die *Buurman* van Desember 1974, die *Huisvrou* van 16 Desember 1974, *Nieuws uit Zuid-Afrika* van Desember 1974/Januarie 1975 (“Die nuwe Afrikaan”/’n Reis deur Angola”, 1974/1975: 20) en die *Voorligter* van Januarie 1975 (W.M., 1975: 23) beklemtoon die aktuele waarde. Joubert word as ’t ware ’n barometer van die “onrustige atmosfeer” (Botha, 1974: 12). Alhoewel Joubert haar eie gevolgtrekkings nie beskou as dié van “siener en profeet van môre” nie, word die reisverslag deur outeurs beskou as “belangwekkend” (Van Zyl, 1974: 12 en Brink, 1974: 19) en “kon dit nie op ’n meer geleë tyd as juis nou verskyn het nie”. Die verhaal mag “in ons tyd en situasie [...] nie misgekyk word nie”, aldus ’n berig in die *Beeld* (“Die nuwe Afrikaan”, 1974: 6) (sien ook De Villiers, 1974: 15, Brink, 1974: 19 en W.M., 1975: 23). Dis volgens P.D. van der Walt ’n “boek van ons tyd” (1974: 10). I.L. de Villiers is ietwat meer direk – hy toon juis aan hoekom die boek die hede so tydig en onheilspellend belig: “Dis ’n besoek ‘by die bure’, bure met ’n gemeenskaplike probleem hoewel miskien net ’n bietjie nader aan die vuurlinie as ons” (1974: 15). Ook Jan Kromhout meld dat die publikasie van die joernaal die “rapid and fateful changes occurring in Southern Africa” beklemtoon (1974: 22) en M. Hough is ook van mening dat die werk “grootliks relevant [is] ten opsigte van die huidige toestand in sowel Angola as Mosambiek” alhoewel “sekere van die vrae wat in die boek geopper word na die onlangse gebeure in Portugal nie meer relevant mag wees nie” (1974: 28). Dit is egter slegs Brink wat meer eis as bloot die aktueel relevante: die boek kon volgens hom “soveel indringender gewees het, dit móés” (1974: 19). Wat al hierdie outeurs se argumente aantoon, is dat *Die nuwe Afrikaan* nie as betrokke werk gelees is nie, maar as aktuele werk. Brink is die enigste outeur wat aandrang op betrokkenheid, maar tot die gevolgtrekking kom dat die werk nie aan die kriterium voldoen nie. Binne die kategorie aktualiteits- en betrokkenheidsargumente, word daar dus ten opsigte van *Die nuwe*

Afrikaan, net soos in die geval van *Die staf van Monomotapa*, slegs aktualiteitsargumente aangetref.

Stilistiese argumente is weer met 'n kort kop in die meerderheid – maar hierdie kwantitatiewe beslissing word gerelativeer deurdat die stilistiese argumente nie deur al die outeurs gebruik word nie. Anna van Zyl het dit veral oor Joubert se vermoë om “wat sy gesien en ervaar het helder te verwoord”, “[sy] weerhou haar in 'n groot mate van kommentaar – en stel toestande in perspektief” deur dit objektief te beskou en te beskryf (1974: 12, sien ook “Die nuwe Afrikaan”, 1974: 6). L.J. van *Die Huisvrou* konstateer dat die skrywer [...] self geen kommentaar [lewer nie] en geen oplossing vir die probleem [wil] bied nie” (1974: 53). M. Hough van *Die Hoofstad* (1974: 28) is meer gelykmatig in sy oordeel: “die indruk van onbevooroordeeldheid word ook telkens geskep waar beide kante van 'n saak gestel word”. Ook *Die Buurman* toon lof vir die skrywer omdat sy 'n “verslaggewer en nie 'n kommentator [is] nie”, alhoewel De Villiers in *Die Burger* (1974: 15) meld dat sy nie “beoordeel nie, sy *bejeën simpatiek* [my kursivering]” en André P. Brink 'n “toon van meeewing en begrip” bespeur (1974: 19), (sien ook W.M., 1975: 23). Brink brei verder op hierdie punt uit deur die volgende stelling: “Terwyl dit gewoonlik Elsa Joubert se deug is om nie in te storm met vooroordele of haastige gevolgtrekkings nie, omdat sy die leser wil toelaat om self 'n oordeel te vorm, is daar hier op die duur iets middelpuntvliedends in plaas van middelpuntsoekends” (1974: 19). P.C.T. (1974: 7), W.M. (1975: 23), L.J. (1974: 53) en S.G. (1974: 35) prys die skrywer vir haar onderhoudende skryfstyl. I.L. de Villiers praat selfs van die “ekonomiese, polsende prosa” waarin Joubert die “geheimsinnigheid van ons groot kontinent” vasgevang het (1974: 15). Abraham de Vries, wat net soos Brink bekend was as Sestiger, verskil hier egter van De Villiers: hy is van mening dat *Die nuwe Afrikaan* “in teenstelling met [haar] vorige reisverhale [...] merkbaar 'n tekort aan die ‘spirit of place’, die oproep met woorde van die atmosfeer van verskillende dele en plekke”, toon (1974: 28). Die stemming wat die ruimte by Joubert wek, spreek egter duidelik uit die teks: De Vries noem die “immerwaaksaamheid” wat die redenasies oorstem, en verwys ook na die “soberheid wat 'n mens laat vermoed dat 'n tweede lees nie tydmors sal wees nie” (1974: 28). Die onbekende outeur van die bespreking in *Nieuws uit Zuid-Afrika* bestempel die teks selfs as “een sprankelend verhaal”(1974/1975: 20). Ook D.H.S. (1975: 19) meld dat die skrywer die joernaal “soos 'n verhaal” aanbied en daar kan dus afgelei word dat die outeurs die mate waarin die reisverslag die leser boei, koppel aan die narratiewe struktuur.

Oor die styl van *Die nuwe Afrikaan*, het Brink nie 'n eenduidige uitspraak nie – alhoewel daar “werklike voortreflike gedeeltes” is, wat getuig van “fyngestemde styl van *understatement*” (sien ook De Vries, 1974: 15) het hy dit teen “te veel feite, en veral feitjies, [wat]

aanmeakaargeryg [word], wat [...] die styl laat verdor [...]” en ook teen “te veel gewone joernalistieke slordigheid” (1974: 19). De Vries het ook sy bedenkinge oor die “korrektheid van die Afrikaans” – alhoewel dit nie die oorwegende indruk is nie (1974: 15). Dit is opvallend dat juis die toonaangewende Sestigters op stilistiese gebied negatiewe kommentaar lewer.

Ook wat die **afspieëlingsargumente** betref, is De Vries ietwat teleurgesteld: “Dis van hierdie werklikheid [Angolese werklikheid] wat die leser graag meer sou te wete wou kom” – tog word die reis volgens hom “[o]p minstens een plek [...] byna [’n] verslag van ’n reis deur ’n groter gedeelte van die Derde Wêreld”. Alhoewel die weergawe van die reis dus nie vir De Vries die behoefte aan ’n meer volledige werklikheidsafspieëling bevredig nie, brei die boek tog die leser se kennis van die algemene omstandighede in Derde Wêreldse lande uit. P.D. van der Walt is egter beïndruk met Joubert se herskepping van die “byna tasbare en sigbare realiteit van Luanda en die sfeer van beklemming wat daar heers” (1974: 10). Anna van Zyl van die *Volksblad* (1974: 11) fokus meer op die afspieëling van die geskiedenis wanneer sy dit as ’n “feitelik [...] historiese dokument” bestempel. Ook S.G. van die *Buurman* is van mening dat “wanneer staatkundige geskiedenis eendag geskryf word [...] hierdie boek eerstehandse op-die-tippie dokumentêre getuienis [moet] wees” (1974: 35). Die outeur beskou Joubert juis as ’n kenner van Afrika wat “nie ’n blitsreis onderneem om ’n ‘Inside’ boek te skryf nie” – ’n mening wat ook deur L.J. van die *Huisvrou* beaam word wanneer sy die joernaal as ’n “gesaghebbende boek” klassifiseer en ook die outentisiteit van die teks beklemtoon. Vir André P. Brink “bly [dit egter] heeltyd tog maar ’n blik van buite”. Hy kwalifiseer sy skeptisisme deur die taalgapingsargument: “daar is ’n hinderlike afstand ten opsigte van taal [...] hoe diep kan ’n buitestaander wat die land se taal nie werklik magtig is nie, in die werklikhede van daardie land indring?” en vul dit aan deur ook te verwys na die ontbrekende stemme in die teks: “daar ontbreek ’n intensiewe kontak met die gewone mense van die land, juis hulle wat in vlees en bloed die nuwe Afrikaan is” (1974: 19). Brink maak hier ’n belangwekkende stelling: deur sy bespreking is hy eintlik ál outeur wat die mag van die koloniale diskoers onder die leser se aandag bring en die oppervlakkig optimistiese stem van die Portugese koloniale bewind relativeer deurdat hy die ontbrekende inheemse stemme as noodsaaklike kriteria vir die teks wil stel. Hy lees die teks nie net as blote informatiewe reisverslag nie, maar wil ook die ondubbelsinnige politieke dissidente stem daarin hoor opklink: ’n vereiste wat hy gedurende die sewentigerjare as erkende intellektueel toenemend aan die tekste van ander Suid-Afrikaanse skrywers en aan sy eie tekste stel.

Jan Kromhout is onder die indruk van Joubert se joernalistieke vaardigheid en beginsels wanneer hy haar “quest for first-hand information” beklemtoon (1974: 22), (sien ook Brink,

1974: 19) en vir I.L. de Villiers (1974: 15) is dit ook van belang dat sy die “feite” gee, alhoewel André P. Brink die inligting as “hoofsaaklik amptelike menings” afmaak.

Emosionele argumente kom by nege van die sewentien outeurs voor. Abraham de Vries is van mening dat die optimisme wat reg deur die boek aanwesig is nie werklik ’n dwingende effek het nie – naas politieke optimisme wat nie oortuig nie, het hy dit ook teen die statistieke en historiese oorsigte wat die leser nie help om die gevoel van ’n plek te kry nie (1974: 28). P.D. van der Walt vind egter die joernaal dwingend in so ’n mate dat hy nie die boek kon neersit nie – natuurlik is die outeur se belangstelling in die Angolese geskiedenis en veral die Dorslandtrekkers ook ’n bydraende faktor in sy oordeel: hy vind “die ontmoeting met die weinig oorblywende lede van die Boere se swart volk” ontroerend (1974: 10). Ook I.L. de Villiers het tot in die “vroë oggendure bly lees” (1974: 15). Die outeurs wat besprekings skryf vir *Die Volksblad* (Van Zyl, 1974: 11), *Die Voorligter* (W.M., 1975: 23), *The Star* (Kromhout, 1974: 22), (en by enkele passasies) *Rapport* (Brink, 1974: 19) vind *Die nuwe Afrikaan* boeiend. Slegs twee outeurs is heel spesifiek oor die emosies wat die boek verwek: W.M. van *Die Voorligter* ervaar “simpatie vir die groot blanke bevolking van Angola” (1975: 23) en S. G. van *Die Buurman* voel die spanning dwarsdeur die boek aan (1974: 35). Ook D.H.S. van *Koers* is getref deur die sfeer van die boek (1974: 247).

Didaktiese argumente kom by nege van die agtien outeurs voor. P.D. van der Walt is van mening dat Joubert die “belangrikste fasette van [Angola] teen die lig hou” – onder andere die Nuwe Afrikaan wat die leser deur die werk kan ontdek en herken (1974: 10). Twee ander aspekte wat Anna van Zyl uitlig, is die invloed van terrorisme wat onder die leser se aandag gebring word en ook “die Portugese se beleid vir die saamleef van verskillende rasse” (1974: 11). Ietwat meer algemeen is die uitspraak van D.H.S. wat meld dat die boek goeie insig toon (1975: 19). Die resensent van die Nederlandse tydskrif *Nieuws uit Zuid-Afrika* (1974/1975: 20) vind die groot hoeveelheid agtergrondmateriaal van die dramatiese gebeure wat op daardie stadium in Angola plaasgevind het, nuttig (sien ook Rossouw, 1974: 6). Uit ’n meer polities-historiese oogpunt waardeer D.H.S. van die tydskrif *Koers* “die beeld van Portugal in Afrika voor die Spinola-bedeling” (1974: 247). L.J. van *Die Huisvrou* (1974: 53) (sien ook Hough, 1974: 22) is van mening dat die boek ook insig werp op die toekoms-toestande in Afrika. Jan Kromhout van *The Star* sien *Die nuwe Afrikaan* as verpligte leesstof (1974: 22). Opvallend is dat die twee Sestigters geensins gebruik maak van didaktiese argumente in hul bespreking van die boek nie.

Na aanleiding van die sinchroniese ondersoek na die resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* sal ek nou ’n moontlike interpretasie en verklaring van my bevindinge

gee. Daar moet egter beklemtoon word dat hier slegs moontlike redes verskaf word vir die resultate vanweë bepaalde korrelasies en dat dit nie onomstootlik bewys kan word nie.

3.3.3 Interpretasie van resultate en relevante parallelle ontwikkelings

In hierdie afdeling sal ek na aanleiding van die analise van die aanvanklike resepsie 'n moontlike verklaring vir die dominansie van sommige argumente gee. Die argumente wat in hierdie afdeling aan bod kom is: kompositoriese en stilistiese argumente, didaktiese argumente, afspieëlingsargumente en aktualiteits- en betrokkenheidsargumente.

Ek sal in die eerste plek aantoon dat die voorkoms van kompositoriese en stilistiese argumente verband hou met die oorheersende estetiese literatuurbenadering wat veral grondliggend was aan die beoordeling van literêre tekste tot en met die twintigste eeu. Hierdie oorheersende literatuuropvatting word in die Afrikaanse literêre kritiek geïllustreer deur die opkoms, invloed en nawerking van die stilistiek op linguistiese grondslag in besprekings van reisliteratuur, en is sigbaar in die teoretisering rondom die reisverhaal.

In die tweede plek sal ek die hoë frekwensie van didaktiese argumente probeer verklaar deur te wys op 'n residuele norm uit die vroegmoderne kritiek oor reisliteratuur, naamlik die aandrag op vermaak en lering, die *utile dulci*-beginsel. Ek sal ook wys op 'n verdere moontlike verklaring van die voorkoms van didaktiese argumente, naamlik die invloed van die voorskryfmark. Gedurende die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare was dit naamlik 'n tendens om reisverhale voor te skryf vir hoërskoolleerlinge.

In die derde plek sal ek die voorkoms van afspieëlingsargumente verklaar uit 'n ander residuele norm uit die vroegmoderne kritiek oor reisliteratuur, naamlik die aandrag op die geloofwaardige oordrag van feite in reisverhale.⁴⁷

Ten slotte sal ek die voorkoms van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente in die besprekings van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* motiveer na aanleiding van twee faktore.

Die eerste faktor is 'n norm wat binne die joernalistieke diskoers geld, naamlik die prioritering van nuuswaardige materiaal in verslaggewing. Binne die Suid-Afrikaanse

⁴⁷ Indien die resensente se kommentaar op Joubert se twee reisverhale onder die loep geneem word, is dit opvallend dat hul waarde-oordele dikwels ooreenstem met die norme wat deur agttiende-eeuse kritici en resensente gestel is aan tydgenootlike reisliteratuur. Naas die beginsel van "pleasurable instruction" (Batten, 1978: 25) met die klem op lering, wat in die neëntiende-eeuse Engelse reisliteratuur plek gemaak het vir plesier, maar by die beoordeling van die twintigste eeuse Afrikaanse reisverhale 'n belangrike oorweging gebly het, is die relatief gereserveerde teenwoordigheid van die skrywer wat nie sy of haar eie outobiografiese brokkies en anekdotes bevoorgrond nie (13), die gebruik van beskrywings wat inhoudelik innoverend is en 'n duidelike beeld van die land gee (14), die gebruik van narratiewe meganismes om eenheid te bewerkstellig, die belang van geloofwaardigheid (33, 61 e.v.) en die handhawing van 'n balans tussen 'n gemoedelike geselstrant en formele

joernalistieke diskoers van die tyd, is telkens berig oor resente ontwikkelinge in Afrika ná die staatsgreep in Portugal (waarskynlik omdat Suid-Afrika direk geraak is deur bewindsverandering in die naburige kolonies wat as bevryde state nie meer as 'n buffer kon dien teen die vyandiggesinde swart nasionalistiese noorde nie). Op grond van die norm van die prioretisering van nuuswaardige materiaal, sou die mediadekking wat die staatsgreep in Portugal en die Portugese vlugtelinge uit Angola ontvang het, joernaliste sensitiseer vir tekste wat aansluit by die tydgenootlike nuuswaardige gebeure en gevolglik lei tot meer belangstelling in sodanige tekste. Aangesien *Die nuwe Afrikaan* aangesluit het by en lig kon werp op die gebeure in Angola, sou dit dus meer aandag ontvang en sou resensente in hul besprekings van die teks ook wys op die aktuele waarde.

Die tweede faktor is 'n norm wat veral belangrik geword het binne die diskoers van die literêre kritiek gedurende die sewentigerjare, naamlik die aandrang op betrokkenheid. Tekste is ook ten opsigte van hierdie norm beoordeel en doelbewus gelees vir tekens van aktualiteit of betrokkenheid. Werke wat voldoen het aan die heersende eis vir betrokkenheid, het dikwels meer aandag getrek en is afhange van die ideologiese oriëntasie van die resensent gunstig of negatief beoordeel.

3.3.3.1. Verklaring van frekwensie van kompositoriese en stilistiese argumente

Die kwantitatiewe analise van die besprekings oor *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* toon aan dat die kompositoriese en stilistiese argumente 'n hoë voorkomssyfer handhaaf. Hierdie bevinding korreleer met die oorheersende literatuuropvatting wat vir die grootste gedeelte van die twintigste eeu⁴⁸ bepaal het dat voorkeur gegee moet word aan die estetiese kwaliteite van literatuur, reisliteratuur ingesluit, soos wat blyk uit die volgende opmerking van Mary Louise Pratt: "More recently, an estheticist or literary vein of scholarship has developed, in which travel accounts, usually by famous literary figures, are studied in the artistic and intellectual dimensions and with reference to European existential dilemmas" (1992: 10). Die estetiese benadering wat Pratt hier onderskei, domineer ook Afrikaanse literatuurkritiek gedurende die grootste gedeelte van die twintigste eeu, soos wat afgelei kan word uit 'n uitspraak van P.H. Roodt in sy referaat tydens die stigtingskongres van die Afrikaanse

diskoers (45) vroegmoderne norme wat ook in resensente se beoordeling van Joubert se werk opduik.
⁴⁸ In sy bydrae tot *Travel Writing and Empire: Postcolonial Theory in Transit* (1999: 31) getiteld "Travel and Unsettling: Freud on Vacation" konstateer Brian Musgrove: "The task of constituting a formalistic approach to travel writing was largely abandoned in the early 1980s". Volgens Van Gorp is Formalisme 'n literatuuropvatting wat daarvan uitgaan dat die spesifiek-literêre van 'n teks geleë is in sy vormgewing. Die benadering bepleit daarom aandagtige vormanalise, terwyl dit biografiese, psigologiese, lewensbeskoulike, ideologiese, sosiologiese en ander kategorieë verwerp (1986: 152) As Van Gorp se definisie hier as uitgangspunt geneem word, sou die dalende prominensie van stilistiese en kompositoriese argumente in besprekings

Letterkundevereniging gehou op 25 en 26 Oktober 1984. Hy het onder andere die volgende veelseggende vrae gestel: “Verwaarloos ons as kritici nie dalk ’n belangrike kode van die huidige Suid-Afrikaanse letterkunde, veral die prosa, nie, naamlik sy aktualiteit? Is die meeste Afrikaanse letterkundiges nie dalk oorbewus besig met die *estetiese waarde* van die teks nie?” (Roodt, 1986: 81) [my kursivering –L.G.]. Die klem op die estetiese benadering, selfs in ’n vroeër tydvak, word op Suid-Afrikaanse bodem eerstens geïllustreer deur die teoretisering rondom die reisverhaal deur akademici wat aktief as resensente van reisverhale opgetree het in die vyftiger- en sestigerjare.⁴⁹ Tweedens benadruk die gewildheid, invloed en nawerking van stilistiek op linguistieke grondslag by akademici ook die estetiese benadering.

Die mees voor die handliggende verklaring vir die relatief hoë voorkomssyfer van stilistiese en kompositoriese argumente is moontlik die oorwegend estetiese norme wat aan reisliteratuur gestel is gedurende veral die vyftiger- en sestigerjare. Hierdie estetiese norme word bevestig in die enkele tydgenootlike teoretiese tekste wat gedurende hierdie tydvak gepubliseer is, waaronder dié van Ernst van Heerden en A.P. Grové. Grové meld heelwat later ook in sy inleiding tot *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig* (1980: 18) die volgende:

Die jare vyftig het ’n belangrike wending in die Afrikaanse kritiek gebring. Met die toespitsing op die teks en die siening van die kunswerk as ’n afgeslote “klein wêreld”, het kritici probeer wegkom van die heersende psigologistiese en personale literatuurbeskouing. Daar is gestrewe na ’n saakliker, wetenskapliker en bowenal kontroleerbaarder omgang met die literatuur, en in die proses moes die impressionistiese waardeoordeel plekmaak vir ’n noukeurige struktuurontleding, die lê van verbande en die peiling van taalwaardes.

Grové noem verder ’n paar faktore wat volgens hom ’n rol gespeel het by hierdie verandering, naamlik (a) dat ouer kritici, soos byvoorbeeld W.E.G. Louw en G. Dekker die toon aangegee het in hierdie rigting, (b) dat die literatuur self, byvoorbeeld die poësie van Opperman, ’n nuwe benadering geëis het aangesien die impressionistiese benadering uitgedien was en (c) dat die werk van buitelandse teoretici waaronder die Russiese formaliste en binnelands die stilistici ’n sterk invloed uitgeoefen het. Hierdie retrospektiewe opmerking bevestig dus ’n verwickeling in die literêre kritiek wat reeds geïllustreer is in die literêre norme soos wat dit gereflekteer is in teoretiese werk (hier spesifiek Van Heerden en Grové) oor die reisverhaal wat gedurende die sestigerjare verskyn het.

Van Ernst van Heerden, self ook bekende reisboekskrywer, verskyn daar in 1963 ’n artikel in *Kriterium* getiteld “Die Reisverhaal – teorie en praktyk”. Uit hierdie bespreking kan bepaalde

gedurende die laaste twee dekades van die eeu kon illustreer dat Formalisme in gewildheid getaan het.
⁴⁹ Hierdie akademici het hulle nie noodwendig geskaar by die stilistici nie.

norme afgelei word waarvolgens die reisverslag beoordeel is. Van Heerden dring byvoorbeeld aan op 'n *eenheidskeppende* beginsel in die vorm van die “persoonlikheid van die skrywer” (1963: 2) – hieruit kan afgelei word dat die struktuur van die reisverslag 'n belangrike oorweging was – wat aansluit by die gegewe dat kompositoriese argumente 'n belangrike rol speel in resensente se oorweging van die reisverslag. Aan die stilistiese aspekte van die verhaal word ook baie aandag geheg. Daar word byvoorbeeld klem gelê op “die presiesheid van woordgebruik”, en die vind van die “onvervangbare woordgestalte” (Van Heerden, 1963: 3). Vir Van Heerden was beide stilistiese en kompositoriese oorwegings dus van belang.

Struktuur is ook 'n belangrike oorweging vir A.P. Grové wat 'n nuttige teoretiese inleiding oor die reisverslag in die bundel *Trekvoëls* (1969) publiseer. Grové is van mening dat die “goeie reisverslagskrywer” “bestaande werklikhede” – deur *seleksie, sinvolle rangskikking*, en “die beleving en interpretatiewe deurskouing van 'n gevoelige mens omskep tot 'n stuk literatuur” (1969: 15). Die twee kursief gedrukte terme wat Grové as kriteria vir goeie reisverhale beskou, hou verband met die “organisasiepatrone in die werk”, volgens Ohlhoff (1985: 40) die wesentlike aspek van struktuur. Struktuur is dus vir Grové ook deurslaggewend as meganisme waardeur literatuur van lektuur onderskei word. Grové bestee verder 'n hele afdeling van sy inleiding aan die bou van die reisverslag wat op sigself 'n aanduiding is van die belang van hierdie aspek as kriterium vir die genre. Veral die persoonlikheid van die verteller word deur hom as 'n bindende faktor beskou en hy sluit dus in hierdie opsig aan by Van Heerden. Verder noem hy ook die opbou van die verhaal in 'n “reeks afgeslote momente” wat 'n “sekere afgerondheid openbaar” en die benutting van die verbeelding, die rangskikking van feite teen die “tirannie van tyd en plek” (1969: 16-17).

Grové konsentreer nie net op die bou van die verhaal nie, maar wy ook 'n hele afdeling aan die taalgebruik van die reisboekskrywer – hier word dus stilistiese norme aangegee. Alhoewel Grové ongetwyfeld skatpligtig is aan Van Heerden,⁵⁰ illustreer sy inleiding tog dat hy kompositoriese en stilistiese oorwegings in ag neem by die beoordeling van reisverhale. Die twee teoretiese tekste se ooreenstemmende kriteria bied insae in die kwantitatiewe oorheersing van kompositoriese en stilistiese argumente in die tydgenootlike besprekings van *Die staf van Monomotapa*, aangesien hulle vanweë die gesag van die onderskeie outeurs as verteenwoordigend van die norme wat in die tyd aan reisprosa gestel is, beskou kan word. Met die publikasie van *Die nuwe Afrikaan* is dit opvallend dat stilistiese argumente nog steeds

⁵⁰ Die ooreenkomste tussen Van Heerden se artikel en Grové se inleiding is te opvallend om tot 'n ander gevolgtrekking te kom.

bepalend is in die waardeoordeel. Dit kom dus voor asof die estetiese norme nog steeds van groot belang is in die sewentigerjare.⁵¹

Nog 'n illustrasie van die belang van die estetiese kwaliteite van literêre werke, soos gemanifesteer in die kwantitatiewe oorheersing van kompositoriese en stilistiese argumente in besprekings, word gevind in die opkoms, invloed, gewildheid en nawerking van die stilistiek op linguistiese grondslag in die akademie. Die stilistiek op linguistieke grondslag is verwant aan ander outonomiebewegings wat gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu in gewildheid toegeneem het onder literatoure (Wiehahn, 1965: 159). Hierdie benaderings fokus op die teks en streef daarna om “deur die noukeurige ondersoek en beskrywing van die taal en woord, reg te laat geskied aan die teks” (158). Onder hierdie outonomiebewegings ressorteer die “New Critics” met hul voorkeur vir die stipleesmetode en die Russiese Formaliste met hulle fokus op die literêrheid (*literaturnost*) van tekste wat deur vervreemding in die hand gewerk word (Ohlhoff, 1985: 33-34).

Alhoewel die aanhangers van die stilistiek op linguistieke grondslag hulle besig gehou het met die poësie, is dit opvallend dat dié wat ook resesente was, soos byvoorbeeld R. Schutte⁵² en Pirow Bekker,⁵³ prosatekste grotendeels aan dieselfde kriteria gemeet het as poësietekste.

Gedurende die sewentigerjare het die nawerking van die stilistiek op linguistiese grondslag getaan.⁵⁴ Daar sou gevra kon word of die afname in kompositoriese argumente in die besprekings oor *Die nuwe Afrikaan* nie ook hiermee verband hou nie.

3.3.3.2. Verklaring van frekwensie van didaktiese argumente

Soos reeds genoem in die inleiding tot hierdie afdeling, het didaktiese argumente naas kompositoriese en stilistiese argumente ook die besprekings oorheers en sou 'n mens die norm wat hierdeur geïmpliseer word, naamlik dat reisboeke ook moet bydra tot die kennis van die

⁵¹ Sien ook vir bevestiging Musgrove se opmerking in voetnoot 14.

⁵² R. Schutte is een van die resesente wat verantwoordelik was vir een van die langste besprekings oor *Die staf van Monomotapa*. Volgens Kannemeyer was sy een van die “eksponente van die stilistiek op linguistiese grondslag en ander ‘close readers’ (1983: 94, sien ook sy bespreking van stilistici op linguistiese grondslag [1978: 293-295]). Die skool van die stilistiek op linguistiese grondslag waaraan Schutte verbonde was, het literêre werke (veral die poësie) gesien as “taalkunswerk[e] wat as sodanig geanaliseer en beskryf moet word” (Wiehahn, 1965: 155).

Uit Schutte se resensie blyk duidelik dat die ondersoek na integrasie van stof en kontinuïteit van aanbod as literêre norm vooropgestel word. Hierdie frekwensie van kompositoriese argumente in haar resensie verrai duidelik nog die resesent se skoling in die linguistiese stilistiek.

⁵³ In die inleiding tot *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig* (1980) meld A.P. Grové dat Pirow Bekker, se dissertasie *Die titel in die poësie* (1968) net soos Schutte (gebore Geggus) se *Die wit in die poësie* (1961) die nawerking van die stilistiek aantoon. Bekker se kritiese werk toon verder spore van die literatuurbenadering en 'n mens sou die vraag kon vra of die frekwensie van stilistiese en kompositoriese argumente in sy resensie nie verband hou met die invloed van die stilistiek nie.

⁵⁴ Sien ook in die verband F.I.J. van Rensburg se opmerking in sy rubriek “Stilistiek op taalkundige grondslag” soos wat dit opgeneem is in *Literêre Terme en Teorieë*: “Die Stilistiek as ‘beweging’ het 'n opvallende kort bloei

leser, kon herlei na 'n norm wat die botoon gevoer het in die beoordeling van agttiende-eeuse reisliteratuur. Charles L. Batten wy sy boek *Pleasurable Instruction. Form and Convention in Eighteenth-Century Travel Literature* (1978) aan die norme en konvensies waaraan reisliteratuur moes voldoen in die agttiende eeu. Alhoewel die norme waaraan onder andere Engelse reisliteratuur in die negentiende eeu gemeet is later merkbaar verander het, is dit duidelik dat die kritiek wat deur Afrikaanse resensente gelewer is gedurende die sestigerjare nog nie heeltemal hierdie ontwikkeling reflekteer nie. Didaktiese argumente speel ook in die twintigste eeu 'n groot rol.

'n Bykomende verklaring vir die frekwensie van didaktiese argumente is dat dit die gevolg is van 'n neiging in die voorskryfmark gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu. Die frekwensie van didaktiese argumente val saam met die heersende tendens om reisboeke voor te skryf vir standerd nege en tien leerlinge op skool gedurende die laat vyftiger-, sestiger- en selfs vroeë sewentigerjare. As resensente sou die literatore tog bewus moes wees van die neiging om reisverhale as voorgeskrewe materiaal te gebruik. Waarde-oordele waar hierdie tendens in die voorskryfmark ook in ag geneem is, is dus nie uitgesluit nie. Veral gedurende die sestigerjare is daar byvoorbeeld in die Wes-Kaap bykans elke jaar 'n reisboek voorgeskryf.⁵⁵ Die tendens het egter 'n afplating getoon tydens die sewentigerjare. Sou dit dalk moontlik die verklaring kon wees vir die afname in didaktiese argumente in die besprekings oor *Die nuwe Afrikaan*?

3.3.3.3. Verklaring van frekwensie van afspieëlingsargumente

Naas die hoë voorkomssyfer van kompositoriese, stilistiese en didaktiese argumente, is dit ook opmerklik dat daar waarde geheg word aan die mimetiese kwaliteit van die reisverslag. Soos reeds genoem, korreleer die bevinding ook met die norme wat deur agttiende-eeuse kritici aan reisliteratuur gestel is. Charles Batten konstateer: “Unlike subsequent centuries, the eighteenth century quite consistently saw the factual travel account as being of distinct literary merit” (1978: 24). Hy verwys ook later na 'n uitspraak van Edward Clarke: “It is not sufficient to write things true, but they must likewise seem probable, to gain belief” (1978: 58). Batten beweer dus dat die geloofwaardige oordrag van feite in die agttiende eeu van groot belang was – iets wat ook blyk uit Van Heerden en Botha se teoretiese besinning rondom die Afrikaanse reisverslag in die

gehad – 'n periode van omtrent vyftien jaar” (1992: 505)

⁵⁵ In 1957 *Sol y Sombra*, in 1958 *Ver in die wereld (sic)* en in 1959 *Vorstin onder de Landschappen*. Van 1960 tot 1961 is geen reisboeke voorgeskryf nie. *Op Safari* haal die lys in 1962, *Agter my 'n albatros* in 1963, *Drie swerwers oor die eindere* in 1964, terwyl *Etiket op my koffer* in 1965, *Sout van die aarde* in 1966 en *Suid van die wind* in 1967 voorgeskryf word (Aucamp, 1978: 92). *Agter my 'n Albatros* is in 1968 weer voorgeskryf, gevolg deur *Die rustelose sjalom* in 1969, *Olé* in 1970, *Suid van die wind* in 1971, die bloemlesing reisvertellings getiteld *Kompas* in 1972 en in 1975. Van 1973-74 en 1976-78 is geen reisboeke voorgeskryf nie (Du Plessis, 1977: 434-437).

twintigste eeu. Die korrektheid van feitegegewens waarop aangedring word – Van Heerden maak melding van die “‘fotografiese’ aspek van die werk, met sy funksie as ‘spieël’ om die prentjie duidelik, helder en geloofwaardig te reflekteer” (1963: 3) – toon aan dat die mimetiese aspekte van die reisverslag ook belangrik geag is. Eienskappe wat die outeur van die reisverslag in staat stel om hierdie “geloofwaardige representasie” aan te bied en daarmee saam die “spirit of place” (soos Van Heerden die begrip ontleen van D.H. Lawrence) te vertolk, word ook hoog op prys gestel: “nuuskierigheid, noukeurigheid van waarneming, maar ook verdraagsaamheid en ’n gebrek aan voor-oordele” (1963: 2).

Elize Botha se bydrae word drie jaar na Van Heerden se artikel in *Die handleiding by die studie van die letterkunde* (1966) gepubliseer. In die prosa-afdeling bespreek Botha die reisbeskrywing in hoofstuk twaalf wat oor “[a]nder [l]iterêre [p]rosasoorte” (107) handel. In hierdie kort inskrywing verwys Botha ook na die “opmerksaamheid en die insig van die reisiger wat in die reisverslag sy *getuienis* lewer” (my kursivering – L.G.) wat van belang is aangesien die “lesers [...] uitgelewer [is] aan die ‘oë’ van die vertellende reisiger: wat vir hóm leef in die landskap wat hy verken, dit – as hy die vermoë besit om dit na behore mee te deel – leef uiteindelik vir ons wat die verhaal lees” (1966: 109). Vir Botha is die eienskappe van die verteller wat hom of haar in staat stel om ’n getroue weergawe van sy of haar ervaring te gee, ’n norm. Die ooreenkoms tussen die norme van die agttiende en die twintigste eeu is dus opvallend gemeet aan die uitsprake van kritici uit die onderskeie periodes. Dit sou dus nie vergesog wees om die frekwensie van afspieëlingsargumente te verklaar uit wat skynbaar ’n residuele norm van die vroegmoderne reisliteratuur is nie.

3.3.3.4 Frekwensie van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente

3.3.3.4.1. Die prioretisering van nuuswaardige gebeure

Uit my analise van die aanvanklike resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* het dit geblyk dat aktualiteits- en betrokkenheidsargumente by die eersgenoemde reisverhaal nie so dominant was nie. Die voorkoms van die bepaalde argumentekategorie het egter aansienlik toegeneem met die publikasie van die tweede reisverhaal. Hierdie diskrepansie kan verklaar word uit ’n blywende norm in die joernalistieke diskoers, naamlik die prioretisering van nuuswaardige gebeure. Met die publikasie van *Die staf van Monomotapa* was daar nog geen dramatiese verwickelinge in Portugal of sy Afrikaanse kolonies nie. ’n Boek wat die kolonie Mosambiek dus ondersoek, sou dus nie noodwendig as besonder aktueel beskou word nie (Selfs die relatief min besprekings oor *Die staf van Monomotapa* kan hieraan toegeskryf word).

Kort na die voltooiing van die manuskrip van *Die nuwe Afrikaan* het daar egter 'n staatsgreep in Portugal plaasgevind. In die voorwoord tot dié reisverslag word die volgende vermeld: “Hierdie verslag is gebaseer op 'n besoek aan Angola in September-Oktober 1973. Die manuskrip is voltooi middel Februarie 1974. Op 25 Februarie 1974 het die boek van generaal Spinola *Portugal en die Toekoms* verskyn wat ses weke later gelei het tot die staatsgreep in Portugal en die omverwerping van die bestaande regime”. Elsa Joubert toon met hierdie nota aan dat die boek in die brandpunt van aktuele verwickelinge gestaan het, maar dit dien eintlik ook as verontskuldiging vir die interpretasie van die situasie wat sy gee in die teks: sy kon onmoontlik voorsien dat dit so gou en drasties sou verander.

Een van die oorsake van die staatsgreep in April 1974 was die oorsese beleid in Angola en Mosambiek. Die Portugese kon nie meer bekostig om die kolonies met hul groeiende uitgawes te onderhou nie, veral nie toe die Portugese ekonomie ineengestort het nie. Onder militêre bewind is die datums vir die onafhanklikwording van die kolonies vasgestel: Mosambiek sou in Junie 1975 onafhanklik word en Angola in 1975 (*Illustrated history of South Africa*, 1995: 434-435). Met die beëindiging van die Portugese koloniale bewind in Afrika in die vooruitsig was die verbrokkeling van die *cordon sanitaire* rondom Suid-Afrika, nog 'n aktuele kwessie wat die bewindsverandering in die kolonies vir Suid-Afrikaanse burgers van persoonlike belang gemaak het.

Die toename in primêre resepsiemateriaal bevestig dat resensente dit as nuuswaardig beskou het. Hulle het dit ook nodig gevind om die boek aan te beveel as noodsaaklike agtergrondmateriaal vir begrip van die aktuele situasie, alhoewel die toekomsblik wat Joubert voor die staatsgreep gegee het, nie meer geldig was in hul oë of, in retrospek, in dié van Joubert nie.

3.3.3.4.2 Die aandrang op betrokkenheid

Ek het reeds vroeër verwys na die uitspraak van P.H. Roodt in sy referaat tydens die stigtingskongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging gehou op 25 en 26 Oktober 1984: “Verwaarloos ons as kritici nie dalk 'n belangrike kode van die huidige Afrikaanse letterkunde, veral die prosa, nie, naamlik sy aktualiteit? Is die meeste Afrikaanse letterkundiges nie dalk oorbewus besig met die estetiese waarde van die teks nie? Verhinder ons as kritici nie dalk dat die letterkunde sy regmatige plek as deel van die ‘gesprek’ in Suid-Afrika inneem nie?” (1986: 81). Hierdie vrae gee in die eerste plek erkenning aan aktualiteit as kode in die letterkunde. Roodt se vrae sluit in die tweede plek aan by 'n debatspunt wat reeds sedert die laat sestigerjare in die letterkunde en gevolglik ook in die literêre kritiek aandag geniet het: die aandrang op

betrokkenheid. In die een kamp was daar kritici wat aangedring het op betrokkenheid in die letterkunde en die literêre kritiek. In die ander kamp, literatore wat krities gestaan het teenoor die aandrang op betrokkenheid. Betrokkenheid was 'n begrip wat hierdie tweede groepering kritici nog afwysend benader het: as voorbeelde kan hier verwys word na twee opmerkings van Grové en Botha. Grové verwys na die “emosionele geroep om 'n *littérature engagée*” in die jare sestig en sewentig (1980: 19) en selfs Elize Botha se kritiese opmerking oor die betrokkenheid in Karel Schoeman se werk: “In hierdie drang om die Suid-Afrikaanse gegewe in politieke opsig krities te benader, selfs al gaan dit merkbaar teen sy grein en gawes as skrywer in, toon Schoeman miskien die gevolge van 'n *'tydsgees' in die prosa en prosakritiek van die laat sestiger- en begin sewentigerjare: om teen elke prys tekens van 'betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse situasie' te verwag of te vertoon*” (my kursivering – L.G.) (1980: 341). Grové en Botha se kommentaar bevestig ten spyte van hulle afkeur van die tendens, tóg die aandrang op betrokkenheid.

Binne hierdie konteks sou dit dus ook logies wees dat resensente argumente oor die aktualiteit of betrokkenheid van literêre werk sou beklemtoon, omdat dit aangesluit het by die heersende literêre diskoers. Die hoë frekwensie van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente sou dus ook aan hierdie relatief nuwe norm (die aandrang op betrokkenheid) binne die Afrikaanse literêre gesprek toegeskryf kon word.

Die feit dat daar egter meningsverskille oor hierdie norm bestaan het, kompliseer die bespreking van die frekwensie van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente. Die negatiewe houding van gesaghebbende kritici soos Grové en Botha sou ook 'n inhiberende invloed op resensente en ander literatore kon uitoefen. 'n Mens sou dus kon vra of betrokkenheid nie ook in besprekings van tekste onderspeel is in reaksie op die “stigma” wat aan die norm gekleef het nie. 'n Tweede vraag wat ontstaan, is of die aandrang op betrokkenheid as kriterium nie ook resensente krities gestem het teenoor tekste wat bloot as “aktueel” geklassifiseer kon word nie. Brink se resensie in *Rapport* van 17 November 1974, kan hier as voorbeeld dien. Alhoewel hy erken dat *Die nuwe Afrikaan* “'n tydige boek” is en “'n merkwaardige eerstehandse weergawe van 'n situasie wat vir ons in Suid-Afrika van onmiddellike belang is”, eis hy meer van die werk. Dit moet verder gaan as die gewone reisjoernaal, maar steek weens “te veel oppervlaktebeelde” vas as “'n blik van buite”:

Terwyl dit gewoonlik juis Elsa Joubert se deug is om nie in te storm met vooroordele of haastige gevolgtrekkings nie, omdat sy die leser wil toelaat om self 'n oordeel te vorm, is daar hier op die duur iets middelpuntvliedends in plaas van middelpuntsoekends.

Uit hierdie aanhaling blyk dat Brink as resesent juis wil hê dat die boek tóg die leser se mening moet vorm, dat dit dus moet voldoen aan sy eie latere definisie van die begrip betrokkenheid (1992: 39), en die van Beukes (1982).

Van belang is ook die motivering wat Brink gee vir sy negatiewe waarde-oordeel – hy wys naamlik op faktore wat daartoe bydra dat die boek as ‘t ware vassteek in aktualiteit. In die eerste plek het hy dit teen die feit dat sy “hoofsaaklik ‘amptelike’ menings” weergee van “sleutelamptenare” (alhoewel sy dit relativeer), tweedens dat hierdie menings deur die bemiddeling van tolke verkry is. ’n Derde faktor is dat “’n intensiewe kontak met ‘gewone mense’” ontbreek. Die faktore wat Brink noem, kan ook benut word in die herdefiniëring van aktualiteit – ek het reeds in my inleiding ’n definisie van betrokkenheid gepostuleer wat hierdie faktore akkommodeer.

Die faktore wat Brink as motivering vir sy waarde-oordeel gebruik, kan verder die basis vorm vir ’n interessante studie oor die faktore wat resesente lei tot die tipering van ’n boek as “aktueel” of “betrokke”. In hierdie afdeling bied ek egter slegs verklarings vir die frekwensie van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente aan.

3.4 Latere Resepsie

Vervolgens sal ek deur middel van ’n diachroniese ondersoek aantoon hoe die resepsie van die reisverhale met die verloop van tyd gewysig is. As bronne vir hierdie ondersoek sal die literatuurgeskiedenis en die wysigings wat in hul hersiene uitgawes aangebring is onder die loep geneem word.

3.4.1 Latere Resepsie in Literatuurgeskiedenis

Dit sou natuurlik die ondersoek na die resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* vergemaklik het indien die model van Boonstra ook eenvormig toegepas kon word op die beskikbare literatuurgeskiedenis. Dit is egter slegs op ’n beperkte vlak moontlik aangesien die literatuurgeskiedskrywers dikwels die inhoud van die bepaalde reisverslag opsom op so ’n wyse dat hul inskrywings neig na inventarisasie. Daar is dus nie altyd sprake van voldoende argumentasie rondom die waarde-oordeel wat gevel word nie – indiën die literatuurgeskiedskrywer ooit ’n oordeel formuleer. Soms is dit wel moontlik om ’n tentatiewe indruk te vorm oor die norme waarvolgens die literatuurgeskiedskrywer werke na waarde skat: maar dan berus dit op die sporadiese uitlatings wat in die algemeen oor reisverhale gemaak word en die kategorisering binne die konteks van die literatuurgeskiedenis as geheel.

Hieronder sal die literatuurgeskiedenis van Dekker, Antonissen, Botha, Kannemeyer, Nienaber en Van Coller (redakteur) nagegaan word om 'n oorsig te bied van die latere resepsie van die twee reisverhale.

3.4.1.1. Dekker: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis

Vanaf die vyfde om- en bygewerkte druk van die *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* (1960) word Joubert se reisverhale genoem. In hierdie uitgawe word sy nog nie as een van die belangrikste reisverslagskrywers geag nie (vergelyk byvoorbeeld die bespreking van Uys Krige se reisliteratuur). Dekker is ook besonder patroniserend in sy bespreking van Joubert se debuut, die “simpatieke werkie”, *Water en Woestyn* (1960: 282). Dit is nie nodig om hier in te gaan op sy kommentaar nie, maar miskien tog net oorsigtelik die kriteria te noem waarvolgens hy reisverhale beoordeel, aangesien dit die literêre norme van die tyd weerspieël. Hy heg veral waarde aan die “geestige tekening”, die outeur se “gevoeligheid vir stemminge”, 'n natuurlike verteltrant, plastiese krag en virtuositeit van styl, die mate waarin die outeur hom of haar tuis voel onder vreemde volke, die wyse waarop die outeur die ewig menslike probeer terugvind, die menslikheid van die outeur, vlotheid en beeldende taalgebruik, die mate waarin die werk boei en ook leersaam is, pretensielose eenvoud en skerp waarnemingsvermoë (Dekker, 1960: 280-281). As aansluiting gevind kan word by Boonstra se model, maak hy dus oorwegend van stilistiese norme gebruik, aangevul deur didaktiese, mimetiese, abstraherings- en ekspressiewe oorwegings. Dit is opvallend dat Dekker nie sy inskrywings wat met Joubert se reisprosa verband hou, na behore aanpas nie. In die sewende, om- en bygewerkte druk (s.a.) voeg hy slegs een enkele sin toe waarin hy melding maak van *Die verste reis*. Waar Joubert in vroeër uitgawes duidelik saam met haar manlike eweknieë gegroep is (Theo Wassenaar, T.J. Haarhoff en Totius, terwyl aan Uys Krige as vernaamste reisboekskrywer erkenning gegee word), toon die toevoeging van Anna M. Louw en Marie Malherbe direk na die inskrywing oor Joubert aan dat Dekker verder doelbewus probeer om 'n onderskeid te tref tussen reisprosa deur mans en reisprosa deur vroue⁵⁶. As inleidende kommentaar tot Louw en Malherbe se werk meld hy byvoorbeeld die volgende: “Veral die vrou voel haar aangetrokke tot hierdie genre, wat sy met eg vroulike vlotheid, 'n oop oog vir die kleurige en met 'n oop gemoed vir die menslike, 'n spontane oorgawe aan stemminge beoefen” (s.a.: 296). Ernst van Heerden se *Etikette op my koffer* word as “manlik intellektueel” beskryf en Brink se werk as “tweeslagtig” (s.a.: 296). Interessant is egter dat Joubert se reisprosa vanweë die tipografiese posisionering van Dekker se inleidende opmerkings wat slegs die bespreking van Louw en Malherbe se werk voorafgaan, skynbaar nie

⁵⁶Vergelyk hier Cixous se teorie oor *écriture féminine*.

gekwalifiseer is deur die inleidende kommentaar nie – tog fokus hy in sy oordeel oor haar werk ook op die “menslike”, ’n aspek wat veral by die beoordeling van die reisliteratuur van vroulike skrywers voorop gestel word. Dit is dus nie heeltemal duidelik of hy Joubert se werk doelbewus skei van die ander vrouereisverslagskrywers deur middel van die opmerking en of hy haar daarby insluit nie.

Net soos wat Kannemeyer heelwat later die keuse sou uitoefen om Joubert se werk in die hoofstuk “Tussen tradisie en vernuwing” te bespreek, is Dekker ook van mening dat die reisverhale nie werklik vernuwend is nie: dit “bring ’n sekere mate van verbreding in ons prosa, geen verdieping, om maar te praat van vernuwing nie” (s.a.: 297). In die twaalfde druk wat bygewerk is tot 1966, brei Dekker sy inskrywing oor Joubert uit en uit sy kommentaar blyk dat hy meer waarde heg aan *Suid van die wind* en *Die staf van Monomotapa*. Dieselfde literêre norme wat egter al reeds in die vyfde om- en bygewerkte aanwesig was, word weer ingespan om ’n positiewe waardeoordeel oor laasgenoemde werke uit te spreek – die wegbeweeg van die konvensionele toeristiese, “geestige menslikheid”, “mooi beelding” goeie waarnemingsvermoë en gevoeligheid vir stemminge (Dekker, s.a.: 326). ’n Kriterium wat ook ter sprake gekom het by haar eerste reisverslag, naamlik dat die werk “sonder geleerdheidsvertoon” is – alhoewel daar wel “breë historiese, sosiologiese en politieke agtergrondskildering” (Dekker, s.a.: 326) is – duik weer op. Dit wil voorkom asof die beskeidenheid van die vroulike reisskrywer vir Dekker van belang was. Of hierdie aanprysing van haar styl slegs te wyte is aan ’n tradisionele konsep van vrouereisliteratuur, is nie duidelik nie – dit kan dui op vooropgestelde idees in verband met reisliteratuur in die algemeen: naamlik dat dit nie die leser moet afskrik nie en as onderafdeling van triviaalliteratuur eerder op ontspanning gemik moet wees as intellektuele verrysing. Dekker het egter soos aangetoon, waardering vir die afwyking van die tradisionele in die sin dat hy daarop wys dat sy nie die “konvensionele toeristepaaie betree nie” (s.a.: 326) (relativistiese argument), maar hy maak geensins melding van die aktuele waarde van haar werk nie. Ook die dertiende druk (s.a.) wyk nie af van die patroon nie.

3.4.1.2. Antonissen: *Die Afrikaanse Literatuur van Aanvang tot hede*

Reeds uit die diskrepansie tussen die tweede (1960) en derde hersiene druk (1969) van Antonissen se literatuurgeskiedenis blyk dit dat die indeling van die reisverslag ’n problematiese gegewe is: dit word byvoorbeeld in die tweede druk ondervang in die hoofstuk “Regionale Tipiek, Idillisme en Romantiek” onder die rubriek “Mémoire” saam met ander prosa soos die koerant- of weekbladrubriek, terwyl die outeur Joubert se werk in die derde druk onder die hoofstuk “Realisme tussen Droom en Probleem” saam met ander vroueskrywers soos Anna M.

Louw, Louise Behrens, Elise Muller en Henriette Grové bespreek. Uit hierdie verskuiwing in die kategorisering word dit duidelik dat die plek van die reisliteratuur in die Afrikaanse letterkunde tot en met 1969 nog problematies was, en dat dit beslis nie ressorteer onder die vernaamste genres nie omdat dit in dieselfde asem genoem word as triviaalliteratuur. Die onderskeid tussen manlike en vroulike skrywers se werk veroorsaak ook dat die werk nie geëvalueer word binne die kader van die reisprosa as geheel nie. Dit val egter tog op dat die positiewe waarde-oordeel oor Joubert se werk geslagsgrense oorspan: haar reisbeskrywings word as “wellig die lewendigste en menslikste reisbeskrywings in Afrikaans” (1969: 323) getipeer. Ook binne geslagsverband is haar werk “[v]eel warmer en ryker menslik” (1960: 278) as die reisprosa van Anna M. Louw. Vir Antonissen skyn die volgende kriteria by die beoordeling van reisliteratuur van belang te wees: kontak tussen verteller, natuur en mense – dit wil sê meelewing en ook menslikheid, die mate waarin die werk slaag om te boei, die wyse waarop die werk nie slegs ’n weergawe van blote wetenswaardighede is nie, maar selfs die “heel gewone en daaglikse” uitlig wat maklik verborge bly vir die “grootpad-reisiger” (1960: 278). Antonissen se bespreking van Joubert se reisverslagaanbod kom neer op blote inventarisasie in vergelyking met sy opmerkings oor Joubert se roman *Ons wag op die kaptein*. Uiteraard word *Die staf van Monomotapa* nog nie genoem nie, maar as die kriteria wat gebruik word om ’n waarde-oordeel oor reisverhale uit te spreek in ag geneem word, kan afgelei word dat Antonissen nie soseer die *politieke* betrokkenheid van ’n werk as kriterium sou gebruik nie: vir hom is slegs – in terme van Boonstra se model – die stilistiese aspekte, die werk as uitdrukking van die persoonlikheid van die skrywer (ekspressiewe argument), die mate waarin die werk die leser boei (emosionele argument) en die wyse waarop die outeur daarin slaag om die toeristiese te ontstig (abstraheringsargument), van belang.

3.4.1.3 Botha: *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig* (1980)

Elize Botha tipeer in *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig* (1980) die reisverslag in aansluiting by Antonissen se kategorisering as verskyningsvorm van ’n bepaalde tipe realisme, genaamd die verkenningskuns (327). Botha lê nie klem op die vernuwende fokus wat in Joubert se reisverhale aanbod kom nie, maar skeep tog die indruk dat Joubert se werk aansluit by ’n vernuwende impuls deur haar kontekstualisering van Joubert as debutant gedurende die periode van debuut en eksperiment. Sy gaan ook oorsigtelik te werk deurdát sy ’n algemene karakteristiek van Joubert se reisverhale (die eerste vier wat *Die staf van Monomotapa* insluit) gee wat, volgens Botha, as voorbereiding of vooroefening vir haar fiksie sou dien: “in hierdie periode, ’n verkenning van die moontlikhede van vreedsame en voorspoedige naasbestaan van mense van verskillende ras in die

deurreisde wêrelddele, om deur middel van persoonlike ervaring 'n insig in die probleem te probeer vind" (1980: 325). Botha is dus die eerste literatuurgeskiedskrywer wat pertinent wys op die hantering van die rasseproblematiek as deurlopende tema.

In die afdeling waarin Botha die vernaamste tekste uit die tydperk 1956-1978 bespreek, kom *Suid van die wind* (1962) en *Die staf van Monomotapa* saam aan bod. In haar bespreking noem sy dat hierdie reisverhale opspraak verwek het vanweë die kwaliteit, omdat hulle nie slegs fokus op die toeristiese nie (relativiteitsargument), die tekste goed onderleg is deur navorsing (didaktiese argument) en skerp waarnemingsvermoë (afspieëlingsargument). Veral haar waarnemings van die "kleiner menslikheid" is 'n markante kenmerk van haar werk en tree meer as haar reisroete of chronologiese opeenvolging op as bindende faktor. As sentrale karakteristiek van die twee werke noem Botha die volgende (1980: 421):

In al hierdie streke (Mosambiek, Mauritius, Réunion en Madagaskar – LG) was daar vir haar één bestaansprobleem bowenal wat boeiend was: die wyse waarop mense van verskillende rasse 'n weg moet vind om vreedsaam en voorspoedig saam te leef. Die nadink oor hierdie probleem, die waarneem daarvan en die opweeg van oplossings – dit doen sy teen die agtergrond van haar eie kennis en ervaring van die Suid-Afrikaanse leefwyse. Dit bepaal wat ek sou noem die beskoulike sfeer waarin haar waarnemings gedoen word.

Dit is in die jongste van hierdie twee boeke, nl. *Die staf van Monomotapa* wat in 1964 verskyn het dat haar slotsom op sy helderste geformuleer word.(...) [N]á alles wat sy ondervind het in die vreemde en tog so naby Mosambiek, [het] dít vir haar die skat van Monomotapa in ons tyd geword (...) die vreedsame, voorspoedige saambestaan. "Wat ons prysgee, ons moet dit behou, want Afrika het ons land geword, ons het, saam met die ander, deelgenote geword aan Afrika."

Botha wys op dieselfde tematiek in *Die nuwe Afrikaan*: sy herken in die reisverslag 'n poging van Joubert om nie net 'n verslag te gee van 'n reis deur Angola nie, maar ook "'n verkenning van die streek en sy problematiek in die vroeë sestigerjare as voorbeeld van 'die drama van die witman in Afrika, suid van die Kongo'" (1980: 356). Botha wys op die belang van die slot van die boek deur die leser se aandag te vestig op die woorde van sr. Ribas, een van die Kongolese wat in die reisverslag 'n stem vind. Joubert verwoord sy doelstellings en ekspliseer wat sy as "'n bruikbare werksmatrys vir die toekoms" sien: "lojaliteit teenoor die eie, maar oopstelling vir die nuwe" (Botha, 1980: 357). Anders as sekere manlike resensente beskou Botha nie bloot die slot van die werk as optimisties nie, en is haar oordeel dus meer positief.

3.4.1.4. Kannemeyer: *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur* (1983)

J.C. Kannemeyer bespreek die werk van Elsa Joubert in die hoofstuk "Prosa tussen tradisie en vernuwing" en kategorieer haar as outeur wat 'n bydrae gemaak het tot "realistiese kuns op pad

na die eksperimentele”, saam met Anna M. Louw en Henriette Grové. Die keuse van indeling is dus weer duidelik langs geslagslyne en gevolglik kom Joubert se groot bydrae tot die reisliteratuur nie werklik tot sy reg nie, aangesien dit nie gejuksaponeer word met die reisprosa van ander reisboekskrywers nie, maar eerder oorskadu word deur haar romans, veral *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Deur hierdie kategorisering volg Kannemeyer Antonissen na, maar laat tog blyk dat Joubert ’n meer sentrale plek in die Afrikaanse letterkunde beklee – ’n gevolgtrekking wat ook in Nienaber se vyfde hersiene uitgawe van *Perspektief en Profiel* bevestig word.

Net soos Elize Botha hanteer Kannemeyer Joubert se reisprosa op oorsigtelike wyse, maar lig die oorkoepelende “socio-politieke uitgangspunt en motief” (1983: 316) uit in haar Afrikareisboeke. Kannemeyer motiveer sy stelling dat haar reisverhale behoort “tot die beste wat nog op dié gebied in Afrikaans geskryf is” (1983: 316) deur haar werk te vergelyk met dié van Anna M. Louw wat nie so oop is vir alle moontlike indrukke nie, maar eerder op die toeristiese konsentreer. Verder is die “afwisseling van persoonlike belewing en informatiewe mededelings” en die toevoeging van dialoog (1983: 316) ’n stilistiese pluspunt. Ook uit hierdie gemotiveerde waarde-oordeel blyk dit dat Kannemeyer heel dikwels dieselfde stilistiese kriteria as Antonissen hanteer, maar met die belangrike verskil dat hy wel gevoelig is vir die politieke betrokkenheid van haar reisprosa.

Alhoewel Kannemeyer in die beknopte en bygewerkte weergawe van sy vorige twee literatuurgeskiedenis, *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987* (1988) net kortliks Joubert se reisverhale noem, meld hy tog weer dat “sy veral deur die volkereverhoudings geboei word” (267). Met hierdie opmerking gee hy dus selfs binne die beknopte literatuurgeskiedenis erkenning aan die belangrike tema in haar werk, alhoewel hy nie soos die vroulike literatuurgeskiedskrywers wat later bydraes tot Van Coller se *Perspektief en Profiel* sou lewer, die vernuwende aktuele aksent in haar reisprosa uitlig nie.

3.4.1.5. Nienaber: *Perspektief en Profiel* (1982)

In die derde⁵⁷ uitgawe van *Perspektief en Profiel: ’n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde* (1969) word daar in die “Perspektief”-afdeling betreklik min aandag bestee aan die reisverhale van Joubert. Rob Antonissen spreek net soos in sy eie literatuur- geskiedenis ’n gunstiger (dog patroniserende) oordeel uit wanneer hy haar werk vergelyk met dié van Anna M. Louw: “fraaier, want heel lewendig én menslik” (1969: 164). Haar reisboeke word maar weer bloot vlugtig

⁵⁷Tot en met die tweede hersiene uitgawe word daar nog nie melding gemaak van Joubert se werk nie.

geïnterpreteer. Ook die meer aktuele *Suid van die wind* (1962) en *Die staf van Monomotapa* word net gekwalifiseer as werke waarmee “Elsa Joubert [...] haar goeie naam as skryfster van reisverhale eer aan[doen] (Antonissen, 1969: 188). In die derde uitgawe van *Perspektief en Profiel* word daar nog nie ’n rubriek in die “profiel”-afdeling gewy aan Joubert nie.

Alhoewel die vyfde hersiene en hersette uitgawe se eerste druk van *Perspektief en Profiel* (1982) die bogaande werke op presies dieselfde wyse hanteer as die derde uitgawe, is daar egter ’n bygewerkte afdeling deur André P. Brink, “Die Jongste Tydvak: 1967-1977” waarin hy aantoon hoe Joubert haar solidariteit met mede-skrywers en akademici betoon het deur in 1977 saam met ses ander skrywers, waaronder vier belangrike sestigers naamlik Leroux, Barnard, Rabie en De Vries, te bedank uit die Suid-Afrikaanse Akademie. Die stap het gevolg uit protes teen die Akademie se “traagheid om uitsluitel te gee oor die lidmaatskap van Bruin-skrywers en akademici” (1982: 166). Hierdie opmerking vestig natuurlik die aandag op Joubert se politieke betrokkenheid. In sy bespreking van die vernuwing in die prosa wat veral sedert 1962 opvallend geword het, beskou Brink die “min of meer ‘betrokke’ vertel-kuns (wat meestal baie ver van ’n Sartreanse *littérature engagée* staan en wat juis óm sy verskeidenheid uitinge opval): literatuur wat ingestel is op die (Suider-)Afrikaanse situasie” as een van die strome in die jonger prosa wat algaande merkbaar geword het. Hierdie stroming is veral “betreklik openlik aangekondig” in die werk van Jan Rabie en Elsa Joubert, “maar verbreed en verdiep eers in die jongste tydvak” (197-198). Brink gee dus erkenning aan Joubert as eksponent en katalisator van vernuwing, maar staan tog krities oor die ontwikkeling van die tematiek wat nie ten volle verwesentlik is nie. In Jan Spies se bespreking van die werk van Jan Rabie, lewer hy terloops ’n gunstiger uitspraak oor Joubert se bydrae tot die reisliteratuur: volgens Rabie het Joubert saam met Rabie, André P. Brink en Karel Schoeman e.a. “’n baie belangrike bydrae tot die Afrikaanse prosa gemaak omdat hulle die reisverhaal benut om dieper dimensies aan ons bestaansproblematiek te verleen” (460). Belangwekkend in die vyfde hersiene uitgawe is die rubriek in die profielgedeelte wat aan Joubert gewy word en wat aantoon dat sy uiteindelik as hoofstroomouteur erken word. D.H. Steenberg onderspeel die belang van *Die staf van Monomotapa* in sy profiel van die skrywer deur bloot weer kortliks te verwys na die “reis deur ’n nader buurland van Suid-Afrika, naamlik Mosambiek” (1982: 633) wat neerslag gevind het in *Die staf van Monomotapa*. Dié reisverslag word slegs weer betrek waar daar verwys word na materiaal daaruit wat ook later verwerk is in romanvorm: in *Bonga* (1971) (1982: 638). Steenberg is van mening dat Joubert vir die Afrikaans-lesers “in die teken van die ontdekkingsreisiger staan, wat, [...] tog dié lande van ons eie Afrika sowel as van die Europa van ons kultuurerfenis, oopgemaak het vir ervaring van die gees” (1982: 633).

In vergelyking met die kommentaar en ruimte wat hy bestee aan *Die staf van Monomotapa*, is die opmerkings oor *Die nuwe Afrikaan* nie so kursories nie: Steenberg beskou die reisverslag as “’n sinvolle sluitstuk vir Joubert se reisprosa” en “logiese hoogtepunt” (1982: 126). In teenstelling met sy kommentaar op *Die staf van Monomotapa* gee hy hier ook erkenning aan Joubert se beklemtoning van “brandende aktuele sosio-politieke aangeleenthede” (126). Steenberg is ook van mening dat die mensgerigtheid wat reeds in *Die eerste reis* gemanifesteer het in *Die nuwe Afrikaan* geryp het tot “’n bewustheid van die ware identiteit van die ontwikkelde Angolees” (633). Hier is dus sprake van ’n bewustheid van ’n sleutelmotief wat ontwikkeling ondergaan het. Deur ’n algemene opmerking waardeur Steenberg poog om Joubert se reisverhale te tipeer, word dit duidelik dat hy die korpus binne die kader van die Afrikaanse reisliteratuur wil verhef bó die triviale; “Die seleksie van stof, die inkleding van hierdie werke en die houding van die reisiger-verteller teenoor wat beskryf word, maak dat ’n mens nie wil praat van reisbeskrywings of reisverhale of reisjoernale nie, maar by Elsa Joubert beslis van reisbeskouings, veral wat haar jongste werke betref” (636).

3.4.1.6. Van Coller: *Perspektief en Profiel* (1998)

In die nuutste uitgawe van *Perspektief en Profiel* (1998) hanteer Steenberg weer die hoofstuk oor Joubert en is daar geen wysigings ten opsigte van die waardering van *Die staf van Monomotapa* nie. Die bespreking van *Die nuwe Afrikaan* in die nuutste uitgawe van *Perspektief en Profiel* stem grootliks ooreen met die bespreking in die vorige uitgawe alhoewel die temas en motiewe wat aangeroe word in die teks bondiger genoteer word as “merkers van die toenemende aktualiteitsgerigtheid van Joubert se reisprosa” (1998: 528).

Henriëtte Roos bring egter ’n belangrike korrektief op die kommentaar van Brink en Steenberg in haar hoofstuk “Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu” (21-117). Roos identifiseer ook soos Brink die “gereelde verskyning van reisvertellings” (69) as een van die tekenende aspekte van die prosatoneel in die sestigerjare. Sy besin egter vanuit ’n hedendaagse perspektief oor die reistekste en kom tot die gevolgtrekking dat dit veral die werk van Ernst van Heerden, André P. Brink en Elsa Joubert is wat werklik belangrik gebly het. Soos Elize Botha reeds opgemerk het in *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig*, wys sy ook op die verband tussen die “voorbereidende” reisboeke en Joubert se latere prosawerke, maar is van mening dat die laasgenoemde die “unieke aard van haar oeuve bepaal” (69). Roos merk nie net op dat Joubert dikwels by uitstek gekarakteriseer word as betrokke prosaïs nie (80), maar toon ook aan dat met die uitsondering van *Die eerste reis*, *Swerwer in die herfsland* en *Die Wahlerbrug* “elkeen van die ander werke in haar omvangryke oeuve ’n besondere manifestasie

van betrokke literatuur is. Sy verwys veral na *Suid van die wind*, *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* wat dieselfde kern van 'n "historiese en gedokumenteerde basis, die fokus op individuele konflik te midde van botsende kulture, die weergawe van 'n gewelddadige bestel en die belewenis van die gedeelde lewenslot van wit en swart" bevat (81).

Roos toon ook aan hoe die literatuurgeskiedenis ten onregte die posisie van bepaalde vroulike outeurs misken het en Elsa Joubert onder andere getipeer het as navolger van die modernistiese tendens van die Sestigskrywers. Volgens Roos is dit egter "juis haar besondere hantering van die Afrika-aktualiteit en van die tydgenootlike politieke kwessies, reeds sedert haar debuut in 1948 (*sic*), waardeur Joubert die verwagtingspatroon heeltemal deurbreek het en in werklikheid een van die eerste betrokke skrywers in Afrikaans word" (102). Miskien lê die rede vir die miskiening van die rol wat Joubert gespeel het op hierdie gebied in die *aard* van die betrokkenheid.

In deel 2 van *Perspektief en Profiel* lewer Annemarie van Niekerk ook 'n belangrike bydrae deur haar hoofstuk "Die Afrikaanse vroueskrywer van egotekste tot postmodernisme (18e eeu – 1996)". Sy waardeur Joubert se reisliteratuur as van die beste in Afrikaans as gevolg van haar "ingesteldheid op hoe Afrikalande die probleme van volkereverhoudings en kultuurbotsings hanteer" en die "sosio-politieke invalshoek of motief [wat] die reisvertelling vergesel".

'n Unieke bydrae wat Van Niekerk tot die Afrikaanse literatuurgeskiedenis lewer, is haar kritiese lesing van die manlike geskiedskrywers se patroniserende kommentaar. Sy veroordeel byvoorbeeld Antonissen en Brink se kommentaar op Joubert se reisverhale wat onderskeidelike as "fraaier" en "sjarmant" beskryf word. Hierdie etikette is volgens Van Niekerk "nie 'n literêre waardeoordeel nie, en dit is nog minder relevant as dit slegs by die literêre kritiek van vroueskrywers se werk betrek word – 'n tipe houding wat selfs binne die wêreldletterkunde en -kritiek voorkom" (362). Origens dra sy egter nie by tot 'n nuwe inhoudelike perspektief op die Afrikareisverhale nie – en steun sterk op die werk van ander literatuurgeskiedskrywers wat sy dan binne 'n feministiese perspektief as objektief al dan nie, tipeer. Steenberg het volgens Van Niekerk byvoorbeeld "'n meer objektiewe perspektief" (363) in vergelyking met die ander.

3.4.2 Gevolgtrekking oor latere resepsie

In die voorafgaande afdeling is die resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* ondersoek soos wat dit gestalte gevind het in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis wat oorwegend deur manlike literatuurgeskiedskrywers geskryf is. Ek het reeds daarop gewys dat die bespreking van die reisverhale in hierdie bronne allermins as uitvoerig beskou kan word en dat die model van Boonstra dus nie volledig daarop toegepas kan word nie. Die kriptiese

besprekings verraai dat die reisverhale nie as baie belangrik beskou is nie en dat hulle hoogstens aan bod gekom het in hoofstukke waar hulle saam met minder gewigtige literatuur gegroepeer is. Die kategorisering van die reisverslag het gewissel en sodoende is die onsekerheid van literatuargeskiedskrywers oor die presiese plek wat hierdie subgenre in die Afrikaanse letterkunde beklee, geïllustreer. Die norme wat hulle gebruik het om 'n waarde-oordeel oor die reisliteratuur uit te spreek, en veral oor Joubert se reisverhale, het gefokus op die stilistiese aspekte van die reisverslag: die geestige styl, die gevoeligheid vir stemminge, die gebrek aan geleerdheidsvertoon, die menslikheid en die beeldende taalgebruik. Verder word die mimetiese aspekte ook betrek: daar word gewys op Joubert se goeie waarnemingsvermoë en die verteller se oopheid vir alle moontlike indrukke. Ook relativistiese argumente speel 'n rol: die afwyking van die konvensioneel- toeristiese word as 'n pluspunt gesien. Eers later, met ingang van die tagtigerjare word aktualiteits- en betrokkenheidsargumente toenemend betrek – tot daar uiteindelik erkenning gegee word aan die aktuele en betrokke karakter deur dit as grensdeurbrekend en vernuwend te tipeer. Daar het veral vanaf die vyfde hersiene uitgawe van *Perspektief en Profiel* 'n beduidende verskil ingetree ten opsigte van die waarde wat daar aan Joubert binne die Afrikaanse kanon geheg word. Van perifere figuur waarvan die werke vlugtig geïnterpreteer is, het sy ontwikkel tot geagte literêre figuur waaraan daar 'n sentrale posisie toegeken word, maar helaas nie as gevolg van haar reisliteratuur nie. Die miskennis van haar vernuwende bydrae tot die reisprosa deur haar betrokke perspektief word deur vroulike kritici beklemtoon – dit is opvallend dat nie een van die manlike literatuargeskiedskrywers hul profiel van die skrywer wysig nie. Hierdie observasie kan natuurlik gerelativeer word deur daarop te wys dat die vroulike kritici hulle soms toespits op feministiese lesings – vergelyk hier byvoorbeeld Annemarie van Niekerk wat veral in die inleiding tot haar bundel *Vrouevertellers* (1994) die kanon uit 'n feministiese perspektief benader. Verder sou die wêreldwye herwaardering van reisverhale en die hernude belangstelling in die genre vanaf die tagtigerjare ook as motivering kon dien vir die oorwegend positiewe lesing aan die einde van die eeu deur Afrikaanse letterkundiges. Peter Hulme en Tim Youngs skryf in hul inleiding tot *The Cambridge Companion to Travel Writing* (2002: 1):

Travel has recently emerged as a key theme for the humanities and social sciences, and the amount of scholarly work on travel writing has reached unprecedented levels. The academic disciplines of literature, history, geography, and anthropology have overcome their previous reluctance to take travel writing seriously and have begun to produce a body of interdisciplinary criticism which will allow the full historical complexity of the genre to be appreciated.

Hulme en Youngs skryf die oplewing in reisliteratuur veral toe aan die toenemende populariteit van die genre – en daarmee saam ook die verskuiwing van reislektuur na reisliteratuur wat die gevolg was van die literêre skrywers se toetreding tot die gebied. Hulme en Youngs spekuleer oor die aanvanklike gebrek aan akademiese belangstelling en skryf dit toe aan literêre modernisme wat veral voorkeur gegee het aan fiksionele kompleksiteit (2002: 7). Met die verskyning van Edward Said se *Orientalism* (1978) wat reisverslae as belangrike bron gebruik het wat lig kon werp op die funksionering van koloniale diskoers, is die era van akademiese diskoers rondom die reisliteratuur ingelui. Kritici het begin om die verhoudings van kultuur en mag in die milieus, ontmoetings en representasie van reistekste te ondersoek. Verder het ook die feministiese diskoers se belangstelling in vrouetekste die groot korpus reisliteratuur deur vroue in die kollig geplaas. Hiervan getuig veral Sara Mills se *Discourses of Difference* (1991). Dominante diskoerse van die tagtiger- en negentigerjare het dus ook bygedra tot positiewe lesings en hernude belangstelling in reistekste in die algemeen (Hulme en Youngs, 2002: 8).

3.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is deur middel van 'n analise van die aanvanklike resepsie, aangetoon dat estetiese (soos aangetoon deur kompositoriese en stilistiese argumente) en didaktiese kriteria die botoon gevoer het in die aanvanklike beoordeling van *Die staf van Monomotapa*. In teenstelling hiermee het die didaktiese argumente merkbaar afgeneem in die primêre resepsiemateriaal oor *Die nuwe Afrikaan*, en alhoewel die estetiese norme nog steeds van groot belang was, het die afname in die aantal kompositoriese argumente aangetoon dat estetiese oorwegings nie meer 'n oorheersende rol gespeel het in die waarde-oordele van resensente nie. Aktualiteits- en betrokkenheidsargumente het duidelik toegeneem by die resepsie van *Die nuwe Afrikaan*. Na aanleiding van hierdie bevindinge het ek moontlike verklarings aangevoer vir hierdie tendense, sowel as vir die frekwensie van afspieëlingsargumente.

Die voorkoms van stilistiese en kompositoriese argumente het ek toegeskryf aan 'n oorwegend estetiese benadering in die Afrikaanse letterkunde in die sestiger- en sewentigerjare. Ek het hierdie benadering toegelig deur te verwys na enkele Afrikaanse letterkundiges se teoretisering rondom die reisverhaal en die opkoms, gewildheid, invloed en nawerking van die stilistiek op linguïstiese grondslag.

Die frekwensie van didaktiese argumente het ek verbind met 'n residuele norm van die vroegmoderne reisliteratuur, naamlik die aandrag op vermaak én lering. Ek het ook verder die tendens in die voorskryfmark om reisliteratuur voor te skryf aan standerd nege en tien leerlinge in verband gebring met die voorkoms van didaktiese argumente. Resensente moes bewus wees

van hierdie potensiële teikenmark en het dus juis aangetoon hoe reisliteratuur lering kon bewerkstellig sodat die werke ook by implikasie as geskikte materiaal vir skoliere bemark kon word.

Die frekwensie van afspieëlingsargumente het ek verklaar deur te verwys na na nog 'n residuele norm van die vroegmoderne reisliteratuur, naamlik die aandrang op die geloofwaardige aanbieding van feite in die reisverhaal.

Die voorkoms van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente het ek toegeskryf aan twee faktore. Die eerste faktor is die norm van die prioretisering van nuuswaardige gebeure. Hierdie norm sensitiseer joernaliste en resensente vir aktuele tekste wat verband hou met tydgenootlike gebeure wat beklemtoon word in die tydgenootlike joernalistieke diskoers. Die tweede faktor is die aandrang op betrokkenheid, 'n norm wat veral belangrik geword het gedurende die sewentigerjare. Literatoure en resensente het doelbewus tekste gelees vir spore van betrokkenheid.

Die ondersoek na die latere resepsie van die twee reisverhale het daarop gedui dat stilistiese oorwegings aanvanklik die belangrikste rol gespeel het. Die aktuele en betrokke karakter van die twee reistekste is eers vanaf die tagtigerjare toenemend meer eksplisiet erken in die literatuurgeskiedenis totdat dit in retrospek 'n herwaardering van Joubert se werk tot gevolg gehad het. Dit was 'n erkenning deur die kanoniseerders van die vernuwende en grensdeurbrekende waarde van haar reisverhale. Dit is egter opvallend dat dit juis vroulike kritici is wat vanuit hul posisie as kanoniseerders Joubert se werk merkbaar meer positief evalueer as die manlike resensente en literatuurgeskiedskrywers en in die nuutste literatuurgeskiedenis kritiek lewer op die patroniserende toon waarmee tekste van vroue en dan ook Joubert se reisjoernale bejeën is. Hiermee is daar dus 'n belangrike korrektiewe stap geneem in die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing. Hierdie koersverandering kan veral toegeskryf word aan die popularisering van reisliteratuur as onderwerp van die akademiese diskoers gedurende die tagtiger- en negentigerjare – en as tema wat deur feministiese kritici aangegryp word.

Hoofstuk 4

Historiese kontekstualisering van die Portugese koloniserings in Afrika

4.1. Inleiding

Ek het reeds in die eerste hoofstuk van hierdie tesis die historiese konteks in Suid-Afrika bespreek tydens Joubert se besoek aan beide Mosambiek en Angola. Die tekste self fokus egter op 'n belangwekkende periode in die Mosambiekse en Angolese geskiedenis voordat die vryheidstryd in volle swang gekom het. Dit is dus ook nodig om as inleiding tot die teksbesprekings kortliks die agtergrond van die Portugese koloniale periode in Afrika en die eerste manifestasies van die onafhanklikheidsstryd in hierdie kolonies in oënskou te neem, aangesien die verteller voortdurend verwys na historiese verwickelinge wat verband hou met die stede en gebiede wat sy besoek.

4.2. Kolonialisering van Mosambiek en die onafhanklikheidsstryd

Die Portugese besetting van Afrika het reeds in die sestende eeu 'n aanvang geneem toe die eerste militêre pos in 1505 in Sofala gevestig is. Die stigting van hierdie pos en die tweede pos op die eiland Mosambiek twee jaar later het voortgevloei uit Vasco da Gama se besoek aan die gebied in 1498 tydens sy soektog na 'n seeroete na Indië. Die twee poste in Mosambiek het as verversingsposte en tussenstasies gedien op die roete na Asië. Later het die Portugese hulle egter ook ten doel gestel om met die binnelandse stamme handel te dryf in goud en ivoor. In die proses het hulle die Arabiere en Swahili verdryf van die belangrikste handelsroete na die binneland wat gesentreer was rondom die Zambezirivier. Om hulle verowerde roete te beskerm, is daar ook handelsposte met militêre garnisoene gevestig in Sena, Tete en Quelimane (Bossema, 1995: 7).

Mettertyd het die Portugese koningshuis ook kroondomeine of streke toegeken aan avonturiers, handelaars en soldate wat as *prazeros* bekend gestaan het. Die *prazeros* het die plaaslike gemeenskappe wat gevestig was op die *prazos* met geweld onderwerp. Onder hierdie oorspronklike bevolking van die *prazos* het geressorteer die swart boere met hul huisslawe wat nou as ondergeskiktes die gebied moes deel met die *prazeros* en hul slawe. Die *prazos* het in die praktyk gefunksioneer as mini-staatjies waar die Portugese staat nie juis sy invloed kon laat geld

nie (8). Die *prazeros* het so barbaars opgetree teenoor die ander inwoners op hul grond dat die Portugese regering moes ingryp. In 1854 is daar dus 'n nuwe arbeidskategorie, die *leberto*, ingevoer wat beskryf kon word as 'n statuskategorie tussen slaaf en bevryde waardeur 'n arbeider gebind was aan 'n werkgewer vir 'n tydperk van sewe jaar. Die tydperk is uiteindelik verkort na twee jaar in 1875 (Brockway, 1973: 389).

Reeds voor die instelling van *prazos* het die plaaslike gemeenskappe verbrokkel as gevolg van die instelling van slawehandel in die sewentiende eeu. Die slawemark moes voorsien in die arbeidsmag wat nodig was om die Portugese plantasies in Brasilië te bewerk. Ook die Yaostam in die noorde van Mosambiek het meegedoen aan die slawehandel. In die agttiende en die grootste gedeelte van die negentiende eeu was die slawehandel nog die belangrikste ekonomiese aktiwiteit in die streek (Bossema, 1995: 8) totdat die praktyk amptelik in 1836 afgeskaf is (Brockway, 1973: 388).

In die negentiende eeu vind daar 'n belangrike ontwikkeling plaas in die suide van Mosambiek, naamlik die ontstaan van die Gazaryk. Na 'n grootskaalse stryd tussen die Nguni-volke in Natal waarin Shaka Zulu as die oorwinnaar uit die stryd getree het, trek die ander stamhoofde na Zimbabwe, Mosambiek en selfs Tanzanië. In Mosambiek onderwerp die stamhoof Soshangane die Tsonga-nasie, maar laat hul toe om hul politiek-sosiale struktuur te behou onder heerskappy van die Nguni-aristokrasie. Soshangane dryf handel met die Portugese en voorsien hulle op die wyse van ivoor en velle. Hy lewer verder arbeiders vir die myne in Suid-Afrika. Deur hierdie samewerking met die koloniale moonthede behou hy sy onafhanklikheid. Sy opvolger Ngungunyane word egter deur die Portugese verslaan. Hulle slaag ook daarin om gedurende die laaste vyftien jaar van die negentiende eeu alle swart stamme en die stadstate van die Arabiere en die Swahili onder Portugese gesag te bring. Hierdie sistematiese onderwerping is ingelui deur die konferensie van Berlyn wat gedurende 1884 tot 1885 plaasgevind het en waartydens onder andere Mosambiek aan Portugal toegeken is. Die gemeenskappe van die Makonde-stam in die noorde was polities verdeeld met die gevolg dat die Portugese dorp na dorp moes verower. In die suide het die eertydse *prazeros* sy aan sy met die plaaslike stamme geveg om hul onafhanklikheid te behou. Selfs na die onderwerping van die plaaslike bevolking in Mosambiek, moes die Portugese nog talle opstande onderdruk. Die opstande is verder aangewakker deur die huttebelasting en dwangarbeid wat die Portugese probeer afdwing het. Nadat die opstande onderdruk is, het daar ongeveer 'n honderdduisend Mosambiekers gevlug na die Britse kolonies. Die Portugese het eers teen 1920 daarin geslaag om hul gesag te laat geld in Mosambiek (Bossema, 1995: 8-9).

Die Portugese kolonie moes ná die geslaagde onderwerping van die plaaslike bevolking omskep word in 'n welvarende landboukolonie. Die Portugese regering het egter nie beskik oor die finansiële middele om dit te bewerkstellig nie en het daarom groot gedeeltes van die land in die hande van spesifieke maatskappye geplaas wat die mynbou en gewasverbouing (plantasies, suiker, kokosneute, sisal en rys) moes hanteer. Die noordelike provinsies Niassa en Cabo Delgado is beheer deur die Niassa Maatskappy. Die Mosambiek Maatskappy het die sentrale provinsies Manica en Sofala bestuur, en die Zambéziaprovincie en 'n gedeelte van Tete is beheer deur die Zambezi Maatskappy. Die aandeelhouders van die maatskappye was afkomstig uit Europa en Suid-Afrika en die maatskappye het 'n deel van hul gebiede verhuur aan kleiner maatskappye soos die Britse Sena Sugar Estates. Die maatskappye het veel meer mag gehad as die eertydse *prazeros* en het in der waarheid funksioneer as klein staatjies binne die kolonie (Bossema, 1995: 9-10). Die Niassa en Mosambiek Maatskappye het byvoorbeeld administratiewe volmag oor hul gebiede gekry (Brockway, 1973: 404). Swart gesinne wat woonagtig was binne die grondgebied van 'n maatskappy is gedwing om vir 'n deel van die jaar vir die maatskappye te werk en om hul voedsel in die maatskappywinkels te koop. Die arbeiders is gedwing om gedurende hul arbeidstermyne in kampe te woon. As gevolg van hierdie reëling wat dikwels ook op die vroue van toepassing was, het die landbou in die dorpe agteruit gegaan (Bossema, 1995: 10).

Die plaaslike bevolking het nie net onder die mag van die maatskappye gestaan nie, maar kon ook gedwing word om te werk vir die Portugese kleinboere wat aangemoedig is om te immigrer na die suide van Mosambiek (10). Teen 1901 is alle grond wat nie in privaatbesit was nie, as eiendom van die administrasie verklaar en is reserwat vir die Afrikane gestig (Brockway, 1973: 404). Verder is die eertydse inwoners van die Gazaryk ook gedwing om in Transvaal te werk deur 'n reeks kontrakte wat aangegaan is tussen Portugal en die Transvaalse regering. In ruil vir die trekarbeiders wat Portugal voorsien het, sou die helfte van die uitvoererts uit die voormalige Transvaal verskeep word uit Lourenço Marques. Die trekarbeiders sou ook lone ontvang sodat hulle op hul beurt weer belasting aan die Portugese regering kon betaal. 'n Gedeelte van die belasting is in goud deur die Suid-Afrikaanse Kamer van Mynbou oorgemaak aan die Portugese regering. Die koloniale bestuur kon ook belasting hef op elke arbeider wat 'n kontrak geteken het. Deur middel van hierdie sisteem wat tot in 1977 nog toegepas is, het tussen 80 000 en 115 000 Mosambiekse trekarbeiders vir periodes van twaalf tot agtien maande in Suid-Afrika gewerk (Bossema, 1995: 10).

Die maatskappye het egter nie gedurende die twintigste eeu hul soewereiniteit bly behou nie. Ontwikkelinge in Portugal het daartoe gelei dat die monargie in 1910 beëindig is en tot en met

1926 deur 'n demokratiese republiek vervang is (10). Die Republiek van Portugal het onder die meer liberale regering hervorming probeer toepas en pogings is aangewend om die stelsel van dwangarbeid te wysig. Vryheid van spraak is vir 'n wyle toegelaat (Brockway 1973: 388). Die Republiek is egter op sy beurt deur 'n staatsgreep omvergewerp. Die ekonoom Antonio de Oliveira Salazar het teen 1932 daarin geslaag om as diktator alle seggenskap toe te eien en het na analogie van Mussolini se fascistiese staat die *Estado Novo* gevestig. Salazar was gekant teen die buitelandse uitbuiting (met name deur die Britse imperiale regering) en het aangedring daarop dat die Portugese provinsies oorsee in diens moes staan van die moederland deur grondstowwe te lewer vir die Portugese industrie. Die maatskappye is onderwerp aan streng reëls en Portugese sakemanne is aangemoedig om aandele in die bedrywe te koop. Gaandeweg het die plantasiëprodukte toenemend hul weg na Portugal gevind en is meer as die helfte van die invoerprodukte veral sedert die veertigerjare ook uit die moederland ingevoer, waar dit vroeër hoofsaaklik uit die Britse kolonies afkomstig was. Naas dié maatreëls, is emigrasie na die kolonies aangemoedig, maar Brasilië, Argentinië en die Verenigde State was steeds die gewilde keuses teenoor Afrika wat relatief min Portugese getrek het (Bossema, 1995: 10-11).

Die sisteem van dwangarbeid is ook verder gereguleer deur 'n wet wat in 1930 uitgevaardig is en wat alle Mosambiekse mans wat nie reeds vir 'n loon gewerk het nie, verplig het om ses maande van die jaar loondiens te verrig. Swart arbeiders is ook verplig om katoen, rys, mielies, kokosneute, grondboontjies en kasjoeneute te verbou. Die vroue van die trekarbeiders is veral hierdeur geraak. Die katoenaankopers het self die prys bepaal en is by hul besoeke aan die dorpe vergesel deur 'n belastingamptenaar (11).

Beheer is uitgeoefen deurdat Mosambiek verder in twaalf werwingsgebiede opgedeel is wat toegeken is aan die Portugese maatskappye. Die bedrywe het saam met die koloniale amptenare en die tradisionele leiers van die streek gewerk. In ruil vir hul samewerking het die tradisionele leiers en hul ondergeskiktes geld en ander voordele ontvang, so nie, is hulle vervang deur ander bereidwillige familieledes (11). Die sisteem van dwangarbeid was al sedert die draai van die eeu 'n kontensieuse saak. Dwangarbeid is amptelik in 1878 afgeskaf, maar 'n verordening van 1899 het bepaal dat "alle naturelle van oorsese Portugese gebiede" die morele en wetlike verpligting het om te werk, wat daarop neergekom het dat alle Afrikane sonder grond verplig was om dwangarbeid te verrig. Alhoewel 'n verbod in 1928 geplaas is op dwangarbeid en Portugal hom in 1959 neergelê het by die besluit van die Konvensie vir Afskaffing van Dwangarbeid, het Afrikaleiers, Protestantse sendelinge en besoekende navorsers nog steeds gevind dat dwangarbeid toegepas word. In 1962 is die Arbeidskode gewysig en dwangarbeid weer eens verbied

met dien verstande dat tronkstraf wat aan natuurlike opgelê is, vervang kon word deur dwangarbeid (Brockway, 1973: 389-390).

Salazar het die werwing van trekarbeiders deur die Suid-Afrikaanse werwingsburo WANELA beperk tot onder die twee-en-twintigste breedtegraad. Die trekarbeidsstelsel is dus beperk tot die suide, maar het toegeneem weens die dwangmaatreëls wat in die tuisdorpe gegeld het. Die trekarbeiderslone was nog steeds hoër as die lone wat deur die Portugese betaal is (Bossema, 1995: 11). Mosambiek het nie net belangrik gebly vir die Suid-Afrikaanse ekonomie vanweë die trekarbeidsstelsel nie, maar ook omdat twee derdes van die goedere wat uit Lourenço Marques verskep is, nog steeds na die Tweede Wêreldoorlog afkomstig was uit die myne van die Witwatersrand (11-12). Hierdie deurlopende samewerking met Mosambiek is ook in die hand gewerk deur die verslapping van die streng maatreëls wat buitelandse belegging en samewerkingsooreenkomste aanvanklik ontmoedig het. Vanaf 1960 het Portugal sy buitelandse beleid onder Salazar gewysig om buitelandse investering in Mosambiek en Angola aan te moedig.

Die streng maatreëls waarmee die Mosambiekse arbeidsmag beheer is deur koloniale moondhede, het gelei tot die verarming van die swart inwoners. Primêre voedselverbouing het gelyk onder die gedwonge verbouing van handelsgewasse. Veral in die suidelike dorpe wat ontvolk is deur die trekarbeidersstelsel en waar die vroue dwangarbeid moes verrig, het die landbou agteruitgegaan. Net gewasse wat relatief min onderhoud vereis het, soos kassawe, is geplant en die dieet van die plaaslike bevolking is dus beperk. Alhoewel die trekarbeiders se lone die inkomste per gesin verhoog het, het weinig van die mans gespaar en geld geakkumuleer met die oog op die einde van hul dienstermyne. Geakkumuleerde inkomste is ook nie noodwendig gedeel met die vroue in die tuisdorpe nie. Naas die relatiewe armoede in die tuisdorpe het die dwangarbeid ook gepaard gegaan met geweld. Die toesighouers wat die verbouing van katoen moes monitor, het die arbeiders dikwels mishandel (12).

Onder Salazar se bewind is daar egter nie net voortgegaan met die uitbuiting van die plaaslike bevolking nie: hy het Portugal beskou as beskawingsmag wat hul geloof, kultuur en beskawing moes oordra op die inheemse bevolking om hulle sodoende te assimileer in die “Lusitaanse gemeenskap”. Die vlagskip van die beskawingsmissie van die Salazar-regime was die *assimilado*, die Afrikaan wat die Portugese kultuur suksesvol toegeëien het en daardeur die regte van die wit Portugees verkry het. Die proses was egter alles behalwe eenvoudig (12). Volgens die *Native Assistance Code* van 1921 (Brockway, 1973: 388) moes uitvoerige dokumentasie voorgelê word, waaronder diplomas wat as bewys kon dien van die Portugese lees-, skryf- en spreekvaardigheid van die kandidaat, bewys van voldoende inkomste om ’n gesin

te onderhou, keurige gedrag en genoegsame onderwys. Hierdie dokumente is dan deur die goewerneur van die provinsie nagegaan wat dan die *assimilado*-status kon toeken aan die kandidaat. Die prosedure was egter so onsuksesvol dat daar teen 1950 slegs 4555 kandidate was wat hierdie erkenning geniet het (Bossema, 1995: 12-13) en teen 1960 slegs 4353 teenoor die 5 728 647 *indigenas* (Brockway, 1973: 388).

Naas die reeds bestaande onderskeid tussen die nie-beskaafdes en die *assimilados*, het Salazar die onderskeid tussen die *indigenas* en die *nao-indigenas* amptelik ingevoer. Laasgenoemde groep het bestaan uit Portugese, Goanese en reeds genoemde *assimilados*. Hierdie groep is aan geen beperkings onderwerp nie, maar daar is tog onderskeid getref tussen Portugese en Portugese Afrikane aangesien die Portugese outomaties as *nao-indigenas* geklassifiseer is (ook die ongeletterde wit Portugese) en die Portugese Afrikane eers 'n geletterdheidstoets moes slaag. Die onderskeid tussen Portugese en Portugese Afrikane is eers teen 1963 afgeskaf, maar in die praktyk is daar nog steeds onderskeid getref (388-389). 'n Studie wat in 1964 gepubliseer is, het die Mosambiekse bevolking verdeel in drie sosio-ekonomiese strata. Die Westerse groep het slegs 2,5 persent van die bevolking beslaan. Die tweede groep het bestaan uit Afrikane "serving on the fringe of urban and mineral development". Hulle was nie geassimileer nie, maar het ook nie meer deel gehad aan die lewe binne stamverband nie en het 3,5 persent van die totale bevolking beslaan. Die meerderheid, 94%, was *indigenas* wat bestaansboerderye bedryf het, aangevul deur sporadiese stedelike loonwerk en kontantverkope. Ook die onderwysstatistieke het die onderskeid bevestig: teen 1963 was net een vyfde van die 25 742 skoliere in primêre skole en slegs ses persent van die skoliere in sekondêre skole Afrikane. Ongeletterdheidsvlakke onder Afrikane was tussen 95 en 98 persent (405).

Teen 1961 was die dekolonisasieproses in Afrika in volle gang nadat die klimaat in Afrika na afloop van die Tweede Wêreldoorlog verander het weens die invloed van Afrikanasionalisme (Van Aswegen, 1991: 293). Salazar het egter nie meegedoen aan hierdie proses nie en eerder immigrasie onder arm Portugese aangemoedig deur vestigingsprogramme in die Limpopovallei. Immigrante sou 'n huis, 'n stuk grond, landbouwerktuie, 'n lening en 'n salaris gedurende hul eerste jaar in Mosambiek ontvang. Die Portugese kleinboere was egter nie opgewasse vir hul taak nie en het moeilik swart arbeiders gevind wat hulle kon bystaan. Hulle het ook nie daarin geslaag om hul skuld af te betaal nie en na 'n paar jaar die platteland verlaat om klein handelsake in die stede te bedryf. Mede deur die immigrasiebeleid is die wanbalans in die grondverdeling vergroot: teen 1970 het die wit boere die helfte van die bewerkte landbougrond besit, terwyl 1 258 000 swart gesinne nog nie eens 'n kwart van die grond gehad het nie. Die toenemende verarming onder die swart boere het die swart nasionalisme aangewakker. Die nasionalistiese

onafhanklikheidsbewegings is gelei deur jong opgeleide swart mans. In Mosambiek was die groepering relatief klein in vergelyking met gelyksoortige bewegings in Britse en Franse kolonies in Afrika. 'n Paar het in Suid-Afrika en Rhodesië hul opleiding geniet waar hulle met ander nasionalistiesgesinde geesgenote in aanraking gekom het. Die belangrikste vereniging van die geskoolde Afrikane en mulatte wat onafhanklikheid nagestreef het en 'n politieke veldtog teen kulturele onderdrukking gevoer het onder die dekmantel van sosiale en opvoedkundige aktiwiteite, was die Kerngroep van Skoliere van die Middelbare Skool, NESAM (*Nucleo dos Estudantes Africanos Secundários de Moçambique*) wat in 1949 gestig is en in 1964 verban is (Bossema, 1995: 13 en Brockway, 1973: 406-407). Een van die stigters van die kerngroep, Eduardo Mondlane, sou later die leier van Frelimo (*Frente de Libertação de Moçambique*) word (Bossema, 1995: 13). Die inisiatiewe van die skoliere is gevolg deur die stigting van 'n studente-unie en ander studente-organisasies. Ouer intellektuele waaronder skilders, digters en skrywers het ook bygedra tot die stimulering van nasionale bewussyn (Brockway, 1973: 407).

Die eerste bevrydingsbewegings het buite Mosambiek ontstaan en was streeksgebonde met bepaalde etniese agtergronde. Onder hierdie bewegings het getel UDENAMO (*Nasionale Demokratiese Unie van Mosambiek*) in Rhodesië, MANU (*Mozambique African Nationalist Union*) in Kenia en UNAMI (*Afrikaanse Unie van Onafhanklike Mosambiek*) in Niasaland. Julius Nyerere, die eerste president van Tanzanië, het steun aan die drie organisasies verleen en ook toegelaat dat hulle kantore vestig in Dar es Salaam. Verder het hy ook daarop aangedring dat hulle 'n verenigde front vorm. Hierdie frontbeweging is op 25 Junie 1962 in die lewe geroep onder die leierskap van Eduardo Mondlane wat nie tot een van die betrokke etniese groepe behoort het wat die basis van die drie bevrydingsbewegings gevorm het nie en gerespekteer is deur die onderskeie weerstandsbewegings. Hy het as voormalige dosent in Sosiologie aan 'n Amerikaanse universiteit en werknemer van die Verenigde Nasies hoë aansien geniet. Alhoewel Frelimo 'n gerespekteerde leier gehad het, was daar net een saak waaroor die onderskeie leiers eenstemmigheid kon bereik, naamlik dat die Portugese Mosambiek moes verlaat. Hul visie vir 'n onafhanklike Mosambiek en die wyse waarop die onafhanklikheid bereik moes word, het egter verskil. Die diversiteit van die lede wat gewissel het van tradisionele leiers tot Marxistiese studente, radikale trekarbeiders en gematigde sakemanne, het ook konflik veroorsaak. Die onderlinge spanning het daartoe gelei dat sekere leiers al die alliansie verlaat het voor die aanvang van die gewapende stryd in September 1964. Na die moord op Mondlane in Februarie 1969, ontstaan 'n leierskapskrisis waartydens Urio Simango, die visepresident homself as nuwe president verklaar, maar deur Samora Machel onttroon word (Bossema, 1995: 14).

Die deurslaggewende gebeurtenis wat aanleiding gegee het tot die gewapende stryd wat uiteindelik in September 1964 geïnisieer is en die Afrikane tot die gevolgtrekking gebring het dat samewerking met die Portugese onmoontlik was, was die Bloedbad van Mueda. Tydens 'n vergadering tussen die Goewerneur van Mueda en die boere van die streek op 16 Junie 1960, is segspersone uit die skare genooi om naas die verteenwoordigers wat reeds gesprek gevoer het met die goewerneur bydraes te lewer. Die betrokke groep is geïsoleer en geboei. Toe die polisie die mans wou wegneem, is die polisievoertuie omsingel en die goewerneur het die opdrag gegee dat die troepe moes vuur op die skare. Volgens die betogers het meer as vyfhonderd boere gesterf. Die insident is later vergelyk met die Sharpeville-slagting (Brockway, 1973: 407-408). Vier jaar later op 25 September 1964 het die gewapende stryd 'n aanvang geneem in Cabo Delgado, 'n provinsie van Mosambiek wat net soos Niassa gegrens het aan Tanzanië waar die weerstandsbeweging 'n basis en opleidingskamp gehad het (Brockway, 1973: 409 en Bossema, 1995: 15).

Die koloniale regering het die weerstandsaksies in ander dele van die kolonie kragtig onderdruk: stakings van hawe-arbeiders is beëindig, die studentebeweging is die swye opgelê en verdagte persone is in hegtenis geneem. Ook Suid-Afrika, Rhodesië en Malawi het opgetree teen Frelimo-uitgewekenes. Die versetsfront het dus gekonsentreer op guerrilla-oorlogvoering uit die noorde. Deur hierdie strategie het Frelimo daarin geslaag om gedurende die sestigerjare 'n aantal bevryde gebiede te vestig in Cabo Delgado en Niassa. In hierdie gebiede is skole opgerig en mediese hulp aan die plaaslike bevolking verleen. In ruil vir hierdie hulp het die boere voedsel vir die guerrillamagte verbou (15).

Teen die agtergrond van hierdie groeiende onrus het die verteller in *Die staf van Monomotapa* Mosambiek dus aan die begin van die sestigerjare besoek. Dit is egter duidelik uit haar betoog dat die onafhanklikheidsstryd nog nie die diskoers rondom Mosambiek oorheers het nie – alhoewel daar deurgaans gewys word op die gevolge van die Portugese ontwikkeling van Mosambiek wat agterweë gelaat is tot op 'n punt waar waarnemers skepties was oor die vermoë van die moontheid om die agterstand uit te wis en sodoende die steun van die inheemse Mosambiekse bevolking te wen.

4.3 Kolonialisering van Angola en die onafhanklikheidstryd

Aanvanklik het die eerste kontak tussen die inheemse bevolking van Angola, met name die Bakongo⁵⁸ onder leiding van *manikongo* Nzinga Mbemba, en die verteenwoordigers van die Portugese ryk, suksesvol verloop. Deigo Cão het namens die Portugese koning betrekkinge met die ontwikkelde Kongoryk gevestig en ambassadeurs is uitgewissel. Nzinga het hom selfs in 1491 laat doop en daarna die naam João I gebruik. Ook sy broer wat hom in 1506 opgevolg het, het die Portugese naam Afonso I gebruik. Betrekkinge tussen die twee koninkryke het egter versuur toe die *manikongo* nie bereid was om die Portugese van slawe te voorsien wat in die Brasiliaanse suikerrietplantasies kon werk nie. Die *ngola kiluanje*, die leier van die Mbundu⁵⁹ wat woonagtig was in die Ndongo-koninkryk ten suide van die Kongoryk, het die Portugese uiteindelik van 'n arbeidsmag voorsien. In hul soektog na minerale het die Portugese die binneland op 'n gewelddadige wyse probeer binnedring. Uiteindelik is beide die Kongoryk (1665) en die Ndongo-koninkryk (1671) verslaan en Portugese vestings is opgerig. Koningin Nzinga, wat in 1624 die koning van die Mbundu vergiftig het, maar deur die stam onttroon is en vervolgens vanuit 'n kleiner koninkryk aanvalle teen die koloniste geloods het, het haar egter nie so maklik laat onderkry deur die Portugese nie. Hulle was byna veertig jaar lank in 'n stryd met haar gewikkel en sy het selfs gedurende die Nederlandse besetting van Angola in die sewentiende eeu 'n alliansie met die besetters aangegaan in 'n poging om die Portugese te verdryf. Alhoewel sy tog handel gedryf het in slawe en ook later met die Nederlanders handelsbetrekkinge aangeknoop het, is sy in die twintigste eeu deur die leiers van die onafhanklikheidstryd tot ikoon verhef (Posthumus, 2003: 9-11).

Die Nederlandse Wes-Indiese Kompanjie het, in 'n poging om die slawehandelsroetes te oorheers, teen 1641 daarin geslaag om die vernaamste sentra van die slawehandel te verower, onder andere Luanda⁶⁰ wat in 1575 deur die Portugese gestig is. Die Nederlandse besetting het egter 'n relatief kort periode geduur aangesien die besetters nie die sentrum finansiële wou ondersteun of handelsware wou verskaf waarmee die slawe aangekoop kon word nie (11).

⁵⁸ Die Bakongo was die oudste swart volk in Angola. Hulle het hul koninkryk reeds in die veertiende eeu gevestig in die streek. Hul grondgebied het gestrek van die kus ten suide van Luanda tot by die huidige Kinshasa en Brazzaville. Die hoofstad van die Bakongo-ryk was Mbanza Kongo, wat tans die hoofstad van die Angolese provinsie Zaïre is. Die Bakongo was juis suksesvol omdat hulle geleidelike assimilasië van volke wat hulle verslaan het onder die Bakongo koning of *manikongo* voorgestaan het (Posthumus, 2003: 7-8).

⁵⁹ Die Mbundu het in die Ndongo-koninkryk gewoon onder leiding van die koning of *ngola a kiluanje*. Die Portugese het dan ook na aanleiding van dié titel die hele land Angola genoem. Die grondgebied van die Ndongo-koninkryk het die streek ten suide van Luanda beslaan. Hulle was net soos die Bakongo landbouers en handelaars, maar was belastingpligtig teenoor die Kongoryk. Die belangrikste sentra van die Ndongo-koninkryk was Massangano en Pungo Andongo (Posthumus, 2003: 8).

⁶⁰ Die stigting van Luanda in 1575 het gelei tot die destabilisering van die Kongoryk en die Ndongo-koninkryk (Posthumus, 2003: 10). Paulo Dias de Novais het die stad gestig as slaweuitvoerhawe (Brockway, 1973: 393).

Toestande in die sentrum het verswak en malaria en 'n tekort aan voedsel en drinkwater was algemeen. Ten spyte daarvan dat die Nederlanders betrekkinge met die Kongo en met koningin Nzinga aangeknoop het, het Portugal in 1648 daarin geslaag om Luanda te herower (11).

Luanda het vanaf die middel van die sewentiende eeu ontwikkel tot die grootste slawehawe en koloniale stad in sub-Sahara Afrika: teen die einde van dié eeu het vyf- tot seweduisend slawe per jaar die stad verlaat; 'n eeu later het die syfer gestyg tot tussen sewe- en tienduisend per jaar. Naas Luanda het Benguela, 350 kilometer suid van die stad, gegroei tot die tweede hawestad. Die leiers van die Lunda⁶¹, Ndongo en Bakongostamme het slawe ontvoer en na die *pombeiros* of agente gebring in die stad. Die agente was meestal *mestiços* of halfbloede en het aan Brasiliaanse skeepskapteine 'n salaris sonder kommissie betaal om die slawe te vervoer na hul land van herkoms, Mexiko en Kuba. Weens die gebrek aan kommissie het die kapteine nie moeite gedoen om die slawe se oorlewing te verseker nie. Namate ander koloniale moondhede hul onttrek het van slawehandel, het die mag en rykdom van die stadselite wat handel gedryf het in slawe, toegeneem. Soos reeds genoem, het Portugal slawehandel eers teen 1836 verbied en die verbod op slawerny is 33 jaar later uitgevaardig (11-12).

Na die verbod op slawehandel in 1836, het verdere gebiedsuitbreiding na die suide en ooste van Angola en Cabinda plaasgevind. Ondanks hierdie militêre ekspansie, het die land egter na die verbod ekonomies stilgestaan. Portugal het die kolonie as strafkolonie gebruik: 'n groot gedeelte van die Portugese was veroordeelde misdadigers, ook bekend as *degredados* (12). Die bevolking van Angola deur veral *degredados* het mettertyd gelei tot die vestiging van 'n netwerk van handelstasies waar sout, palmolie, brood, vis en alkohol verkoop is. Die handelstasies het egter konflik veroorsaak: gebiede wat nooit voorheen deur koloniste beset is nie, het nou onder Portugese okkupasie deurgeloopt, die Portugese kooplui was kompetisie vir die inheemse handelaars en die plaaslike gesagstrukture is ondermyn. In 1902 breek daar 'n oorlog tussen die Portugese en die Ovimbundu-koninkryk⁶² Bailundo, wat hul bestaan uit handel gemaak het, uit. Die Afrikane was egter nie opgewasse teen die Portugese ammunisie nie (13).

Saam met die handelsposte wat in die binneland gevestig is, het ook die sendelinge gedurende die negentiende eeu vanaf die kusstroke binnegedring. Naas die Rooms-Katolieke sendingwerkers, het ook die Protestante sendinggenootskappe gepoog om die plaaslike bevolking te kersten. Die Protestante het veral aanklank gevind by die Bakongo en die

⁶¹ Die Lunda-Chokweryk het in die sestiende eeu Moxico, Lunda Norte en Sul omvat en tot ver in Zambië gestrek (Posthumus, 2003: 8)

⁶² Die Ovimbundu het vanaf die sestiende eeu na die plato van Benguela migreer in die middel van die land. Die Ovimbundu het bestaan uit verskillende koninkryke, onder andere Andulo, Bié en Bailundo. Die Ovimbundu was by uitstek handelaars (Posthumus, 2003: 8).

Ovimbundu en anders as die Rooms-Katolieke sending groter respek vir die plaaslike taal en godsdienstige tradisies gekoester. Die Rooms-Katolieke Kerk het ook klem gelê op die beskawingsproses en die aanleer van Portugees was 'n noodsaaklik geagte komponent van die beskawingsmissie (13).

Tydens die Konferensie van Berlyn in 1884-85 is Angola toegeken aan Portugal, maar die Portugese het nie daarin geslaag om veel meer as die kusstreke en die naburige plato te beheer tot en met die aanvang van die twintigste eeu nie (Brockway, 1973: 393).

In 1910 word Angola formeel deel van die Republiek van Portugal. Die onstabiele politieke omstandighede in Portugal in die daaropvolgende twee dekades veroorsaak omwentelinge in Angola. Onder die Salazar-regering⁶³ word vakbonde en politieke partye byvoorbeeld verbied en 'n koloniale bestel met elf administratiewe provinsies en 'n klein amptenary wat veral belasting moes invoer, word weer ingestel in Angola. Hierdie belastingverpligting het meegebring dat meer mense op die plantasies moes gaan werk. Die aantal blanke koloniste in Angola het klein gebly gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Gedurende die tweede helfte van die eeu het Salazar se belegging in die migrasieprojek (gereken op 136 miljoen euro tussen 1955 en 1975) tog wel vrugte afgewerp vanweë die diamantindustrie wat in die noordooste van die land ontwikkel het, die ontdekking van olie en die klein, maar winsgewende landbousektor. Die grootste hoeveelheid koloniste het in die stede bly woon waar hulle as winkeliers, taxibestuurders of arbeiders gewerk het. Teen 1974 het daar ongeveer 335 duisend Portugese (ses persent van die bevolking) in Angola gewoon, maar weens politieke verwikkelinge was hulle besig om die land vinnig te verlaat (Posthumus, 2003: 13-14).

Net soos die onderskeid wat in Mosambiek getref is tussen die Portugese en die ander *nao-indigenas*, het daar ook in Angola 'n duidelike hiërargie bestaan. Die wit koloniste was op die boonste sport van hierdie rangorde, terwyl die *mestiços* of halfbloede 'n effens laer rangorde gehad het. Aan die onderpunt van die leer was die beskaafde Afrikane of *assimilados*, 'n groep wat hoofsaaklik bestaan het uit Mbundu-stamlede wat aan streng standarde moes voldoen: hulle moes perfekte Portugees kon praat, die Katolieke geloof aanneem, deugsame gedrag toon, gesond wees en volgens die Portugese uitroon het bo die "basis": die onbeskaafde Afrikaan. Die bestaande hiërargie het ontevredenheid veroorsaak by die breë bevolking. Selfs die *assimilados* is nie erken as volwaardige burgers nie. Verder was hulle vervreemd van hul eie agtergrond en het die *mestiços* en blankes nie met hulle geassosieer nie en telkens die beste poste beklee. Die leiers van die bewegings wat Afrikanasionalisme aangehang het, onder andere Agostinho Neto

⁶³ António Oliveira Salazar het in 1932 aan bewind gekom. Hy het as fascistiese diktator groot politieke veranderinge ingestel.

wat as digter en opgeleide dokter die eerste president van die onafhanklike Angola sou word, het dan ook uit hierdie gemarginaliseerde groep gekom. Onder die verdrukke Angolese wat diskriminasie ondervind het (hulle moes byvoorbeeld hulself identifiseer indien Portugese amptenare daarop sou aandrang en is onderwerp aan dwangarbeid⁶⁴), het hulle 'n ontvanklike gehoor gevind (14).

Twee bevrydingsbewegings in Angola het 'n vreedsame bevrydingstryd voorgestaan, te wete die Volksbeweging vir die Bevryding van Angola⁶⁵ (*Movimento Popular de Libertação de Angola, MPLA*) en die Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (*Frente Nacional de Libertação de Angola, FNLA*). Die MPLA het onder leiding van Agostinho Neto gestaan en was Marxisties georiënteerd (Posthumus, 2003: 14). Die beweging het 'n onafhanklike staat voorgestaan wat regeer sou word deur 'n koalisie van alle magte wat teen Portugese kolonialisme gekant was (Brockway, 1973: 396). Die ondersteuners van hierdie beweging het in die krotbuurte van Luanda gebly. Die FNLA se aanhangers was lede van die Bakongo. Die leiers van die FNLA het 'n regering in ballingskap gestig met Holden Roberto as leier en Jonas Savimbi as minister van Buitelandse Sake. Savimbi het 'n graad in Switserland behaal en was Frans en Portugees magtig. Die FNLA was anti-Marxisties en het bande gehad met 'n Protestantse kerkgenootskap in die Kongo. FNLA-aanhangers het die MPLA beskou as 'n elitistiese groep van blankes, *mestiços* en *assimilados* en hulself beskou as die groep wat die herlewing van die Kongoryk teweeg sou bring (14-15).

Alhoewel hierdie twee georganiseerde bevrydingstrukture bestaan het, is die opstand aangevoer deur die boerestand. In 1960 het hulle hulle vernet teen die verpligte verbouing van katoen, belasting en die kompetisie en grondonteiening wat die immigrasie van nog koffieboere tot gevolg gehad het. Tweeduisend Portugese koloniste is na skatting vermoor tydens die opstand en die Portugese koloniale leër het die slagting vergeld deur minstens twintigduisend Angolese te vermoor tussen 1960 en 1961. Gevolglik het meer as 150 duisend Angolese na die Kongo gevlug (15).

Die MPLA-ondersteuners het verder op 4 Februarie 1961 die gevangenis in Luanda bestorm om hulle leiers te bevry, maar die koloniale leër het gereageer deur die ondersteuners in die krotbuurte aan te val. Die MPLA het vervolgens net soos die FNLA uitgewyk na die buiteland vanwaar beide organisasies aanvalle geloods het in 'n bosoorlog teen die Portugese. Die Portugese het toe beskermde dorpie gestig waardeur hulle die Angolese dorpenaars kon monitor en kon verhoed dat hulle steun verleen aan die terroriste-bewegings (15).

⁶⁴ Dwangarbeid is eers in 1962 afgeskaf.

⁶⁵ Die MPLA is in 1956 gestig (Brockway, 1973: 396).

Teen 1966 het Jonas Savimbi weggebreek van die FNLA en 'n derde bevrydingsbeweging tot stand gebring: die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (*União Nacional para a Independência Total de Angola, Unita*). Hierdie beweging is ondersteun deur die Ovimbundu (15).

Die verteller in *Die nuwe Afrikaan* het Angola besoek gedurende hierdie tydperk waartydens die bosoerlog woed. Haar vertelling dra die gespanne atmosfeer van die altyd parate koloniale regering en militêr beheerde beskermdes dorpieë oor naas die hardnekkige verzet van die Portugese burgers teen die onafwendbare groei van Afrikanasionalisme – selfs teen die agtergrond van die slagting van die sestigerjare.

Hoofstuk 5

Vergelykende bespreking: die representasie van enkele aktueel relevante temas in Die staf van Monomotapa en Die nuwe Afrikaan

5. Inleidend

Hierdie hoofstuk handel oor die sentrale tema van my tesis, die representasie van rasseproblematiek in *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan*. Die sentrale tema kom in drie subtemas tot uitdrukking: (1) die koloniale geskiedenis, (2) kulturele assimilasië en (3) die manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd. Uit hierdie ondersoek kan ook ten slotte afgelei word of die verteller wél nader as Komatipoort beweeg, of sy wél in staat is om deur haar representasie van hierdie tydgenootlik aktuele kwessies ook 'n meningsvormende boodskap oor te dra oor die rasseproblematiek in Suid-Afrika.

Susanna Beukes het reeds in haar tesis *Die skryfkuns van Elsa Joubert* (1982) 'n analise gegee van die uitwendige struktuur van *Die nuwe Afrikaan* waarin sy die wyse waarop tekstuele eenheid bewerkstellig word en die gepastheid van die grafiese en tipografiese uitleg bespreek (37-47). Ek bepaal my eerder by die representasie van drie temas wat as barometers vir die aktualiteitswaarde van die tekste kan dien, en meer spesifiek die verteller se perspektief op die rasseproblematiek van die twee kolonies aantoon.

Teenoor *Die nuwe Afrikaan* wat in 1974 gepubliseer is met elf genummerde hoofstukke, maar sonder hoofstuktitels, word die tien ongenummerde hoofstukke met titels in *Die staf van Monomotapa* (1964) tematies duideliker afgebaken. In *Die staf van Monomotapa* fokus die titels van hoofstukke een, drie, sewe, agt en tien op 'n bepaalde tema wat in die eenheid aan bod kom, terwyl die titels van hoofstukke twee, vier, vyf, ses en nege wys op die ruimte waar die verteller-reisiger haar bevind. Die ruimte of elemente in die ruimte gee dan aanleiding tot ontginning van bepaalde temas deur assosiasie. Net soos in die geval van *Die nuwe Afrikaan*, bepaal die chronologie van die reis die hoofstukindeling en rangskikking.

In hierdie hoofstuk sal ek die representasie van die drie temas wat verband hou met die hantering van rasseproblematiek in die Portugees-Afrikaanse kolonies chronologies behandel. Ek

sal dus eers die representasie van koloniale geskiedenis in beide tekste ondersoek, waarna ek die wyse waarop kulturele assimilasië gerepresenteer word, sal bespreek. Ten slotte sal ek die representasie van die manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd onder die loep neem.

5.1. Koloniale geskiedenis

Ek het reeds in hoofstuk vier as agtergrond tot die representasie van die koloniale geskiedenis, 'n oorsig gegee van die belangrikste historiese gebeure. Vervolgens word die koloniale geskiedenis soos wat dit uitgebeeld word in *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* bespreek.

5.1.1. Koloniale geskiedenis in *Die staf van Monomotapa*

Byna al die hoofstukke van *Die staf van Monomotapa*, met uitsondering van hoofstuk drie, verwys na die koloniale geskiedenis van Portugal. Dit is derhalwe 'n belangrike tema in die reisverhaal wat ook lig kan werp op die sentimente van die verteller. Die geskiedenis word geensins chronologies betrek nie, maar na gelang van die prikkel en die ruimte waar die verteller haar bevind, opgediep. Prikkel wissel van die besigtiging van die Camoëns-viering, die uitsig oor skepe in die baai van Lourenço Marques, die stede Beira, Nampula en Tete, tot die gedenktekens en standbeelde ter ere van geskiedkundige figure soos byvoorbeeld De Albuquerque en Vasco da Gama. Ook gesprekke en opmerkings van karakters wat die verteller teëkom op haar reis, lei tot die bespreking van historiese gebeure. Veral in die hoofstukke waarin die verteller nie in hoofsaak uitwei oor die implementering van kulturele assimilasië nie, word daar ruim geleentheid gelaat vir die byhaal van die koloniale verlede – veral hoofstuk sewe, agt en tien fokus op die vroeë geskiedenis van Mosambiek. Hierdie hoofstukke het ook titels wat die verlede oproep: “Die staf van Monomotapa”, “Livingstone of Lacerda” en “Laaste dōna van Zambezia”.

In hoofstuk een verwys die verteller slegs vlugtig na die Portugese geskiedenis wanneer sy verduidelik na wie die Camoënsviering vernoem is. Die digter Luiz Vaz de Camoëns het naas sy reputasie as Shakespeare van Portugal ook bande met Afrika gehad aangesien hy gedurende die sestiende eeu met die Portugese karvele na Indië geseil het en gestrand was aan die ooskus van Afrika. Hy het ook 'n paar jaar lank op die eiland Mosambiek vertoef en gedurende hierdie tydperk en in die Ooste, het hy gewerk aan sy groot epiese gedig *Os Lusíadas* wat 'n manifestasie is van Portugese nasionalisme, omdat hy die glorie van Portugese oorsese gebiede daarin besing. Deur die byhaal van hierdie brokkie geskiedenis, skep die verteller 'n parallel vir die vierings wat hulle dophou vanaf die balkon van die hoof van die Departement van Inligting

en Toerisme se kantoor – ook daar word die glorie van die Portugese *ultra-mar* besing (Joubert, 1964: 14-15). Die enigste ander verwysing na die koloniale geskiedenis in hoofstuk een, slaan op ’n meer resente gebeurtenis: die afskaffing van die *assimilado*-stelsel op 3 September 1961 (17). Ook hierdie verwysing koppel sy aan die vierings: die soldate wat in een stroom marsjeer, herinner haar aan die beleid van Portugal in Afrika en gevolglik aan die einde van die diskriminerende *assimilado*-stelsel. Hierdie twee verwysings na die koloniale geskiedenis vul die hooftema van die hoofstuk, naamlik kulturele assimilasië en die verstommende Portugese nasionalisme onder die inheemse bevolking wat die proses se sukses beklemtoon, aan.

Hoofstuk twee fokus, soos die titel aandui, op die “[s]tad by die see”, Lourenço Marques. Dit is dus gepas dat die verwysings na die koloniale geskiedenis ook betrekking het op hierdie stad.

Reeds in die eerste paragraaf, lei die verteller die leser na ’n besinning oor die verlede wanneer sy verwys na die karvele wat soveel eeue terug ook die baai besoek het en die herhaling van hierdie geskiedenis in die hawe waar moderne skepe van verskillende buitelandse oorde nog steeds aandoen. Sy berei die leser dus voor op die ter saaklike Portugese seevaartgeskiedenis. Hieroor wei sy uit in haar bespreking van die koloniale verlede van Lourenço Marques wat verder terug strek as die eerste permanente Portugese fort wat in 1871 opgerig is en die amptelike verskuiwing van die administratiewe setel vanaf die eiland Mosambiek in 1898. Daar is nie blyke van ’n negatiewe beskouing van hierdie geskiedenis nie; intendeel, die beskrywing van die seewind wat die karvele verwelkom in die “rustige baai” doen selfs romanties aan (26). Sy wys verder op die eerste daadwerklike aanspraakmakers op die baai – die Nederlanders – wat anders as die aanvanklike verkenners kaptein Lourenço Marques wat die baai na homself vernoem het, ’n nedersetting in die baai begin het as basis waarvandaan hulle kon gaan soek na die goudmyne van Monomotapa. Hulle het egter nie die goudmyne gevind nie en die ongesonde klimaat het hulle verdryf. Ook die Oostenrykers se kortstondige verblyf van twee jaar, ’n halfeeu nadat die Nederlanders die aftog geblaas het, en die Portugese se herowering van die gebied word in herinnering geroep. ’n Permanente toe-eiening was dit egter nie. Die Portugese neem uiteindelik die baai in beslag en stig van tyd tot tyd nedersettings om te verhoed dat ander koloniale magte die strategiese posisie kan benut. Die verteller bring ook hierdie bewustheid van die strategiese (en ekonomiese) waarde van die baai in verband met die opkoms van die twee Boererepublieke – en betrek so die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Veral die spoorlyn van die Rand na Delagoabaai bring rykdom na Lourenço Marques aangesien daar ’n ooreenkoms bestaan het waarvolgens Portugees-Oos-Afrika arbeiders sou voorsien in ruil vir gewaarborgde invoerverkeer van die Transvaal deur die hawestad en vervoer met die Mosambiekse spoor. Die

verteller sluit die uitweiding oor die geskiedenis af deur daarop te wys dat die Republiek van Suid-Afrika nog steeds deels verantwoordelik is vir die strategiese waarde van Lourenço Marques: die uitvoerooreenkoms is selfs versterk (28).

Dit is opvallend dat die verteller telkens die wit Afrikaanssprekende leser betrek deur te verwys na die belangstelling van sy of haar stamland in die kolonie, en die meer resente bydraes wat die Republiek gelewer het tot die strategiese belang van die hawestad. Deur hierdie beligting van die verweefdheid van die geskiedenis van Mosambiek en Suid-Afrika, berei sy die leser verder voor op ander raakpunte en lei sy die leser in 'n soektog na verwantskappe. Die beligting van gemeenskaplike kwessies lei ook uiteindelik tot die oorweging van gemeenskaplike probleme en selfs die oorweging van gedeelde oplossings. Die waarde van die historiese brokkies sou dus daarin kon lê dat dit solidariteit sou kon aanmoedig en lesers positief sou kon stem, met die oog op die uiteindelijke implisiete retoriese aanbod van die buurland se strategie as alternatief.

Die sukses van die Portugese “oplossing” vir die rasseproblematiek in die kolonie word verduidelik aan die hand van 'n voorbeeld uit die geskiedenis. Mnr. De Lima, kurator van die museum in Lourenço Marques, verwys na 'n standbeeld van Mousinho de Albuquerque wat die verteller reeds opgemerk het in die Avenida Joaquim Antonio de Aguiar (28, 29, 30). Dit is opgerig ter ere van die “held” wat daarin geslaag het om 'n “naturellestam” onder leiding van die legendariese Gugunyaya te onderwerp. De Lima se uitgangspunt is dat die stam nie net onderwerp is nie, maar ook suksesvol verwesters is – as kurator toon hy selfs 'n foto van die opperhoof wat in die Asore geneem is. Met hul Westerse kleredrag uit die vroeg twintigste eeu en geen tekens van verwaarlosing nie – die verteller beskryf die leier op die foto as “geset, selftevrede, eintlik pronkerig in sy pak klere, das, hoed, met die kiere tussen die knieë sodat sy twee handpalms daarop rus” (30), word hulle voorgelou as verportugeesde “Bantoes”. Die verteller is egter skepties: “Kom weer, wil ek sê. Klere maak nie die man nie”. Die verteller benut egter hierdie voorbeeld uit die geskiedenis om die eksklusiewe kultuurtoe-eiening van die Suid-Afrikaner te bevraagteken (30):

Maar dit is in elk geval 'n positiewe manier om met 'n gevangene te werk – hierdie beskawingsproses, hierdie onvoorwaardelike gee van jouself en jou eie. Miskien is die Portugese tog reg: deur te gee, sal hulle eventueel iets behou. Anders as ons wat vasklou, isoleer, ons eie vir onself alleen wil bewaar. Sal ons uiteindelik dié wees wat ons eie verloor, en nie die Portugese nie?

In hierdie kommentaar is daar blyke dat die verteller die Portugese se verportugesering as 'n edel proses beskou – die leser vind hier amper 'n eggo van die “white man’s burden” ideologie – met as hoofmotief egter selfbehoud. Hierdie beskouing van die Portugese beskawingsproses as edel, weerspreek egter haar kritiek op kulturele assimilasië wat later ter sprake sal kom en gee aanleiding tot ambivalensie in die teks.

Die verhaal van Mousinho de Albuquerque dien ook as vertrekpunt vir 'n uitweiding oor die toestand van apatie wat in Mosambiek geheers het toe hierdie staatsman sy veldtog uitgevoer het. Die oorsprong van die apatie het gelê in die afloop van die stormloop vir Afrika. Laasgenoemde het in 1884-'85 gekulmineer in die Berlynse konferensie waar die grense van die Afrikaanse kolonies bepaal is ten nadele van Portugal en die verdrag van 1891 wat verder gebiedsverliese ten opsigte van die hooglande van die binneland, die vergunning van vrye skeepsvaart op die Zambezi en die onderneming om 'n spoorlyn te bou van Rhodesië tot in Beira tot gevolg gehad het. Mousinho de Albuquerque, kaptein van die kavallerie, en Antonio Enes, die joernalis-politikus en later kommissaris van Lourenço Marques, het die volkstrots te midde van hierdie gebiedsverdeling aangewakker en 'n positiewe beleid vir die kolonies voorgestel. Hierdie twee figure en hul “vriende” word gelyk gestel aan Afrikaner helde waarmee die leser kan identifiseer: “[d]ie Paul Kruger, die Piet Joubert, die Christiaan de Wet en die Hertog van Mosambiek” (32). Nóg verder op die spits dryf die verteller hierdie vergelyking wanneer sy konstateer (32):

Tydgenote, albei groepe besig om in aangrensende lande vas te skop – vir die oomblik teen oorheersing van buite; om hulself hier in die vreemde te handhaaf, miskien om die grondslag te lê vir die verzet teen die oorheersing van binne, wat 'n korte sestig jaar later sou dreig.

Deur hierdie verwysing na die ooreenkomste tussen die vryheidstryd teen Britse imperialisme in Suid-Afrika en Portugal se stryd teen die gevolge van Britse imperialisme verder noord in Afrika, wek die verteller verder empatie by die leser. Vir laasgenoemde sou die Anglo-Boereoorlog heel moontlik nog 'n gevoelige herinnering wees en die stryd teen Britse imperialisme 'n gemaklike noemer om te deel met bure verder noord. Net soos in die geval van die verweefde koloniale en handelsgeskiedenis word die leser genooi om te identifiseer met die Portugese in Afrika. Die standbeelde wat hierdie en ander verwante helde in herinnering roep (33), word nou nie net bloot toeristiese aantreklikhede nie, maar merkers van volksidentiteit en -trots te midde van Britse imperialisme waarmee die Afrikaanse leser kan identifiseer.

In hoofstuk vier, “Beira – stad van die toekoms?” word die ontwikkeling van die hawestad wat eeue gebuk gegaan het onder malaria, ook gekoppel aan Britse imperialisme. Alhoewel die Arabiere ingestem het dat die Portugese ’n handels- en verblyfskonsessie ontvang toe hulle teen die begin van die sestiende eeu langs die kus gesoek het na ’n buitepos, het Beira eers in 1891 ontwikkel toe die British South Africa Company beheer oor Masjonaland gekry het en die potensiaal van die Pungwe-mond raakgesien het. Die maatskappy het onderneem om ’n spoorweg na die Pungwe te bou onder konsessie van 99 jaar, indien die Portugese die hawe sou ontwikkel. Die koloniste het aanvanklik ’n sukkelbestaan in die sanderige dorpie gelei, maar nadat die eerste smal spoor deur ’n breë een vervang is, en die Portugese in 1949 die spoorlyn en rollende materiaal van die Britte gekoop het, het uitbreiding vinnig plaasgevind (61-62).

Hoewel Britse imperialiste nie altyd in ’n positiewe lig beskou word nie – toon verwysings na die verlede soos byvoorbeeld die kommentaar oor Beira se ontwikkeling, Britse ondernemingsgees. Daarteenoor het die Portugese hul *laissez faire* laat geld en dikwels net in reaksie op Britse ekspansionisme stappe gedoen. Hierdie implisiete kritiek is nie net aanwesig in die beskrywing van Beira se geskiedenis nie, maar ook in die uitleg van die seevaarders-geskiedenis in hoofstuk twee.

Hoofstuk vyf sluit eintlik aan by hoofstuk twee aangesien die verteller weer na aanleiding van ’n standbeeld van Vasco da Gama die Portugese seevaardersgeskiedenis betrek. Die verteller verbind die eerste kennismaking met die beskaafde ontwikkelde Arabiere aan die Ooskus wat reeds handel gedryf het met die inboorlinge (sien ook hoofstuk ses [106-107] waar die verteller weer daarop wys dat die inboorlinge aan die Arabiere gewoond was en met hulle gekommunikeer het in Swahili en dat die Portugese hulle gevolglik makliker as handelsvennote kon aanvaar) en die Portugese ervaring van Moorse oorheersing en superioriteit, met die onbewustheid van kleurverskille wat hulle steeds in die hede openbaar en wat volgens hulle hul grootste waarborg is van verblyf in Afrika (73). Onwillekeurig word die leser natuurlik ook genoop om te vra wat die oorsaak van die oordrewe kleurbewustheid in Suid-Afrika was en is en of die instelling ook die toekoms wat die Suid-Afrikaner in Afrika het, sal beïnvloed. Hierdie besinning oor die geskiedenis verskil van die beskrywing in hoofstuk twee aangesien dit die leser onder die indruk bring van die verskille tussen die Suid-Afrikaner en die Portugees. Daar sal natuurlik gevra kan word of hier sprake is van ’n verontskuldiging wat te wyte is aan die Portugese se alternatiewe ervaring van die geskiedenis en spesifiek rasseverhoudinge, eerder as ’n daadwerklike poging tot kritiese selfevaluering.

Die verteller lê in hoofstuk vyf ook die geskiedenis van die fort van São Sebastião uit. In kontras met haar ervaring van die geskiedenis as ’n dwingende teenwoordigheid – sy verwys na

die “beklemming van die ou dinge wat bloed en geweld gesien het, wat vandag verbrysel en die verlede, soos in ’n kamer, laat binnekom” (77) – is haar gids, ’n jong soldaatjie uit Portugal, oneerbiedig teenoor die reste van die eeue-oue periodes van beleg en Portugese koloniserings, selfs teenoor die beendere van die ontslapenes in die Kapel van Onse Vrou van die Bolwerk (78, 81). Sy betrek hier die beleg van die Hollanders in 1607, en beskou die onvermoë van die besettingsleër om die fort te annekseer as motief vir die besluit om ’n verversingspos aan die Kaap te stig (79):

’n Mens wil nie gedurig motiewe soek vir die stigting van die Hollandse pos aan die Kaap nie, maar geskiedkundiges meen tog dat hierdie mislukte beleëring van die São Sebastião die Hollanders daarvan oortuig het dat hulle nie vastrapplek aan die ooskus van Afrika sou kry nie. Probeer liever die tot dusver versmaaide Kaap van Storms.

Met hierdie kommentaar slaag sy ook daarin om die geskiedenis van die fort relevant te maak vir die wit Afrikaanse leser, deurdat sy dit direk aan sy wordingsgeskiedenis koppel.

In vergelyking met die relatief resente en skynbaar humanitêre ontwikkeling van onontwikkelde gebiede wat tot en met die verteller se besoek aan Mosambiek plaasgevind het, en waarna sy ook in hoofstuk ses verwys wanneer sy die twee sesjaarplanne van Salazar vlugtig noem (99), is die ontwikkeling van die Ooskus van die sestiende tot die agttiende eeu gedryf deur hebsug (106). Spesifiek die begeerte na goud – en ook silwer – het die koloniseringspoging in Oos-Afrika oorheers en gelei tot die binnedringing van die binneland, veral toe die inboorlinge die goud nie vinnig genoeg na die kus bring nie en die Portugese self na die bron wou gaan. Tekenend van hierdie poging was die handelsposte wat toenemend aan die oewer van die Zambezi gestig is (107).

Die verteller wei ook uit oor die sending wat gepaard gegaan het met die vestiging van handelsbetrekkinge in die binneland. Die verhaal van die Jesuïte-sendeling Goncalo da Silveira wat deurgedring het tot die legendariese ryk van keiser Monomotapa bied dan ook ’n invalshoek om dié karakter wat in die titel van die reisverhaal figureer, aan die leser bekend te stel (107).

Keiser Monomotapa het geregeer oor die sterkste binnelandse stamme en was met die arbitrasie van een van sy Portugese vertrouelinge bereidwillig om die sendeling te ontvang en verblyfreg aan hom toe te ken. Die sendeling se arbeid het tot gevolg gehad dat Monomotapa hom, sy gunsteling-vrou, suster en 300 familieleden en stamhoofde laat doop en in die Portugese naam-tradisie laat inlyf het – wat vir die verteller as bewys dien dat verportugesing reeds ’n eeue-oue tradisie was. Da Silveira het egter nie rekening gehou met die persepsie wat die Swahili-handelaars van hom en sy landgenote gehad het nie. Uit vrees dat die Portugese

binnedringing van die binneland hul handel sou vernietig, oortuig Swahili-handelaars Monomotapa dat Da Silveira 'n spioen en verraaier is en hy word vermoor. In hoofstuk sewe wei die verteller na aanleiding van die besoek aan die Baroma-sendingstasie ook uit oor sy dood en sy vergeefse martelaarskap wat gelei het tot grootskaalse lewensverlies – veral onder die Arabiere en Portugese (136-137). Die moord het die kerstening van die Zambezi met 50 jaar vertraag en eers aan die begin van die sewentiende eeu word daar weer kerke aan die oewers van die rivier opgerig (107-108). Die verteller illustreer ook deur die greep uit die geskiedenis die sinneloosheid en oneffektiwiteit van die militêre ingryping versus aanpassing: “Die enkeling wat hom kon aanpas by die land, wat van die inboorlinge se hulp gebruik kon maak, deur persoonlike kontak en oortuiging sy pad kon baan, sou in Afrika veel meer vermag as die grootste ekspedisieleër” (137).

Naas die Jesuïete het ook die Dominikane vanaf die middel van die sestiende eeu hul sendingwerk na Afrika uitgebrei. In een van hierdie sendelinge, João dos Santos, se verslag van die toestand in Mosambiek, getiteld, *Ethiopia Oriental*, word daar ook dikwels melding gemaak van die legendariese keiser Monomotapa wat simbolies geword het van die “Eldorado” wat die Portugese in Afrika gesoek het. 'n Ander aspek wat Dos Santos ook in sy verslag noem, is die honger na “swart ivoor” of slawe. Veral toe goud, silwer en ivoor al hoe skaarser geword het in die agttiende eeu het slawehandel toegeneem. In haar samevatting van die Portugese se aandeel in die slawehandel, wys sy eerstens daarop dat die Portugese bloot die praktyk voortgesit het wat die Arabiere gevestig het aan die ooskus van Afrika. 'n Tweede punt wat sy maak, is dat die slawehandel aan die Ooskus nooit die omvang gehad het van dieselfde praktyk aan die Weskus nie en dat die ooskusslawe meerendeels na die Kaap, Mauritius, Réunion of die Comore-eilande verskeep is. Hierdie gebiede het beperkte behoeftes aan slawe gehad (109-110). Deur hierdie verwysing na die bestemming van die slaweskepe wat ook Suid-Afrika insluit, betrek die verteller weer die Suid-Afrikaanse geskiedenis en maak die relaas oor die verlede relevant vir die leser. Alhoewel die leser dalk die verteller se uiteensetting van die Portugese aandeel aan slawehandel aan die ooskus sou kon beskou as 'n simpatieke minimalisering van die Portugese impak op hierdie praktyk (wat verband kan hou met die Afrikanernasionalistiese dogma), wys die verteller tog daarop dat “[d]ie syfers wat vir die slawehandel uit Mosambiek aangegee word, [...] tog hoog [is] (110) en veral toegeneem het toe daar aan die begin van die negentiende eeu met die afskaffing van slawehandel aan die weskus begin is en die afskaffingsmaatreëls nog nie so streng toegepas is aan die ooskus nie. Sy verwys selfs na die werk van Duffy om die leser onder die indruk te bring van die toename in slawehandel (110):

Tussen 1780 en 1800 kan 'n mens reken dat daar jaarliks ongeveer 10,000 (5,000 in Portugese skepe en 5,000 in vreemde skepe) uit Mosambiek uitgevoer is. Ná 1800 het hierdie syfer tot 15,000 per jaar gestyg, met 'n maksimum van 25,000 per jaar voordat dit eers ná 1850 begin daal het.

Haar weergawe van die afskaffing is ook nie oorweldigend positief teenoor die Britte wat verantwoordelik was vir die beëindiging van die wanpraktyk nie. Sy gee eerder die perspektief van die Portugese wat nie oortuig was van die morele gronde vir die afskaffing van slawehandel nie: “Die patrolering van die kus deur Britse slawejaegers en die gereelde ondersoek waaraan hulle skepe onderwerp is, was 'n bitter pil om te sluk” (110). Die “bitter pil” waarna sy verwys, blyk in hoofstuk sewe nog steeds 'n gevoelige saak te wees wanneer die verteller die naam van Livingstone se vrou noem aan een van haar Portugese gespreksgenote in Tete (120). Na verdoemende opmerkings oor die man wat so onthullend oor slawe- en *emigrés*-handel⁶⁶ geskryf het (sien Livingstone se kommentaar oor Quelimane waarna verwys word in hoofstuk tien, 181), reageer Ramos ook wrang as die Suid-Afrikaners die slawehandel as onderwerp aanroer en wys daarop dat die swart Afrikane self slawe te koop aangebied het (120).

Die verteller gee verder by name erkenning aan die eertydse eerste minister van Portugal, Marques Sá da Bandeira wat “hom sterk beywer het vir 'n positiewe koloniale ontwikkelingsbeleid [en wat] in 1836 teen groot teenkating in die geweldige stap vooruit gedoen het om slawehandel te verbied” (110). Dit kom dus weer eens voor asof haar representasie tóg eerder simpatiek teenoor die Portugese is.

Waar geskiedkundiges en kritici van Portugal oorwegend verder die erfenis van die slawehandel as praktyk van uitbuiting binne 'n hedendaagse konteks beklemtoon en dit as die vernaamste oorsaak van die gebrek aan ontwikkeling in die binneland beskryf, beskou die verteller die siening as 'n oorvereenvoudiging. Haar enumerasie van ander bydraende faktore verrai weer eens simpatie vir die Portugese (110):

Dit is miskien 'n te maklike oplossing. die moerassige streke, die uitmergelende klimaat van die Zambezi-vallei, die koors, die oorlogsugtige Bantoestamme wat telkemale Portugese ekspedisies uitgemoor het, die gebrek aan arbeidskrag, en die feit dat die myne van Monomotapa nooit werklik die hoeveelheid goud en silwer opgelewer het wat die Portugese verwag het nie, moet ook bygereken word.

Dié beskrywing sal die leser ongetwyfeld herinner aan die Suid-Afrikaanse representasie in eertyds gekanoniseerde geskiedenisboeke van die plaaslike koloniste se “epiese” stryd teen die

⁶⁶ Alhoewel slawehandel afgeskaf is, is swart arbeiders steeds in die binneland gevange geneem, na die kus gebring en aan Franse skepe oorhandig. Daar is as blote formaliteit “aan hulle gevra of hulle gevra of hulle as vrywillige werkers vyf jaar na die Comore-eilande of Réunion wil gaan. Daar was werklik geen keuse nie, en hulle het ook nooit teruggekeer nie” (1964: 181). Na hierdie arbeiders is verwys as *emigrés*.

elemente en die binnelandse bevolking. Ook die oorwegend positiewe assosiasie wat gewoonlik gepaard gaan met die “heldhaftige pioniers” van eie bodem, sou subtiel simpatie kon wek by die leser.

In hoofstuk sewe delf die verteller verder in die verlede van Mosambiek, in die woorde waarmee die verteller die voorafgaande hoofstuk afsluit: in “[d]ie Afrika voor die witman, voor die Oosterling” (114). Selfs die titel van die hoofstuk wat uiteindelik die titel van die reisverhaal geword het, roep die legendariese ryk van Monomotapa op – “’n naam wat van kindsbeen af in verhale en in die verbeelding voorkom. Wat en wie in die verlede? Wat en wie in die toekoms?” (114).

Die besoek aan Tete, waarmee hoofstuk sewe ingelei word, dwing die verteller se gedagtes terug na Livingstone wat die dorp beskou het as ’n mikpunt wat die einde van sy soeke na ’n dwarspad oor Afrika sou aandui (119). Hy is hartlik ontvang op Tete gedurende sy eerste reis deur Afrika en het ondersteuning van die gemeenskap ontvang vir sy reis na Quelimane. Sy vrou Mary het later in die omgewing gesterf en is daar begrawe, by Chupanga, halfpad tussen Caia en Marromeu (120) (sien ook hoofstuk nege: 169). In hoofstuk agt met die titel “Livingstone of Lacerda?” roep die verteller weer ’n spesifieke besoek van Livingstone aan Tete op 3 Maart 1856 in herinnering toe hy die reis van die Weskus na die Ooskus deur die binneland van Afrika voltooi het. Die Portugese betwis steeds die stelling dat hy die eerste Europeër was wat die reis of *viagem a contracosta* soos dit onder hulle bekend staan, voltooi het. Húl teenhangers en aanspraakmakers sluit in die grootste Portugese ontdekkingsreisiger Francisco José Maria de Lacerda e Almeida en twee halfbloed-handelaars (ook bekend as *pombeiros*) Amaro José en João Baptista. Dr. Lacerda het in 1797 reeds deur die ryk van Cazambe gereis en sy tog in sy dagboek gedokumenteer. In 1802, vyftig jaar voor Livingstone, het die twee *pombeiros* uit Cassange in Angola vertrek, vertoef by die hof van die koning van Cazembe en na vyf jaar in 1811 op Tete aangekom. Skriftelike bewys van hul reis was onder meer naas Baptista se dagboek ’n brief van die Goewerneur van Mosambiek wat hulle na hul terugreis oorhandig het aan sy ampsgenoot in Luanda. Die verteller lig enkele momente uit veral Lacerda se dagboek uit om te wys op al die ontberinge wat hy moes deurmaak en haal die deurslaggewende slotaantekening in Baptista se dagboek aan wat as bewys van die geslaagde Portugese poging om die kontinent oor te steek, geld (145-149). Ten spyte van hierdie bewyse wou Livingstone nie die reis van die twee *pombeiros* aanvaar nie en het hy hulle beskou as twee inboorlinge, terwyl die Portugese konstateer dat hulle “[n]ie inboorlinge nie, maar halfbloed-Portugese [was], Portugees-sprekend, geletterd genoeg om ’n dagboek van die reis te hou” (149).

Die moderne Portugese gemeenskap se indruk van dié Britse ontdekkingsreisiger wat hul aanspraak ontken het, is – vergeleke met die indruk van hul voorvaders na hul eerste ontmoeting met Livingstone – egter uiters negatief soos wat die verteller ook kon aflei uit een van hul gespreksgenote, Ramos, se opmerkings: “Livingstone was Portugal se grootste vyand. En kort op sy hakke kom Cecil Rhodes. [...] Ons kan Livingstone nooit vergeef vir die skade wat hy ons aangedoen het nie” (120).

Ten spyte van hierdie negatiewe houding jeens Livingstone, willig Ramos tog eintlik in om die verteller te neem na ’n gesaghebbende figuur wat haar sou kon inlig omtrent die ligging van Mary Livingstone se graf. Wanneer sy egter hoor dat dié afgetrede *chef de poste* se eintlike doelwit die opsporing van die goud- en silwermyne van Monomotapa is, is die graf vir eers vergete en neem die fassinatie met die mitiese ryk weer oor (123; 125). Vir haar het dit “die konnotasie van Beloofde Land of Land van Ongekende Skatte aangeneem” (123). Veral die eerste konnotasie is veelseggend omdat die term eintlik geassosieer word met Kanaän, “die land van geluk waar alles goed gaan”, die land “wat toegesê is”, aldus die *HAT*, 72), dus ’n paradyslike ruimte.

Die Portugese het al reeds in 1514 kennis gemaak met die koning van Monomotapa toe Antonio Fernandes wat as bandiet die keuse uitgeoefen het om vrywillige ontdekkingsreisiger in die binneland van Afrika te word, twee uitgebreide reise onderneem het na die hedendaagse provinsie Manisa-Sofala en die oostelike deel van Suid-Rhodesië. In sy verslae wat opgeteken is deur ’n priester te Sofala, vertel hy van die koning wat sy vesting gehad het op ’n hoë berg, bekend as Mutota (deur die Portugese Ofura gedoop), in die binneland. As hoof van die Makalanga-stam het hy tussen 1491 en 1550 geheers oor onderhorige stamme wat gewoon het in ’n gebied wat 600 myl suid van die Zambezi en 900 myl diep die binneland in gestrek het. Fernandes se verslae is bevestig deur die Dominikaanse priester João dos Santos wat in 1586 langs die Zambezi gereis het. Uit sy getuienis is dit duidelik dat Monomotapa nie die Portugese vertrou het nie, want hy het hulle nie toegelaat om Mutota uit te klim nie, aangesien hy bang was dat hulle die groot en vrugbare land sou begeer waar die myne versteek was⁶⁷ (123-124, 127).

Die kenner by wie die verteller saam met Ramos besoek aflê, mnr. Melo, droom nog steeds van hierdie myne. Hy lig die verteller in omtrent Monomotapa en die inligting wat hy kon inwin van die inheemse bevolking. Hy wys ook aan haar ’n replika van die staf van Monomotapa wat deur die mediums van die koning vasgehou is wanneer hulle in ’n toestand van beswyming

⁶⁷ Hierdie staaltjie roep natuurlike verdere parallele met die Beloofde Land op – veral waar Moses tog toegelaat is om die Beloofde Land van die Berg af te besigtig, en selfs met die “Beloofde koninkryke” waarmee Christus versoek is op ’n hoë berg en wat Hy sou ontvang indien Hy Satan sou aanbid.

gegaan het om voorspellings te doen of die verlede uit te lê. Die werklike staf word volgens Melo nog steeds in 'n geheime grot in die berge bewaar en hy is toegelaat om dit vas te hou; maar nie om die ruimte te betree waar slegs ingewydes toegang het nie (124-126).

Die verteller lok mnr. Melo ook uit om uit te wei oor sy soektog na die myne van Monomotapa en hy verklap dat hy reeds 'n goud- en 'n silwermyn gevind het. Die inligting wat hy van die naturelle ontvang, het egter nie net betrekking op die verlede nie, maar ook op hedendaagse aspekte van die swart kultuur waarin die Portugese nie insae het nie, soos byvoorbeeld die Nhau, 'n geheime eksklusief swart godsdienstige organisasie wat in selle verdeel is wat die name van vroue dra en deur hulle gelei word. Sekere van die gebruike van hierdie selle herinner aan die tradisies van Monomotapa en antieke Egipte, onder meer bloedskande en die verkiesing van die leidsters op grond van die mees verfynde gelaatstrekke. Mnr. Melo het vanweë sy vertrouensverhouding met die swartes ook die geleentheid gehad om foto's te neem wat verband hou met sekere rites wat vir die algemene Westerse oog verborge is. Hierdie visuele materiaal van die verborge magiese voorwerpe ontstel skynbaar die verteller – dit simboliseer die ontoeganklike en onoorwinbare (128-129):

Geheime dinge, met geheime magiese kragte wat in ons twintigste eeu nie geag word nie, waarvan ons die bestaan nie wil of kan erken nie, maar wat so vlak onder die oppervlak, byna net onder die vel sit van die groot massa mense met wie ons saamleef. En dis hierdie dinge wat ons nie kan beveg nie, want ons ken hulle nie.

Tog is daar 'n sekere ambivalensie by die verteller. Sy vind dit moeilik om mnr. Melo en sy verbondenheid met Afrika agter te laat: “Daar is nog soveel om oor te praat; miskien het Afrika my ook so in besit geneem soos vir hom” (129). Dis asof Melo op hierdie gedeelte fasinasië reageer wanneer hy tydens haar tweede besoek die replika aan haar oorhandig. Die staf is nie net fisies groot, swaar en swart nie, maar annekseer ook haar gedagtes wanneer sy in die aand na die stilte lê en luister (131):

Dit word nou hier in die nag vir my 'n sinnebeeld van die geskiedenis van die witman in Afrika.

'n Verhaaltjie wat ek as kind gehoor het, kom in my gedagte op. 'n Vader het op sterwe gelê en vir sy seuns gesê: daar is 'n skat op my erf begrawe, soek dit. Die seuns het die erf omgedolwe, niks gekry nie, maar begin saai, en die oes wat hulle gewen het, was die skat. So het die witman na die skat van Monomotapa gesoek, en in die soektog die land mak gemaak en laat produseer en 'n beter skat gekry.

Nie alleen sinnebeeldig van die rykdom van Monomotapa nie, is die staf ook die teken van sy verantwoordelikheid om te regeer. En soos die staf vanaand in my hande is, so het die verantwoordelikheid vir die land in die witman se hande oorgegaan. Tydelik of vir goed?

Ek wens, in hierdie stil, donker, warm nag dat ek die krag van die toordokters het om die staf in my hand te hou en in die toekoms te sien.

In hierdie passasie lê die simboliek van die reisverhaal se titel dus opgesluit. Die verteller handhaaf duidelik 'n paternalisties koloniaal-georiënteerde siening van die rasseproblematiek in Mosambiek. Die passasie kom byna neer op 'n fantasie oor blanke koloniale heerskappy. Sy approprieer die Afrikasimbool wat eintlik geassosieer word met die geskiedenis van die swartman in Afrika, met die selfstandige ryk van Monomotapa, as sinnebeeld van die koloniale geskiedenis en assosieer dit met die soeke na die rykdom van die binneland. Verder inkorporeer sy haarself ook in die simbool. Dat die staf in haar hande rus, is simbolies van die oordrag van verantwoordelikheid (vir die toekoms) van die nasate van die ryk van Monomotapa na die Portugees en meer in die algemeen van die Afrikaan na die witman. Naas die simboliek wat dit vir die verteller het as teken van die verantwoordelikheid, speel sy egter ook in op die oorspronklike funksie van die staf – as deel van die magiese ritueel van toekomsvoorspelling en die uitleg van die verlede. In haar reisverhaal lê sy juis die verlede uit, maar bespiegel nie net oor die toekoms van die land nie, maar ook oor die toekoms van die witman in Afrika. Sy keer terug na die simbool wanneer sy tydens die vliegtuigrit aan die slot van die verhaal dink aan die staf in die ruim van die vliegtuig. Haar finale gewaarwording oor haar reis lei tot 'n nuwe interpretasie van die simbool (195):

En na alles wat ons ondervind het, kom dit vir my voor dat ons vreedsame, voorspoedige samebestaan die skat van Monomotapa geword het. Wat ons ook al prysgee, ons moet dit behou, want Afrika het ons land geword, ons het, saam met die ander, deelgenote geword aan Afrika.

Hierdie sitaat toon ook 'n sekere naïwiteit: dit kom voor asof sy nie beseft dat aansprake op koloniale heerskappy tot onafwendbare konflik lei nie.

Die geskiedenis wat die verteller in hoofstuk agt aanraak, vervul 'n belangrike rol in haar oeuvre: tydens 'n vliegtuigrit waarvan die hoofdoel die besigtiging van die Cahora-Bassa-ravyn is, neem die vlieënier die reisgeselskap eers na die oorblyfsels van die ou fort Massangano (141). Die geskiedenis wat gekoppel word aan hierdie fort, het uiteindelik tot die publikasie van die historiese roman *Bonga* gelei.

Die kommentaar oor die geskiedenis van Massangano bied ook aan die verteller die geleentheid om die historiese *prazero*-stelsel te verduidelik. Die *prazeros* was 'n uiteenlopende groep grondbaronne wat bestaan het uit Goanese handelaars wat konsessiegrond van die Portugese konings of van die stamhoofde gekry het en halfbloed-Portugese of volbloed-Portuese

wat stamgrond verkry het deur middel van huwelike met “Bantoeprinsesse”. Die groep het basies onafhanklik geregeer⁶⁸ in die Zambezivallei, gerugsteun deur slawe, vrywillige volgelinge en selfs persoonlike leërs. Hulle hulp is ook dikwels ingeroep deur die kaptein van Tete wat nie daarin kon slaag om alleen die vyandige stamme te onderdruk nie (141).

Een van hierdie *prazero*-families, die Cruz-familie, het ’n eeu lank in Massangano gewoon. Hulle was afstammeling van die Goanese handelaar Nicolai da Cruz en die ryk halfbloed-landeienares Luisa Costa. Nicholai en Luisa se seun Antonio het selfs getrou met die dogter van die koning van Monomotapa. Bonga, die karakter waaraan Joubert se gelyknamige roman se titel ontleen is, was die vierde geslag en het net soos sy pa tolgeld geëis van al die skepe wat gebruik gemaak het van die rivier. Die Portugese het in 1867 probeer om hom tot oorgawe te dwing, maar hy het hul 1000 manskappe verslaan uit die fort. Laasgenoemde is eers teen die einde van die negentiende eeu ingeneem deur die Portugese owerheid en die mag van die *prazeros* is gebreek. Die provinsie het eers daarna ontwikkel (142-143).

Nog ’n interessante stuk geskiedenis wat verband hou met die *prazero*-era is die verlede van die donas van die Zambeziaprovinsie wat in die slothoofstuk van die boek, getiteld “Laaste dōna van Zambezia” aan bod kom. Om die mag van die landbaronne te temper en die magsverskuiwing tussen die Portugese en die swartmense as gevolg van bloedvermenging teen te werk, is nuwe kroonkonsessies langs die oewer van die rivier uitgegee wat oorgeërf sou kon word vir drie geslagte, mits dit matriargale opvolging was – ’n vrou moes trou met ’n Portugees wat in Portugal gebore is en wat op haar landgoed sou bly woon. Mettertyd, weens ’n skaarste aan mans van Portugese afkoms, kon vroue van gemengde bloed ook *prazos* besit (186-187). Hierdie donas was welgestel en beroemd weens hul onthale en hul sierlike huise het nog bestaan toe die verteller Quelimane besoek het. Mev. Branquinho, ’n afstammeling van ’n *dona*, bevestig ook die rykdom van die groepering en verwys ook na hul uitstekende kookkuns waarmee hulle onder andere die Kroonprins van Portugal, prins Luis Filipe, wat in 1917 die kolonies besoek het, so beïndruk het dat hy aan sy moeder daarvoor geskryf het. Op haar beurt het sy, nadat sy deur die bemiddeling van die dogter van die goewerneur van Mosambiek die *donas* se resepte bekom het, agt van hulle as gaste na Portugal genooi. Hulle het ’n paar maande by haar in die paleis gebly voordat hulle teruggekeer het. Mevrouw Branquinho lig ook die verteller in dat daar nog een van die agttal *donas* leef in die lokasie – *dona* Amalia Maria Pinto, ’n vrou wat uit haar geld verkul is. Die geselskap besoek haar. Die verteller gee ’n roerende

⁶⁸ Een van die afstammeling van ’n *dona* met wie die verteller ’n onderhoud voer, mev. Branquinho, deel haar mee dat ’n *prazo* beskou kon word as ’n klein staatjie: “Die regering het met die bestuur daarvan niks te doen gehad nie, net jaarliks sy agent gestuur om om sy belasting te kom haal” (188).

beeld van 'n vrou in haar tagtigerjare wie se liggaamshouding en uitstraling van gesag geopenbaar word met die besoekers se erkenning van haar eertydse posisie, maar nogtans net grepies van haar baie swierige lewe en die verblyf by die koningin van Portugal kan onthou en weens die kommunikasiegaping nie met die verteller 'n gesprek kan voer nie (187-191). En met hierdie onderhoud wat onthul hoe gefassineerd die verteller eintlik is met die swierige koloniale geskiedenis van Mosambiek, kom die verteller se uitleg van Mosambiek se koloniale geskiedenis tot 'n einde. Dit is duidelik 'n belangrike tema in die werk, en is ook 'n belangrike meganisme waardeur die verteller die Suid-Afrikaanse leser deur middel van parallelle en raakpunte betrek by die Portugese problematiek.

5.1.2 Koloniale geskiedenis in *Die nuwe Afrikaan*

Die representasie van koloniale geskiedenis in *Die nuwe Afrikaan* word oorskadu deur die representasie van die Portugese se strategieë teen swart nasionalisme. Waar die teks van *Die staf van Monomotapa* deurweef is met historiese verwysings, word daar in *Die nuwe Afrikaan* slegs in hoofstuk drie tot sewe en hoofstuk tien verwys na die geskiedenis van Angola.

Die historiese verwysings in hoofstuk drie verbind weer, soos sekere grepe uit die geskiedenis in *Die staf van Monomotapa*, die Suid-Afrikaanse koloniale verlede met dié van Angola. Die verteller wys daarop dat die stigter van Luanda, ene Paulo Dias de Novais, die kleinseun van Bartholomeus Dias was. Suid-Afrika en Angola deel dus 'n Portugese koloniale verlede. Ook is beide die lande beset deur die Hollanders – laasgenoemde het Luanda vóór die stigting van die verversingspos aan die Kaap, van 1641 tot 1649, beset. Nadat hulle deur 'n Brasiliaanse vloot uit die fort verdryf is, het hulle hul visier op die Kaap gestel (46-47). Net soos in die geval van *Die staf van Monomotapa* waar die verteller bespiegel oor die gevolge van die mislukte beleëring van die São Sebastião vir die wordingsgeskiedenis van Suid-Afrika, word hier 'n ruimte vir identifikasie met die Angolees geskep deur middel van 'n gemeenskaplike koloniale verlede.

Die geskiedenis van die Dorslandtrekkers wat die verteller in hoofstuk vier naspoor, spruit kennelik voort uit persoonlike sentiment (“Ek is op soek na my mense” [56]) en vir die verteller word die naspeurtog en verbeeldingsvlug 'n werklikheid in die ongenaakbare landskap (56):

Elke oomblik verander die toneel om ons, en daar kom 'n opwinding in my – die land van die Trekkers, hier. So ver weg, so ver het die ossespanne die waens uitgesleep, het die kronkelende vaalkap-tentwaens, die kromhoringosse, die bebaarde boer met die plathoedjie op sy kop en die eienaardige Afrikaanse tongval, die vreemde binnegetrek. Dis asof ek my mense kan ruik. [...] Ek kan huil van liefde – dié hitte, dié aarde”

Opvallend in hierdie relaas van die vestiging van die Dorslandtrekkers is die Bybelse metaforiek⁶⁹ – die verteller wys ook dat hierdie benadering blyk uit die benaming wat die Boerekommissie van 1879 hulleself toegeëien het, naamlik “verspieders” (56), die beskrywing van die hoëveld by Humpata as “land van melk en heuning” (57; 59)⁷⁰ en die verteller se primêre bron, Prinsloo en Gauché se verwysing na die goewerneur van Mossamedes as “die Faraó wat Josef geken het” (57).⁷¹ Die verteller is nie slegs gefassineer met die tasbare oorblyfsels van die Dorslanders se verblyf nie – die spore van die transportryers wat behoue gebly het naby die Capangombe fort interesseer haar wel (58) en sy wil die grafte van die trekkers sien, maar eintlik is sy op soek na die “makvolk”, die arbeiders van die Dorslandtrekkers wat nie deur die Portugese toegelaat is om terug te trek na Suid-Afrika nie (59). Aangevuur deur W.A. de Klerk se relaas in *Swerwer op die Sonpad* en ’n buurman se verhaal van die Afrikaanssprekende Zoeloes wat “êrens in Humpata bokant ’n dam teen ’n heuwel woon” en “hulleself apart hou”,⁷² raak sy koppig en dring aan om verder te soek. Die boerehuise wat haar Portugese gids Van der Kellen aan haar uitwys, skeel haar min en as die jeep sukkel om deur die moeras op pad na die kraal te kom, klim sy selfs uit en begin loop (60). Haar emosie by die ontdekking van ’n jong Zoeloe-meisie wat haar in Afrikaans groet, beskryf sy in terme van ontdekkingsvaart: “Ek voel soos Magellaan wat die Stille Oseaan sien” (61). Onder hierdie groepie tref sy ’n man van om en by die vyftig jaar aan wie se Afrikaans in onbruik verval het en wat skaam is om die naam wat sy werknemer hom gegee het, te noem. Teenoor hom staan sy seun – geensins Afrikaans magtig nie – wat Portugees as voertaal gebruik. Duidelik meer blootgestel aan assimilasië as sy pa en skynbaar weerstandig teen die joernalis wat die koloniale verlede ophaal (61-62).

Die geskiedenis van die boere wat nie wou assimileer nie, wat volgens ’n jong boer se verhaal wat die verteller uit De Klerk se werk aanhaal “gevangenes van hulle eie behoudendheid” geword het (63), wat só ’n “verbete sin van behoudendheid” (63) gehad het dat daar ’n godsdienstryd uitbreek het, omdat hulle geweier het dat dieselfde predikant hulle en hul werknemers bearbei (63-64), word ’n tragiese verhaal van gefossileerdheid en agteruitgang. Veral te midde van die Portugese bereidwilligheid om te assimileer sodat hulle in Angola kan aanbly, wek die verhaal van die boere wat nie hul grond kon of wou behou as gevolg van hul

⁶⁹ Hierdie metaforiese taalgebruik was natuurlik nie beperk tot die Dorslandtrekkers en hul geskiedskrywers nie: ook in *Die staf van Monomotapa* word na die ryk van Monomotapa as die Beloofde land verwys.

⁷⁰ Dis nie duidelik of die verteller hier die frase oorneem van die Dorslandtrekkers en of sy net voortborduur op die metaforiek nie.

⁷¹ Veral Prinsloo en Gauché se beeld stem ooreen met die “uitverkore volk”-teologie wat ook onder die Voortrekkers, en spesifiek die Doppers bestaan het. Vir ’n meer gedetailleerde bespreking in dié verband, sien Giliomee, 2003: 178-179.

⁷² Die buurman se beskrywing van die “makvolk” suggereer dat die groepering net soos hul eertydse werknemers “behoudend” leef.

weerstandigheid nie, vrae en sou dit selfs as 'n teregwyding geïnterpreteer kon word. Volgens my sou Christenskap as toetssteen ook die leser van *Die nuwe Afrikaan* tot selfondersoek kon dwing: Suid-Afrika het immers self nie eens teen die middel sewentigerjare die teregwyding wat ds. Van Schelven en prof. Kuyper gestuur het, “In Christus is noch dienstknecht noch vrije, noch barbaar of Schyt, noch Jood of Heiden” (64) ter harte geneem in sy politieke, maatskaplike of kerklike bestel nie.

Joubert laat die kommentaar oor hierdie “[g]evangenes van hulle eie behoudendheid” oor aan een van die “agtergeblewenes” met W.A. de Klerk gepraat het en sluit haar relaas af met die verwysing na ds. Van Schelven en prof. Kuyper. Hiermee vermy sy weer eksplisiete kommentaar op behoudendheid.

Naas die snypte tussen die Suid-Afrikaanse en die Angolese geskiedenis, wy die verteller ook uit oor die vestigingsgeskiedenis van onder meer Mossamedes en Benguela.

Die beskrywing van die vestiging van die nedersetting van Mossamedes staan in diens van die verteller se stelling dat die inwoners van die dorpie “byna fanatiese Mossamedes-mense” word (50). Die verteller illustreer deur die verwysing na die taai stryd wat die eerste nedersetters gevoer het om die dorpie te vestig (“waterskaarste, moeilikheid met die inboorlinge, klagtes dat die plek vol *degradados* of bandiete is [49]) die verbintenis tussen swaarkry en toewyding aan die land – dieselfde toewyding aan Angola wat sy by alle Portugese met wie sy gesels, aantref.

Benguela se taai koloniste het 'n soortgelyke geskiedenis: van uitbuiting deur die plaaslike goewerneur, “koors, gedurige teistering van vyandiggesinde inboorlinge” (73), maar het hulle ook nie laat onderkry deur die moeilike omstandighede nie. Die uitweiding oor Benguela se geskiedenis, bied aan die verteller ook die geleentheid om die slawehandel te bespreek. Sy besef egter dat dit, net soos in die geval van die gesprekke wat sy gedurende haar besoek aan Mosambiek aangeknoop het, 'n sensitiewe kwessie is. Die tegemoetkomendheid van haar gids om dus aan haar 'n baken uit die slawegeskiedenis uit te wys, naamlik die ou doeanegebou vanwaar slawe gedeporteer is, verbaas haar (73). Wanneer sy die vernaamste feite in verband met die slawegeskiedenis aan die leser voorlê, bring die statistiek oor slawehandel die leser onder die indruk van die geweldige omvang van die misdryf: die twee miljoen swartes wat binne 150 jaar weggevoer is, die vervoermaatreëls waarvolgens slawe in lae opmekaargestapel die seereis moet aandurf – die bewering dat slawehandelaars tevrede was as “40% van hulle aankope lewendig die kuste van Brasilië bereik het”, die Sao Tomé-skandaal waar slawehandel as “kontrakarbeid” nog steeds voortgeduur het met die wreedste werkomstandighede denkbaar en die verslae oor “neo-slawerny” by die Volkerebond (74). Nogtans kom daar nie by die verteller veroordeling voor nie, slegs die konstatering van feite en aantygings wat volgens haar

emosioneel, soms geregverdig en dikwels oordrewe is (74). In *Die staf van Monomotapa* was daar ook nie sprake van veroordeling nie – eerder ’n minimalisering van skuld deur relativisering – die Portugese het bloot ’n gevestigde praktyk van die Arabiere voortgesit (Joubert, 1964: 109). In *Die nuwe Afrikaan* neem die minimalisering nie die vorm van relativisering aan nie, maar behels dit die sorgvuldige opweeg van “aantygings”. Deur hierdie meer gematigde en selfs apologetiese benadering tot die Portugese geskiedenis kontrasteer die verteller sterk met die Duitse afgevaardigdes van die Katolieke Raad vir Justisie en Vrede in Bonn wat steeds enige Portugese verslaggewing wantrou en (75) sterk veroordelend staan teenoor Portugal en sy geskiedenis van menseregtevergrype.

Waar die historiese figuur van Livingstone, wat so uitgesproke en net so veroordelend was oor die Portugese slawehandel, die verteller se verbeelding aangegryp het in die *Die staf van Monomotapa*, spoor sy nou ’n ander ontdekkingsreisiger en tydgenoot van eersgenoemde, Silva Porto, se geskiedenis na. Waar die verteller se ou held, Livingstone dit moeilik gevind het om Porto as “mede-ontdekkingsreisiger” te erken, fassineer hy die verteller. Porto het nie die rassistiese vooroordele van Livingstone wat hom as halfbloed wou afmaak, gedeel nie. Livingstone tref hom aan as leier van ’n Mabari-groep naturelle in die hoofstat van Barotseland, en is bekommerd dat Porto voor hom daarin sal slaag om die vasteland oor te steek. As historiese figuur wat die bewondering van die verteller afdwing, is Silva Porto binne die konteks van *Die nuwe Afrikaan* ’n gepaster heldefiguur. Net soos Livingstone had Porto ook “die diep betrokkenheid met die toekoms van die land en die verhouding tussen wit en swart” en het hy ook ’n groot liefde vir Afrika gehad, “[m]aar waar Livingstone die negentiende-eeu bly, die Victoriaan, was Silva Porto ván Afrika. Nie vir hom, soos vir Livingstone, die lesingsale en die groot gehore van Europa nie, vir hom bly die grootste oomblik van triomf ná sy reise die terugkeer na sy dorpie in Bihé waar hy met uitbundige vreugde en blyke van Ovimbundu-respek begroet word” (97). Toe sy verhouding met die hoofman Dumduma dramaties verswak as gevolg van ondiplomatiese optrede van die Portugese owerheid en hy honend weggejaag word tydens ’n poging om die hoofman te oortuig om tog maar die Portugese in sy gebied toe te laat, was hy gebroke. Die verteller verwys na sy aantekeninge in sy dagboek: “Alles waarvoor hy hom sy lewe lank beywer het, eensklaps vernietig. Die goeie verhouding met die swartman, wat hy so hoog gestel het, deur een hovaardige daad van die owerheid uitgedelg” (101). Die uiteinde van hierdie mislukte diplomatieke gebaar kom met sy selfmoord toe hy homself opblaas met vate buskruit wat in sy aringa was, toegedraai in die Portugese vlag. Uit die belang van dié historiese hooffiguur vir die verteller, kan afgelei word dat die toekoms van Afrika en die rasseverhoudinge vir haar ’n gewigtige saak is.

Die motivering vir die verteller se besoek aan Cabinda om die gedenksteen wat Deigo Cão opgerig het te besigtig, verrai nie net 'n preokkupasie met die koloniale verlede nie: dit skakel met haar belangstelling in die rasseverhoudinge op die kontinent. Vir haar is die “stukkie aarde waarop Deigo Cão⁷³ in 1482 sy eerste *padrão* of gedenksteen opgerig het” die begin “van die drama van die witman in Afrika, suid van die Kongo” (131). Sy probeer haar dan ook voorstel hoe Deigo Cão die aankoms op Ponto do Padrão sou ervaar terwyl hy eintlik die eindpunt van Afrika wou naspoor. Die ontdekkingsreisiger was deurslaggewend in die handelsbetrekkinge tussen Portugal en Afrika, omdat hy vier inboorlinge as gyselaars vir die lewe van die vier matrose wat hy agtergelaat het en nie weer kon opspoor nie, geneem het en hulle in Portugal onder die indruk van Portugese rykdom bring. Op grond van die verhale van die vier “gyselaar-ambassadeurs” het koning Nzinga ingestem om nouer kontak met Portugal te maak en 'n versoek gerig vir Portugese sendelinge en leermeesters. Hierdie versoek het ook deel gevorm van die Portugese se regverdiging vir hul verblyf in Afrika: hulle is gevrá om na Afrika te kom (133-134). Met Cão se aankoms het die Bakongo-Portugese betrekkinge, en die geskiedenis van die Rooms-Katolieke kerstening van die Bakongoryk, ook 'n aanvang geneem (134-135).

Met die verteller se besoek aan die sendingstasie van Pinda, wat naby die rivierhawedorpie Mbinda is, herinner sy haar aan die geskiedenis van die hawe (136):

Die hawe van Mpinda was getuie van die aanvanklike sukses van die Portugese/Bakongo-vennootskap, toe van die afname in verkeer en die toenemende wantroue, en oplaas die gruwelike misbruike van slawehandel wat die aanvanklike goeie verhouding tussen swartman en witman 'n paar eeue verguis het.

Oor die geskiedenis van die Bakongo-Portugese betrekkinge wei de verteller breedvoering uit (136-140). Dit was ook bepalend vir Angola se geskiedenis en die latere verset teen kolonialisme en is deur beide die Portugese en die Bakongo as ideologiese steun vir hul onderskeidelike onversetlike posisies gebruik. Na hierdie verkenning van die geskiedenis sal in die volgende afdeling teruggekom word.

5.1.3 Gevolgtrekking

Waar die representasie van die geskiedenis in *Die staf van Monomotapa* 'n belangrike rol gespeel het, word die tema in *Die nuwe Afrikaan* ietwat op die agtergrond geskuif. Dit staan ook in diens van die illustrasie van Angolese rasseproblematiek deur die eeue. Net soos wat die

⁷³ Deigo Cão was die eerste Portugese ontdekkingsreisiger wat tot by Angola gevaar het en bande gesmee het met die Bakongo met die oog op handelsbetrekkinge.

verteller in die eerste reisverslag probeer het om 'n gevoel van 'n gemeenskaplike verlede en gedeelde ervarings tussen Afrikaners en Portugese te kultiveer met die bedoeling om simpatie te wek met die Portugese, word hier ook in *Die nuwe Afrikaan* 'n beroep gedoen op historiese verwantskappe. *Die staf van Monomotapa* het egter nog 'n beroep gedoen op historiese anti-Britse sentiment om solidariteit te bewerkstellig – in *Die nuwe Afrikaan* maak sy nie gebruik van hierdie tegniek nie, omdat daar 'n gebrek aan historiese parallele bestaan en miskien selfs omdat die sentiment uitgedien was. Uit 'n oorvleuelende verlede diep sy eerder die Dorslandtrekkersage op as basis vir moralisering oor onproduktiewe standhoudendheid ten opsigte van rassesekeiding. Die representasie staan hier in diens van haar oortuiging oor rasseproblematiek en die noodsaak van aanpassing. Alhoewel onderbeklemtoon, was hierdie oortuiging ook reeds aanwesig in *Die staf van Monomotapa*. Na aanleiding van die dood van die martelaar Jesuïet Da Silveira het sy 'n dekade vroeër opgemerk: “Die enkeling wat hom kon aanpas by die land, wat van die inboorlinge se hulp gebruik kon maak, deur persoonlike kontak en oortuiging sy pad kon baan, sou in Afrika veel meer vermag as die grootste ekspedisieleër” (Joubert, 1964: 137).

'n Ideologiese verskuiwing word waarneembaar in haar keuse om uit te wei oor Silva Porto en kritiek te lewer teen haar eertydse held Livingstone wat met sy rassevooroordele nie 'n gepaste historiese figuur is om te besing binne die konteks van *Die nuwe Afrikaan* nie. Silva Porto met sy oorheersende drang om goeie rasseverhoudinge te handhaaf, word hier 'n toonbeeld van 'n ingesteldheid wat onontbeerlik is vir die voortbestaan van die witman in Afrika. In sy toewyding aan die Afrikaan weerklink die sentimente van die martelaar Da Silveira waaroor die verteller in *Die staf van Monomotapa* uitgebrei het.

Kulturele assimilasië word duidelik veral in *Die nuwe Afrikaan* die oorheersende tema – en selfs die representasie van geskiedenis staan, soos aangetoon, in diens van die narratief oor verportugesing en die verset daarteen.

5.2. Kulturele assimilasië

Die prominentste tema wat in *Die staf van Monomotapa* aan bod kom, is kulturele assimilasië. Beukes het reeds aangetoon dat laasgenoemde ook 'n belangrike tema in *Die nuwe Afrikaan* is (1982: 38 e.v.). Vervolgens bespreek ek eers die representasie van kulturele assimilasië in *Die staf van Monomotapa* en daarna in *Die nuwe Afrikaan*.

5.2.1 Kulturele assimilasië in *Die staf van Monomotapa*

Die reisiger-verteller ondersoek reeds in eerste hoofstuk van *Die staf van Monomotapa*, “Jeug vir Portugal”, die kulturele assimilasiëproses. Soos wat die titel aandui, handel dit hier veral oor die

jeug (maar ander inheemse Mosambiekers is nie hierby uitgesluit nie) se vereenselwiging met die Portugese kultuur. Die veldwerk vir hierdie ondersoek word juis gedoen tydens die Camoës-vieringe op 10 Junie, 'n dag wat by uitstek gepaard gaan met nasionalistiese gebare. Die verteller bly voortdurend gefokus op die vraag wat sy reeds aan die begin van haar reis stel: “Is kulturele assimilasië, gebaseer op die totale afwesigheid van die kleurskeidslyn en met 'n tradisie van byna vyf eeue van bloedvermenging werklik die antwoord op die probleem van die witman in Afrika?” (Joubert, 1964: 10). Gevolglik is sy 'n besonder noulettende waarnemer wat die geleentheid wat sy bywoon vir die geringste teken van rasseongemak ondersoek: van die troep aan wie die verteller en haar reisgeselskap 'n geleentheid na Lourenço Marques aanbied (1-12), tot die omgang van die ouers tydens die Camoës-vieringe⁷⁴ op die skoolterrein (19, 21) en die verteenwoordiging van nie-blanke Mosambiekers as afgevaardigdes in die Nasionale Vergadering of Volksraad te Lissabon (22). Alhoewel die Mosambiekers met wie sy gesprekke voer haar probeer oortuig van die sukses van kulturele assimilasië, poog sy om deurentyd 'n kritiese afstand te handhaaf. Sy staan byvoorbeeld skepties teenoor die mening van 'n geskiedkundige wat sê “Portugal is nie 'n klein strokie land aan die weskus van die Iberiese Skiereiland nie, [...] Portugal is 'n land wat oor die wêreld versprei is. Portugal strek oor die seë van die wêreld” (15). Die konkrete uiting van hierdie ideologie in 'n mosaïek voor die stadsaal wat lui “*Aqui é Portugal*” vertaal sy met 'n nota: “Hier is Portugal. *Nie Afrika nie, Portugal.*” (15, my kursivering – L.G.) Telkens vervul die pogings tot indokrinasië deur die plakkaat met die woorde “*Mocambique so é Mocambique porque é Portugal* (Mosambiek is alleen Mosambiek omdat dit Portugal is) haar met verbasing (15-16). Eienaardiger is die reaksie van skoolkinders op 'n besoekende professor uit Portugal se strydkreet waarmee hy sy toespraak tydens die Camoës-dag-vieringe afsluit. Hulle skree “uit een bors” agter hom aan “*Viva Portugal*” (19-20). Naas hierdie waarnemings bejeën die verteller ook die aanwending van Portugees as onderrigtaal in skole krities (20-21, 24-25).

In hoofstuk twee gebruik die verteller Lourenço Marques en sy argitektuur en gedenktekens as aanknopingspunt, soos die titel “Stad by die see” dan ook aandui. Veral die Portugese koloniale geskiedenis word onder die loep geneem. Kulturele assimilasië as ondersoekterrein kom ook aan bod: die kurator van die museum, mnr. De Lima, word gekonfronteer met die vraag: “Maar julle is tog hier in Afrika. Dit is 'n veelrassige land. Wat gaan julle met sy mense,

⁷⁴ Tydens die Camoës-viering, of Dag van Portugal, word die beroemde Portugese digter van die sestiende eeu, Luiz Vaz de Camoës, herdenk. Hy het met die Portugese karvele na Indië geseil, gestrand op die ooskus van Afrika en vir 'n paar jaar op die eiland Mosambiek gebly. Hy is bekend vir sy groot epiese gedig waarin hy die Portugese keiserryk besing, getiteld “Os Lusíadas”. Hierdie gedig is geskryf in Afrika en die Ooste (Joubert, 1964: 14-15).

die swartes, maak?”. Hy antwoord: “Ons maak van hulle Portugese. Kom ek wys u.” en voer ’n foto as bewysstuk van die suksesvolle implementering van kulturele assimilasië vroeg in die twintigste eeu aan. As teenhanger vir sy foto van die opperhoof Gugunyana in sy Westerse pak klere wat geneem is nadat hy gevange geneem en verban is na die Asore (30), wys die verteller later in die hoofstuk in haar beskrywing van die kuns van die swart kunstenaar Vasco Domingos Campira daarop dat laasgenoemde identiteitsprobleme ondervind as gevolg van kulturele assimilasië. Sy identiteit as Afrikaan is volgens haar ondermyn: net sy kunswerke wat hy voltooi het in die formele Europese styl wat hy in Lissabon geleer het, bevredig esteties. Die voorbeelde van sy Afrikakuns toon egter die gespletenheid en frustrasië van die geassimileerde bestaan aan en is “minder bevredigend: gesigte wat in skulpe of boomwortels vasgestrengel is, die uitbeelding van ruwe, onbeteuelde emosie, swakker geteken” (38).

Die beelde van kulturele assimilasië in die stad word gejuks taponeer met voorbeelde van die proses op die platteland in hoofstuk drie, getiteld “Boere op die land – wit en swart as bure”. Die uitgebreide hoofstuk word gewy aan die beskrywing van die landbouskemas waar die Portugese kleinboer en die swart boer langs mekaar geplaas word om kulturele assimilasië te bevorder. Vanuit haar perspektief as wit Suid-Afrikaner, is die verteller hier skreiend eerlik oor die ongemak wat sy ervaar in die huis van die swart boer wat sy besoek en sy koppel dit onwrikbaar aan assosiasiepatrone uit haar kinderjare wat neerkom op die klassieke binêre opposisies tussen Afrika en die Weste (42-43):

Hierdie huisie wat ons effens huiwerend deurloop – want ons betree nou, soos in die huis van Campira, die vreemde – is Westers, ja, wat boustyl, en meublement betref. Maar ek sien die inboorlingtekens oral – ’n sak droë mielies in die hoek van die slaapkamer gesmyt, die bed op bakstene gepak, die swart vlekke teen die muur waar daar op die grond vuurgemaak is. Ek kry die inboorlingreuk. Vreemd genoeg – en is dit nie dit wat in ons pad staan, wat sal maak dat ons nooit tot ’n oplossing kom nie – dis die reuk wat ek uit my kinderdae assosieer met vrees vir die swartman; moenie talm nie, sê dit aan my, hier is iets wat jy nie ken nie, gee liever pad.

Sy bespiegel oor die Portugese ervaring van hierdie gaping, al dan nie (44):

Voel die Portugese dit ook aan, en is die aanvaarding daarvan deel van die prys wat hulle betaal vir hulle verblyf in Afrika? Of het hulle dit oorkóm? Of was hulle nooit so sterk daarvan bewus nie? En is hulle reg wanneer hulle sê: As julle die swartmens aanvaar as werkshand, maar nie as mens nie, is die skeiding suiwer verstandelik gekondisioneer en as sulks onregverdigbaar?

Die leser kan dus vra of die skeptisisme van die verteller nie eerder voortspruit uit haar eie ervaring as geïndoktrineerde wit Suid-Afrikaner, as noodwendig ’n Afrikabewustheid nie. Sy

spreek egter ten spyte van haar onvermoë om uit te styg bo haar kondisionering, tóg die versugting uit dat daar 'n geslag kinders sal ontwikkel wat nie die vooroordeel van kleur ervaar nie (47):

Weer eens tref dit my: 'n geleerde Bantoe is 'n Portugees-gesinde Bantoe. Mens hoop dit werk so uit. Dat die swart kind opgevoed word tot Westerse standarde. En die wit kind? Miskien dat hy opgevoed word om nie daardie gevoel te hê wat my in die swartvroue se huis oorval het nie.

Die verteller wys egter nie net op haar eie ongemak met kulturele assimilasië nie, sy toon ook aan hoe swart Mosambiekers ontuis voel binne die sisteem: 'n swart moeder wat duidelik ontuis is in die kraaminrigting in Aldeia da Barragem (46):

Sy sit penorent onder die kraakskoon, styf gespanne wit beddeken. Haar hare staan woës alkante van haar kop uit, haar oë rol bang in haar kop rond, skuins hou sy die non dop wat haar babatjie, toegedraai in komborsies, in die arm hou. Ek kry die gevoel dat die moeder haar kind wil gryp en hol – weg van die vreemde kamer en die netheid en die stilte en die alleenheid.

Selfs die swart boere wat boer op 'n dreineringskema by Inhamissa uitsluitlik vir swart landbouers, verkies hul eie boerdery waar die Portugees minder inmeng (53-54):

My man gesels met 'n Bantoeboer. “Verkies jy die boerdery hier, bo byvoorbeeld die Limpoposkema?” Hy wil agterkom of die Bantoe self die saamboerdery of die aparte boerdery verkies. Die Bantoe is beslis. “Liewer hier. By die Limpopo-skema is daar te veel lawaai.” Hy gebruik 'n Portugees woord wat kan vertaal word as nonsens of *red tape* of miskien bedoel hy daar word te veel met hom gelol daar.

Dit is opvallend dat die verteller se indruk van die gemeenskap wat verkies om apart te boer, ook positief is. Teenoor die blyke van 'n inheemse leefstyl in die huisie van die swart boer in die Limpoposkema wat negatief bejeën word (die sak mielies wat *gesmyt* is in die hoek van die slaapkamer en die swart vlekke teen die muur waar daar op die grond vuurgemaak is – sien eerste blokaanhaling.); word die nedersetting by Inhamissa op 'n oorwegend positiewe trant aan die leser beskryf (54):

Toe ons op die hoogliggende deel, tussen die heuwels, rondry, waar die boere en hul gesinne elkeen op sy eie werf woon en die hut of paar hutte sien, die skoongeveegde werf, die rietomheining, die diere, die mielielandjies, kry ons ook die indruk dat hulle hier lekker woon. Miskien nie op 'n blanke peil soos by die Limpoposkema nie, maar op 'n eie ontwikkelingspeil, rustig, welvarend.

Die Portugese gidse probeer natuurlik die verteller en haar geselskap onder die indruk bring van die sukses van die Limpoposkema: daar word slegs gestop by 'n gevestigde kleinboer wat een van die eerstes was om uit Alentejo in Portugal te verhuis na die skema, sodat hy kan spog met sy oes – die gids Leitão stel hom voor en meld dat hy gelukkig is; van 'n gesprek met mnr. Pata self word nie melding gemaak nie (48).

Hoofstuk drie word afgesluit met 'n beskrywing van 'n gesprek wat na afloop van die besigtigingstoer aan die landbouskemas plaasgevind het. Dr. Botelhou de Sousa, die hoof van die Departement van Inligting en Toerisme beskou kulturele assimilasië as noodsaaklikheid vir die Portugese voortbestaan en is van mening dat verportugesië sukses sal verseker. Die verteller en haar geselskap toon die nou al reeds bekende skeptisisme jeens De Sousa se optimisme oor die onafwendbare oorname deur die swart meerderheid. Wanneer sy en haar reisgenote hom konfronteer met hierdie toekomsvisie, druk hulle dit uit in terme van verswelging – tekenend van die indoktrinasië van die apartheidsideologie (56): “Ons wat van Suid-Afrika kom, sien dadelik die haakplek. Ons dink aan die skole wat ons besoek het, ons dink aan die massas Bantoes wat uit die bos inskuif op die plase, op die dorpe, dit wil oorstroom”.

Haar opmerking in parentese wanneer De Sousa opmerk dat hulle verheug sal wees oor swart meerderheidsregering deur verportugesiëde inheemse burgers, druk haar ongeloof rakende sy ingesteldheid uit. Haar man betwyfel ook op pragmatiese vlak die moontlikheid van massale verportugesië (57).

Wat die kwessie verder kompliseer, is haar vertwyfeling oor die morele regverdiging vir kulturele assimilasië – gekoppel aan haar ooglopende (en soms geromantiseerde – sien vorige blokaanhaling) Afrikabewustheid (57):

“Is dit moreel reg om die swartman geestelik so te ontwortel, hom op 'n kunsmatige manier te wil verwesters, amper te wil hipnotiseer om te dink: Ek is Portugees, my taal is Portugees, ek verloën my eie, ek neem die nuwe aan.” Ek dink aan Campira – aan die stillewe volgens die manier van die ateljees van Lissabon geskilder, dan aan die gesigte van die swartmense in skulpe, in boomwortels vasgewring.

Die aktuele waarde van die slotgesprek in die hoofstuk lê uiteindelik in die herleiding van die kwessie van bloedvermenging, een van die meganismes waardeur die Portugese kulturele assimilasië wil aanmoedig, na die Suid-Afrikaanse werklikheid. Kritiek jeens die Suid-Afrikaanse beleid lê sy in die mond van De Sousa nadat sy hom doelbewus uitgelok het om sy mening oor apartheid te lug (58):

Ek dink julle verloor 'n sterk bondgenoot teen die swart teenstanders wat julle vrees. Maar dit daar gelaat. Jul beleid is waarskynlik net 'n tydelike defensiewe middel, miskien 'n bestaansmiddel, ten dele om julle te versterk teen die Engelse, anders het julle nou ook die pad van die Rhodesiërs gegaan. By julle is dit, meen ek, 'n kwessie van tyd totdat julle oorslaan na 'n ander benadering. Julle moet onthou, ons is darem baie langer hier in Afrika. Lourenço Marques is 'n jong stad, maar Mosambiek is oud...

Met die betrekking van hierdie mening word die leser ook gedwing om te besin oor die toekomsopsies wat vir Suid-Afrika voorlê. Die verteller weerhou haar egter daarvan om verder uit te brei of 'n waardeoordeel uit te spreek oor De Sousa se diagnose, maar herlei die leser tog na die sentrale vraagstuk.

Hoofstuk vier met sy fokus op Beira, wat volgens die verteller opmerklik meer Afrika-georiënteerd is as Lourenço Marques, bied ook die geleentheid om kritiek teen kulturele assimilasië – en die Salazar-beleid as geheel – vanuit 'n Portugese perspektief te belig. Waar die gidse wat die verteller en haar reisgeselskap begelei het, die opheffingswerk wat met die assimilasiëproses gepaard gaan, beklemtoon, noem die verteller dat die biskop van Beira hierdie pogings as 'n “fasade van integrasie” beskou. Sy haal verder aan uit die biskop se boek *Ordem Anti-Communistas* waarin hy wys op die nadele van kontrakarbeid – onder andere die wyse waarop die ekonomiese vooruitgang van “gemiddelde inboorling op die platteland” gestuit word en die gesinsverbrotting wat die sisteem verder tot gevolg het. Tipies van haar ingesteldheid as joernalis, gee sy ook ruimte aan die Portugese repliek op die biskop se beskuldiging (66):

Die Republiek daar gelaat, wie het die afgelope ses jaar meer vir Afrika gedoen as ons? Dink aan die skole, gesondheidsdienste, besproeiing, vervoer. As die inboorling nog nie welvarend is nie, is dit omdat hulle nog nie opgewasse is teen die ekonomiese mededinging nie, nie omdat hulle doelbewus teëgehou word nie. Dit sal nog kom Die voorwaardes van kontrak-arbeid is byvoorbeeld gewysig. Ons kan julle vertel van Njassa-naturelle wat die grens oorsteek en op ons teeplantasies werk kom soek, omdat die kanse daar beter is as in Njassaland. Is dit verdrukking?

In hoofstuk sewe weerklink die sentimente van De Sousa in die idealisme van mnr. Ramos, 'n jong antropologiese navorser wat op Tete gestationeer is (116) en hoof van die psigo-sosiologiese departement van die provinsie (121). Hy hou hom besig met opheffingswerk onder die swart stamme en die verteller bestempel hom as “vertegenwoordigend van die nuwe geslag Portugese – jonk, byna fanaties Portugees” (121) met sy “*Aqui e Portugal*-denkwyse” (122). Ook hier lug die verteller haar skeptisisme in parentese oor die indringende Portugese fokus van

die opheffingswerk wanneer sy opmerk dat die veldwerkers die seuns leer sokker speel in die hitte en in Quelimane “tussen die palmbome op ’n wasgoeddraad ’n ry sokkertruie sien hang met dieselfde kleure as die Ben Fica-span van Lissabon”: “Sou dit nou werklik Portugese van die Bantoes maak?” (121). Naas die onvanpaste kultuurspesifieke rekreasie, het die verteller ook haar bedenkinge oor die vermoë van die Portugese om sukses te behaal met ’n proses wat lank agterweë gebly het (122): “[D]is ’n lang pad wat die Portugese moet loop en wat hulle baie laat en waarskynlik net onder druk van die afgelope twee jaar begin loop het. ’n Mens wonder of hulle die agterstand sal kan inhaal”. Ook Ramos antwoord nie op ’n vraag van die verteller of die “inboorlinge” sy kultuur sal aanvaar nie – seker die veelseggendste stilsweye in die verteller se ondersoek na kulturele assimilasië (122).

Mnr. De Albergaria van die doeanekantoor wat vervoer aan die reisgeselskap verskaf na hul aankoms op Quelimane, raak ook die kwessie van die relatief klein groepie kinders wat reeds geassimileer is aan (hoofstuk tien) wanneer hy die verteller neem na ’n weeshuis vir swart kleuters: “Net jammer so min. Dink aan al die miljoene in die bos. As ons elke inboorlingkind so kon opvoed, sou daar mos geen probeem wees nie” (183). En by hierdie laaste besoek aan ’n institusie waarin kulturele assimilasië prakties nagestreef word, is die verteller dit met hom eens: “Maar daar lê juis die knoop in die beleid van Portugal: die miljoene in die bos. Wanneer sal hulle bereik word?” (183).

Tot ’n finale gevolgtrekking rakende assimilasië kom die verteller nie: sy sluit egter die hoofstuk af deur aan te dui dat sy getref is deur “die indruk wat ek kry van ’n humanitêre benadering van jou medemens. ’n Skatting van hom na waarde en nie na kleur nie” (195). Met hierdie stelling as slot sou die leser wel tot die gevolgtrekking kon kom dat die oorwegende indruk van die Portugese beleid positief is, alhoewel die volhoubaarheid daarvan deur die skeptiese reisgeselskap in twyfel getrek word. Die leser sou ook kon vra of die teks nie juis méér aktueel sou wees indien die verteller wél assimilasië as haalbare alternatiewe eerder as twyfelagtige oplossing getipeer het nie. Die skeptisisme van die verteller gekoppel met die afwesigheid van ’n finale oordeel dien egter tog ’n bepaalde funksie in die teks. Deur haar te weerhou van eksplisiete uitsprake, bied die verteller ruimte aan die leser om self tot ’n gevolgtrekking te kom sonder dat die aanwesigheid van ’n afwysende (en selfs op die stadium van publikasie “volksvreemde” ideologie?) tot weerstand teen die alternatiewe wat die teks ondersoek, lei. Joubert is juis deur die resensente geloof vir haar “objektiewe” inslag.

5.2.2 Kulturele assimilasië in *Die nuwe Afrikaan*

Kulturele assimilasië speel in *Die nuwe Afrikaan* 'n belangriker rol as in *Die staf van Monomotapa*. In *Die nuwe Afrikaan* word dit uitgebeeld as 'n oorlogstrategie teen swart nasionalisme en staan dit bekend as *promoção social*, 'n misleidende benaming omdat die motivering agter die koersagtige opheffingswerk nie bloot humanitêr van aard nie. Vriende van die verteller bevestig ook hierdie waarneming aangesien hulle opmerk dat die sosiale bevordering nie oral met ewe veel ywer toegepas word nie (Joubert, 1974: 148):

In die oorloggeteisterde gebiede word alles moontlik gedoen om die vertroue van die mense te wen, alles is beskikbaar. In ander gebiede, in die stede en op die platteland, is geleenthede nie so vrylik beskikbaar nie en is die regering besig om die vertroue van die bevolking te verloor. Hy het van sy tuisfront vergeet.

Kulturele assimilasië is volgens die verteller nie 'n nuwe begrip nie: Reeds van die Portugese se eerste kennismaking met die Bakongoryk, is hulle versoek om sendelinge en onderwysers in te voer. Veral onder Afonso is die assimilasiëproses met groot ywer aangemoedig deur die Bakongovors. Jongmense is nie net opgelei in die skole wat vir onderskeidelike meisies en seuns opgerig is nie, maar is ook na Portugal gestuur vir opleiding. Die verteller vertel dan ook die verhaal van Afonso se stryd ten gunste van die verportugesering, maar merk op (139):

Tog is daar iets tragies aan die figuur van Afonso I – die bande met die eie verbreek, die eerste werklike geassimileerde swartman en tog altoos onvergenoeg: laat ons nie onbeskerm nie, stuur ons meer onderwysers, meer priesters. Dit kom ironies voor dat nou, vyfhonderd jaar later, daar antwoord op sy versugting moet kom.

Uit haar kommentaar oor selfs hierdie eerste pogings tot kulturele assimilasië, kan die leser aflei dat sy nie 'n voorstander is van die ontkenning van die waarde van die eie kultuur nie – dat sy die isolasië wat dit meebring betreur, alhoewel dit die tweede reis is wat sy onderneem om die verskynsel en die sukses daarvan met erns te ondersoek as strategie ten bate van die voortbestaan van die witman in Afrika.

Alhoewel die verteller reeds tydens haar eerste reisskof in Carmona op 'n dorpstoer geneem word om haar onder die indruk van die sukses van en die Portugese se erns oor kulturele assimilasië te bring, maak dit nie onmiddellik sin nie. Waar die Liseum met meer as 'n duisend wit en swart hoërskoolkinders aan haar uitgewys word (10), kom sy eers later onder die indruk van die program vir die “sosiale bevordering van die swartman” (27). Haar gidse is optimisties en voorsien dat hulle binne die volgende anderhalf dekade die vrugte sal pluk met beskaafde swart leiers aan die stuur van sake (27-28; sien ook 148). Vir die Portugese is hul toekoms afhanklik

van opvoeding om 'n soortgelyke bloedbad as dié van Maart 1961⁷⁵ af te weer en hulle pleit dat vergelykings nie getref moet word met wat kon gewees het nie, maar eerder met wat was (35). 'n Portugese sakeman van Sá da Bandeira beskou die eerste vier verpligte laerskooljare (ook vir die inheemse bevolking) as “'n geweldige stap vooruit, miskien net so heroïes soos die ontdekkingstogte om Afrika” (67). Daarteenoor verwys die verteller na die menings van kenners wat pessimisties is en “hierdie geweldige sosiale omwenteling op [die] gebied van [die] onderwys, gesondheids- en landboudienste” beskou as “te min te laat”, die kapasiteit van die skole om kinders te akkommodeer betwyfel en die verpligte onderrig van net vier jaar as onvoldoende beskou (35). Hierdie kontrasterende opinie sluit aan by die twyfel wat die verteller reeds in *Die staf van Monomotapa* oor dieselfde kwessie geopper het (sien Joubert, 1964: 122 en 138).

Die *promoção social*-strategie is omvattend en dek “opvoeding, gesondheidsdienste, landboukundige ontwikkeling, [en] ekonomiese verheffing” (Joubert, 1974: 27). Verder word die weermag, die staat, die kerke en groot ekonomiese instansies daarby betrek. Die teikengroep sluit nie slegs skoliere in nie, maar ook ander jongmense wat touwys gemaak word in naaldwerk, skrynwerk en ander ambagte (29). Die uiteindelijke oogmerk word deur die Portugese beskryf as mentalisering (27) – 'n begrip wat nuut was vir die verteller en miskien suggereer dat daar 'n nuwe diskoers rondom kulturele assimilasië gegenerer is sedert haar vorige ondersoek aan 'n Portugese kolonie.

'n Belangrike punt wat die verteller maak, is dat Suid-Afrikaners ook die gedagte van mentalisering as doelwit bespreek: “om die swartman te mentaliseer, om hom ‘te motiveer en om te skep tot 'n mens met dryfkrag, ambisie en 'n wil om na 'n beter lewe te strewen,’ soos dit onlangs in Suid-Afrika in 'n colloquium by die Universiteit van die Noorde gestel is” (27). Hierdie opmerking is van belang aangesien dit die verteller se ondersoek binne die Suid-Afrikaans intellektuele diskoers van die tyd plaas. Hierdie intellektuele debatvoering oor “mentalisering” is egter ver verwyder van die realiteit in Suid-Afrika, en die verskil in oriëntasie ten opsigte van die rasseproblematiek maak samewerking met die Republiek problematies. Die Portugese tolk en diplomaat dr. Verstig konstateer: “Dit tog nie[...]. Konsolidasie met die Suide sal meebring dat Angola moet prysgee die grootste enkele faktor wat Portugal nog in Afrika hou – sy gebrek aan kleurdiskriminasie” (91-92).

As integrale deel van die program van sosiale bevordering word die bereikbaarheid van die inwoners van die *aldeamentos* gestel. *Promoção social* vind in die dorpie teen 'n versnelde

⁷⁵ In 1961 is verskeie koloniale nedersettings, onder andere Quitexe, aangeval deur swart vryheidsvegters en die inwoners is vermoor.

tempo plaas en die verteller besoek een van die skole in die groter versterkte dorpie, Culo, waar onderrig slegs deur middel van Portugees geskied. Vir haar bly die ou vraagstuk oor die verportugesing en Portugees as leermedium nog steeds relevant, net soos in *Die staf van Monomotapa*: Sy vra die swart onderwyseres of die taal nie verwarring skep nie, aangesien die kinders tuis Kikongo praat. Die onderwyseres lig haar egter in dat die ouers tuis ook Portugees praat of andersins probeer: “Dit is almal se strewe” (28). Die verteller toon egter weerstand: “Ek kan dit nie heeltemal aanvaar nie. ‘Verloor die kind tog nie iets as hy sy stamtaal verbeur nie?’” Maar die onderwyseres aarsel nie: ‘Nie soveel as wat hy wen nie’ (29). Nog steeds nie oortuig nie, pols die verteller ’n jong man wat haar en die Duitse afgevaardigdes geleide doen by die Katolieke sending van Santa Cruz: “‘Kan dit slaag?’ vra ek, ek het nog steeds twyfel oor Portugees as enigste medium op skool, selfs vir die kleintjies. ‘In Brasilië het dit geslaag. Die inboorlingtale het geheel en al verdwyn. Net Portugees het oorgebly. Tot almal se gerief en beswil’” (85). Die verteller loop haar dus oral vas teen kultuurimperialisme, en dit staan haar nie aan nie. Sy is egter nie alleen in haar oortuiging dat moedertaalonderrig voordeliger as vreemdetaalonderrig is nie, maar kry eers aan die einde van haar reis ’n bondgenoot in sr. Ribas. Hy het selfs ’n verhaal getiteld “O Enjeitado” geskryf waarin hy ’n seuntjie uitbeeld wat ongewoond aan die beskawing is, dan Portugees soos ’n papegaai moet leer lees en skryf en uiteindelik heeltemal verward word. Ribas wys die verteller op die sendingskool by Donde en die Amerikaanse sending by Nova Lisboa wat wél kinders eers onderrig in hul eie taal (152). Hy raak “sigbaar ontsteld oor die saak” [Portugees as verpligte onderrigtaal – L.G] en wys uit eie ervaring op die kommunikasieprobleme wat hy waarneem. Ribas se reaksie is egter ’n uitsondering op die reël en kultuurimperialisme bly nie slegs beperk tot taal nie. Na afloop van die *batuka*-dans wat die verteller en die Duitse afgevaardigdes bywoon, dink die verteller byvoorbeeld weer terug aan die reaksie van onderwysers by wie sy “teengekap het oor die verwerping van die moedertaal, die eie tradisies van die Bantoe-kind op Portugese skole”. Die “eie” word “behou as folklore”. Vir haar is dit onaanvaarbaar: “Die mooi beskaafde Portugees wat die swart danser met ons gepraat het, die *Vive Portugal*-kreet in die donkerte van die nag met die sweet van die stamdanse nog op die gesig. En hulle eie net ‘folklore’. Dit proe my darem bietjie bitter in die mond” (89). Alhoewel dit nie haar goedkeuring dra nie, oortuig die entoesiastiese manier waarop die dansers die Portugese volkslied sing en pro-Portugese krete skree haar tog van die invloed van die beleid van kulturele assimilasië, op ’n soortgelyke wyse as die kinders se viering van Camoës-vieringe tydens haar besoek aan Mosambiek haar onder die indruk van verportugesing gebring het (Joubert, 1964: 19-20). Haar indruk word verder bevestig deur ’n opmerking van Pellissier in sy boek *Angola* waar hy konstateer dat die Angolese *mesticos* en ’n seksie van die Afrikaanse

assimilados die gretigste in Afrika is om die koloniale moondheid se beskawing en lewenswyse te aanvaar (Joubert, 1974: 149).

Die proses van die marginalisering van die “eie” deur kulturele assimilasië het al so ver gevorder dat swart burgers volgens sr. Ribas “hulle eie onnodiglik verwerp om nie ‘agterlik’ voor te kom nie” (152). Een van die studente van die normaalkollege *Escola Habilitacao Professores Posto* wat gedigte skryf, maak volgens die direkteur van die instansie die opmerking dat sy dialek “nie ryk genoeg is om as instrument te dien vir die emosies wat [hy] wil vertolk nie” (127). Die direkteur bevraagteken nie die uitlating nie, maar sien dit eerder as ’n merker van die sukses van verportugesering. Nog ’n voorbeeld van die marginalisering van die “eie” word gevind in ’n staaltjie wat sr. Ribas vertel van sy niggie wie se skoonmaker geweier het om ’n tradisionele Mvundu-gereg te eet omdat dit hom na sy oordeel sou “verraai as synde onbeskaaf” (152-153).

Naas onderwys, word *promoção social* in al sy ander manifestasies in hoofstuk twee bespreek. Die Jesuïete met hul Afris-beweging (*Auxilio, Família, Religião, Instrução, Social*; ook Latynse datief wat beteken “ten behoewe van die Afrikaan”[sic]) gee onderrig in noodhulp, kookkuns, kindersorg, naaldwerk en huishouding, sowel as om ’n afrondingskool te onderhou vir meisies na die eerste vier jaar van verpligte onderrig. Ook die afrondingskool word op ’n verdere vlak voorgestel as ’n uitbreiding van die *promoção social*, aangesien vader Pires die verteller ewe “ondeund” meedeel: “Ek maak vrouens vir die opgevoede swartmans. [...] Die meisies kom na my rou, uit die bos, en ons maak jong dames van hulle” (30). Die verteller se beskrywing van die eerste groepie meisies wat naaldwerk doen, sluit aan by die vader se opmerking: “Die eerste klompie doen die eenvoudigste stekies op proeflappies, die vingers is dik en grof en lomp, die mond trek saam in inspanning om die naald in die lap te kry” (30). Die diskoers van wildheid en beskawing voer hier opmerklik die botoon. Van ’n gretige bereidwilligheid om hierdie afrondingskole by te woon, is daar nie werklik sprake nie: die meisies moet “gelok” word met naaldwerk. Die afrondingskool betrek die volledige proses van verportugesering: van die ambagtelike vaardighede, tot netheid, Portugese kookkuns en optrede in geselskap. En uiteindelik word die eindproduk getoets aan die “opgevoede Afrikane” se reaksie: “hulle is soos bye om ’n heuningpot” (30). Wat die verteller hier blootstel tydens haar inspeksie, is ’n uitgebreide program van verportugesering wat nie net opvoeding dek nie, maar ook die samestelling van geassimileerde kerngesinne as oogmerk het.

Die staatsbeheerde *Junta Provincial do Povoamento* maak ook deel uit van die *promoção social* program. In Negage bring die verteller besoek aan die sentrum wat die gemeenskap met ’n trekker bedien en sosiale werkers uitstuur om landboumetodes aan die mans te verduidelik en noodhulp, kookkuns, naaldwerk en kinderopvoeding aan die vrouens te onderrig (31).

Die laaste instansie wat *promoção social* beheer is die ICA of Angola-Koffieinstituut. Ook hier tref die verteller 'n geesdriftige jong vrou aan wat met entoesiasme uitlê hoe groenteverbouing en dieetaanvulling, groente- en grondboontjiemelkvoorbereiding aan die vroue en boerderymetodes aan die mans deur middel van foto's en demonstrasies geïllustreer word in die naturreldorpies. Selfs swart meisies word betrek by die “mentalisasie” deurdat hulle kort kursusse in verpleegkunde, dieetkunde en landboumetodes volg en dan die kennis op hul dorpie versprei. Die koffieinstituut verskaf ook saad, plante en raad aan die swart kleinboere en probeer om 'n “bestendige kleinboerbevolking op te bou, sodat die platteland nie leegloop stad toe nie” (31-32). Alhoewel die verteller beïndruk is met die onderrig wat die meisies verskaf, bly sy skepties staan teenoor die vermoë van die swartman om die verportugesering of verwestersing te absorbeer (32). Die Portugese lyk so optimisties oor hierdie proses en wys die verteller selfs daarop daar nie net sprake is van eensydige beïnvloeding nie, maar wedersydse osmose, die sogenaamde Luso-tropiese kultuur (32-33). Sy konstateer egter dat Luso-tropikalisme nie oral ewe goed ontvang word nie: in die stede ervaar die wit arbeider die opgevoede swartman eerder as konkurrent en die swart nasionaliste beskou Portugese kleinboer-setlaars as 'n bedreiging (33). Die swart boere en die Portugese kleinboere, het die verteller egter self besef na verskeie bevestigings van die aanvanklike stelling van sr. Pires, subdirekteur van die CCIA of Departement van Politieke Inligting in Luanda, kom wél goed oor die weg (33).

'n Inisiatief wat onder swart kleinboere bevorder is, was die instelling van koffiekoöperasies. Met die oog op verhoging van inkomste en verbetering van kwaliteit het die ICA aanvanklik meisies uitgestuur na die dorpie “om die swartes tot die gedagte te mentaliseer”. Na twee tot drie jaar se lesings en demonstrasies en die opweeg van voor- en nadele het die “gedagte aan koffiekoöperasies posgevat”. Die ledetal van die koöperasie het gou gegroei en sukses behaal (36) en die verteller word deur 'n verteenwoordiger van die ICA geneem om Mario Daniel, die voorsitter van die eerste koffiekoöperasie, te ontmoet. As voorsitter maak hy 'n goeie indruk op haar en sy beskryf sy voorkoms onder andere as “welvarend, byna kleinburgerlik” – 'n indruk wat bevestig word deur die opmerking van die ICA-gids dat hy heelwat minder verdien. Die verteller word naas die taamlik duidelik finansiële hupstoot waarvoor die koffiekoöperasie gesorg het vanweë die beter pryse wat lede daar ontvang, ook gewys op die derde wins van die koöperasie wat weer aan lede besorg word en die lenings wat hulle verskaf. Naas die koffiekoöperasies, is daar plattelandse buitemarkte ingestel waar verkope onder amptelike toesig geskied om uitbuiting en korrupsie te bekamp (36-37). Die kwessie van die buitemarkte noop egter die verteller om die spanning wat vanweë dié instelling heers, te ondersoek: die pryse wat boere aanbied, word nie meer aanvaar deur die swart kleinboere nie en dit lei tot frustrasie. Saam

met die verskil in salaris tussen die ICA-beampte en die voorsitter van die koöperasie, dwing dit die verteller om te vra: “Hoe sal die witman reageer teenoor die swartman wat ekonomies, opvoedkundig, ook staatkundig hom verbysteek?” (38).

Die sosiale bevorderingsprogram word ook verder uitgebrei en in stand gehou deur veertien opleidingskole vir jong onderwysers. Die opleidingskool in Carmona wat die verteller besoek het net so ’n agenda van transformasie soos die afrondingskole. Van die studente merk sy op: “Hulle leer nie net nie, hulle word in wese anders” (34). Ook hier moet die studente self hul omgewing in stand hou en word hulle geheel en al verportugiseer. Slegs die sangklasse word in die moedertaal aangebied. Waar die verteller die vraag opper of die studente nie by hulle terugkeer aanpassingsprobleme ondervind nie, probeer die non wat haar ontvang by die instituut haar gerusstel – die studente sal nie in isolasie hul “bestendinging” van die *promoção social* voortsit nie. As bevestiging lees die non ’n brief voor van ’n oudstudent wat sal probeer om die mense in die dorpie alles te leer wat sy geleer is sodat sy “hulle kan voorberei vir die lewe” (35). Uit die brief blyk egter tog hoe geïsoleerd die meisie is: “‘Ek verlang baie terug na my moederskool,’ skryf die student, ‘die dorpie is so ver weg in die bos dat daar maar net ’n paar mense is met wie ek Portugees kan praat’” (35). Dit is dus uit die verteller se relaas duidelik dat die sosiale bevordering nog nie oral posgevat het nie en die potensiaal besit om diegene met opvoeding te isoleer.

Buite die duidelike agenda van die Portugese gidse wat die verteller vergesel, probeer sy ook haar eie afleidings oor rasseverhoudinge maak. In ’n poging om te ontsnap aan die realiteite van die oorlog, reis sy een middag na die eilandjie Mussulo naby Luanda. Op die strand hou sy die verskillende groepies mense dop. Slegs die kinders speel saam in die water, die volwassenes handhaaf aparte groeperinge (40). In die trein na Nova Lisboa sluit die “mulatte” by die kleinboere aan, maar nie by die swart klerke nie (83). In Silva Porto lyk die situasie in die hoteleetskamer tog anders: “Swart en wit is veel meer gemeng saam aan tafel asof die gevaar van die nabye oorlog hulle na mekaar toe gedryf het. Mulatte sit saam met wittes, of swartes met die wittes, en vir die eerste keer sien ek mulatte met swartes. Gewoonlik meng dié twee groepe nie veel nie” (98).

Ten opsigte van integrasie, word die verteller natuurlik gewys op die gemengde woonbuurte in Luanda (44) en Port Alexandre (52). Sy merk self op dat die swart en wit boere afwisselend boer op Humpata (soveel anders as die behoudende Dorslandboere wat in die vorige eeu in die omgewing geboer het [60]) – hier dus nie binne die rigiede indeling van ’n geforseerde landbouskema soos wat in Mosambiek die geval was nie (Sien Joubert, 1964: 42-43). Integrasie in die weermag vind lank reeds plaas (Joubert, 1974: 111) en selfs stamgebondeheid is volgens

die kaptein van die Flecha-magte oorwin (110). Die gemak waarmee Portugese soldate met die swart kinders omgaan – deur hulle byvoorbeeld op ’n vragmotor te laai en ’n lemoen met hulle te deel – getuig skynbaar van die integrasie, aldus die verteller: “Ek neem aan dis ’n voorbeeld van die gemaklike, vriendskaplike omgang tussen swarte en Portugese soldaat dwarsdeur die land (115). Die verteller probeer ook inligting inwin oor integrasie op regeringsvlak en sy vra ’n sakeman in Sá da Bandeira na die persentasie lede van die Wetgewende Vergadering wat swart of mulat is. Uit 53 lede skat hy ongeveer tien. Nie tevrede met sy skatting nie, het die verteller later in Luanda syfers bekom wat nie amptelik vrygestel is nie: daarvolgens was drie swart en elf mulat vergeleke met die 26 swart lede versus die 24 wit lede in die Wetgewende Raad in Mosambiek (68). Die verteller het ook ondersoek ingestel na die stemregkwalifikasies wat nie diskrimineer teen ongeletterde hoofde van gesinne nie, maar tereg het sy tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie toegewing nie noodwendig gelei het tot ’n verteenwoordigende kieserskorps nie (68). Die universiteitstatistiek wat sy probeer navors, is nie te vinde nie, maar die persentasie swart studente blyk klein te wees. Nie seker of sy werklik met ’n gebrek aan statistiek of verswygingstaktiek te make het nie, beroep sy haar op die uitlating van ’n tweedejaar Wiskundestudent wat haar vertel dat daar in sy klas 125 wit, drie swart en een mulatstudent is. Soos sy tereg opmerk: “Dis nie ’n baie hoë syfer nie” (70).

5.2.3 Gevolgtrekking

Uit die bespreking van die representasie van kulturele assimilasie in *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* kan afgelei word dat die tema duidelik vir die verteller in altwee reisverhale van belang is – juis omdat dit as alternatiewe strategie deur twee naburige kolonies benut word, in ’n era waar die Nasionale Party in Suid-Afrika hom wend tot apartheid as oorlewingstrategie. Uit die analise van die representasie blyk egter dat daar ’n klemverskuiwing in die subtema plaasgevind het. Die verteller toon aan dat dit ’n veel dringender projek geword het in Angola wat nie net op humanitêre gronde berus nie en deel vorm van ’n intensiewe oorlogstrategie bekend as *promoção social*. Op mikrovlak word suksesvolle kandidate van hierdie beleid weer ingespan om die projek verder te voer – hetsy deur as modelmoeders en eggenote vir hul opgevoede mans op te tree of as onderwysers en onderwyseresse in afgeleë dorpieë die basiese vaardighede deur voorbeeld en illustrasie te propageer. Die gekompliseerde masjinerie van *promoção social* word veral in *Die nuwe Afrikaan* sistematies aan die kaak gestel. Die verteller staan nog steeds, soos in die geval van haar besoek aan Mosambiek ongeveer ’n dekade vroeër, krities teenoor hierdie proses wat in wese eintlik ’n verportugiesering van die inheemse bevolking behels. Haar weerstand teen die marginalisering van die “eie” kan gelees word as ’n teken van

haar poging om self ook met Afrika te identifiseer. Om haar standpunt te versterk, toon sy telkens aan hoe die verportugiesing identiteitskrisisse teweegbring en minderwaardigheid ten opsigte van die eie kultuur aan die hand werk.

Sy is bewus van die agenda van haar Portugese gidse om die geslaagdheid van die stelsel te illustreer en maak veral in *Die nuwe Afrikaan* gebruik van die meganisme van die Duitse afgevaardigdes en sr. Ribas om kritiek teenoor die *promoção social* en die voertaal waarin dit plaasvind, te beliggaam. Die narratiewe aanwending van hierdie karakters stel haar ook in staat om haar neutraliteit as joernalis te behou. Karakterisering word dus in die laaste reisverhaal meer strategies benut om moontlik ideologiese bevraagtekening te verskans sonder om die leser te vervreem.

In *Die nuwe Afrikaan* probeer sy die verskynsel van kulturele assimilasië koppel aan die tydgenootlike intellektuele debat deur middel van die begrip “mentaliserings” – dus word die teks duidelik aangebied as ’n aktuele verslag wat ook aansluit by Suid-Afrikaanse kwessies.

5.3. Manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrika-nasionalisme en die onafhanklikheidsstryd

In sy boek *Mozambique: the Revolution and its Origins* (1983) gee Barry Munslow ’n geskiedkundige oorsig oor die weerstand wat gebied is teen die Portugese koloniale regering. Hy verdeel die verskynsel in drie fases: die interne weerstand wat gebied is tot ongeveer 1930, die proto-nasionalistiese bewuswording van 1930 tot 1960 en die oorgang na gewapende weerstand in die sestigerjare. Indien Munslow se bespreking as rigsnoer gebruik word, kan afgelei word dat die representasie van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd in *Die staf van Monomotapa* relatief min aandag kry – veral as dit vergelyk word met die hantering van dieselfde tema in *Die nuwe Afrikaan* tien jaar later.

In Douglas Wheeler se bydrae tot die versamelwerk *Protest and Resistance in Angola and Brazil* (1972) getiteld “Origins of African Nationalism in Angola: Assimilado Protest Writings, 1859-1929”, identifiseer hy drie fases van Angolese nasionalisme. Die eerste fase, die eerste nasionalistiese roeringe, het plaasgevind van 1860 tot 1930. Die tweede fase van stryd is voltrek in die periode 1930 tot 1961. Van 1961 af is die stryd gevoer vanuit ballingskap en het opstand die botoon gevoer (Wheeler, 1972: 69). Wheeler se periodisering van Angolese weerstand stem dus min of meer ooreen met Munslow se periodisering van weerstand in Mosambiek.

’n Belangrike punt wat Wheeler maak, is dat hy wys op die verskil tussen tradisionele weerstand in Afrika en nasionalisme. Volgens Wheeler was die tradisionele vorm van weerstand gewapende geweld: “This pattern of ‘traditional resistance’, or ‘primary resistance,’ was not

nationalism as such but tribal reactions to conditions in one locality”⁷⁶ (68). Wheeler gebruik K.R. Minogue se definisie van nasionalisme, naamlik dat dit as ’n moderne uitdrukking van kollektiewe griewe teen uitlanders is. Die gebruik van Europese tegnieke is ook volgens Wheeler van belang. Wheeler wys daarop dat nasionalisme beide modern en aggressief moet wees: “In Angola, therefore, nationalism begins to develop when Angolans express their protests and resistance by using European techniques and by believing that ‘Angolans’ or ‘sons of the country’ have collective problems, grievances, and ‘nationality’ which transcend local identities” (68). Anders as in Munslow se werk, word interne weerstand dus nie oor dieselfde kam geskeer as proto-nasionalisme en nasionalisme nie. Aangesien dieselfde periodisering deur beide Wheeler en Munslow gebruik word, kan die indeling benut word om ’n duideliker indruk te kry van die oorweging wat die verteller in *Die nuwe Afrikaan* skenk aan weerstand en nasionalisme vergeleke met *Die staf van Monomotapa*.

5.3.1 Manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd in *Die staf van Monomotapa*

Voor 1930

Munslow is nie slegs geïnteresseerd in weerstand soos wat dit gemanifesteer het in die onafhanklikheidsstryd wat deur die vlag Afrikanasionalisme in die res van die kontinent aangewakker is nie; hy beskou self die eerste skermutselings tussen die koloniste en die inheemse bevolking as die vroegste vorm van weerstand. Volgens Munslow het die Mosambiekse stamme van die tweede helfte van die negentiende eeu tot en met die twintigerjare van die twintigste eeu gewapende weerstand gebied en onderhandeling, diplomatie en samewerking toegepas te midde van Portugal se militêre en administratiewe oorwinning. Net soos die verteller verwys Munslow ook na Gungunyana⁷⁷ – maar waar die Ngoni stamhoof slegs in die reisverhaal aan die skeptiese verteller as voorbeeld van suksesvolle assimilatie voorgelê word waar hy in sy Westerse kleredrag op die Asore afgeneem is (Joubert, 1964: 30), beskryf Munslow hom as die “spearhead of the resistance to the colonial occupation in the south” (1983: 53). Die belang van die stamhoof word aanvanklik slegs gesuggereer in die reisverhaal deurdat hy as gevangene ook uitgebeeld is op die voetstuk van die monument wat sy onderwerper vereer,

⁷⁶ Alhoewel primêre weerstand hier onderskei word van nasionalisme, het dit tog bygedra tot die ontwikkeling van nasionalisme. In die inleiding tot Hutchinson en Smith se werk *Nationalism* (1994) word die volgende opmerking gemaak: “[T]he ‘primary resistance’ of Africans in the Gold Coast, Southern Africa, and the Sudan furnished the myths of national awakening for later generations, including later anti-colonial guerrilla wars in Algeria, Kenya, and Angola” (10).

⁷⁷ Die spelling van hierdie eienaam wissel van werk tot werk: Joubert gebruik Gungunyana (1964), Axelson gebruik in sy *Portugal and the scramble for Africa 1975-1991* (1967) die spelling Gungunhana en Munslow

maar in die oë van mnr. De Lima was hy eers net bloot “die halfnaakte barbaar op die fries” (Joubert, 1964: 30) – van die jarelange poging om die onafhanklikheid van sy ryk te verseker waaroor Munslow dit het⁷⁸ (1983: 53), word nie ’n woord gerep nie. Later kom die leser tog wel onder die indruk van die belang van die veldslag omdat dit die suidelike stamme “finaal onder die gesag van die Portugese gebring” het (Joubert, 1964: 32).

Die weerstand wat die Makonde en Yao stamme in die noorde gebied het, word slegs by implikasie betrek wanneer die verteller verwys na die gevolge van die veldslae in die suide, en meld dat dit nie slegs gelei het tot die finale onderwerping van die stamme van Suid-Mosambiek nie, “maar ook [...] as inspirasie gedien het vir verdere militêre optrede in die noorde en in Angola” (32). Daar word wel in meer besonderhede verwys na die weerstand wat in Sentraal-Mosambiek gebied is deur die *prazeros* wat deur Munslow as ’n “Africanised institution independent of the alleged sovereignty of Portugal” beskou word en nie noodwendig as verteenwoordigend van die koloniserende mag se beheer oor die kolonie nie. Die verteller verwys verskeie kere na die onafhanklikheidsgesinde grondbaronne wat basies outonoom geregeer het en noem ook selfs skermutselings tussen die Portugese mag en die Cruz-grondbaronne wat koloniale troepe oorgelewer het aan Monomotapa en ’n 1000 Portugese manskappe verslaan het (142, sien ook bespreking onder die subhoof “Koloniale geskiedenis in *Die staf van Monomotapa*”)⁷⁹.

Alhoewel hier dus kriptomies verwys word na die onderwerping van Suid-, Noord- en Sentraal-Mosambiek, mag die verteller se weergawe van die negentiende en vroeg twintigste eeuse stryd die indruk skep dat die onderdrukking van die plaaslike bevolking ’n relatief eenvoudige proses was. Munslow wys egter op meer as vyftien groot militêre kampanjes tussen 1885 en 1902, en konstateer dat daar in hierdie periode net twee jaar was waartydens die Portugese nie betrokke was by minstens een groot konfrontasie nie (1983: 54).

Met die aanvang van die twintigste eeu het die interne weerstand teen kolonisering steeds voortgeduur. Die laaste groot konfrontasie in 1917, die Barué opstand, waartydens die Mosambiek en self die Zambezia Maatskappy verliese gely het, word deur Munslow beskryf as “perhaps the most important of the primary acts of resistance” (54), maar word nie genoem in die reisverhaal nie. Munslow meld ook dat die opstand ook al voorgestel is as ’n voorloper van moderne nasionalisme, omdat verskeie etniese groepe daarby betrokke was (54, 55) en uit die

Gungunyana (1983).

⁷⁸ Vir ’n gedetailleerde bespreking van hierdie jarelange ossilasie tussen wantroue en toegewing (tot 1890), sien bv. Axelson (1967: 124 e.v.)

⁷⁹ Die konfrontasie tussen die Portugese en die *prazeros* by Massangano vind ook later gestalte in Joubert se roman *Bonga* wat in 1971 verskyn. Daar verskyn egter ’n nota agterin die roman wat die leser daarop wys dat sy nie die

statistiek wat hy byhaal, sou dit wél beskou kan word as 'n uitsonderlike hoofstuk in die proto-nasionalistiese era: “This huge pan-ethnic revolt was a mass rebellion against colonialist capitalist penetration, with 100 000 Africans fleeing to take refuge in Nyasaland, Northern Rhodesia and Southern Rhodesia (55). Pan-etniese opstand was egter die uitsondering eerder as die reël (55) en teen 1920 is die laaste verset op basis van die ou stamindeling verslaan (Bosgra en Dijk, 1969: 98; sien ook Munslow, 1983: 55).

Verdere pogings tot verset tot en met 1930 bespreek Munslow aan die hand van Marxistiese teorie. Volgens Munslow is die ontwikkeling van die proletariaat, en gevolglik die ontwikkeling van werkersorganisasies en klasbewustheid, gestrem as gevolg van Mosambiek se hoofsaaklik uitvoergebaseerde ekonomie en relatief klein werkersklas (hawearbeiders en spoorwegwerkers), die migrantearbeidstelsel en die dwangarbeidsstelsel. Munslow bespreek die ontwikkeling van klassebewustheid wat hy as voorvereiste vir aktiewe weerstand sien, by die interne proletariaat (hoofsaaklik hawearbeiders en spoorwegwerkers) en die eksterne werkersklas (mynwerkers en plantasiarbeiders met hulle kern van produksie buite landsgrense) (56-59).

Die eksterne proletariaat, die migrantemynwerkers, kon nie werklik wettig protes aanteken teen swak omstandighede in die myne nie. Ten spyte van kontrakbreuk wat strafbaar was met tronkstraf, het 15% van die werkers teen 1910 gedros. Paswette en die regulering en isolasie van huisvesting het aktiewe weerstand teengewerk. Munslow wys egter op vorme van passiewe verset wat wel voorgekom het. In reaksie op mynomstandighede wat so gevaarlik was dat daar gereeld sterfgevallen voorgekom het, het werkers geweier om op riskante persele te werk. Deur aan te dring dat die myne ‘getoor’ was, het werkers hulle op tradisie beroep om protes aan te teken teen werksomstandighede (56-57). Soos Munslow dit stel (57):

Traditional beliefs in witchcraft provided here the form in which miners expressed their resistance to dangerous working conditions. This in no way detracts from the value of the example in demonstrating working-class resistance, albeit reflecting the continuing influence of pre-capitalist ideology. The form of resistance remained pre-capitalist, but the content was most definitely a struggle of labour against capital.

Naas drostery en weiering om in gevaarlike myne te werk, het die werkers ook kulturele en hulpfondse (hoofsaaklik vir begravniskoste) gestig en volgens Munslow het dit 'n verdere meganisme gebied waardeur uitdrukking gegee kon word aan verset teen die nuwe loonarbeidsstelsel (57). Die kampongverenigings was ook nie beperk tot bepaalde etniese groeperings nie en was voorlopers van die vakbonde. 'n Gebrek aan befondsing het egter die

geskiedkundige verloop van gebeure nagevolg het in die werk nie (1971: ongenommerde bladsy).

bewegings gekortwiek en die mynmaatskappye het ook enige opstand vinnig onderdruk, alhoewel hulle verdraagsaam was teenoor die hulpfondsverenigings, omdat dié eenhede potensieel gebruik kon word as instrumente van sosiale beheer. Vakbonde en die godsdienstige Watch Tower beweging is egter gou onderdruk toe hulle beskou is as 'n bedreiging vir blanke mag (57-58). Munslow haal H.J. en R.E. Simons se uitspraak uit hul werk *Class and Colour in South Africa 1850-1950* aan om die relatief klein impak van die migrantearbeiders en hul verenigings in die ontwikkeling van aktiewe weerstand te verduidelik (1969: 616):

The perpetual rotation of Africans under intensive police surveillance has a crippling effect on African labour and political organisations. The fear of being “endorsed out” of towns has been a major deterrent to mass action against apartheid. Labour migration accordingly delays the process of consolidating Africans into a class-conscious proletariat.

Wanneer die migrantearbeiders teruggekeer het na Mosambiek, het hulle teruggegaan na relatief geïsoleerde wonings en kon dus nie eintlik hul verset binne groepsverband konsolideer nie (Munslow, 1983: 58).

As *Die staf van Monomotapa* vergelyk word met Munslow se bespreking van die ontwikkeling van rudimentêre weerstand onder die migrantearbeiders, kom dit voor asof die kwessie relatief onderbelig is in die narratief. Soveel te meer omdat die aspek van migrantearbeid ook geweldig relevant was vir Suid-Afrikaanse lesers. Die verteller maak melding van die ontstaan van die ruilooeenkoms ten opsigte van migrantearbeid en uitvoerverkeer tussen die Transvaal en die Portugese owerheid, wat onder andere gelei het tot laasgenoemde se bewuswording van die strategiese ekonomiese belang van Lourenço Marques as hawestad (Joubert, 1964: 28). Die verwysing is egter nie as sodanig daarop gemik om die posisie van migrantearbeiders te belig nie.

Naas die verwysing na die ruilooeenkoms, kom daar slegs twee ander direkte verwysings na buitelandse migrantearbeid in die teks voor, en beide dateer uit die periode ná 1930.

Van die verset onder die interne proletariaat, word geen melding in *Die staf van Monomotapa* gemaak nie. In sy bespreking van die interne proletariaat, wys Munslow onder andere op soortgelyke vorme van verset wat voorgekom het by sowel die eksterne proletariaat en die binnelandse werkersklas: misdaad, drostery, vermyding (van swakste betaalde werk) en stakings – veral onder die wit werkersklas (1983: 58).

Die verteller maak geensins melding van hierdie protesoptrede nie, maar verwys wel na die kritiek teen interne kontrakarbeid wat daar gelug is vanuit ander oorde (Joubert, 1964: 160). Sy

verwys byvoorbeeld na die V.V.O.⁸⁰ en die I.A.O. en haal uit Marvin Harris se *Africa Today Pamphlets* aan. Hy beskryf die arbeidstoetstande as “unmitigated exploitation”. Sy lig die leser ook in oor die beleid waarvolgens alle swart mans tussen 14 en 60 wat “ledig is, d.w.s. geen vaste betrekking het of nie op eie grond met ’n vasgestelde getal beeste of bewerkbare landerye boer nie, gedwing [kan] word om ses maande jaarliks onder kontrak te werk” (160). Sy wys ook op die maatskaplike gevolge van die beleid: grootskaalse manlike ontvolking van sekere streke wat saam met die eis van kopbelasting sorg vir ’n verarmde kontrakarbeidersklas. Die geldigheid van die kritiek word egter deur die verteller en haar geselskap ondersoek. Uit haar en haar eggenoot se posisie as joernaliste probeer hulle statistiek bekom oor Sena Sugar Estates se hantering van die saak en hulle word ook op ’n begeleide besigtigingstoer geneem (161). Uit die statistieke vir 1955 kom die verteller versigtig tot die gevolgtrekking dat die salarisse [...] as gering voor[kom]”, maar sy voeg by dat dit “net vir ’n halfjaar se werk” is (161). Die gids wat hulle begelei, probeer duidelik die geselskap onder die indruk bring van die humanitêre aanslag wat die Portugese handhaaf: die hutte waarin die kontrakarbeiders bly, se konstruksie word gemotiveer as “koeler en gesonder”, die inboorlinge het geen opsigter wat hul dreigend dophou terwyl hulle in groot getalle “sit[lê]” nie, en die gebrek aan arbeidsaamheid word deur die gids gekondoneer as deel van ’n psigologiese benadering (161):

Die gids haal sy skouers op. “Nie eintlik dwangarbeid nie, nè! ’n Mens moet die mentaliteit van die inboorlingwerker ken om met hom iets te kan uitrig. As hy die dag nie lus het om te werk nie, dwing ons hom nie. Hulle kontrakteer meestal vir stukwerk. Is die stuk klaar, rus hulle totdat hulle weer lus voel om te werk. Dit werk beter so.

Die oneffektiwiteit van ’n stelsel van dwangarbeid blyk ook uit hierdie passasie wanneer die gids op die verteller se vraag oor die vertraging van werk antwoord dat daar ’n ooraanbod aan kontrakarbeiders is (161). Die verteller lug nie self kritiek teen die stelsel nie en uit haar vraag aan die gids sou die leser ook kon aflei dat sy nie werklik goed ingelig is oor die kontakarbeidstelsel in die praktyk nie, of miskien selfs die stelsel onkrities benader het. Die verteller vra ook nie die arbeiders uit oor hul mening nie. Dit blyk egter uit die slot van die betrokke hoofstuk dat die streng oog van die Sena Sugar Estates se amptenare miskien gelei het tot hierdie eensydige blik op die situasie (177):

⁸⁰ Vir ’n bespreking van die kritiek wat teen Portugal se koloniale beleid gelug is binne die arena van die V.V.O. tot ongeveer 1961, sien Thomas Okuma se werk *Angola in ferment. The Background and Prospects of Angolan Nationalism* (1962), spesifiek die hoofstuk “Portugal under Fire”.

Ons het 'n gebaande paadjie as gaste van die Sena Sugar Estates geloop en nie met die swartes self veel kontak gehad nie, maar dat so 'n eenbaan-lopie tussen die wittes moontlik was – dit is tog ook al insiggewend.

Munslow sluit sy bespreking van die verset in Mosambiek tot 1930 af met 'n verwysing na die ontwikkeling van die eerste nasionalistiese idees onder die opgeleide Afrikane. Die *assimilados* in Lissabon het as gashere opgetree vir die Pan-African Congress in 1923 en in Mosambiek self het die *assimilado* groepe koerante gestig en 'n eie organisasie genaamd die *Grémio Africano* op die been gebring wat hom vir die regte van Afrikane beywer het. Alhoewel Salazar hierdie versetsaksies onderdruk het, het hy nie daarin geslaag om dit heeltemal te vernietig nie. Wat eerder die ontwikkeling van die nasionalisme gestrem het, was die gaping tussen die opgeleide *assimilados* en die werkers op grondvlak en soos reeds genoem, die gebrek aan 'n stabiele permanente werkersklas weens migrante- en kontrakarbeid (Munslow, 1983: 60).

1930-1960

In sy volgende hoofstuk getiteld “The weaving of the nationalist tapestry (1930-1960)” wat hy wy aan die tweede periode van proto-nasionalistiese bewuswording, noem Munslow nog redes waarom die nasionalistiese gedagtes relatief laat gemanifesteer het in Mosambiek⁸¹: die gebrek aan opleidingsinstansies vir swart leerders, sensuur, onderdrukking en die relatief laat blootstelling aan nasionalistiese idees relatief tot swart troepe van Britse en Franse kolonies wat wel aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het en buite die grense van Afrika tot ander insigte gekom het (62).

Munslow bespreek verskeie nodusse van weerstand in die tydperk van 1930 tot 1960, naamlik: die nie-Katolieke Kerke, populêre kulturele weerstand, anti-fascistiese optrede onder die wit koloniale setlaars, protes in die landelike gebiede en optrede onder die interne en eksterne werkersklas. In hierdie weerstandsaksies het die opgeleide *assimilados* 'n groot rol gespeel (62). In sy bespreking van opgeleide Afrikane wat 'n deurslaggewende rol gespeel het in die ontwikkeling van Afrikanasionalisme, maak Munslow gebruik van die teorie van Amílcar Cabral om die verskuiwing van lojaliteit wat by bepaalde *assimilados* plaasgevind het, te verduidelik. Cabral voer aan dat die koloniseerder poog om die klein bourgeoisie op kulturele vlak te assimileer. Sodoende ontstaan 'n gemarginaliseerde klas wat hul status kontesteer in hul soeke na identiteit. Net 'n klein gedeelte van hierdie klas gaan egter deur die drievoudige proses waartydens hulle die koloniseerder se kultuur verwerp, herafrikaniseer, en ten slotte geïntegreer

⁸¹ Die eerste Mosambiekse nasionalistiese beweging, Frelimo, is eers 'n halfeeu ná die ANC gestig.

word in die nasionale bevrydingsbeweging, wat vir Cabral die georganiseerde politieke uitdrukking van die onderdrukte se kultuur vorm. Munslow toon aan hoe die *assimilado* intellektuele volgens hierdie model ontwikkel het, onder hulle Marcelino dos Santos. Die intellektuele wou outonoom van die anti-fascistiese beweging funksioneer, omdat hulle nie die omverwerping van die Salazar regering as voorvereiste beskou het vir 'n nasionalistiese anti-koloniale verset nie. In 1957 stig hulle die *Movimento Anti-Colonial* in Parys wat die voorloper was van die latere internasionale organisasies wat die nasionalistiese bewegings van die Portugese kolonies verenig het (64-65).

In Portugal self het studente groeperings kontak gemaak met die matrose en dokwerkers in die kolonies, swart studente het geskakel met die Movement of United Democratic Youth en in sekere gevalle aangesluit by die Sentrum vir Marxistiese Studie. 'n Paar studente het ook gevlug na Frankryk waar hulle die *Union Nationale des Etudiants de Mozambique* (UNEMO) gestig het wat later die studentvleuel van Frelimo geword het (65).

In Mosambiek het die *Grémio Africano* ontwikkel tot die *Associação Africana* wat sy eie koerant/tydskrif gehad het. Die sterk Afrika karakter van die organisasie en sy spreekbuis was belangrik en baie mulatte het hulle daarmee geïdentifiseer. Die regering het as antwoord op die organisasie wat 'n sterk onderskeid tussen kolonialiseerder en gekoloniseerde getref het, die *Instituto Negrófilo*, later bekend as die *Centro Associativo dos Negros de Moçambique* (CANM), gestig vir die swart bevolking en spesifiek vir swart *assimilados*. Verder is daar ook reëlins getref om onderskeid op sportvlakke te handhaaf. Tot die einde van die vyftigerjare het hierdie skeidingsmeganismes suksesvol gefunksioneer. Die Nukleus vir Mosambiekse Sekondêre Studente (NESAM) het daarin geslaag om die breuk wat hierdie aparte organisasies tussen die massa en die geletterde intellektuele veroorsaak het, te oorbrug. Die stigter was Eduardo Mondlane. Die groep het deur die bemiddeling van CANM begin klasgee aan ongeletterdes – onder die onderwysers was verskeie toekomstige leiers van Frelimo (65).

Op religieuse gebied het die Katolieke Kerk eintlik 'n bondgenoot geword in die beskawingsmissie van Salazar, en sy sendingskole het volgens Munslow nie eintlik daarin geslaag het om werklik 'n beduidende verskil in die inheemse bevolking se geletterdheidsvlakke te bring nie (63).⁸² Daarteenoor het die Protestantse skole met hul opleidingsprogramme 'n teelaarde gebied vir die latere leiers van die versetsbewegings (67). Migrantarbeiders het Protestantisme versprei in Suid- en Sentraal-Mosambiek, terwyl dié godsdienstige stroming deur

⁸² Munslow haal die amptelike regeringstatistieke aan: teen 1958 was die ongeletterdheidsvlak 97,8% In die distrik van Lourenço Marques kon net 1% van die swart manlike bevolking Portugees praat en net 1% van hierdie persentasie kon Portugees skryf. By die vroue was die ooreenkomstige persentasies 0,1% (1983: 63).

werkers wat in Nyasaland en Tanganyika trekarbeid verrig het in die noorde van die land gevestig is. Onder Salazar is die Protestantse sendinggemeenskappe⁸³ beskou as bevorderlik vir Afrikanasionalisme. Hulle het gepoog om Afrikane goed op te voed en verskeie latere nasionalistiese leiers soos Eduardo Mondlane, Daniel Mbanze en Graça Simbine het byvoorbeeld by die Protestantse sending van Cambine hul opleiding ontvang. Wat die regering nog meer ontstel het, was die opkoms van geafrikaniseerde Protestantisme. Teen die einde van die vyftigerjare was daar byvoorbeeld dertien Ethiopiese en elf Sionistiese Kerke in Mosambiek. Die Protestante is ook vervolg en geïntimideer en het telkens diskriminasie ondervind (66-67).

Alhoewel die verteller telkens verwys na die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk in Mosambiek, word daar nie melding gemaak van die Protestantse sending nie. Haar bespreking van die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk toon egter die verzet van die inheemse bevolking teen hierdie kersteningsproses en meganisme van koloniale beheer aan. Koning Monomotapa se moord op die Jesuïet Da Silveira (Joubert, 1964: 108; 136-137) sou binne hierdie konteks as verzet teen koloniale oorheersing gelees kon word, maar val uiteraard nie in die periode onder bespreking nie. As in ag geneem word dat die verteller en haar geselskap telkens deur Portugese amptenare vergesel is, kan die leemte aan kommentaar oor die Protestante sendinggemeenskappe in die teks ook toegeskryf word aan 'n doelbewuste poging om sentrums wat met verzet geassosieer is nie onder die aandag van die joernalis te bring nie. In *Die nuwe Afrikaan* word dit uit sekere Portugese se uitlatings, byvoorbeeld dié van 'n sakeman in Carmona, duidelik dat daar in Portugees-Afrika 'n assosiasie tussen Protestantisme en verzet gemaak is. Die sakeman konstateer: “‘Ek blameer die Baptiste direk vir die uitbreek van terrorisme. [...] Hulle is anti-Katoliek en anti-Portugees” (Joubert, 1974: 143).

Naas die Protestantse Kerke wat Munslow as meganisme van verzet beskou, verwys hy ook na die populêre kulturele weerstand wat gemanifesteer het in die aanwys van tradisionele leiers waar die Portugese 'n stamhoof wat nie sy samewerking wou geen nie, vervang het deur 'n stamhoof van hulle keuse. Nog 'n vorm van kulturele weerstand het voorgekom waar tradisionalisme beklemtoon is. Munslow konstateer: “Repression of cultural and religious forms gives them political content where none may have existed previously” (1983: 68). Die verteller voer tydens 'n besoek aan Baroma 'n gesprek met vader Da Silva oor die vatbaarheid van die Afrikane vir die Westerse geloof. Hy verwys byvoorbeeld na die inheemse tradisies wat steeds onderhou word (Joubert, 1964: 134):

⁸³ David Birmingham (1992: 23) voer aan dat die invloedrykste Protestantse Kerk die Presbiteriaanse Kerk van Switserland was: “The Presbyterian Church helped to recover and remould African culture, formalise the vernacular language and broaden the network of communication. Travelling catechists visited isolated

Dit wortel so diep by hulle dat selfs geslagtelange onderrig hiervoor stuit soos teen 'n rotsbank. Veral is die onderrig van meisies moeilik. Al kom hulle skool toe, al bly hulle in ons koshuise, teen die ouderdom van 13-14 hardloop hulle weg om die inisiasie te gaan deurmaak. Ons het al gevind dat selfs ons beste, beskaafde, ontwikkelde meisies wat weerstand bied en hier bly wanneer hulle maats terug gaan stam toe, die inisiasie tog maar in die vakansietyd ondergaan.

Die passasie kan binne die konteks van Munslow se bespreking dus gelees word as weerstand teen kolonialisme – alhoewel die verteller dit nie noodwendig as sodanig vertolk nie.

Die laaste vorm van kulturele weerstand wat Munslow bespreek, vind uitdrukking in die kulturele media wat die Afrikane gebruik. Hier sou die skilderye van Vasco Domingos Campira met die “gesigte wat in skulpe of boomwortels vasgestrengel is, die uitbeelding van ruwe, onbeteuelde emosie” (38) wat sterk kontrasteer met die stillewe wat hy in Lissabon geskilder het, met inagneming van Amilcar Cabral se teorie ook as uiting van verzet teen Portugese kulturele imperialisme gelees kon word.

Soos wat ek reeds in die bespreking van weerstand tot voor 1930 aangetoon het, bespreek die verteller nie die weerstand van migrantearbeiders nie en dateer die verwysings na buitelandse migrantearbeid uit die periode ná 1930.

Die eerste verwysing dien as illustrasie van die sukses van verportugesing: die verteller herinner haar 'n voorval waar 'n vriend van die myne in Johannesburg ondergronds getalle geneem het en uit die paar honderd Mosambiekse werkers aan wie hy gevra het wie hulle is, het daar slegs twee geantwoord: “‘I am an African’. Deur die bank het die ander gesê: ‘I am Portugese’” (57). Daar sou natuurlik ook geredeneer kon word dat hierdie opname onder die druk van offisiële waarneming nie werklik die inslag van Portugese óf Afrikanasionalisme weerspieël het nie. Andersyds bevestig dit egter Munslow en Simons se gevolgtrekkings dat daar nog nie werklik 'n Afrika werkersklasbewustheid by die migrantemynwerkers ontstaan het nie.

Die laaste verwysing na migrantearbeid is die enigste wat werklik suggereer dat daar uiteindelik tog die potensiaal vir verzet by die eksterne proletariaat bestaan het. In 'n kriptiese verwysing na die ondergrondse versetsbewegings, onder andere die Moçambique African National Union (Manu), wys die verteller op laasgenoemde se doelwit om sonder bloedvergieting en “deur indoktrinering van die werkers wat heen en weer oor die grens gaan, veral van die Mosambiekers wat selfs so ver noord soos Kenia werk gaan soek” heelwat steun te werf (102).

communities and generated a solidarity which was to be one of the tap roots of nationalism.”

Na 1960

Volgens Munslow het die kontrakarbeiders wat in die buiteland gewerk het, dikwels teruggekeer met radio's – 'n meganisme wat hulle in staat gestel het om op datum te bly met die veranderinge in die res van Afrika. So kon hulle tred hou met die onafhanklikheidswording van die Kongo in Junie 1960 en Tanganjika in 1961. Ook die besetting van Portugees-Goa deur Indiërs in Desember 1961 het 'n groot indruk gemaak op hulle. Politieke aktiwiteit was egter onwettig in Mosambiek en partye is in ballingskap gestig. Onder invloed van die nasionalistiese beweging in Suid-Rhodesië is die eerste party, UDENAMO, onder leiding van Adelino Gwambe en Uria T. Simango gestig in 1960. Hierdie party het steun gevind onder inwoners van Sentraal- en Suid-Mosambiek. 'n Tweede party, MANU, is in 1961 in Kenia gestig en het tot stand gekom uit 'n koalisie van kleiner groepe, onder andere Makonde African National Union. Die grootste gedeelte van die ondersteuningsbasis was Makonde – 'n bevolkingsgroep wat weerskante van die Rovumariver tussen Mosambiek en Tanzanië gewoon het. MANU was gemodelleer op KANU in Kenia en TANU in Tanzanië. Die derde party wat gestig is, was UNAMI, met sy basis in Malawi en 'n ondersteuningsbasis in Tete-provinsie. Hierdie drie partye het verskeie vertoë gerig tot die Verenigde Nasies en kon vanweë hul regionale ondersteuningsbasisse nie werklik vordering gemaak nie (Munslow, 1983; 79-80).

In Mosambiek self was klandestiene groepe ook aktief wat die situasie in die land self beter opgesom het as die partye in ballingskap. Baie van die politieke aktiviste wat 'n rol gespeel het in hierdie kleiner klandestiene groepe, het teen 1961 egter die land verlaat om aan te sluit by die partye in ballingskap en hulle te beywer vir 'n verenigde versetsbeweging. Hierdie doelwit is egter bemoeilik deur die wantroue wat tussen die partye geheers het, omdat hulle geïnfiltreer is deur die geheime polisie (80).

Met die onafhanklikheidswording an Tanganjika in 1961 het al drie partye hul basisse na die land verskuif waar hulle deur Julius Nyerere aangemoedig is om te verenig (80).

Op 25 Junie 1962 is Frelimo gestig en Eduardo Mondlane is tot president verkies. Die party was 'n verenigde front wat die drie proto-nasionalistiese partye saamgesnoer het met die doelwit om koloniale en buitelandse ekonomiese beheer te beëindig (81-82). Die partye kon egter nie ooreenkom oor die strategie wat gevolg moes word om die doelwit te bereik nie, naamlik vreedsame protes of gewapende stryd (83). In September 1964 het Frelimo tot die gewapende stryd oorgegaan (84).

In *Die staf van Monomotapa* word die leser nie so onder die indruk gebring van die voorbereiding vir die gewapende stryd soos in *Die nuwe Afrikaan* nie. Daar is egter wel merkers van militêre paraatheid; die troepestatistiek wat die verteller aanhaal in hoofstuk een (11) bring

haar en haar reisgeselskap nie so onder die indruk van die oorlog waarin Portugees-Afrika betrokke is soos die wond van die Portugese soldaat aan wie hulle 'n saamrygeleentheid gee nie: “Die stof- en sweetreuk, die lang donkerbruin roof oor die wond bring die oorlog in Angola, net buite ons grense, maar in die gees so ver van ons vewyder, baie naby” (12). Dat die onafhanklikheidsstryd ook deel is van 'n groter kontinentale fenomeen, blyk eers uit die verwysing na die buitelandse toeriste wat hul safarireise in Mosambiek hou na die onafhanklikheid van Kenia en Tanganjika (13), die verwysing na die troepekonsentrasie op die grens met Tanganjika (17) en die bevolking van die grense van Mosambiek (52). Hierdie onafhanklikheidswording van die buurlande wat grensbeveiliging noodsaak, word veral as 'n bedreiging beskou, omdat hulle nou 'n teelaarde bied vir swart nasionalisme. Telkens tref die verteller Portugese aan wat van mening is dat die “opstuwung [...] miskien van buite sal kom” (177), onder andere die vlieënier van die Portugese lugmag met wie die verteller op Nampula gesprek voer (101-102) en die goewerneur van Tete wat spesifiek moeilikheid uit die noorde verwag en ook onrustig is oor die lot van Suid-Rhodesië (132). Die verteller word eers tydens haar besoek aan Nampula, die militêre hoofkwartier van die noorde, self werklik bewus van die gevaar wat Mosambiek uit die noorde en noordweste bedreig (101).

Die strategie wat in *Die staf van Monomotapa* aangevoer word teen die swart nasionalisme, is “[v]olstrekke gelykheid”, die toekenning van burgerskap sonder diskriminasie op 3 September 1961, ses maande na die revolusie in Angola (17-18). Kulturele assimilasie wat die wanbalanse van die verlede moet regstel, word nie so eksplisiet as oorlogstrategie geïdentifiseer nie, en is ook nog nie so volledig tot 'n program ontwikkel soos wat die *promoção social*-agenda in *Die nuwe Afrikaan* skyn te wees nie. Die formele kulturele assimilasie deur middel van die skolestelsel word nog meer benadruk: “Hoe meer en hoe vinniger ons opgevoede, Portugese Bantoes kan produseer, hoe beter is ons kans om hulle lojaliteit te wen en om in Afrika te bly, is die argument. Bou skole totdat ons bloei” (25). Die weermag se rol in opheffingswerk (met die onderhoud van bosskole, die uitbreiding van infrastruktuur en die verskaffing van mediese dienste), in samewerking met die psigo-sosiologiese departement se mobiele klaskamers wat landbou- en grondbewaring aanmoedig en kinders Portugees en sokker leer, toon ooreenkomste met die sosiale bevordering in Angola: die siviele bevolking is egter nog nie so planmatig gemobiliseer in die strategie nie (121-122).

Die verteller brei daarteenoor nie vreeslik uit oor swart nasionalisme nie. Sy wys eerder op Suid-Afrikaners se onkunde oor die tendens (102):

Vreemd dat gerugte van gebeure op die noordgrens van Mosambiek ons nooit bereik nie. Ons weet selfs min van die ondergrondse versetbewegings wat in Dar-es-Salaam hul hoofkwartier het en van daar af in die stilligheid werk om Mosambiek te “bevry”.

Sy vind ook onder die Portugese ’n gebrek aan bemoeienis met die versetsbewegings, skynbaar omdat hulle onder die indruk is dat die groepe nie veel steun sal werf onder die plaaslike swart bevolking nie. As “korrektief” op hierdie mening haal sy egter die leier van die “sterkste en mees militante beweging” wat hom ten doel stel om “Mosambiek in ’n tweede Angola te omskep”, aan. Volgens Adelino Gwambe se beramings sal sy beweging, die União Democrática Nacional de Moçambique (UDENAMO) teen 1965 23, 000 volgelingen hê. Daarteenoor stel die meer gematigde Moçambique African National Union (MANU) dit dat hul party “op die langer duur meer steun sal kry, dat hy deur indoktrinasie van die werkers wat heen en weer oor die grens gaan, veral die Mosambiekers wat selfs so ver noord soos Kenia werk gaan soek, veel meer sal uitrig” (102). Die verwysings na die bevrydingsbewegings is beperk tot hierdie paragraaf – ’n bewys van die gebrek aan erns waarmee nie net die Portugese nie, maar ook die verteller die swart nasionalisme bejeën het.

’n Laaste aspek van nasionalistiese denke waarop die verteller lig werp, het betrekking op die outonomistiese strewe wat by sekere Portugese wat hulle eerder as Mosambiekers beskou, aangetref word. Sy voer dan ook gesprek met so ’n Mosambieker op die strand naby Beira en kom so onder die indruk van die denkrigting wat selfbeskikkingsreg as ideaal stel, maar onderdruk word deur die opkoms van Afrikanasionalisme.

Samevattend kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat Afrikanasionalisme nog eensins ’n sentrale tema in *Die staf van Monomotapa* word nie.

5.3.2 Manifestasie en bewustheid van Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd in *Die nuwe Afrikaan*

Tradisionele weerstand en eerste nasionalisme tot voor 1930

By verre die grootste gedeelte van die teks van *Die nuwe Afrikaan* word gewy aan die gevolge en verweer teen militante swart nasionalisme. In hierdie opsig het die reisjoernaal reeds met die eerste lees ’n oorweldigend aktuele indruk geskep onder tydgenootlike lesers, soos wat ek in die vorige hoofstuk aangetoon het. Relatief tot die aandag wat geskenk word aan swart nasionalisme, word daar egter weer weinig aandag bestee aan tradisionele weerstand.

Douglas Wheeler konstateer dat daar drie algemene wyses was waarop moderne protes en weerstand gemanifesteer is in die eerste fase van nasionalisme: joernalistiek, verenigings en

regering (72). Hy wy 'n hele hoofstuk aan die *assimilado* proteslektuur wat gedurende die eerste fase 'n deurslaggewende faktor was. In die inleiding tot sy bespreking voer hy aan dat nie slegs die intellektuele beweging in Angola nie, maar ook Angolese nasionalisme se oorsprong nagespoor kan word in die Luandese joernalistiek⁸⁴ van die negentiende eeu, die periode waarin die pers relatiewe vryheid toegelaat is (1867-1922) (70). Die *assimilado* joernaliste was gedeeltelik afhanklik van Europese bewegings vir Angolese outonomie – veral vir inspirasie en finansële steun. Die protesskrywers het selde aanspraak gemaak op algehele onafhanklikheid, veral gedurende die eerste fase van protes – alhoewel die oorgang van 'n monargie na 'n republiek meer ruimte gebied het vir hierdie denkrigting (71-72): “Redress of grievances was a more common form of protest at first. Indeed, a broad humanitarianism characterized the leaders of the various protest movements”⁸⁵. Wheeler skryf die filantropie toe aan die godsdienstige agtergrond van sekere Angolese nasionaliste. Filantropiese sentimente het nie eers ontwikkel toe die Protestantse sendinggemeenskappe wortel geskied het in Angola nie, maar is ook aanvanklik aangewakker deur nasionaliste met 'n Rooms-Katolieke agtergrond. Die vestiging van Protestantse sendinggemeenskappe het egter gelei tot 'n toename in filantropiese protes en politieke konflik (72).

Naas joernalistiek het verenigings ook 'n belangrike meganisme gebied waardeur protes kon manifesteer. Net soos in die geval van die joernalistiek, het Europese voorgangers ook 'n belangrike rol gespeel. Tot en met die begin van die twintigste eeu was die eerste Luandese verenigings met politieke belange hoofsaaklik Portugees. Die eerste vereniging wat aan hierdie kriterium voldoen het, was die *Liga Ultramarina* wat in 1910 in Lissabon gestig is, gevolg deur die *Liga Colonial* in 1911 en die *Liga Angolana*, die eerste swart Angolese vereniging in 1912. Die nie-Angolese swart verenigings wat in Lissabon gevorm is, was gematigde pan-Europees-Afrikaanse groepe wat groter koloniale outonomie en die beëindiging van rassespanning as doelwitte gehad het. Hierdie partye het onder andere takke in Angola gestig. Alhoewel verskeie verenigings in 1922 verbied is deur die Hoë Kommissaris, kon die liggame tot en 1926 met beperkte vryheid funksioneer onder die Republiek. Onder die partye wat daarin geslaag het om tot 1931 aktief te bly, was die *Partido Nacional Africano* (PNA) een van die belangrikste (73).

Soos reeds vermeld, het die regering toenemend vanaf 1922 die aktiwiteite van verenigings onderdruk deur verbanning, die sluiting van die swart pers, arrestasies en deportasies van

⁸⁴ Wheeler konstateer dat Luanda die ideale teelaarde vir Angolese nasionalisme was, omdat daar groot skole, kerke en sosiale groepe was waar politieke aktiwiteite geïnisiëer is. Benguela het in 'n mindere mate 'n soortgelyke funksie vervul (1972: 71). Eers ná 1880 is die belangrikste spreekbuis vir protes ook ontwikkel in ander dorpe aangesien die infrastruktuur nie bestaan het in die relatief onderontwikkelde nedersettings nie (72).

⁸⁵ Sien ook in die verband Bosgra en Dijk (1969: 56).

verskeie *assimilado* leiers. Sekere partye het daarin geslaag om te oorleef deur die herbenaming van hul verenigings, maar militante optrede is onderdruk (74).

Die derde manifestasie van Angolese nasionalisme was die regering. Verskeie *assimilados* het byvoorbeeld op die regsbank gedien, deelgeneem aan verkiesings, is verkies tot strategiese posisies in die provinsiale regering en het leiersposisies beklee in die weermag. Die posisies wat *assimilados* kon beklee, was egter beperk aangesien die hoogste posisies altyd toegeken is aan Europeërs en verkiesingsuitslae nie noodwendig betroubaar was nie (74-75).

Na 1930 moes Angolese nasionalisme 'n wesentlike verandering ondergaan – veral ten opsigte van menslike hulpbronne, tegnieke en doelwitte. Die druk van die regering het 'n taktiese wysiging van strategie genoodsaak en aangesien wettige politieke aktiwiteit 'n besondere uitdaging was, het ondergrondse organisasie gegroei (75).

Wanneer Wheeler se opmerkings as rigsnoer gebruik word, is dit duidelik dat hierdie eerste fase van Angolese nasionalisme onderbelig word in *Die nuwe Afrikaan*. Die meganismes van verset wat Wheeler aanraak in sy bespreking, word nie betrek nie en die verteller fokus eerder op tradisionele verset, met name die verset wat veral deur die Bakongo-ryk gebied is. Veral godsdiens as versetsvorm word onder die soeklig geplaas: Protestantisme as teenvoeter vir Katolisisme, en swart messianisme, word bespreek. Relatief tot die bespreking van tradisionele weerstand in *Die staf van Monomotapa*, word daar egter méér aandag aan hierdie eerste fase van interne weerstand gegee, wat konsekwent is met die sterker tematisering van interne konflik in *Die nuwe Afrikaan*.

Die verteller bespiegel tydens 'n besoek aan Quitexe oor die motivering vir die gewelddadige aanval wat in 1961 plaasgevind het. Een van die redes wat sy noem naas die eksploitasie van die Angolese se arbeid in die koffieplantasies, is die “willekeurige verdeling van die Bakongo-ryk deur die Berlynse Konferensie van 1894 tussen die destydse Belgiese Kongo, Franse Kongo en Portugese Kongo”. Sy wys ook op die opstand in hierdie gefragmenteerde gebiede wat “al lánk aan die broei was” (Joubert, 1974: 11). Opstand teen Portugese kolonialisme was ook nie net 'n tendens wat gemanifesteer het in die gefragmenteerde Kongoryk nie. Ook die eertydse ryk het as inspirasie vir die vryheidsvegters dien (136). Vanuit hierdie perspektief sou die Kongoryk se hantering van Portugese kolonialisme (wat eerder onder tradisionele weerstand ressorteer) dus beskou kon word as eksemplaries vir latere generasies se nasionalistiese idees. Die verteller koppel met hierdie verwysing dan ook die tradisionele of primêre verset aan die nasionalisme van die laat negentiende en twintigste eeu. In hoofstuk tien word die weerstand wat die eertydse Kongoryk gebied het teen Portugese kolonialisme geïllustreer in die verhaal van die kerstening van die Kongoryk. Dom Afonso I, die seun van die Kongomonarg João I, se koningskap word

betwis deur sy jonger broer wat gesteun word deur 'n sterk anti-Christelike faksie. Laasgenoemde slaag egter nie daarin om Afonso te onttroon nie en in sy ywer om die beskawingsmissie van die Portugese voort te sit, rig Afonso skole op. Uit 'n brief van die priester Rui D' Aguiar, wat dateer uit 1516, word dit egter duidelik dat selfs die eerste skool met weerstand begroet is. Die skool moes met 'n hoë muur omring word, omdat die skoliere wou dros (137). Namate die Portugese toenemend gefokus het op eksploitasie eerder as opvoeding, het die verhouding tussen die Kongoryk en die kolonialiste verswak. Teen 1641 veg die Bakongo saam met die Hollanders teen die Portugese en mettertyd ontstaan daar 'n sterk Bakongo-nasionalisme (137-139).

Alhoewel Rooms-Katolisisme gesien is as 'n verlengstuk van die Portugese kolonialisme en daar dus vanselfsprekend weerstand teen die vestiging van hierdie Europese religie en sy uitvloeisels gebied is, het daar ook later sinkretiese ontwikkelings plaasgevind in die Angolese Katolieke geskiedenis wat ruimte gebied het vir die uitdrukking van proto-nasionalistiese sentimente. Een van hierdie ontwikkelings (maar ook verwikkelings) wat plaasgevind het in die eerste fase van interne weerstand en nasionalisme, is die ontstaan van swart messianisme. Die verteller gee dan ook aandag aan een van die opspraakwekkendste vroeë manifestasies van swart messianisme (142). Volgens die verteller het Kimpa Vita, 'n twee-en-twintigjarige Bakongo-meisie, vroeg in die agttiende eeu 'n gesig gekry van die heilige Antonio wat aan haar verskyn. Hy het haar volgens oorlewering meegedeel dat sy gaan sterf, maar dat hy in haar liggaam sou voortleef. Die boodskap wat Vita oordra ná haar herstel, lui dat sy beveel is om die kerk op São Salvador te herbou en die "ou glorie van die stad en ook die Kongoryk te herstel". Kita het vertel dat die heilige Antonio as bemiddelaar vir die Bakongoryk optree. Sy slaag daarin om binne twee jaar 'n sterk ondersteuningsbasis op te bou, die kerk word geherorganiseer, en São Salvador ondergaan vernuwing. Naas nuuskieriges en gelowiges het selfs siekes wat hoop op genesing in die ou hoofstad saamgedrom. Die heersende koning, aangehits deur Kapusynse monnike, het haar egter nie vertrou nie, omdat hy vermoed het dat haar steun by sy politieke opponente lê. Nadat sy geboorte gegee het aan 'n seun, veroordeel hy haar tot die brandstapel (142-143). Uit die anekdote blyk dit duidelik dat die Katoliek (en dus Portugees) gesanksioneerde monarg geen moontlike bedreiging geduld het nie. Koning Pedro IV se ang om sy troon te behou, is uitgebuit deur die verteenwoordigers van die Katolieke Kerk as verlenging van die Portugese koloniale regering, ter wille van die onderdrukking van proto-Bakongo-nasionalisme.

Teenoor die bydrae van die Katolisisme tot swart messianisme voor die negentiende eeu, haal die verteller verder bronne aan wat aantoon hoe die koms van Protestantisme, ook in verband

gebring is met die versterking van swart messianisme aan die einde van die negentiende eeu: “[D]ie Protestantse geloof wat meer pluralisties is as die Katolieke geloof, meer verskeidenheid toelaat en ook ’n sterker demokratiese organisasie het, [gee] makliker aanleiding [...] tot diversifikasie en die ontstaan van sektes en hibridiese gelowe” (143).

’n Verdere verwysing wat die eerste periode van tradisionele weerstand aansny, maar nie soseer met Bakongo-weerstand verbind word nie, is die vermelding van die hulp wat die boeretransportryers, die Dorslandtrekkers, verleen het in die inboorlingoorloë⁸⁶ nadat hulle hulle gevestig het in Angola (1974: 58)⁸⁷. Nie opsigself bedoel as verwysing wat die leser se aandag moet vestig op interne weerstand nie, staan dit eerder in diens van die bewusmaking van die verweefdheid van Angolese en Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit sou dus ook solidariteit tussen die wit Afrikaanse leser en die Portugese kon bewerkstellig – ’n funksie soortgelyk aan die funksie van talle historiese verwysings in *Die staf van Monomotapa*.

1930-1961

Gedurende die periode van onderdrukking wat in die twintigerjare ’n aanvang geneem het, word Angolese nasionalisme in ’n nuwe rigting gedwing. Bosgra en Dijk wys in hul bespreking van nasionalisme op die versnelling in die verspreiding van nasionalistiese idees na die Tweede Wêreldoorlog. Leesstof oor die ineenstorting van Fascisme in Europa en die strewe na nasionale onafhanklikheid bereik Angola gedurende die tweede periode van nasionalisme. Verder het inwoners ook nuus van die groeiende onafhanklikheidsbewegings in Asië en die res van Afrika ontvang. Tekenend van hierdie bewuswording is die vertoog wat 500 Angolese in 1952 gerig het tot die Verenigde Nasies om ’n einde te maak aan Portugese kolonialisme. In 1953 word die eerste revolusionêre party opgerig, die *Partido da Luta Unida dos Africanos de Angola* (PLUA). Uit die PLUA ontstaan die MPLA teen die einde van 1956, met veral ’n ondersteuningsbasis in die westelike stedelike gebiede in Angola. Die MPLA ondervind egter in 1959 ’n terugslag toe baie van die party se leiers deur die geheime polisie gearresteer is. Hierdie stap lei daartoe dat die MPLA-leierskap uit ballingskap, veral uit Guinee, voortgesit is (Bosgra en Dijk, 1969: 59-60).

⁸⁶ Uit die verteller se ongespesifiseerde verwysing na “inboorlingoorloë” is dit moeilik om te agterhaal of hierdie manifestasies van verset noodwendig as deel van die eerste fase van nasionalistiese verset of eerder as tradisionele verset geklassifiseer moet word.

⁸⁷ Die Dorslandtrekkers is deurentyd betrokke by die militêre ekspedisies wat geloots word sodat die Portugese kan aanspraak maak op “daadwerklike besetting” (De Klerk, 1959: 62) van Angola. W.A. de Klerk bespreek hierdie veldtogte in sy werk *'n Swerwer op die Sonpad* (1959). Sien byvoorbeeld De Klerk, 1959: 63-64.

Gedurende 1960 doen die MPLA 'n beroep op die Portugese om aandag te skenk aan 'n vreedsame oplossing vir die koloniale probleem, maar die verzoek word slegs beantwoord deur 'n reeks arrestasies, militêre aksie en teregstellings. Hieruit volg dat die MPLA 'n beroep op die Verenigde Nasies doen om die situasie in Angola te bespreek (60).

Vanweë die vervolging in Angola, het baie Angolese na die Belgiese Kongo uitgewyk. In 1954, gedurende die tweede periode van nasionalisme, ontstaan die *União das Populações do Norte de Angola* (UPONA) in die Belgiese Kongo met Roberto Holden as leier: 'n organisasie opgerig deur uitgeweke Bakongo wat die herstel van die ou Kongoryk as doelwit het. In 1958 toe die doelstelling van die organisasie amptelik gewysig word tot die onafhanklikheid van Angola, word die naam gewysig tot die *União das Populações de Angola* (UPA). Hierdie wysiging vind ook plaas die jaar nadat die Portugese geweier het om die wettige opvolger van die ontslape koning van die Kongo te erken. Die opstand wat voortvloei uit hierdie weiering om tradisionele leierskap te erken, word begroet deur talle arrestasies en deportasies van Afrikane wat poog om uit die Belgiese Kongo terug te keer. Die verskillende weerstandsbewegings, met name die MPLA, die UPA en 'n kleiner beweging genaamd die PDA, vorm op 31 Oktober 1960 'n gemeenskaplike front. Die UPA onttrek egter onder leiding van Roberto aan die front en verklaar dat hulle alleen tot gewapende vernet sou oorgaan (64-66).

In haar bespreking van die wisselwerking tussen die Portugese kolonialiste en die Bakongoryk waarin sy die meganismes van weerstand aandui, toon die verteller die potensiaal van Protestantisme as teenvoeter vir Katolisisme, wat as verlengstuk van Portugese kolonialisme beskou is, aan. Die verteller wys op die Baptiste-sending se bydrae tot die eeue lange weerstand deurdat daar in 1955 'n opvolgingstryd ontstaan het tussen 'n Katolieke kandidaat wat gesteun en gekroon is deur die Portugese, en 'n Protestantse kandidaat wat gesteun is deur die president van die UPNA, die Noord-Angolese Vryheidsbeweging (1974: 139-140).

Die profete wat geassosieer word met swart nasionalisme, met name Simon Kibangu, Simon M'Padi, Simon Zepherin en Simon Toko, het ook 'n Protestantse opvoeding gehad – 'n feit wat bydra tot die beskouing dat Protestantisme deels verantwoordelik gehou word vir die opkoms van nasionalisme.⁸⁸ Die verteller wei uit oor Toko, wie se leerstellinge aanleiding gegee het tot die Tokoïsme, 'n beweging met “sterk politieke ondertone”, en wat reeds opspraak verwek het in die Belgiese Kongo en uiteindelik uitgewyk het na Mossamedes, maar wat gedurende die vroeë sestigerjare gedeporteer is na die Asore-eilande (144).

⁸⁸ Hierdie verwantskap wat gelê word tussen Protestantisme en swart nasionalisme word geïllustreer deur 'n uitlating van 'n sakeman van Carmona met wie die verteller in gesprek tree. Hy konstateer: “‘Ek blameer die Baptiste direk vir die uitbreek van terrorisme. [...] Hulle is anti-Katoliek en anti-Portugees. Dis nie toeval nie dat net die

Naas hierdie twee verwysings na protes, lig die verteller geen versetaksies uit wat spesifiek met die tweede fase van nasionalisme korreleer nie.

Na 1961

Die laaste fase van Wheeler se periodisering van nasionalisme stem ooreen met David Birmingham se periodisering wanneer hy in sy hoofstuk getiteld “Revolution in Angola” in sy werk *Frontline Nationalism in Angola & Mozambique* (1992) sy bespreking van die revolusie inlei met die bespreking van die Luanda-opstande in 1961. Hy verwys ook na die voorafgaande onrus in Noord-Mosambiek in Junie 1960 en Oos-Angola in Januarie 1961 (Birmingham, 1992: 35). Volgens Birmingham was die opstand in Luanda egter “more deeply rooted in political grievances, gave much greater international publicity to the emerging nationalist leaders, and had long-term consequences in the violent search for an Angolan national identity” (36). Die opstand het ’n aanvang geneem met ’n poging om politieke gevangenes te ontset uit die tronk in Luanda. In reaksie het die Portugese grootskaalse vervolging toegepas en wapens uitgereik aan wit Portugese burgers. Baie Afrikane is selfs tereggestel – ook onskuldige *assimilados* moes dit ontgeld. Die Februarie-revolusie het ook saamgeval met ’n kaping van ’n passasierskip in die Atlantiese Oseaan deur Portugese demokrate om die voortdurende gebrek aan demokrasie in Portugal sestien jaar na die val van die Europese diktators te belig. As gevolg van hierdie kaping het Angola weer mediadekking gekry weens sy miskenning van swart inwoners se menseregte (36).

Die MPLA was die eerste politieke weerstandsbeweging wat probeer het om die leiding van die anti-koloniale veldtog toe te eien. Die party is egter gekortwiek deur verdeelde leierskap en die gebrek aan ’n veilige basis waaruit hul organisasie verder opgebou kon word. Alhoewel hulle aanvanklik gebruik maak van Brazzaville in die Kongo, verskuif hulle later na Cabinda, maar slaag nie daarin om dadelik die streek te oorheers nie. Vanaf 1964 vind die MPLA ’n ander heenkome in Algerië, Tanzanië en Zambië. Die gebruik van Zambië as basis het egter talle uitdagings ingehou. Die logistieke probleme van guerrilla-oorlogvoering oor uitgestrekte terrein, die werwing van internasionale steun om wapens en opleiding te finansier en die behoud van vriendskaplike bande met Zambië het hul veldtogte bemoeilik. Zambië was gesteld op die behoud van samewerking met die Portugese, omdat die land afhanklik was van transkontinentale spoorvervoer. Die Benguela spoorweg is deur beide Zambië en Zaïre gebruik om koper uit te voer. Die MPLA kon dus nie sy mees haalbare teiken, die Benguela spoorweg, aanval nie.

swartes van die Baptistegeloof terroris geword het” (143).

Aanvalle op hierdie spoorweg sou potensieel tot die gedeeltelike verlamming van die Portugese koloniale ekonomie kon lei. (36-38; 40).

Die MPLA se soektog na 'n veilige buitelandse basis is natuurlik genoodsaak deur die houvas wat die Portugese op Luanda gehad het. Luanda was deel van die groeiende wêreld ekonomie in die sestigerjare, veral te danke aan die koffiebedryf waarvan die winste ook teruggeploeg kon word in die weermag en behuisingskemas in die stad. Die industriële infrastruktuur van Luanda het ontwikkel as gevolg van die verslapping van beleggingsbeleid; buitelandse kapitaal het ingevloei en die fabrieksnwywerhede kon uitbrei. Verder is Portugese immigrasie aangemoedig en daaruit het 'n nuwe behoefte aan swart arbeid ontstaan wat saam met plattelandse instromings-beheerregulasies die swart stedelike bevolking tot voordeel gestrek het. Die aanvraag na gekwalifiseerde personeel was so groot dat die Afrikane ook opgelei is (38).

Die FNLA het as hoofopposisie van die MPLA in alle opsigte verskil van hul konkurrent. Die FNLA met hul ondersteuningsbasis in die noorde van Angola, is saamgesnoer deur bande met die oorblyfsels van die Kongoryk, die oorblywende pre-koloniale handelsnetwerk, en die gedeelde ervarings van die nasionalistiese leierskap, naamlik hul Baptiste-opvoeding, die gebruik van maatskaplike dienste van sendinghospitale, hulpverleningsinstansies en vlugtelingskampe. Die vernaamste samebindende faktor was egter die koffierevolusie wat in Maart 1961 'n aanvang geneem het (41). Die konflik tussen wit koffieboere en –handelaars en onteierende swart kleinboere het ook volgens Birmingham (45) die spilpunt van die nasionalistiese oorloë gedurende die sestigerjare gevorm. Klaarblyklik is een derde van Angola se koffie deur swart kleinboere geproduseer en hulle het alles in die stryd gewerp teen die pogings om hulle te dwing om dagarbeiders te word. Hierin het die Protestantse werksetiek wat in die Baptiste se sendingskole gekweek is ook 'n belangrike rol gespeel aangesien dit die strewe na vrye handel aangemoedig het. Die gemeenskaplike Protestantse band het ook die rebelle in staat gestel om gedurende die dertien jaar wat die oorlog geduur het voort te bestaan en om faksieverdeeldheid onder die bannelinggemeenskap in Zaïre te oorkom (45-46).

Die koffierevolusie het begin met 'n eis van die plantasiewerkers dat hul agterstallige lone betaal word. Die eis is egter binne die konteks van die opkomende nasionalistiese onrus in Zaïre in 1960 en die Luanda opstande van Februarie 1961 deur paniekbevange Portugese begroet met geweld: die loonprotesgangers op 'n koffieplaas is geskiet. Die gevolge van hierdie moorde het gelei tot grootskaalse bloedvergieting: onteierende swart boere het migrantearbeiders uit die suide vermoor wat aangestel is om hul lone te ondersny; wit immigrante het opgevoede Angolese vermoor wat hul salarisse en bevoorregte posisie in gevaar kon stel en die staat het 'n groot krygsmag uit Europa ingebring om die land onder bedwang te bring. 'n Honderdduisend manne,

vroue en kinders het oor die grens gevlug waar hulle vir dertien jaar in vlugtelingskampe gebly het. Bannelinge in Zaïre het beweer dat die koffierevolusie 'n voorafbeplande strategie van bevryding was en die FNLA het sodoende dieselfde weë gevolg as die MPLA. Eersgenoemde het ook daarin geslaag om aanvanklik meer steun te werf: Zaïre was gasvry en 'n gerieflike basis waaruit verdere guerrilla-oorlogvoering geloots kon word. Die VSA het tot 'n mate steun verleen, alhoewel hulle hulle in die openbaar steeds by die Portugese geskaar het, China het guerrilla-ideologie en wapens bygedra en die Organisasie van Afrika Eenheid het die FNLA erken as voorlopige regering in ballingskap (42-43).

UNITA is vyf jaar na die aanvang van die koloniale oorlog gestig en het aanvanklik gefokus op die hooglande van die suide. Birmingham beskou egter die ontstaan van die beweging as 'n teken van die ontnugtering met en mislukking van die MPLA en die FNLA (43). UNITA se leiers kon nie werklik steun vind vir die party in die noorde van Angola nie en het ook probeer om in die ooste as alternatief vir die MPLA op te tree. Die vyandigheid tussen die verskillende bevrydingsbewegings was intens en geeneen van die partye het daarin geslaag om regtig vooruitgang te bewerkstellig nie (43). Birmingham konstateer(44):

Thus it was that nationalism in Angola was undermined by the economic health of the colonial economy, by the military commitment of the Portuguese dictatorship, by the loss of confidence in black nationalism in the Western industrial nations, and by the fragmented factionalism of the exiles who aspired to liberate the country of foreign rule. The result was an armed impasse.

Die dooie punt wat die stryd tussen die nasionaliste en die koloniale magte bereik het, is uiteindelik uit 'n onverwagse oord "beredder": die koloniale oorlog het tot 'n einde gekom op 25 April 1974 met die staatsgreep in Portugal. Dit het egter die nasionaliste met hernude ywer teen mekaar te staan gebring om heerskappy van die eertydse kolonie te verkry (46-47).

Verreweg die meeste verwysings in *Die nuwe Afrikaan* wat ressorteer onder die tema interne weerstand en nasionalisme, korreleer met die derde fase van Wheeler se periodisering. Hierdie konsentrasie van aktuele verwysings het resensente ook nie ontval nie en het hul resepsie van die teks gekleur soos wat reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon is.

Die jaar 1961 word soos reeds aangetoon, beskou as 'n waterskeiding in die geskiedenis van interne weerstand en nasionalisme in Angola. Dit vorm ook die fokuspunt van die verteller se bespreking van die tema in *Die nuwe Afrikaan*. Vrae word gerig met betrekking tot 1961 as geskiedkundige verwysingspunt en die gebeure wat met hierdie datum geassosieer word, word reeds in die eerste hoofstuk van die reisverhaal in skreiende besonderhede gerekonstrueer.

In hoofstuk een van die reisverhaal beskryf die verteller haar besoek aan Quitexe, die dorpie naby Carmona waar die ergste moorde in 1961 plaasgevind het. Sy bespiegel oor die motivering

vir die gewelddadige aanslag – onder andere die “rykdom van die koffieplantasies” wat te danke is aan die arbeid van die swart man: “Die koffie is die bloed van die swartman, is gesê. Die jarelange wegdreinerig van dié bloed vra om weerwraak” (Joubert, 1974: 11). Met hierdie twee reëls verwys sy na die verwickelde koffiegeskiedenis van Angola. Koffie is sedert 1830 in Noord-Angola verbou, nie slegs deur Europese entrepreneurs nie, maar ook deur swart kleinboere (die verteller word ingelig dat 25% van die koffie in die distrik Uige deur swart boere verbou word). Birmingham wys op die belangrike implikasie wat hierdie reëling gehad het: “[I]t did create a spirit of enterprise among northern farmers and laid the roots of a capitalist ethos which was to survive the advent of colonialism” (1992: 41-42). In die reisverhaal word egter nie soseer gefokus op die perspektief van die Afrikaan nie. Daar sou geargumenteer kon word dat die verteller miskien nie bewus was van die omvang van die kleinboere se geskiedenis van onderdrukking nie, maar dit is tog opmerklik dat die gevoelige geskiedenis van onteiening en maatreëls wat kleinboere moes reduceer tot dagarbeiders, nie uiteengesit word nie en beperk tot drie kriptiese reëls wat binne die konteks van die gewelddadige toneel wat daarna volg (sien Joubert, 1974: 12 en vir rekonstruksie van verhaal met slagter as fokaliseerder: 13-14) eerder die indruk van redelose militante geweld bevestig. Waar daar in besonderhede verwys word na die wyse waarop die boere en hul werknemers op een *fazenda* in die distrik vermoor is deur hulle “een vir een, vasgebind maar lewend, in die lengte met hulle eie saagmeule” deur te saag, word daar nie in besonderhede verwys na die Portugese se weerwraak nie (12):

Weerwraak deur mense wie se naasbestaendes verkrag en vermoor is, mense wat byna rasend is, wat die verskil tussen onskuldige of skuldige swartman nie kan insien nie, is nie mooi nie. Selfs die Portugese wil nie graag oor dié tyd praat nie. Hulle noem dit die tyd van die groot *confusão* of verwarring.

Teen die agtergrond van hierdie aanvalle en die bloedvergieting wat daaruit voortgespruit het, is die verwysing na die Bakongo-leier Roberto Holden wat “die aanvalle van stapel gestuur het” (12) allermins gunstig. Die UPA, “die swart nasionalistiese of bevrydingsparty [...] uit die Kongo” word onmiddellik geassosieer met geweld. Ook tydens haar besoek aan Cabinda verwys die verteller na die UPA se soortgelyke maar minder gewelddadige aanvalle in die streek gedurende dieselfde jaar en die bedreiging wat tot in 1965 in Cabinda geheers het (121) – feite wat die indruk van ’n militante en uiters gewelddadige terroristegroep wat verskrikking gesaai het, versterk.

Die verteller neem orals die tekens van beveiliging teen soortgelyke aanvalle waar: die teerpaaië wat deur landmynaanvalle genoodsaak is (13, 20, 52), die aandrang op konvoie en die *guarda civil* – een van vyftien militêre kampe in die distrik wat 24 uur per dag beman word (13),

die beveiligde *fazendas* van swart Bakongo en Portugese koffieboere met hul forthuisse, potensiële landingstrome vir helikopters, soekligte, wagte in uitkyktorings wat 24 uur per dag diens doen en selfs beskermde plantasiewerkers (21-24).

Die Portugese saam met wie die verteller reis – sy word op die reis deur Angola nie vergesel van ander Suid-Afrikaanse reisgenote nie – is angstig om die verblyf van die koloniale moontheid te midde van die tasbare nasionalisme te regverdig. In diens van hierdie doelwit, word die verteller geneem na Dambi-Angola, ’n dorpie wat reeds twee maal onverhoeds deur aanvallers verras is. In opdrag van die dorpsmense is die enigste vrouemilisie in Angola vir die beskerming van die nedersetting opgelei. Verder word die sentimente van Portugese nasionalisme aangemoedig deur die vergunning om daagliks die Portugese vlag te hys – sodat die terroriste nooit weer sou kan spot: “Nou is julle nòg vis nòg vlees, nòg Bakongo, nog Portuges” (17).

Die verteller maak die leser bewus van die drang wat by haar metgeselle bestaan om die Portugese saak te verdedig (17):

“Julle moet insien dat die swartmense van ons hou,” sê Lourdes byna pleitend toe ons wegry. “Kyk, ons gaan tussen hulle deur *sonder (sic)* wapens. Hoe maklik sou hulle ons nie aan die terroriste kon uitlewer nie as hulle wou. Die swartmense is aan ons kant, anders was ons al lankal nie meer hier nie. Kom dit nie vir jou vreemd voor nie dat die swart dorpies hulle gewere het, hulle milisie, hulle verdediging teen hulle eie mense: Dat hulle hulleself as Portugese beskou?”

Sy is egter self maar steeds die skeptiese waarnemer: “Lojaliteit teenoor die Portugese, of ou vetes in die stam self, ou verdelings, ou vyandskappe? Mens wonder” (17). Te midde van die gretigheid van sr. Lopes en Lourdes om haar bekend te stel aan slagoffers van Quitexe wat sal kan getuig van selfs hul verbete oortuiging om aan te bly, onder andere die kafee-eienaar Sr. Lereno (18) en ’n meisie wie se ouers op Quitexe vermoor is, self met *catana*-wonde deurboor is, maar in Carmona bly, weier die verteller om verder deel te hê aan die grieselige propagandaspel: “Wil ek haar ontmoet? het sy [Lourdes – L.G.] gevra. Maar ek het gesê nee” (19). Sy besin eerder weer oor die motivering vir die aanvalle deur te verwys na die invloed wat dwelmmiddels en toordokters moontlik gehad het. Hierdie menings herlei sy na die aanvalskrete *Mata* en *Lumumba*, wat onderskeidelik dui op “die water waarin die witmense se koeëls sou verander sodra dit die liggaam binnedring” en “’n fanatieke swart messianistiese verwagting, ’n nasionalisme, tot ’n anti-witgevoel opgesweep” (19). Hierdie verduideliking herinner aan Munslow se kulturele weerstand (sien bespreking van weerstand in *Die staf van Monomotapa*) wat uiting gevind het in die aanhang van tradisionele praktyke.

Die verteller bespiegel nie slegs oor die geweld waarmee die aanvalle gepaard gegaan het nie, maar ook oor die moord op mulatte, *civilizados* en Ovimbundu-kontrakwerkers wat van die suide af gekom het om op die plantasies te werk. Sy skryf dit slegs toe aan “eng swart Bakongo-nasionalisme” – en betrek nie die verwickelde koffieproblematiek soos wat Birmingham inderdaad doen nie. Die gevolgtrekking dat die geweld toe te skryf was aan ’n “eng swart Bakongo-nasionalisme” stel die UPA dus verder in ’n negatiewe lig. Sy verwys ook na die geskiedenis van die party wat “tot kort voor 1961 bekend was as die meer regionale UPNA, *União das Populações do Norte de Angola* of Vereniging van die bevolking van Noord-Angola” (19). As slegs nasionale vryheidsbeweging in naam, het die Bakongo-oriëntasie van die party gelei tot mislukking. In hoofstuk ses verwys die verteller weer na die gevolge van die eng nasionalisme wanneer sy noem dat die Ovimbundu ná die opstande van 1961 “toe talle Ovimbudukontrakwerkers deur die Bakongo vermoor is, [...] hulle [...] geheel en al by die Portugese geskaar [het en] as vrywilligers by die leër aangesluit [het]”. Ook pogings van die UPA en die MPLA om steun onder die stam te werf was vrugtelos (90). Die verteller plaas egter nie net die opstandelinge onder die vergrootglas nie, sy ondersoek ook die weerwraak van die Portugese – die vernietiging van dorpieë en moord op inwoners sowel as die grootskaalse ontvolking as gevolg van swart mense wat op die vlug geslaan het. Sy probeer daaruit ’n les vir die Portugese haal: die belang van die swart bevolking wat so onderskat is tot voor die bloedbad van ’61. Van werkshand, *mão de obra* (24), is die swartman bevorder tot gerekende bondgenoot.

In hoofstuk twee van *Die nuwe Afrikaan* stel die verteller ondersoek in na die transformasie wat teweeggebring is deur die oorlogssituasie – eintlik nie slegs teweeggebring is nie maar ook genoodsaak is daardeur. Die verteller haal die eertydse goewerneur van die provinsie, Rebocho Vaz, se uitspraak uit 1963 aan: “Dit is moeilik om te voorspel wat in die toekoms in hierdie distrik gaan gebeur. Maar een feit staan vas: As ons die oorlog wil wen – en ons verkeer in ’n staat van oorlog – sal dit wees met ’n radikale transformasie van die sosiale struktuur soos ons dit vandag ken” (26). Die “radikale transformasie” het gedaante gevind in *promoção social*. Binne die konteks van hoofstuk twee word sosiale bevordering eerder as ’n psigologiese en konkrete oorlogstrategie aan die leser geïntroduseer, as noodwendig ’n a-politiese opheffingspoging. *Promoção social* word dus uit die staanspoor anders gedefinieer as die vergelykbare werk wat gedurende die vorige dekade deur die verteller gadeslaan is in Mosambiek.

Om die opheffingswerk aan die verteller te illustreer, neem Lourdes haar na ’n versterkte dorpie of *aldeamento* waar die vlugteling wat terugkeer na Angola, gehuisves word. Die dorpieë is nie so geïsoleer soos die “tradisionele verspreide, moeilik bekombare dorpieë of

‘statte’” nie en die *promoção social* kan daar “teen ’n vinniger tempo” plaasvind. Daar is ongeveer 900 van die dorpies in die omgewing van Carmona en Negage en hulle word net soos in die geval van Dambi Angola en die *fazendas* beskerm deur “draadomheining, die uitkyktorings [...] en die elektriese ligte aan die hoë houtpale”.⁸⁹ Die verteller hunker nog steeds na die esteties meer bevredigende inboorlingdorp – haar nostalgiese gewaarwording herinner aan haar beoordeling van Inhamissa in *Die staf van Monomotapa* (Joubert, 1964: 54). Culo is alles wat Inhamissa nie was nie (Joubert, 1974: 27):

Ek kyk met iets soos heimwee om my heen. Weg is die ou begrip van inboorlingdorp, van hutte in ’n kring, van ou manne wat in die son sit en rook, van vroue wat die bergpaadjies afloop, kruik op die kop, of seuntjies met sterriem wat beeste aanja. Hierdie dorpie lyk eerder na ’n behuisingskema in die buitewyke van ’n nuwe dorp. Maar nostalgie is tot geen nut nie.

Sy besef egter dat die dorpies eerder ’n uitkoms vir vlugteling bied, ’n “leefbare bestaan”, en natuurlik aan die Portugese ’n effektiewe propagandamiddel. Volgens die verteller saai die inwoners van die dorpe “vrywillig oor die radio aan stamlede wat nog oorkant die grens woon” uit hoe hulle nou veiligheid geniet (28). Ook die skole in die dorpies bespoedig die sosiale bevordering van die kinders – en natuurlik die verportugesering. Uit die verteller se gesprek met ’n ywerige swart onderwyseres blyk haar skeptisisme oor ’n sisteem waarbinne moedertaalonderrig (in hierdie geval Kikongo) nie ’n rol speel nie – dieselfde skeptisisme wat haar mening oor die onderwys in Mosambiek in *Die staf van Monomotapa* oorheers het (28-29).

Die skynbare goedgesindheid van die swart inwoners teenoor die Portugese waarvan Lourdes die verteller wil oortuig en waarvan die “vrywillige” uitsendings van die hervestigde vlugteling ook getuig, word keer op keer deur die Portugese met wie die verteller onderhoude voer, bevestig. Al uitsonderings is die “wit arbeider en opgevoede swartman” wat mekaar in die stede as “mededinger aanvoel” en die “swart ekstremistiese nasionalis – meestal van oorkant die grens wat haaks is met die boerestand, wat agiteer teen die inbring van nog meer Portugese kleinboer-setlaars” omdat dit hulle van hul erfgrond beroof (33). Met hierdie stelling word die probleem van grondeienaarskap wat Birmingham as sentraal tot die koffierevolusie beskou en nie noodwendig beperk tot hoofsaaklik buitelandse nasionaliste nie, ook afgemaak as hoofsaaklik ’n buitelandse-geïnisieerde grief.

⁸⁹ Die versterkte dorpie is nie vanuit alle oorde begroet as positiewe ontwikkelings nie: Bosgra en Dijk gebruik die term “hergroeperingskampe” tussen aanhalingstekens en toon deur middel van ’n lugfoto aan hoe die dorpie uitgelê is om moontlike opstand te onderdruk (1969: 69; 71). Die uitleg herinner ook aan die uitleg van Suid-Afrikaanse plakkerskampe waarvan die strate breed genoeg moes wees sodat ’n gepantserde voertuig daardeur kon beweeg om onluste te onderdruk. Guerrillavegters het na die *aldeamentos* verwys as konsentrasiekampe (Joubert, 1974: 28). Die verteller wys op die teenstellende representasie wanneer sy self besoek bring aan die

Alhoewel die verteller sistematies blootgestel word aan die opheffingswerk van die oorlog – ook onder eks-vryheidsvegters en vlugteling – wat haar natuurlik simpatiek sou kon stem teenoor die Portugese, word sy ook onder die indruk gebring van die brutaliteit van die stryd – nie net waar sy kennis moes maak met slagoffers wat die Quitexe-aanval nie, maar ook waar sy die Sentrale Militêre Hospitaal in Luanda moet besoek. Sy word op 'n rondleiding deur die intensiewe eenheid geneem waar sy 'n soldaat wat aan bomskok lei, 'n swart soldaat met 'n buikwond, 'n verbrande soldaat en selfs 'n vryheidsvegter met 'n ernstige buikwond wat per helikopter vervoer is na die hospitaal, moet besigtig. Van die dokters hoor sy dat 70% van die oorlogsongevalle veroorsaak word deur landmynontploffings: “Dis 'n gemene soort oorlogmaak. Die terroriste stel die myne en verdwyn, of hulle bly naby om in die oomblik van verwarring wat op die ontploffing volg, aan te val. Daar is feitlik geen verdediging teen die landmyn nie” (41). Ten spyte van hierdie berekende besigtigingstoer wat duidelik onderneem word om die skade wat die gewetenlose vyand aanrig teenoor die edele en ondiskriminerende optrede van die Portugese weermag en mediese eenhede te stel (hulle vervoer dan selfs gewonde guerrillavegters met 'n helikopter na die hospitaal), merk die verteller tog op dat “slegs tien van die pasiënte wat opgeneem word, op die slagveld gewond is; 'n goeie 90% ly aan tropiese siektes, soos malaria, geelsug, disenterie” (42). Wéér word die begeleide toer in perspektief gestel en weier die verteller om slegs 'n instrument van Portugese propaganda te wees.

Terwyl die verteller Luanda besoek, word sy deur 'n Suid-Afrikaanse vriend ingelig oor 'n ander vorm van verzet wat ook waarskynlik deels deur terrorisme gesmoor is: die verzet teen direkte beheer deur die Portugese metropool: “Maar tot openlike plaaslike verzet kom dit nie, altans nie op die oomblik nie. Miskien is die onluste van 1961 te vars in die geheue. Miskien is die aanhanklikheid aan die moederland terwyl die gevaar nog dreig, sterker as die gevoel van verzet” (46). Ook in Luanda dus die onafhanklikheidsgesindes wat die verteller gedurende die vorige dekade in Mosambiek teëgekom het toe sy en haar man op die strand by Beira met 'n Portugees 'n gesprek aangeknop het (1964: 67).⁹⁰ Die “pro-Angola, in 'n sekere sin anti-Lissabon-gevoel wat onder die wit Angolese toeneem, veral [...] in die suide” blyk later ook uit die Duitse vrou wat by die Landbounavorsingsinstituut in die distrik Huambe werk se ingesteldheid (Joubert, 1974: 91). Hierdie onafhanklikheidstrewes van die ingeburgerde

dorpie Culo.

⁹⁰ Die selferkende Mosambieker het opgemerk: “Daar is baie van ons mense wat so dink. Wat moeg is daarvan dat die metropool ons sake bestuur. Ons behoeftes en probleme is so radikaal anders as dié van die Portugese provinsies, hoe kan ons oor een kam geskeer word? Die gevolg van die langafstand-beheer is dat ons vasgekeer sit in die beperkinge van 'n burokrasie” (Joubert, 1964: 67). Oor hierdie sentimente het 'n Portugese vriend aan boord van die skip waarop sy en haar reisgeselskap gereis het gesê: “Gebeure in Angola was net betyds om gemoedere wat teen Portugal wou opstoot, te laat bedaar. Angola het aan die Portugese in Mosambiek bewys dat

Portugese in Angola word egter heeltemal oorskadu deur die Afrikanasionalisme waaroor die verteller ondersoek instel. Die verteller pols wel later 'n Portugese sakeman in Sá da Bandeira oor die moontlikheid van onafhanklikheid, maar ten spyte van die aanklag van paternalisme teen Portugal Kontinentaal, bevestig hy dat Lissabon onontbeerlik is vir die afweer van die nasionalistiese bedreiging (68).

In Luanda word die verteller ook deur dieselfde Suid-Afrikaanse vriend geneem na die fort S. Paulo waar die “onluste in die noorde” hul begin gehad het toe swartes uit die *muceques* of krotdorpe, heel waarskynlik onder die aanvoering van die MPLA, probeer het om die politieke gevangenes in die fort te bevry (47). Die verteller verwys na die bloedvergieting wat deur hierdie mislukte ontsettingsaksie veroorsaak is: “Dit het op 'n geweldige slagting uitgeloop. Die swartes is oral teruggeslaan, honderde is gedood. Maar 'n klompie wittes is ook dood, veral polisie, en 'n histerie van vrees het die stad beetgepak” (47). Uit die mond van haar vriend Wim, wat van vriende wat die noodsituasie beleef het verslag lewer, word die verskrikking 'n werklikheid: “Vriende wat destyds reeds hier gewoon het, [...] sê dat die inwoners van Luanda dae lank te bang was om op straat te kom, dat al wat swart of mulat was, aangekeer is. Die polisie het oorgeloop” (47). Die weerwraak van die Portugese wat gevolg het na die begrafnis van wit polisiemanne, het die situasie vererger en uiteindelik het die Luanda-opstand waarskynlik ook aanleiding gegee tot die konkurrerende UPA-optrede in die noorde (67-48). Oor die redes vir die afwesigheid van nog 'n opstand in Luanda, is die verteller se Suid-Afrikaanse vriend meer realisties as die Portugese gidse wat die goedgesindheid van die swart bevolking beklemtoon. Hy erken dat die “streng toesig van die DGS die voormalige PIDE⁹¹ [of] miskien die kwaai vergeldingsmaatreëls” of gelikwildeerde leiers “die rebelsgesindes afgeskrik het” alvorens hy die moontlikheid van opregte retribusie as verklaring noem (48). Ook met hierdie stelling uit die mond van 'n Suid-Afrikaanse vriend balanseer die verteller dus die ietwat eensydige diskoers van haar Portugese gidse en impliseer sy dus iets van die polisiestaat wat Angola onder oorlogsomstandighede geword het.

'n Portugese vriend van die verteller se Suid-Afrikaanse vriend Wim, met wie sy later in Sá da Bandeira 'n onderhoud voer, laat blyk die relevansie van die opkomende nasionalisme in Angola ook vir die Suid-Afrikaanse leser. Vir hom is 'n “tegniese en ekonomiese blok tussen Rhodesië en Suid-Afrika, Mosambiek en Angola” 'n ideaal: “Dis al manier waarop ons sal kan

hulle nog nie alleen kan staan as die inboorlinge rebelleer of as daar inmenging van buite kom nie” (68).

⁹¹ Die PIDE was die voormalige politieke polisie. Die DGS het dieselfde funksie vervul, maar is volgens *Angola. On the Road to progress* (1971) nie meer die “private political arm of the prime minister, but like the other branches of the police, subject constitutionally to the Ministry of the Interior, and at best ‘primus inter pares’” (Chapman, 1971: 10).

voortbestaan, anders sal die swartes ons in die see jaag’”. Juis veelseggend is die verteller se kommentaar op hierdie uitlating: “Die eerste Portugees wat dié moontlikheid opper – realisties, objektief”. Vir haar is die stelling dus haalbaar en word dit met minder skeptisisme bejeën as die byna fanatiese *promoção social*-praatjies van haar gidse. Haar kommentaar as rigtingwyser vir die leser wat ook reeds die skeptiese toon gewoond is, eis ook evaluering van die Suid-Afrikaanse situasie, veral as sy die sakeman verder aanhaal: “In ’n sterk ekonomie is ons beveiliging. Ons het julle nou miskien meer nodig as julle ons, maar julle sal ons ook eendag nodig kry” (67). Gesien in die lig van die verteller se positiewe evaluasie van sy uitspraak, dra die sakeman se insigte oor die oorlog ook meer gewig. Vir hom is die geld en tyd wat in diensplig belê word ’n vermorsing van hulpbronne wat eerder aan “skole, hospitale en publieke werke” spandeer kon word. Ook hier dus ’n balansering van die diskoers oor genoodsaakte oorlog, maar vir die verteller onverwags: “Die woord vermors verbaas my. Hier nie die ‘heilige oorlog’ nie, eerder ’n uitgerekte onnodigheid” (67).

Die aankoms in Benguela van twee Duitse lekedienaars wat as afgevaardigdes van die Katolieke Raad vir Vrede en Justisie in Bonn op uitnodiging van die Portugese Regering deur Mosambiek en Angola reis “om die Portugese sy van die saak te ondersoek” (75), bied interessante moontlikhede vir die reisverhaal. Waar die verteller vroeër bloot lojale Portugese gidse en enkele Suid-Afrikaanse vriende as klankbord vir idees kon gebruik, word die twee Duitsers met hul simpatie vir die saak van die guerrillavegters aan wie die Katolieke Raad vir Vrede en Justisie in Bonn groot hoeveelhede geld geskenk het (75), alternatiewe fokaliseerders wat anti-koloniale sentimente wil en kan blootlê tot groot ongemak en konsternasie van hul gids. Wesentlik bestaan daar groot ideologiese verskille tussen die verteller en haar nuwe reisgenote, maar waar daar op hierdie reis, anders as in die geval van *Die staf van Monomotapa*, ’n gebrek aan reisgeselskap is wat ook te midde van die geweldig gespanne atmosfeer vir ligter oomblikke kan sorg, bied hierdie twee uitdagende geselle dankbare afleiding en selfs ’n paar amusante oomblikke aangesien hulle die gids noop om die verteller tot bondgenoot op te kommandeer (74; 78-79).

Die verduideliking vir die afgevaardigdes se keuse van Duitse inligtingsbronne bied ook aan die verteller die geleentheid om die leser onder die indruk van die Portugese sensuur en gevolglik ongebalanseerde inligting te bring. Volgens die verteller is die Portugese owerheid nie juis gretig om inligting aan die buiteland te verskaf nie en word die Portugese pers onder streng sensuur geplaas. Gevolglik is die aandrang op mede-Duitsers in Angola as informante nie vreemd nie (75).

Die gids, sr. Lerato nooi die verteller om die Duitsers te vergesel op hul besoek aan die Duitse priesters van die Missão de Nossa Senhora de la Salette en sy konstateer: “tot my verbasing word ’n geheel ander beeld as dié wat ek in Carmona en in Luanda gekry het, hier aan my ontvou” (76). Uit die monde van die Duitse priesters bestaan daar slegs “’n [f]asade van gelyke regte en ekonomiese welvaart, ja, maar in die praktyk werk dit nie so uit nie, in praktyk is die hervormings op papier en maak dit in werklikheid aan die swartman se bestaan nie veel verskil nie” (76). Die jonger een van die twee priesters wys op die gebrek aan grond en die swak daaglikse lone – gelykstaande aan die prys van een blikkie marcujasap – wat die werkers ontvang; verder ook op die onvermoë van die regering om te luister na die swartman se klagtes. Die gebrek aan landbouskemas en die ontneming van werksgeleenthede deur toenemende outomatisasie stem die priester ook ontsteld (77). Ten spyte van die alternatiewe perspektief wat die priesters hier bied, weet hulle egter nie raad met die toekoms nie – hulle besef dat Angola nog nie reg is vir outonomie nie en dat ’n oorname deur die terroriste net “sal uitloop op stamverdelings en bloedvergiëting. Selfs swartes het vir ons gesê: enigiets, maar nie dit nie” (77). Alhoewel die priesters opsigself inderdaad kritiek uitspreek teen die wit-swart-verhoudings, erken hulle dat die Rooms Katolieke Kerk weens die subsidie wat ontvang word van die staat vir sending en skole die mond gesnoer is: “Ons moet met leed erken dat die kerk so ver gedaal het dat hy eerder na Lissabon as na Rome kyk, eerder na die materiële as die geestelike” (78).

Die kritiek teen die koloniale regering stem die gids, sr. Lerato, wat die verteller en die Duitse afgevaardigdes vergesel, ongelukkig. Hy soek ’n bondgenoot in die verteller: “Toe ons uitloop, sê hy aan my: die priester was baie dislojaal – watter indruk gee hulle nou? [...] Ek kry hom jammer, hy is soos ’n kind wat seergemaak is” (78-79). Haar kommentaar toon ook egter aan dat die Portugese kolonialis nie werklik ’n kritiese afstand kan handhaaf teenoor sy land nie en versterk dus die indruk wat die ander gidse reeds geskep het. Verbete probeer hy na ete “om die positiewe in Lobito aan hulle te wys” – hy neem hulle na ’n woonbuurt, Bella Vista waar hy die besigtigingstoer van die geriewe afrond met boekies vol statistiek oor opheffingswerk (79). Tot sy voordeel strek die opinies van die onderwysers van die Duitse skool op Benguela wat hulle weer verset teen die beeld wat die Duitse pers van Portugal propageer (80). Nietemin bied die afgevaardigdes se onderhoude met Duitsers wat in Angola werk aan die verteller die geleentheid om die positiewe beeld wat die gidse skep te temper sonder om skynbaar self van haar neutrale posisie as joernalis afstand te doen.

Van algehele neutraliteit is daar egter nie sprake nie. Die verteller voel haar reeds die middag voor die besoek aan Bella Vista “afsydig van hulle, verenig met Lobato en Verstig en

die mense om ons aan tafel, Portugees en mulat en swart, selfs die ou priester en die vurige jonges, en almal van ons wat van Afrika is” (79). Soos wat sy verder saam met die Duitsers reis, word ideologiese verskille vir eers opsy geskuif – veral na die gemeenskaplike ervaring van die *batuka*, die inheemse dans waarby hulle ook ingesluit word al is hulle onbeholpe – en besef hulle dat hulle almal die welsyn van Afrika op die hart dra: “Vir die oomblik het hulle die beleid wat my land volg – van apartheid en afsonderlike ontwikkeling – opsy gelê, vir die oomblik vergeet ek dat hulle na Angola gekom het as protagoniste vir die ‘vryheidsvegters’ (90).

Die verteller bly apologeties wanneer die Duitsers die Portugese beleid bevraagteken: “Swart nasionalisme is ’n nuwe begrip, wil ek pleit. Julle is te haastig. Gee hulle kans? Gee ons kans” (90). Hierdie reaksie van die verteller verrai nie net haar ingesteldheid teenoor Portugese kolonialisme nie, maar ook teenoor die hantering van swart nasionalisme in Suid-Afrika: dit is ’n eksplisiete sanksionering van ’n ten minste tydelike behoud van die status quo, met dien verstande dat verandering nie uitgesluit word nie.

Vir die Duitsers is swart nasionalisme egter onstuitbaar (90) en sal die swart nasionaliste niks minder as “slegs totale oorgawe van die gebied in hulle hande” aanvaar nie (92). Dr. Verstig, die Portugese diplomaat wat tolk, vra of die “animering wat swart nasionalisme gebring het, self-geaktiveer [...] van buite geïnspireer [...] [e]n blywend [is]” (91). Uit sy stelling blyk ook die twyfel in die standhoudendheid van swart nasionalisme te midde van die lokaas van Westerse materialisme – dus nie werklik ’n bemoeienis met die geldigheid van nasionalistiese eise nie.

Met die verteller se besoek aan Oos-Angola word die oorlog weer ’n dwingende werklikheid. Dit is op die oosgrens waar die meeste terroristebedrywighede voorkom (103) en dit skep ’n problematiese situasie vir die Portugese leër. Generaal Hippolito met wie die verteller ’n onderhoud voer, wys aan haar uit dat hy geensins die grens mag oorsteek om die terroriste te agtervolg nie en dat hy ook nie verkenningswerk daar mag doen nie of landmyne op die grens mag plaas nie, met die oog op die terugkeer van vlugtelingen. Hierdie voorskrifte skep egter probleme, omdat die leër nie die bron van die terroriste-aanvalle kan “bykom” nie. Ook die buitelandse hulp wat die guerrillamagte ontvang, kan nie afgesny word nie. Om dié rede, soos die verteller ook opmerk, word die oosfront deur die MPLA en UNITA as deurgang gebruik, alhoewel laasgenoemde beweging in die oë van die Portugese generaal ’n groter bedreiging met hul Kommunistiese affiliasies is (112-113).

Die verteller introduceer ook in hoofstuk agt dié twee rebellegroepe wat aanvalle in Moxico loots, naamlik die MPLA en die UNITA. Wat duidelik uit die verteller se opsomming van die MPLA-geskiedenis blyk, is die logistieke probleme wat die party ondervind het om ’n geskikte

buitelandse basis te vestig – veral aangesien die UPA hulle aktief voorgekeer het. ’n Tweede front in die ooste, in Zambië, word egter moontlik met die buurland se onafhanklikheid en die “penetrasie deur Moxico na die vrugbare plato van Huambe en daarvandaan na Lobito en die see” word ’n werklikheid. Die MPLA was egter nie die eerste bevrydingsbeweging om Angola uit die ooste aan te val nie: die inisiatief is geneem deur UNITA onder leiding van Savimbi (106). So het UNITA byvoorbeeld herhaalde aanvalle op die spoorlyn van Luso na Teixeira de Sousa gedoen totdat Kaunda se onguns op die lyf gehaal is omdat Zambië se koper vervoer word op die spoorlyn (114-115).

UNITA se politieke geskiedenis is tekenend van die verdeeldheid onder die bevrydingsbewegings⁹²: Savimbi het juis die party gestig nadat hy as die UPA se Minister van Buitelandse Sake bedank het en geweier het om by die MPLA aan te sluit. Die UNITA-aanvalle kataliseer ook MPLA-aanvalle verder suid wat die land in ’n wesentlike staat van oorlog dompel. Die Portugees, dr. Coelho, erken aan die verteller dat die onvoorspelbare oorlog hulle noop om “die swartman as mens”, as wapen, te mobiliseer. Dr. Coelho gebruik die metafoor van ’n kaartspel: “Ons speel maar albei dieselfde kaarte. Maar óns kaarte is beter; skole, mediese dienste, ekonomiese welvaart, positiewe optrede om die swartman se lewe te veraangenaam” (106). Die terroriste ding ook mee in die spel met CIR skole (*Centres de Instrução Revolutionnaire*) waar onderrig in die sosialistiese propaganda gegee word (116), karige winkels en mediese hulp wat gebuk gaan onder ’n gebrek aan geld. Coelho is pessimisties oor hul sukses: “[M]aar geld of bestendigheid vir enige werklike ontwikkeling bestaan net nie. En omdat hulle die mense nie op hierdie manier kan wen nie, moet hulle dwang gebruik. Ganse dorpies word weggevoer, of, uit vrees dat hulle na ons sal oorloop, uitgewis” (106-107). Teenoor hierdie “verskroeiende aarde”-beleid, beklemtoon Coelho die menslikheid van die *aldeamentos* (107) wat ook “etniese afperkings geweldig laat afneem” (116), en waarvan die verteller weer een aan die buitewyke van Luso besoek (107-108). Die welwillendheid wat die inwoners van die *aldeamentos* ondervind, kontrasteer met die lot van “dorpies wat met terroriste saamgewerk het” wat “genadeloos vernietig” word (116), in die woorde van dr. Coelho. Hy bespiegel oor die die verlies aan menselewe: “[M]iskien het baie onskuldige burgerlikes omgekam” (116). Die insluiting van hierdie erkenning wat ook die hantering van prisoniers wat inligting weerhou, betrek, balanseer die fasade van humanitarisme en sluit aan by die stelling wat die verteller gemaak het oor die Portugese weerwraak ná die Luanda-opstande.

⁹² Sien ook vir ’n verdere illustrasie van hierdie wrywing die beskuldigings wat die MPLA rig tot die UPA en die GRAE (*Gouvernement Revolutionnaire de l’ Angola en Exil*) dat hulle met die VSA ’n ooreenkoms gesluit het dat hulle Cabinda nie sal aanval nie in ruil vir ’n beloning – vandaar die skeldnaam wat die MPLA-leier

Nog 'n vlagskip van die Portugese se strategie om “die swartman as mens” te gebruik, is die Flecha-kamp langs die dorpie Monta Rosa. Die verteller word ook daarheen geneem. Die kamp huisves uitgesoekte troepe wat saam met die Portugese veg – en 'n groot aantal is eks-guerrillavegters wat voorheen aan die UPA, die MPLA en UNITA behoort het. Hulle rol is om die terroriste op te spoor en uit te delg en hulle was elkeen al voorheen slagoffers van terreur. Die hoof van die Flechas, kaptein Chissoia, skets eintlik 'n donker prentjie aan die verteller: “Hulle is ontnugterde mense. Hulle glo nie meer stories van vryheid nie. Al wat hulle kon sien, is bloed” (109). Daar is darem ook ander redes vir hul aansluiting by die vrywillige eenheid: wantroue in Kommunisme as medium tot vrede, die geloof in progressiewe outonomie, teenkating teen eksklusiewe stamoriëntasie of die voorkeur vir 'n goeie leefstyl in die kamp (109).

Selfs in die Flecha-kamp word die humanitêre aanslag van die Portugese beklemtoon en gekontrasteer met die guerrilla-taktiek. Sub-inspekteur Rocha merk teenoor die verteller op: “Ons kry nie drosters nie, by die terroris sal 'n oorloper-Flecha nie genade kry nie. By ons 'n oorloper-terroris wel” (111).

Binne die weermag is hierdie humanitêre benadering 'n saak van erns – hulle beskou dit in die woorde van generaal Hippolito as “geïntegreerde sending: militêr, sielkundig, sosiologies”. Slegs 20% van hul stryd, skat hy, is militêr (113). Tekenend van hierdie strategie is ook die wyse waarop die soldate toenadering soek tot die plaaslike bevolking en veral die kinders (115-116). Die terroriste beskou die welwillendheid wat met hierdie “sosiaal-militêre manier van oorlogmaak” versprei word as 'n bedreiging.

Die verteller erken, alhoewel sy negatief is teenoor die nasionalistiese bewegings, die rol wat die gewapende vernet in die sosiale omwenteling in Angola gespeel het: “Onbewustelik het terrorisme die Portugese gedwing tot hervorming en daardeur die Portugese posisie versterk” (116). Die hervormings sal egter volgens haar nie noodwendig die swart bevolking lojaal stem teenoor die nasionaliste nie: “Die ouer swartmense sal nog praat van die bloedglimlag, waarmee hulle nuwe voorregte ontvang en met elke nuwe toegewing tersluiks sê ‘Dankie, MPLA’ – as die indirekte oorsaak daarvan – maar die kinders? As die Portugese tyd gegun word om hul beleid deur te voer, sal hulle waarskynlik na die daad en nie na die oorsaak kyk nie” (116).

Die verteller besin op die vooraand van haar vertrek uit Luso oor die sin van vroegtydige hervorming – die opmerking is só geformuleer dat dit nie net slaan op die ontwikkeling wat sy

Augustinho Neto gemunt het: “American Puppet Movement” (123).

in hierdie nedersetting aan die oosgrens waargeneem het nie, maar ook as 'n algemene moralisering verstaan sou kon word (117-118):

Hoeveel makliker of skoner, het dit by my opgekom, is dit nie om hervormings aan te bring, of mense te help ontwikkel of 'n gees van samewerking te skep, waar jy nog nie hulle wurg om jou keel gevoel het, 'n catana in 'n opgehewe hand teen jou, haat in hulle oë gesien het nie.

Die protesperiode wat korreleer met Wheeler se derde fase word in Joubert se reisverhaal oorwegend verteenwoordig deur die ondersoek na die Portugese reaksie teen swart nasionalisme. Daar is egter ook enkele verwysings na kulturele protes wat oorskadu word deur die aggressiewe swart nasionalisme. Hieronder ressorteer die Katolieke priester op Luso se relaas van die keuse van bekeerde Christene om 'n toordokter te besoek, die besnydenis tradisioneel te laat doen en van die opgevoede vrou wat beskuldig is van owerspel en uit eie keuse die toets van die gifbeker wou ondergaan. Ook die werk van die Angolees Luandino Vieira, getiteld *Luuanda* wat verkeerdelik deur die verteller as betrokke roman beskryf word, terwyl dit eintlik 'n versameling kortverhale is (sien Chapman, 2003:1-10) sou as kulturele protes van die laaste fase bestempel kon word aangesien dit in 1963 gepubliseer is.

5.3.3 Gevolgtrekking

In hierdie bespreking van die representasie van die manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd in *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan*, het ek die historiografiese representasies van Munslow, Wheeler, Bosgra en Dijk en Birmingham gebruik om aan te toon in watter mate die verteller die tema dek. Alhoewel aanvaar moet word dat die reisjoernale nie in die eerste instansie en in hoofsaak bedoel is as tekste wat weerstand volledig dokumenteer nie, bied geskiedenisbronne tog 'n rigsnoer waarmee die werke vergelyk kan word. Wat veral van belang is, is die mate waarin die verteller toenemend fokus op weerstand as tema.

Reeds uit die bespreking van die eerste fase van interne weerstand en proto-nasionalisme kan afgelei word dat daar 'n klemverskuiwing plaasgevind het in die representasie: waar die verteller bloot kursories verwys na die eerste fase van interne weerstand in *Die staf van Monomotapa*, word daar in *Die nuwe Afrikaan* geïllustreer hoe weerstand teen koloniale besetting reeds vanaf die eerste interaksie tussen die Bakongo en die Portugese bestaan het. Die verteller slaag met die uitbeelding van hierdie geskiedenis van Bakongo-Portugese interaksie daarin om ook die agtergrond vir latere weerstand te skets en ten dele die aanvanklik raaiselagtig

gewelddadige aanvalle waaroor die leser in die eerste hoofstuk ingelig word ten minste ten dele te motiveer. Hierdie etiologiese uitgangspunt kon egter meer bevredigend wees indien die verteller die geskiedenis van koffieverbouing wat die onderbou van die revolusie van 1961 vorm, ook indringender onder die loep geneem het – soos wat geïllustreer word in die historiese agtergrond wat Birmingham verskaf.

'n Aanwysing wat *Die nuwe Afrikaan* ten opsigte van die representasie van vroeë weerstand toon, is die bespreking van die bydrae van godsdiens tot interne weerstand. Veral die Protestantisme wat geensins in *Die staf van Monomotapa* aan bod gekom het nie, word in *Die nuwe Afrikaan* verbind met interne weerstand. Die verwysings na weerstand deur middel van religieuse sektes wat gesentreer is rondom Afrika-identiteit word in *Die staf van Monomotapa* slegs kursories verbind met die Nhou-beweging, maar in die *Die nuwe Afrikaan* word Afrika-gerigte sinkretistiese bewegings soos swart messianisme en Tokoïsme eksplisiet bespreek as manifestasies van of verwant aan swart nasionalisme.

Die tweede fase van nasionalisme is onderbelig in beide tekste, maar die klemverskuiwing in die representasie van die derde fase van nasionalisme word aangetoon deur groot hoeveelheid verwysings na die derde fase in *Die nuwe Afrikaan*, relatief tot *Die staf van Monomotapa* waar verwysings na die swart nasionalistiese bewegings beperk word tot een paragraaf – alhoewel Frelimo al in 1962 gestig is. Uit hierdie verwysings kan afgelei word dat die verteller swart nasionalisme as 'n redelik nuwe tendens beskou en self van mening is dat nie net die Portugese nie, maar ook Suidelike Afrika 'n tyd gegun moet word om aanpassings te maak. Hierdie gebrek aan haas, sou die vraag kon laat ontstaan of die verteller werklik die implikasies van swart nasionalisme begryp het en toon verder aan dat sy eintlik nog op implisiete vlak ten minste tydelik die status quo in haar eie land goedkeur. Juis hierdeur wen die teks nie noodwendig aan aktuele belang nie.

5.4 Gevolgtrekking

Die prominentste subtema in beide reisverhale is die representasie van kulturele assimilasië. Die representasie van kulturele assimilasië toon 'n gemoeidheid met die soeke na 'n oplossing vir Suidelike Afrika se rasprobleem. Dit is 'n voortsetting van 'n ondersoek na samelewingspatrone in die algemeen wat reeds in *Suid van die wind* (1962) gemanifesteer het in die ondersoek na alternatiewe samelewingspatrone as oplossing vir interkulturele konflik. In *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* staan die verteller krities teenoor volledige kulturele assimilasië en is sy ten gunste van Afrikaverbondenheid. Alhoewel sy gedurig die integrasie van rasse evalueer, is sy skreiend eerlik oor haar eie vooroordele en ongemak as wit reisiger wat uit

'n land kom waar aparte ontwikkeling as enigste oplossing aangebied word. Ten spyte van hierdie vooroordele en ongemak, is die versugting vir 'n samelewing waar toekomstige generasies nie gebuk sal gaan onder soortgelyke ideologiese bagasie nie, 'n faset van haar reisverhale wat die tekste se aktuele waarde binne die tydgenootlike konteks verhoog.

Die seleksie van 'n oorwegend koloniale perspektief (soms geromantiseer) met slegs enkele verwysings na inheemse geskiedenis, spreek boekdele. Uit die representasie van die koloniale geskiedenis kon afgelei word uit watter perspektief die verteller koloniale besetting benader en gevolglik ook waar haar simpatieë lê. Tog word die representasie van die geskiedenis ook gekompliseer deur die verteller se soeke en versugting na 'n Afrika-identiteit by Afrikane wat hul Afrikaanse erfenis nie marginaliseer of onderdruk nie.

Die representasie van die manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd is seker as merker van die verteller se perspektief oor die rasseproblematiek in die Portugese kolonies, die mees ontsluitende subtema. Hieruit blyk haar simpatie met die Portugese kolonialiste as verbete nedersetters in Afrika, as mede-Afrikane wat verknog is aan die kontinent. Haar afkeuring van die swart nasionalisme en redelik eensydige weerspieëling van die stryd, doen weer afbreuk aan die boek se waarde as vernuwende en aktuele dokument. Sy stel egter op fassinerende wyse die Portugese program van sosiale bevordering aan die kaak as oorlogstrategie – en is bewus van die wyse waarop sy ook deur die Portugese begelei word op 'n propagandistiese toer waarvan sy soms koppig weier om deel te wees. Hier kom die teenstrydigheid wat haar representasie van die koloniale geskiedenis, maar veral kulturele assimilasie kenmerk, dus ook voor. Die klemverskuiwing van die reisiger wat in *Die staf van Monomotapa* skaars 'n opmerking maak oor Afrikanasionalisme, tot die parate reisiger wat besin oor die spanning in Angola en intense konfrontasie met vryheidsvegters op sosiale en oorlogsfront in *Die nuwe Afrikaan*, val beslis op.

Deur die analise van representasie van die drie subtemas wou ek veral wys op die ambivalensies in die teks wat weerstand bied teen 'n betrokke lesing. Die verteller met haar Europese wortels en Afrikaverbondenheid ossileer tussen koloniale medepligtige en Afrikaan en deur hierdie ambivalensie voldoen die twee tekste nie aan die wysigings van die werksdefinisie van betrokkenheid wat ek in hoofstuk een gepostuleer het nie, naamlik: 'n *eksplisiet* en ondubbelsinnige betoog *sonder blyke van medepligtigheid* met die maghebber, om die lesers te oortuig dat die Suid-Afrikaanse hantering van die rasseproblematiek deur maghebbers gewysig moet word en die *markering van die verteller se posisie as subjektief sonder die skans van 'n skynbaar neutrale rol* as joernalis, wat werklike standpuntinname verberg.

Hoofstuk 6

Gevolgtrekkings

Die prikkel wat aanleiding gegee het tot die navorsing vir hierdie studie, was die diskrepansie wat bestaan het tussen die reële outeur, Elsa Joubert, se interpretasie van haar geënkodeerde boodskap in die reisverhale waarin sy samelewingspatrone ondersoek, en die resepsie van die tekste. Van die drie tekste oor reise in Afrika, *Suid van die wind* (1962), *Die staf van Monomotapa* (1964) en *Die nuwe Afrikaan* (1974), handel slegs die eerste teks nie oor die Portugees-Afrikaanse kolonies nie. Reeds in 'n onderhoud met Hennie Aucamp (1972: 50) gee Joubert te kenne dat sy met die eerste twee tekste haar lesers bewus wou maak van hul bure. Met *Die staf van Monomotapa* wou sy veral die saamleefpatrone van die buurkolonie Mosambiek onder die aandag van die leser bring omdat dit belangrik is “om te weet hoe die Portugese Afrika ervaar en aanvaar het op 'n manier waarvan ons nog nie gedroom het nie – veral in die toekoms móét ons hierdie dinge weet”. Nadat Aucamp 'n opmerking maak oor die sukses wat die “suiwer beeldend[e]” teks *Suid van die wind* behaal het, vergeleke met *Die Staf van Monomotapa*, word dit duidelik dat sy laasgenoemde teks as 'n “beter boek” beskou” en wens dat die werk die lesers gehad het wat sy voorganger, *Suid van die wind*, beskore was (50).

'n Ondersoek na die resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* het inderdaad aangetoon dat daar ook vir ander lesers 'n diskrepansie was tussen Joubert se hoofboodskap waarmee sy die Suid-Afrikaanse leser wou konfronteer (spesifiek die alternatiewe samelewingspatroon soos wat dit in Mosambiek aangetref word) en die lesers se vertolking van haar reisbeskrywings. Waar Joubert duidelik beoog het om méér as bloot 'n aktuele reisverhaal te skep wat hoofsaaklik vanuit 'n estetiese en didaktiese oogpunt benader word, het lesers nie die werk geïnterpreteer as 'n implisiete boodskap oor saamleefpatrone in Suid-Afrika nie. Joubert moes byna 38 jaar wag voordat sy uit die mond van die eertydse president, Nelson Mandela, gehoor het dat *Die staf van Monomotapa* vir hom “'n baken van hoop was” op Robbeneiland, dat dit die eerste keer was “dat hy kennis geneem het van 'n Afrikaner wat die moontlikheid in die oë staar van 'n gedeelde swart-wit regering in Suid-Afrika” (Botha, 2002: 28). Vir hóm was *Die staf van Monomotapa* dus wel meer as bloot 'n tydgenootlike teks.

Gemeet aan enkele tydgenootlike literêre kritici se definisies van betrokkenheid, sou Joubert se twee Portugees-Afrikaanse reisverhale wél kon kwalifiseer as betrokke werke, soos wat ek

reeds aangetoon het in hoofstuk een. Geen tydgenootlike resensente het egter haar werk as sodanig geklassifiseer nie. Aan watter kriteria moes betrokke literatuur dan voldoen? Lê die antwoord opgesluit in die wyse waarop die teks die saamleefpatrone, en spesifiek die rasseproblematiek uitbeeld? Moes hierdie saamleefpatrone eksplisiet genoem word as die oplossing vir interkulturele konflik in Suid-Afrika? Het die verteller se posisie as joernalis wat 'n kode van skynbare objektiwiteit/neutraliteit vereis, die meningsvormende invloed van die reisverhale gekortwiek?

Met hierdie vrae as uitgangspunt, het ek in hoofstuk twee eers die sender/outeur se representasie van haarself ondersoek. Ek het aangetoon hoe die reële outeur geleidelik 'n ontwikkeling ondergaan het wat haar in staat gestel het om ook getuienis te lewer oor die rasseproblematiek in Suid-Afrika. Hierdie stap neem sy egter eers eksplisiet met *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978), vier jaar ná die verskyning van haar laaste Portugees-Afrikaanse reisverhaal. Uit onderhoude en outobiografiese tekste het ek die outeur se representasie van haarself gerekonstrueer as persoon wat binne die eng konteks van Afrikanernasionalisme bewus was van die gesegregeerde samelewing, maar terselfdertyd nie daarin kon slaag om haarself te distansieer van die heersende ideologie nie. In hoofstuk twee het ek ook haar prosa gesitueer binne die konteks van die opkoms en ondergang van geïnstusionaliseerde apartheid, en die uiteindelijke oorgang na 'n veelrassige demokrasie.

Deur haar reise is Joubert eindelijk blootgestel aan alternatiewe saamleefpatrone. Haar besinning oor hierdie alternatiewe vind sedert 1962 gestalte in haar reisverhale, maar ontwikkel eers in 1964 tot 'n eksplisiete oorweging van saamleefpatrone, en spesifiek assimilasië, as “antwoord op die probleem van die witman in Afrika” (1964: 10). Tien jaar later belig sy weer dieselfde tema in *Die nuwe Afrikaan* (1974), maar hier word assimilasië veel dringender uitgebeeld as Portugese oorlogstrategie teen gewelddadige Afrikanasionalisme, en dus as oplossing vir rassekonflik. In *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* universaliseer sy rasseproblematiek tot 'n kwessie wat alle blankes in Afrika, en dus ook haar teikenlesers, raak.

Die reaksie van enkele van Joubert se teikenlesers op haar representasie van rasseproblematiek, toon egter aan dat hulle nie ontvanklik was vir die implikasies van haar ondersoek nie. In die resepsieanalise in hoofstuk drie fokus ek op die aanvanklike resepsie van haar Portugees-Afrikaanse reisverhale, maar gee ook 'n oorsig van die latere resepsie. In hierdie hoofstuk het ek gebruik gemaak van Boonstra se model om die argumente wat in tydgenootlike primêre resepsiemateriaal voorgekom het, te kategoriseer. Na aanleiding van my analise het ek die dominante argumente bepaal en hul frekwensie verklaar. Die dominansië van kompositoriese en stilistiese argumente teenoor die relatief min aktualiteits- en betrokkenheidsargumente, het

aangetoon dat die aktualiteit van *Die staf van Monomotapa*, Joubert se eerste Portugees-Afrikaanse reisverhaal, lesers nie opgeval het nie. By implikasie is Joubert se ondersoek na 'n alternatiewe saamleefpatroon ook nie beskou as die brandpunt van aktualiteit nie. Met die verskyning van *Die nuwe Afrikaan* 'n dekadere later, het die hiërargie van dominante argumente in die primêre resepsiemateriaal egter verander.

In hoofstuk drie het ek verklarings aangebied vir die frekwensie en fluktuasie van argumente:

- Die relatiewe frekwensie van kompositoriese en stilistiese argumente het ek verklaar vanuit die heersende estetiese benadering tot literêre tekste en toegelig aan die hand van die Afrikaanse teoretisering rondom die reisverhaal en die opkoms, gewildheid, invloed en nawerking van die stilistiek op linguïstiese grondslag.
- Die voorkoms van didaktiese argumente het ek toegeskryf aan 'n residuele norm uit die vroegmoderne kritiek op reisliteratuur, naamlik die *utile dulci*-beginsel, en ook in verband gebring met 'n tendens in die voorskryfmark waarvolgens reisverhale telkens aan bod gekom het in standerd nege en tien sillabusse.
- Afspieëlingsargumente het ook algemeen voorgekom, en ek het die frekwensie van hierdie argumente gemotiveer uit nog 'n residuele norm van die vroegmoderne kritiek op reisliteratuur, naamlik die aandrang op die geloofwaardige aanbieding van feite in reisliteratuur.
- Die frekwensie van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente, wat veral toegeneem het na die publikasie van *Die nuwe Afrikaan*, het ek verklaar uit die joernalistieke norm waarvolgens nuuswaardige gebeure geprioritiseer word. As teks wat nou verband gehou het met tydgenootlike gebeure, was dit ook logies dat joernaliste ook heelwat mediadekking aan dié reisverhaal sou verskaf. Aangesien die verwickelinge in Angola ook bepaalde implikasies vir Suid-Afrika ingehou het, was die relevansie van die teks hoog.
- Ek het ook die frekwensie van aktualiteits- en betrokkenheidsargumente gekoppel aan die aandrang op betrokkenheid, 'n eis wat veral opgeklank het in die Afrikaanse literêre wêreld in die sewentigerjare.

Die latere resepsie van *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan* het ek ondersoek deur die bespreking van die twee tekste in literatuurgeskiedenis na te gaan. Uit die ondersoek na die latere resepsie het geblyk dat stilistiese oorwegings steeds die belangrikste rol gespeel het. Die

aktuele en betrokke karakter van die twee reistekste is vanaf die tagtigerjare toenemend meer eksplisiet erken in die literatuurgeskiedenis en het uiteindelik 'n herwaardering van Joubert se werk tot gevolg gehad. Dit was 'n erkenning vanuit die kanon vir die vernuwende en grensdeurbrekkende waarde van haar reisverhale, veral as tekste wat Afrika en sy saamleefpatrone, en dus ook sy rasseproblematiek ondersoek het.

Nadat ek in hoofstuk vier 'n kort historiese oorsig van die koloniale geskiedenis van die Portugees-Afrikaanse kolonies gegee het as kontekstualisering, ondersoek ek in hoofstuk vyf teen die agtergrond van twintigste-eeuse historiografie, die representasie van drie subtemas wat die sentrale tema van die studie, naamlik die representasie van rasseproblematiek, beliggaam. Die drie subtemas wat in hoofstuk vyf aan bod gekom het, is die representasie van koloniale geskiedenis, kulturele assimilasië en die manifestasie en bewustheid van Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd in die twee Portugees-Afrikaanse reisverhale, *Die staf van Monomotapa* en *Die nuwe Afrikaan*.

My bespreking van koloniale geskiedenis het aangetoon dat die verteller se seleksie van gegewens telkens die koloniale perspektief beklemtoon. Haar ideologiese oriëntasie het verder geblyk uit die tegnieke waarmee sy simpatie probeer wen vir die Portugese koloniseerders – die soeke na gemeenskaplike invalshoeke ten opsigte van die geskiedenis en gedeelde anti-Britse sentimente kon ook die Afrikaanse leser positief instel teenoor sy koloniale bure. Die representasie van die koloniale geskiedenis is dubbelsinnig: die verteller se ambivalente narratief wat afwisselend Afrikaverbondenheid en die teruggryp na Europese wortels verraaï, doen afbreuk aan die potensiaal wat die teks gehad het om ook as betrokke werk gelees te word.

My analise van die representasie van kulturele assimilasië het aangetoon dat die verteller op soek was na 'n alternatiewe saamleefpatroon wat ook as werksmatrys vir Suid-Afrika met sy konflikterende kulture kon dien. In haar evaluering van hierdie beleid was sy tegelyk eerlik oor haar vooroordele as blanke Suid-Afrikaner wat slegs tuis voel in 'n gesegregeerde gemeenskap. Haar versugting dat hierdie ongemak egter in die toekoms opgehef moet word, verleen egter aktuele relevansie aan die reisverhaal.

Ten slotte het ek ook die representasie van die manifestasie en bewustheid van interne weerstand, Afrikanasionalisme en die onafhanklikheidsstryd ondersoek. Die hantering van hierdie subtema toon die duidelikste verskil tussen die twee tekste. Van 'n reisiger wat haar skaars bemoei met tekens van interne weerstand, grotendeels omdat die Portugese koloniseerders ook nie werklik erns maak met Afrikanasionalisme nie, het sy as verteller in *Die nuwe Afrikaan* uitgegroeï tot 'n stem wat 'n bewustheid van swart nasionalisme registreer, alhoewel haar

negatiewe tipering van die “bevrydingsbewegings” ook haar ideologiese simpatieë ondubbelsinnig oordra.

Uit die analise van die representasie van rasseproblematiek in die twee reisverhale het duidelik geblyk dat die verteller ambivalent bly ten opsigte van Afrikaverbondenheid enersyds en handhawing van Europese wortels en Europese hegemonie andersyds. Hierdie ambivalensie dra grootliks daartoe by dat die tekste binne die destydse Suid-Afrikaanse konteks nie werklik beantwoord aan my werksdefinisie van betrokkenheid nie.

’n Perspektief wat miskien lig kan werp op die ambivalente houding van die verteller in Joubert se tekste, is die ooreenkomste wat sy toon met die politieke pelgrim, veral ten opsigte van haar ontvanklikheid vir die strategieë van gasvryheid. Joubert vertoon in die twee tekste eienskappe van ’n “politieke pelgrim”.

Die begrip “politieke pelgrim” onleen ek aan Paul Hollander se werk *Political Pilgrims. Travel of Western Intellectuals to the Soviet Union, China, and Cuba 1928-1978* wat in 1981 gepubliseer is. In sy teks fokus hy op die politieke pelgrimstog – wat hy definieer as “the reverential tour of politically appealing countries” (1981: vii). Hollander benut die begrip om die verhoudings tussen Westerse intellektuele, politiek en moraliteit te ondersoek. In die voorwoord van sy werk vermeld Hollander dat hy in 1973 aan sy boek begin werk het – die publikasiejaar van David Cate se *The Fellow-Travellers*, ’n teks waarin die verskynsel van die politieke meeloper ondersoek word. Hierdie begrip is gemunt deur Leon Trotsky in sy *Literature and the Revolution* (1925). Trotsky het die term, in Russies bekend as *Poputhik*, gebruik om te verwys na ’n skrywer in die Sowjet-Unie wat nie gekant was teen die Bolsjewistiese revolusie van 1917 nie, maar dit nogtans nie aktief ondersteun het as ’n propagandis nie. Hy het die begrip nie gebruik as ’n pejoratiewe etiket nie en inbegrepe in die benaming was die erkenning van die kunstenaar se behoefte vir intellektuele vryheid en onafhanklikheid (Britannica Online). Die begrip het mettertyd die betekenis aangeneem van “Iemand wat die doelstellings van ’n groep bevorder sonder om formeel lid daarvan te wees” (*HAT*, 1994, s.v. ‘meeloper’). Die term is dikwels aangewend vir Kommunistiese simpatiseerders (sien bv. *The Oxford Handy Dictionary*, 1986, s.v. ‘fellow-traveller’).

Daar is verskeie snypunte in die tekste van Hollander in Cate, alhoewel eersgenoemde hom ten opsigte van sekere van Cate se gevolgtrekkings distansieer (sien Hollander, 1981: 28). Cate het ook later ’n opgedateerde weergawe van sy boek naamlik *The Fellow-Travellers. Intellectual Friends of Communism* (1988) gepubliseer.

In hierdie bespreking, bepaal ek my by Hollander se teks. Op hul politieke pelgrimstogte na lande wat hulle polities aantreklik gevind het, is die Westerse intellektuele dikwels op begeleide toere geneem. Hieroor konstateer Hollander (16-17):

On the one hand, without some measure of favorable predisposition the conducted tour aspects would have been ineffectual and possibly counter-productive. On the other hand, the particular manifestations of hospitality were important in swaying those who came with a neutral or benefit-of-doubt attitude rather than outright enthusiastic anticipation.

As deel van sy ondersoek, bespreek Hollander die “tegnieke van gasvryheid” wat gebruik is om hierdie pelgrims wat skepties of neutraal voorgekom het, oor te wen. Hy onderskei basies twee fokusareas vir hierdie gasvryheidstegnieke. Daar word eerstens gefokus op die persoonlike behandeling van die gas, sy gemak en welsyn en daar word selfs stappe gedoen om te verseker dat hy belangrik en gewaardeer voel. Teen die sielkundige aanslag van hierdie rojale behandeling is die politieke pelgrim gewoonlik nie bestand nie: dit is moeilik om negatiewe sentimente of kritiek te opeer teen die gashere en hul samelewing. In die tweede plek word daar ook gefokus op die voorstelling van die werklikheid wat selektief aangebied word en gereguleer word deur hoogs georganiseerde en beplande toere. Op hierdie begeleide toere speel die gids en vertaler strategiese rolle deurdat hulle die besoeker se bewegings en omgang met die plaaslike bevolking medieer en monitor (17).

Alhoewel Portugees-Afrika nie ressorteer onder die totalitêre regimes wat beide Cauter en Hollander in hul tekste as illustrasie materiaal gebruik nie, is daar tog sekere aspekte van die koloniale Mosambiek en Portugal wat ooreenstem met die voorbeelde wat in die werke bespreek word. Die verteller in *Die staf van Monomotapa* laat iets daarvan deurskemer tydens haar besoek aan Sena Sugar Estate. Sy en haar reisgeselskap moet oornag in ’n “outydse Victoriaans-koloniale plantasie huis” (Joubert, 1964: 157). Na hul nagrus word hul vroeg die oggend besoek deur die *Chef de Poste* wat hulle versoek om verblyfvorms in te vul. In parentese merk sy op (158):

Dit is glo een van die redes waarom kritici die *Estado Novo* of Nuwe Portugal van Salazar as ’n polisiestaats beskou – selfs private gaste mag nie by vriende oornag sonder om hulle by die polisie kantoor aan te meld nie. Vanoggend kom die polisie kantoor na ons toe.

As gaste word sy en haar reisgeselskap dus deeglik onderwerp aan toesig en regulering op ’n wyse wat herinner aan die behandeling van die politieke pelgrim in totalitêre regimes. Alhoewel die verteller ook nie heeltemal voldoen aan die vereistes vir ’n politieke pelgrim nie – as joernalis is sy meer ondersoekend ingestel – word sy deels op ’n soortgelyke wyse behandel deur

haar gashere. Op haar word die “tegnieke van gasvryheid” ietwat meer gematig, maar nog steeds op relevante wyse toegepas. Sy blyk ook gevoelig te wees vir hierdie tegnieke. Die hoofstuk getiteld “Zambezi-avontuur” in *Die staf van Monomotapa* sou hier kon dien as illustrasie. Die toer waarop die verteller begelei word as gas van Sena Sugar Estates is uitermate gereguleer. Op hierdie toer is daar ook geen sprake van omgang met die plaaslike bevolking nie: die realiteit wat aan haar gebied word, moet getuig van die effektiwiteit van die maatskappy. Die maatskappy is weliswaar nie Portugees nie, maar tree wel as verteenwoordiger van die Portugese regering op. Sena Sugar Estates verteenwoordig ook as Engelse maatskappy wat die beleid van segregasie tussen bevolkingsgroepe toepas en ’n streng gereguleerde toerplan sonder kontak met die inheemse arbeiders aan die verteller bied, ’n selfs meer outoritêre koloniale stelsel as die Portugese sisteem. Onderworpe aan hierdie tegnieke van gasvryheid (die maatskappy reël selfs ’n rit op ’n skepratboot vir die geselskap [152] en voorsien hulle van hul eie dienspersoneel [163]), is sy nog bewus van die koloniale hantering wat herinner aan die “planterstyd” [164]. Sy beskryf egter haarfyn die luukse behandeling [sien bv. 164] op ’n wyse wat suggereer dat sy tog gedeeltelik daardeur meegesleur word. Hierdie verleiding tot koloniale medepligtigheid, die parallelle met die politieke pelgrim, werp lig op die ambivalensie – dit is per slot van rekening tóg moeilik om voortdurend afsydig te staan teenoor die tegnieke van gasvryheid en nie verlei te word nie.

Bibliografie

- Abrams, M.H.** 1958 [1953]. *The Mirror and the Lamp: Romantic theory and the critical tradition*. New York, N.Y.: Norton.
- Allott, Kenneth (red.)**. 1962. *The Penguin Book of Contemporary Verse*. Harmondsworth: Penguin.
- Antonissen, Rob.** 1960. *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede*. Tweede druk. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Antonissen, Rob.** 1969. *Die Afrikaanse Letterkunde van Aanvang tot Hede*. Derde druk. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietermaritzburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Antonissen, Rob.** 1969. Die Afrikaanse Letterkunde in die Twintigste Eeu. In: Nienaber, P.J. *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*. Derde hersiene uitgawe, 32-202.
- Antonissen, Rob.** 1982. Die Afrikaanse Letterkunde van 1906 tot 1966. In: Nienaber, P.J. *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*. Johannesburg: Perskor, 32-165.
- Aucamp, Hennie.** 1972. *Gesprekke met skrywers 2*. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie.** 1978. Die reisboek op skool. In: *Kort voor lank. Opstelle oor kortprosa tekste*, Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie (samest.) en Grobler, Hilda (bespreking).** 1988. *Bolder*. Pretoria: Academica.
- Axelson, Eric.** 1967. *Portugal and the Scramble for Africa 1875-1891*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Battten, Charles L.** 1978. *Pleasurable Instruction. Form and Convention in Eighteenth-Century Travel Literature*. Berkely, Los Angeles, Londen: University of California Press.
- Bekker, Pirow.** 1965. Die staf van Monomotapa. *Kriterium* 3 (1): 22-24.
- Beukes, S.M.** 1982. *Die skryfkuns van Elsa Joubert*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Birmingham, David.** 1992. *Frontline Nationalism in Angola & Mozambique*. Londen: James Currey en Trenton, N.J.: African World Press.
- Blignault, Audrey.** 1964. Groet die Onbekende. Twee Afrikaanse Skrywers Neem U na Mosambiek en Suid-Amerika. *Sarie Marais*, 25 November.

- Boonstra, H.T.** 1979. Van waardeoordeel tot literatuuropvatting. *De Gids* 142 (4): 243-253.
- Bosgra, S en A. Dijk.** 1969. *Angola. Mozambique. Guinee. De Strijd tegen het Portugees Kolonialisme*. Amsterdam: H.J. Paris N.V.
- Bossema, Wim.** 1995. *Mozambique: mense, politiek, ekonomie, kultuur*. Amsterdam/Novib – 's-Gravenhage: Koninklijk Instituut voor de Tropen.
- Bossema, Wim.** 1995. *Mozambique. Mense. Politiek. Economie. Kultuur*. Amsterdam: Koninklijk Instituut voor de Tropen. Novib. Ncos
- Bossema, Wim.** 1988. *Angola*. Amsterdam/Novib – 's-Gravenhage: Koninklijk Instituut voor de Tropen
- Botha, Amanda.** 1974. Afrika is in haar bloed. *Die Transvaler*, 1 Oktober.
- Botha, Amanda.** 2002. Boekmissionaris *Rapport*, 20 Oktober.
- Botha, Elize.** 1966. Ander Literêre Prosasoorte. In: Grové, A.P. en Elize Botha. *Handleiding by die Studie van die Letterkunde*. Kaapstad: Nasou Beperk, 107-115.
- Botha, Elize.** 1980. Prosa. In: Cloete, T.T. (red.). *Die Afrikaanse Literatuur Sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou Beperk, 319-559.
- Brink, André P.** 1982. Die jongste tydvak: 1967-1977. In: Nienaber, P.J. *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*. Johannesburg: Perskor, 166-197.
- Brink, André P.** 1973. Op soek na Afrika. *Standpunte*, 111 (8): 1-9.
- Brink, André P.** 1974. Voortreflike skryfster hier nie op haar beste nie. *Rapport*, 17 November.
- Brink, André. P.** 1992. Betrokke Literatuur. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme en Teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Brockway, Fenner.** 1973. *The Colonial Revolution*. Londen: Hart-Davis en MacGibbon.
- Cape Librarian.** 2002. Africa's 100 best books, 46 (3): 8
- Chapman, M.** 2003. African Literature, African Literatures: Cultural Practice or Art Practice? *Research in African Literatures* 34 (1): 1-10.
- Chilcote, Ronald H. (red).** *Protest and Resistance in Angola and Brazil. Comparative Studies*. Berkeley, Los Angeles, Londen: University of California Press.
- Chapman, Michael.** 1971. Angola. On the Road to Progress. Luanda: Angola Consultantes.
- Coetzer, P.W.** 1991. Die era van apartheid, 1948-1961. In: Cameron, Trehwella (hoofred.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Hersiene uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau en Johannesburg: Human & Rousseau en Southern Boekuitgewers.
- De Jong, Marianne.** 1992. Verwagtingshorison. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme en Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr.

- Dekker, G.** 1960. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Vyfde om- en bygewerkte druk. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Dekker, G. S.a.** *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Sewende druk om en bygewerk. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietermaritzburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Dekker, G. S.a.** *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Twaalfde druk bygewerk tot 1966. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth en Pietermaritzburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- De Lange, A.M.** 1992. Representasie. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme en Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, 568-569.
- Deudney, Edna.** 1979. *Betrokkenheid as literêre perspektief*. Verhandeling vir die graad Doktor in die Lettere en Wysbegeerte in Afrikaans en Nederlands. Johannesburg: RAU.
- De Villiers, I.L.** 1974. Die pols van Afrika. *Die Burger*, 19 September.
- De Vries, Abraham.** 1974. Dié reis deur Angola betrek SA. *Oggendblad*, 28 November.
- De Vries, Abraham (samest.).** 1986. *Die Afrikaanse Kortverhaalboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Vries, Abraham (samest.).** 1996. *Eeu. Honderd jaar van Afrikaanse kortverhale*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.
- Die nuwe Afrikaan.** 1974. *Beeld*, 16 September.
- Die nuwe Afrikaan/'n Reis deur Angola.** 1974/1975. *Nieuws uit Zuid-Afrika*, Desember/Januarie.
- D.H.S.** 1974. Boeke ontvang. *Koers* 39 (4): 247.
- D.H.S.** 1975. Leeskroniek: Geleentheidspublikasies. *Woord en Daad*, Januarie.
- Du Plessis, J.N.S.** 1977. *Die ontwerp van kriteria vir die keur van voorgeskrewe literêre werke vir die senior sekondêre skool*. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Engelbrecht, J.** 1984. SWA/Namibië is in! *Die Republikein*, 11 Mei.
- Felman, S. en D. Laub.** 1990. *Testimony: Crises of Witnessing in Literature, Psychoanalysis, and History*. Londen: Routledge.
- Fourie, Corlia (samest.).** 1992. *Vrou: mens. Verhale deur vroue oor vroue*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Fryer, Charles.** 1999. Joubert bly op reis met onverwoesbare drif. *Die Burger*, 23 Oktober.
- Galloway, Francis.** 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. Pretoria: HAUM-Literêr

- Giliomee, Hermann.** 2000. Critical Afrikaner Intellectuals and Apartheid, 1943-1958. *South African Journal of Philosophy* 19 (4): 321-339.
- Giliomee, Hermann.** 2003. *The Afrikaners. Biography of a People*. Kaapstad: Tafelberg en Charlottesville: University of Virginia Press.
- Gready, Paul.** 1995. The Witness: Rian Malan's *My Traitor's Heart* and Elsa Joubert's *Poppie*. *Current Writing* 7 (1): 88-104.
- Gready, Paul.** 2003. *Writing as resistance: Life Stories of Imprisonment, Exile, and Homecoming from Apartheid South Africa*. Lanham, Md: Lexington Books.
- Grotpeter, John J.** 1994. *Historical Dictionary of NAMIBIA*. Metuchen, N.J. en Londen: The Scarecrow Press, Inc.
- Grové, A.P.** 1969. Inleiding. In: Grové, A.P. (samest.). *Trekvoëls. 'n Keur uit Afrikaanse Reisverhale*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 9-22.
- Grové, A.P.** 1980. Inleiding tot die literatuur van Sestig. In: Cloete, T.T. (red.). *Die Afrikaanse Literatuur Sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou Beperk, 1-26.
- Hall, Stuart (red.).** 1997. The work of representation. In: Hall, Stuart (red.). *Representation. Cultural Representations and Signifying Practices*. Londen, Thousand Oaks and New Delhi: Sage Publications en Open University, 13-74.
- H.L.A.** 1964. Kuiertjie by Buurman. *Die Huisgenoot*, 27 November.
- Hoernlé, R.F.A.** 1939. *South African Native Policy and the Liberal Spirit*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Hollander, Paul.** 1981. *Political Pilgrims. Travels of Western Intellectuals to the Soviet Union, China, and Cuba 1928-1978*. New York en Oxford: Oxford University Press.
- Hough, M.** 1974. Elsa Joubert reis deur Angola. *Hoofstad*, 4 Oktober.
- Huigen, Siegfried.** 1996. *De weg naar Monomotapa. Nederlandstalige representasies van geografiese, historiese en sosiale werklikhede in Zuid-Afrika*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Hulme, Peter en Tim Youngs. (reds.).** 2002. *The Cambridge Companion to Travel Writing*.
- Hutchinson, John en Anthony D. Smith (red).** 1994. Inleiding. In: Hutchinson, John en Anthony D. Smith (red). *Nationalism*. Oxford en New York: Oxford University Press.
- Jordaan, M.M.** 2000. *Die representasie van slaafskap in Die kremetartekspedisie deur Wilma Stockenström. Die voorstelling van die onvoorstelbare*. Ongepubliseerde Magister-verhandeling.
- Joubert, Elsa.** 1956. *Water en Woestyn. 'n Reis deur Afrika van die Oorsprong van die Nyl tot by sy mond*. Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel.

- Joubert, Elsa.** 1959. *Die verste reis*. Johannesburg: Dagbreek-boekhandel.
- Joubert, Elsa.** 1962. *Suid van die wind. Die Verhaal van Drie Eilande*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Joubert, Elsa.** 1963. *Ons wag op die Kaptein* Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers Bpk.
- Joubert, Elsa.** 1964. *Die staf van Monomotapa. Reisjoernaal oor Mosambiek*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Joubert, Elsa.** 1968. *Swerwer in die herfsland*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Joubert, Elsa.** 1969. *Die Wahlerbrug*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Joubert, Elsa.** 1971. *Bonga*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Joubert, Elsa.** 1974. *Die nuwe Afrikaan. 'n Reis deur Angola*. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg-Uitgewers Bpk.
- Joubert, Elsa.** 1978. *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa.** 1980. *Melk*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa.** 1983. *Die laaste Sondag*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Joubert, Elsa.** 1984. Elsa Joubert. In: Daymond, M. J., J. U. Jacobs en Margaret Lenta (reds.). *Momentum: On Recent South African Writing*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Joubert, Elsa.** 1985. Rassekonflik: hoe dit my werk raak. In: Malan, Charles en Bartho Smit (reds.). *Skrywer en Gemeenskap: Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr
- Joubert, Elsa.** 1988. *Missionaris*. 1988. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Joubert, Elsa.** 1993. *Dansmaat*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa.** 1995. *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa.** 1997. *Gordel van smarag. 'n Reis met Leipoldt*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk
- Joubert, Elsa.** 2002. *Twee vroue*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Kannemeyer, J. C.** 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur*. Pretoria, Kaapstad en Johannesburg: Academica.
- Kannemeyer, J. C.** 1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987*. Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C.** 1998. *Op weg na 2000: Tien jaar Afrikaanse literatuur 1988-1997*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Kannemeyer, J.C. (red.).** 2004. *Ek ken jou goed genoeg...Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kromhout, Jan.** 1974. Travels in Angola. *Star*, 30 September.

- L.J.** 1974. Nuwe boeke. *Huisvrou*, 16 Desember.
- Louw, Anna M.** 1963. *20 Days That Autumn*. Kaapstad: Tafelberg.
- Marc, Rocco.** 1964. Kom ons Koop Boeke. *Huisvrou*, Desember.
- Meyer, Susanna.** 1993. Die vrou se tussenskap. 'n Ondersoek na die eietydse Afrikaanse prosa. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Mills, Sara.** 1993. *Discourses of Difference. An Analysis of Women's Travel Writing and Colonialism*. Londen: Routledge.
- Minnaar, L.C.** 1965. Elsa Joubert: *Die staf van Monomotapa*. *Koers* 33 (Augustus): 60-61.
- Mooij, J.J.A.** 1973. Problemen rondom literaire waardeoordelen. *De Gids* 136 (7): 461-473.
- Munslow, Barry.** 1983. *Mozambique: the Revolution and its Origins*. Londen, New York en Lagos: Longman.
- Musgrove, Brian.** 1999. Travel and Unsettlement: Freud on Vacation. In: Clark, Steve (red.). *Travel Writing and Empire: Postcolonial theory in Transit*. Londen en New York: Zed Books, 31-44.
- Oakes, Dougie (red.).** 1995. **Luanda or bust...** In: *Reader's Digest Illustrated History of South Africa. The Real Story*. Kaapstad, Londen, New York, Sydney en Montreal: The Reader's Digest Association Limited, 434-439.
- Ohlhoff, H.** 1985. Hoofbenaderings in die literatuurstudie. In: Cloete, T.T., Elize Botha en Charles Malan (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr Uitgewers, 31-64.
- Okuma, Thomas.** 1962. *Angola in ferment. The Background and Prospects of Angolan Nationalism*. Westport, Connecticut: Greenwood Press, Publishers.
- Olivier, Gerrit.** 1982. Die resepsie van *Die swerfjare van Poppie Nongena*. *Standpunte*. 35(5): 35-53.
- Oor Boeke.** 1965. *Naweekpos* 11 (131) Maart.
- P.C.T.** 1974. Author takes a new look at Angola. *Friend*, 27 November.
- Posthumus, Bram.** 2003. *Angola. Mensen. Politiek. Economie. Culuur. Milieu*. Amsterdam: Koninklijk Instituut voor de Tropen. Novib.
- Pratt, Mary Louise.** 1992. *Imperial Eyes. Travel Writing and Transculturation*. Londen en New York: Routledge.
- Pretorius, Gert.** 1965. *Die Malans van Môrewag*. Kaapstad: John Malherbe Edms Bpk.
- Redakteur.** S.a. *Elsa Joubert*. Beskikbaar: <http://www.nb.co.za/Tafelberg> [afgelaai 2005/08/30].

- Roodt, P.H.** 1986. Vir sewe en 'n sikspens. In: Botha, Elize en Henning Snyman. *Program en Problematiek. Handeling van die stigterskongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging, 25 en 26 Oktober 1984*, 77-82.
- Roos Henriëtte.** 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Rossouw, André.** 1974. Die nuwe Afrikaan – 'n witmens. *Die Burger*, 19 November.
- Said, Edward.** 1985 [1978]. *Orientalism*. Harmondsworth, Engeland: Penguin.
- Sanders, Mark.** 1998. *Complicities: On the Intellectual*. S.l.: Universiteit van Columbia.
- Scheepers, Riana.** 1997. *Dogters van Afrika. Verhale oor Suid-Afrikaanse vroue*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, Merwe (samest.).** 1991. *Vertellers 2: die tweede groot verhaalboek*. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.
- Schutte, R.** 1965. Twee reisboeke. *Standpunte 57 XVIII (3)*: 50-54.
- Segers, R.T. (red.).** 1981. *Lezen en laten lezen: Recent receptie-onderzoek in Nederland en België*. 's-Gravenhage: Nijhoff.
- Seyffert, M.C.A.** 1979. *Die reisverhaal in Afrikaans*. Ongepubliseerde D.Litt- proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- S.G.** 1974. Meer as 'n Reisverhaal. *Buurman*, Desember.
- Smith, Francois.** 2002. Op 80 boetseer sy steeds stories. *Beeld*, 24 Oktober.
- Smuts, J.P. (samest.).** 1989. *Koker: kortprosattekste sedert sestig*. Kaapstad: Tafelberg.
- Spies, Jan.** 1982. Jan S. Rabie geb. 1920. In: Nienaber, P.J. *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*. Johannesburg: Perskor, 453-462.
- Steenberg, D.H.** 1982. Elsa Joubert geb. 1922. In: Nienaber, P.J. *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*. Johannesburg: Perskor, 635-641.
- Steenberg, D.H.** 1998. Elsa Joubert (1922-). In: Van Coller (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers, 527-540.
- Theunissen, Carl en Van den Heever, André (regie) [Theunissen en Van den Heever Filmmakers]** 1988. *Woord en Kontrei* vir TV1, SAUK.
- The Oxford Handy Dictionary.** 1986. S.v. 'fellow-traveller'. Londen: Cancellor Press.
- Van Aswegen, H.J.** 1991. Suid-Afrika en Afrika, 1961-1991. In: Cameron, Trehwella. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Hersiene uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau en Johannesburg: Human & Rousseau en Southern Boekuitgewers.
- Van Coller, H.P. (red.).** 1998. *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*.

- Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Van Coller, H.P.** 1998. Die reisverslag van 'n post-kolonialistiese reisiger: *Die reise van Isobelle* deur Elsa Joubert. *Literator* 19 (3) November: 53-68.
- Van Gorp, H.** 1986. *Lexicon van literaire terme: stromingen en genres, teoretiese begrippe, retoriese prosedures en stylfiguren*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van der Merwe, Annari.** 1988. Elsa Joubert: Gelooide kind van Afrika. In: *De Kat* Vol. 4(5) November: 36-39.
- Van der Merwe, Kirby.** 2002. Reisgenoot. *Insig* Oktober, 72
- Van der Walt, P.D.** 1965. Wat die jongste boeke vir ons bring. *Die Taalgenoot*, Januarie.
- Van der Walt, P.D.** 1965. Joubert, Elsa: *Die staf van Monomotapa*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 5 (Maart): 153-154.
- Van der Walt, P.D.** 1969. Joubert, Elsa: Die staf van Monomotapa. In: *Mené Tekél. Letterkundige studies en kritieke*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 159-161.
- Van der Walt, P.D.** 1974. 'n Reisverhaal wat die Nuwe Afrikaan ontdek en herken. *Die Transvaler*, 26 Oktober.
- Van der Walt, P.D.** 1975. Boeiende Werk oor Angola. *Die Taalgenoot*, Junie.
- Van Heerden, Ernst.** 1963. Die Reisverhaal – Teorie en Praktyk. *Kriterium* 1 (3): 1-4.
- Van Niekerk, Annemarie.** 1994. *Vrouevertellings, 1843-1993*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, Annemarie.** 1994. Inleiding. In: Van Niekerk, Annemarie (samest.). *Vrouevertellings, 1843-1993*. Kaapstad: Tafelberg, 1-33.
- Van Niekerk, Annemarie.** 1998. Die Afrikaanse vroueskrywer – van egotekste tot postmodernisme (18e eeu – 1996). In: Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektief en Profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers, 305-443.
- Van Niekerk, Annemarie.** 2002. Vroue verlê paaie weg van patriargie. *Die Burger*, 18 November.
- Van Reenen, Rykie.** 1974. Hoe anders was die kom! *Rapport*, 15 September.
- Van Rensburg, F.I.J.** 1992. Stilistiek op taalkundige grondslag. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme en Teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Van Zyl, Anna.** 1974. Insiggewende beeld van Angola. *Die Volksblad*, 31 Oktober.
- Van Zyl, S.E.** 1977. 'n Verkenning van verskeie aspekte van die problematiek rondom die "littérature engagée" en die literêre kritiek, met besondere verwysing na die huidige situasie in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT).** 1994. S.v. 'meeloper'. Midrand: Perskor Uitgewery.

- Viljoen, Louise.** 1998. Die vroue-reisiger: Elsa Joubert se reisverhale *Water en woestyn* en *Die verste reis* en haar roman *Die reise van Isobelle*. *Tydskrif vir Letterkunde* 36 (2): 7-21.
- Vosloo, Wil en Van Rensburg, Fika, J.** 1993: *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling)*
Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Weideman, G.H.** 1982. Die teks as korrektief. *LOGOS*, Februarie: 2.
- Wheeler, Douglas L.** 1972. Origins of African Nationalism in Angola: Assimilado Protest Writings, 1859-1929. In: Chilcote, Ronald H. (red). *Protest and Resistance in Angola and Brazil. Comparative Studies*. Berkeley, Los Angeles, Londen: University of California Press, 67-87.
- Wiehahn, Rialette.** 1965. *Die Afrikaanse poësiekritiek: 'n histories-teoretiese beskouing*.
Kaapstad: Academica.
- Williamson, Eagan.** 2004. Jonker se Simone op plegtigheid namens ma. *Die Burger*, 30
Oktober.
- W.M.** 1975. Vir die boekrak. *Voorligter*, Januarie.